

# Agape

## ’n Openbaring van die Vader se Karakter van Liefde

Adrian Ebens

# Agape

*'n Openbaring van die Vader se Karakter van Liefde*

Opgedra aan my mede-ouderlinge,
kosbare broers op die nou weg:
Craig Jacobson, Eddie Perez, Craig Jones
Colin Nicolson en Gavin Devlin

Spesiale dank aan my vrou, Lorelle,
Danutasn Brown, Tony en Anna Pace,
Gary Hullquist en Frank Klin

Vir meer inligting:
www.VadervanLiefde.com
adrian@life-matters.org

Maranatha Media

Desember 2017

Vertaal na Afrikaans deur Esmarie Cooper; geproeflees deur Nina Snyman
2024.

Tensy anders vermeld is Bybelverwysings geneem uit die
Ou Afrikaanse Vertaling 1953.

# Agape

Kopiereg © Adrian Ebens, 2018
Eerste publikasie 2018

ISBN: 978-0-6482290-4-9

Alle regte voorbehou. Sonder om die regte onder bogenoemde outeursreg te beperk, mag geen deel van hierdie publikasie herproduseer, gestoor of in 'n databasis en herwinningstelsel ingevoer word of in enige vorm of op enige manier oorgedra word (elektronies, meganies, fotokopiëring, opname of enige ander wyse) sonder skriftelike toestemming vooraf gegee deur die eienaar nie.

MARANATHA
MEDIA

# Inhoud

Voorwoord....5
1. Openbaring van die Vader....7
2. Hoe Lees U?....13
3. Die Kruisdood....22
4. My Geliefde Seun....32
5. Julle moet julle vyande liefhê....38
6. Vuur van die Hemel af....45
7. Verhard Julle Harte nie....55
8. Waarom Opdrag gee om Sondaars te Stenig?....67
9. Die Wet is soos 'n Spieël....79
10. Die Vrees van God Binne-in Jou....90
11. Die Toorn van die Here....98
12. Sit die Swaard in sy Plek....108
13. Die Doringkroon....123
14. Die Mag van die Dood....135
15. My Vader se Gebooie....146
16. Die Ryk Man en Lasarus in die Spieël....160
17. Vernietigende Engele....173
18. Duidelike Stellings....190
19. Ter Wille van Ons Oortredinge Deurboor....200
20. Die Slang Ontbloot deur die Kruis....215
21. Die Ewige Verbond en die Bediening van die Dood....242
22. Moses die Sagmoedigste Man....259
23. Elia en die Finale Skeiding....279
24. Abraham en die Gruwel wat Verwoes....295

# Voorwoord

Dit is ‘n goed nagevorste feit dat kinders baie eienskappe van hul ouers, en somtyds *al* die eienskappe, oorerf. Deur die proses van waarneming en interaksie word die eienskappe van vader en moeder, goed of sleg, gewoonlik weerspieël in die lewe van die kind. Dit is die wet van oorerwing.

Die wêreld is vol geweld en brutaliteit, daarom word verhoogde vlakke van veiligheid benodig. Die gees van aggressie teenoor bedreigings, hetsy werklik of bloot waargeneem, lei dikwels tot 'n proses van regverdiging vir die vernietiging van menselewens.

Diep binne elkeen van ons is die begeerte na vrede, rus en die versekering dat ons gekoester word. Hoe kan die menslike geslag nader aan hierdie ideaal beweeg? Met al ons tegnologiese vooruitgang beweeg ons wêreld al hoe nader aan selfsug en geweld.

Die lewe van Christus, toe Hy 2000 jaar gelede die aarde gewandel het, bied aan ons ’n voorbeeld van onbaatsugtige agape liefde wat aan tallose siele vrede gebring het. Vir baie mense word hierdie pragtige lewensmodel onderwerp aan en selfs vernietig deur baie van die verhale wat in die bladsye van die Bybel aangeteken is, waarin die interaksies van God met die mens, oor die mensegeskiedenis heen, uiteengesit word.

God blyk soms uiters gewelddadig en moorddadig te wees. Nie net gee Hy opdragte wat lei tot die dood van vyandige soldate nie, maar ook tot dié van die vyand se klein kindertjies. Die Bybel spreek met vreesaanjaende herhaling van Sy toorn en dat Hy met woede gevul is. Hierbenewens dra die kruisdood ook die gedagte aan baie mense oor dat God die dood van diegene wat Hom teenstaan, vereis.

Hierdie sienings van God is prominent in die meeste wêreldgodsdienste, insluitend ateïsme, wat meer onlangs in die Franse rewolusie prominent geword het, wat die slagting van derduisende mense meegebring het.

Sommige van die aansprake van Christus is baie moeilik om op te los, gegewe die verskil tussen die beskrywing van God in die Bybel en die lewe van Christus, veral vir diegene met 'n diepgaande belangstelling in the

Skrif. Jesus het egter in 'n aangrypende oomblik met een van Sy volgelinge gespreek en gesê: “Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.”

Hoe kan dit moontlik wees? Kan dit waar wees dat God werklik barmhartig, genadig en goedhartig is, soos in die lewe van Jesus geopenbaar? In die kern van die wet van God is daar die gebod wat sê, “Jy mag nie doodslaan nie.” Is dit 'n weerspieëling van die karakter van God? Is ‘n sekere stel reëls van toepassing op 'n laer orde van wesens en 'n heel ander stel reëls op maghebbers soos God? Watter soort effek het dit op leiers wat so 'n model as voorbeeld neem? Sou dit leiers voortbring wat op dieselfde manier sou optree sodra hulle aan bewind is?

Hierdie bundel bevat die samevatting van soeke na lig op hierdie vrae wat oor 16 jaar uitgevoer is. Die reis het begin terwyl ek teruggedink het aan die geboorte van my eerste seun. Ek het gedink aan die oomblik toe ek hom die eerste keer in my arms gehou het en die diep gevoel van liefde wat ek vir hom gevoel het. Hierdie voorsmakie van pragtige goddelike emosies het my in ‘n belewenis met God gebring wat my die idee gegee het dat die gevoelens wat ek vir my seun gehad het, 'n uitdrukking was van God se liefde vir Sy Seun, en gevolglik Sy liefde vir al Sy aardgebore kinders.

Die reis was lank en soms uitputtend. Dit lyk asof die Bybel dit soms onmoontlik maak om die skynbare teenstrydighede wat dit voortbring, te versoen.

Ek deel hier die gevolgtrekking van hierdie navorsing met u. Daardeur is ek na verskeie lande gelei om met ander soekers, op dieselfde soektog, hieroor te vergader en dit het ‘n groot seën vir ons almal ingehou.

My getuienis aan u is dat God inderdaad liefde is. Hy is nie ‘n persoon van geweld nie. Hy intimideer ons nie met dreigemente om Sy eiesinnige kinders vir ewig in die hel te laat braai, soos wat miljoene mense glo nie.

Ek besef dat baie mense nie daarvan oortuig is nie, maar ek gee u bloot die uitnodiging om hierdie reis te onderneem en self te sien en die feit te ontdek dat God liefde is.

# 1. Openbaring van die Vader

Johannes het die woorde *"God is liefde"* neergepen nadat hy 'n intieme verhouding met Jesus tydens Sy wandel op aarde handhaaf het (1 Johannes 4:16). Terwyl Johannes teen die hange van 'n heuwel sit en luister na na Sy preke, terwyl hy toekyk hoe Hy oë van die blindes oopmaak, terwyl Hy diegene wat verkeerd doen met trane in Sy oë bestraf, begryp Johannes die ware missie van Jesus.

> Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het *Hom* verklaar. Johannes 1:18

Jesus se lewe het God se karakter in direkte teenstelling met die mens se konsep van God geskets. Op 'n dag het Jesus se dissipels aan Hom 'n vraag gestel, terwyl hulle by 'n blinde man verbygeloop het:

> …Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is? Johannes 9:2

Hul vraag het aan die lig gebring dat die mense God beskou het as 'n wrede diktator wat diegene wat aan Hom ongehoorsaam is, bestraf. Die wêreldse koninkryke wat tot en met Christus se tyd opgehef en neergevel is, was deur 'n ystergreep van bloedvergieting bewerk. Dit weerspieël die menslike persepsies van die Goddelike karakter as genadeloos en wraaksugtig.

Daar was wel getuienisse wat 'n ander boodskap verkondig het. Die skoonheid van die natuur, die groot verskeidenheid blomme met hul soete geur, die melodieuse voëls wat die lug met hul sang vul en die majestueuse, lowergroen bome, getuig omtrent die waarheid van 'n wonderlike Skepper en 'n liefdevolle Vader. Die vurige liefde en toewyding wat ouers teenoor hul kinders openbaar, asook die intieme verhouding van omgee tussen 'n man en vrou, spreek ook van die tere hart van die Skepper.

Moses het die vyftien honderd jaar tevore sy begeerte teenoor God uitgespreek om sy Maker te verstaan. Hy wou die heerlikheid van God sien.

> En die HERE het neergedaal in die wolk en daar by hom gestaan. **En Hy het die Naam van die HERE uitgeroep**. (6) En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou. Exodus 34:5-6

Ten spyte van hierdie en vele ander bewyse, was die heersende siening steeds dat God hard en streng is en diegene wat Hom aanstoot gee, gretig sou straf. Waarom het hierdie sienings geheers? Die antwoord lê daarin dat Satan God se liefde van die begin af onder verdenking geplaas het.

> Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; (5) maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. Genesis 3:4-5

Satan het Adam en Eva oortuig dat God nie vertrou kan word nie, dat Hy nie hul beste belange op die hart gedra het nie. Hy het aan hulle meegedeel dat hulle nie sal sterf as hulle eet van die vrugte nie. Dit het die weg geopen dat God se waarskuwing, wat in liefde gegee is, heetemal anders vertaan word.

> Maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. Genesis 2:17

Wat was die ware oorsaak van Adam en Eva se dood indien dit nie deur die eet van die vrugte bewerkstellig is nie? Die enigste gevolgtrekking is dus dat God hulle sou doodmaak. Toe Adam die volgende keer die stem van God in die tuin gehoor het, sien ons die vrug van sulke denke.

> En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg. Genesis 3:10

Waarom was Adam bang vir God? Omdat hy die dood gevrees het, asook dat God hulle sou doodmaak weens hul ongehoorsaamheid. Hierdie vrees vir die dood het die mens gevonnis tot slawe van die duiwel. Maar God wou hulle:

> …bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was. Hebreërs 2:15

Satan het aan ons eerste ouers voorgestel dat God 'n eksekuteur is wat diegene wat sy wette oortree, sou doodmaak en dat Hy ‘n leuenaar was deur vir hulle te sê dat die vrug van die boom van kennis hulle sou doodmaak. Hierdie eienskappe is eie aan Satan. In gesprek met die Fariseërs beskryf Jesus hierdie eienskappe deur na hul optrede te verwys.

> Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. Johannes 8:44

Hierdie tipe misleiding het die wêreld aan Satan uitverkoop; deur ’n verwronge voorstelling van die karakter van God het Satan die wêreld weggelei van God. Die Seun het neergedaal uit die hemel om die Vader se ware karakter te openbaar aan ons. Hy het die donker wolke uit die weg kom ruim wat veroorsaak dat ons ’n misverstand verkry oor die Vader se werklike karakter. Toe een van die dissipels vra “toon ons die Vader”, antwoord Jesus:

> …Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader? Johannes 14:9

Jesus beskryf sy aardse sending soos volg:

> Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; (19) om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur… Lukas 4:18-19

In die geestesoog aanskou ons die aangesig van die weduwee van Nain toe Jesus die begrafnisstoet onderbreek en haar seun weer lewendig maak. Ons harte word opnuut aangeraak as ons die storie van Jaïrus herroep en sien hoe vreugde die smart vervang in sy gesigsuitdrukking toe Jesus sy dogter uit die dood opwek. Jesus het dorpe agtergelaat sonder enige

sieke. Hy het die 5000 uit innige meedelye gevoed en hulle vertel van die Vader se liefde vir hulle.

Sy teenwoordigheid het ’n uitnodiging van ontvanklikheid aan elkeen uitgestraal en moeders het hul kinders vrylik na hom gebring sodat Hy hulle kon seën. Die Vader was verheerlik in elke aksie. In elke woord wat Hy gespreek het is die lae van die duisternis wat die wêreld in slawerny gebind het, deur die lig van Sy heerlikheid verdryf. Jesus het nie die krag van positiewe denke of vleiende taal gebruik nie, Hy het deurgaans die waarheid in liefde gespreek en het nie geskroom om ongeloof en valsheid te onbloot daardeur nie. Hartseer emosie was in Sy stem te bespeur terwyl Hy diegene op ’n dwaalspoor getugtig het. Hy het geleef tot diens van ander en elke siel het oneindige waarde vir Hom gehad.

Die karakter van Jesus op aarde het die karakter van God die Vader openbaar. Christus het op ’n keer gesê dat Hy niks uit Homself kan doen nie (Johannes 8:28). God was in Christus en het die vereniging van die wêreld met Homself daardeur bewerkstellig. 2 Korinthiërs 5:19. Die volledige karakter van God was bekend gemaak in Christus. Jesus het op aarde Homself as die afdruksel van die Vader aan ons geopenbaar.

> Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My ‘n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. (50) En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek – net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek. Johannes 12:49-50

Jesus het in gebed hierdie woorde met erns geuiter:

> En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. (4) **Ek het U verheerlik op die aarde**. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. (5) En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was. (6) **Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het**. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar. Johannes 17:3-6

Jesus vertel ons dat Hy die Vader op die aarde verheelik het. Die

heerlikheid van die Vader is Sy karakter, en dit is wat Jesus in Sy aardse bediening aan ons geopenbaar het. Hy vertel ook aan Sy Vader dat Hy die naam of karakter van die Vader aan die dissipels by Hom geopenbaar het. Dit is waarom Jesus met vertroue vir Filippus kon sê dat as jy My gesien het, jy die Vader gesien het. Filippus het nie nodig gehad om al die werk van Jesus oor alle eeue heen in die mensegeskiedenis te sien om te weet hoe die Vader is nie. In net meer as drie jaar het Jesus ons in elke opsig gewys hoe die Vader is.

Die grootste openbaring van hierdie liefde is aan die kruis getoon.

> Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. (10) Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes. (11) Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê. 1 Johannes 4:9-11

Indien Jesus 'n slagoffer van Satan se versoeking geword het, sou Hy vir ewig verlore gewees het, en gevolglik sou die hele mensdom verlore gegaan het. Die hemelse Vader het Sy Seun vir drie-en-dertig jaar lank nie aan die wêreld geleen nie, Hy het Hom aan ons *gegee*. Daar was 'n risiko dat almal verlore sou gaan, en tog was die Vader in Sy groot liefde vir die wêreld bereid om Sy eniggebore Seun oor te gee om ons te red.

> Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie? Romeine 8:32

Hierdie risiko word geopenbaar in die gebed van Jesus tot Sy Vader in die tuin. Daar was kommer dat Hy nie die toets sou deurstaan nie. Tog, ongeag die prys, het Hy Homself aan die wil van Sy Vader toevertrou.

> En Hy het ‘n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil. Matthéüs 26:39

Hoe kan ons die breedte van daardie liefde peil? Hoe kan woorde die

wonder van die Liefde van God vaslê? Adam was nie gewillig om sy kosbaarste besitting prys te gee nie, tog was die Vader bereid om nie eens Sy eie Seun te spaar nie.

Jesus het die bespotting van die skare in stilte verduur, terwyl hul hulself in Sy lyding verlustig het. Hy het die kruis getrou gedra totdat Hy onder die gewig daarvan geswig het. Hy het Johannes gevra om na Sy moeder om te sien terwyl Hy aan die kruis gehang het, daarna het Hy die Vader om genade en vergifnis gevra vir diegene wat Sy moord bewerkstellig het.

Nog nooit vantevore het die heelal sulke liefde in aksie aanskou nie. Die karakter van die Vader het in Sy verheerlikte lig vanuit Sy Seun gegloei. Die Vader het waarlik Sy vyande lief en vergewe diegene wat wat Hom wil vernietig. Dit alles kom tot uiting in die karakter van die Seun van God. Die kruisdood van die Seun het die Satan se moorddadige aksies en motiewe ontbloot. Die kruisdood het die moordenaar en vermoorde ten volle openbaar. Die gees wat Kain aangespoor het om Abel te vermoor, het ten volle aan die lig gekom in die heerlikheid van die kruis. Die hemelse heelal kon vir die eerste keer ten volle insien dat hy in werklikheid ‘n leuenaar en moordenaar. Sy invloed in die hemel het soos weerlig geval uit die hemel en daar was geen plek meer vir hom in die hemel of in die harte van die engele nie.

Aan die begin van hierdie reis wil ons die regte bril opsit om die verhale van die Bybel te lees. In die lig van Golgota sal die eienskappe van God in die Ou Testament wat vrees wek by ons, vervang word met die lieflikheid van Sy karakter en aangetrokkenheid tot Hom. Barmhartigheid, teerheid en ouerliefde sal met heiligheid, reg en krag saamsmelt. Die Ou Testamentiese stories sal deur die lens van die Nuwe Testament besigtig word om die veroordelende aksies in die Ou Testament te verklaar. Dit is die doel van hierdie boek : om aan te toon dat die lewe van Jesus op die aarde gister, vandag en in ewigheid dieselfde is en dat dit presies is hoe ons Vader is.

## 2. Hoe Lees U?

Jesus was die wonderlikste leermeester. Toe die amptenare wat deur die kerkleiers gestuur is om Jesus in hegtenis te neem, gevra is waarom hulle Hom nie gebring het nie, kon hulle bloot antwoord:

> …Nooit het 'n mens so gespreek soos hierdie mens nie. Johannes 7:46

Ten spyte van hierdie opmerking meld die Nuwe Tesstament dat die meeste mense dit moeilik gevind om Jesus te verstaan

Nadat Hy met die Jode oor Sy dood en opstanding gepraat het, het Hy gesê: "Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig." (Johannes 2:19). Hulle het gedink dat Hy na die fisiese tempel in Jerusalem verwys het, maar Hy het van die tempel van Sy eie liggaam gepraat. Jesus het vir Nikodemus gesê dat hy weer gebore moet word (Johannes 3:3); Nikodemus het gedink Jesus praat van 'n fisiese geboorte, maar Jesus praat van 'n geestelike geboorte. Toe Jesus die vrou by die put lewende water aangebied het, het sy gedink dat Hy fisiese water bedoel het terwyl Hy geestelike water bedoel het (Johannes 4:7-14). Op 'n ander keer het Jesus die dissipels gewaarsku omtrent die suurdeeg van die Fariseërs; hulle was onder die indruk dat dit letterlike brood is waarna Jesus verwys het, maar Jesus sê vir hulle:

> Hoe is dit dat julle nie begryp dat Ek nie in verband met brood vir julle gesê het om op te pas vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs nie? Matthéüs 16:11

Toe Jesus die 5000 mense gevoed het, het Hy begin om die betekenis van die wonderwerk aan hulle te verduidelik. Hy het aan hulle verduidelik dat die brood 'n simbool van Sy lewe was waarop die wêreld moes mediteer en nadink. Hy het vir hulle gesê:

> Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag. Johannes 6:54

Hierdie woorde het Sy luisteraars stomgeslaan. Hulle het gemurmureer en gesê: "Hierdie woorde is hard, wie kan daarna luister?" (Johannes 6:58). Etlike mense wie belanggestel het in Sy bediening, het van Hom

weggedraai en Hom nie meer gevolg nie.

> Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. (11) Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Johannes 1:10-11

Al hierdie dinge was 'n vervulling van die profesie van Jesaja:

> Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar? (2) Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. (3) **Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid**; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Jesaja 53:1-3

Die natuurlike reaksie van ons vleeslike harte teenoor die Seun van God is om Hom te verwerp, tesame met sy onderrig.

> Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word. 1 Korinthiërs 2:14

Wanneer die natuurlike mens die Woord van God lees, verstaan hy dit nie. Die Bybel sê vir ons:

> Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. (9) Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes. Jesaja 55:8-9

Tensy ons deur die Gees van God wedergebore word en die Bybel nader met nederigheid, deur om leiding te vra, sal ons die Woord van God andersins verkeerd verstaan.

> As iemand meen dat hy enige kennis het, weet hy nog niks soos 'n mens behoort te weet nie. 1 Korinthiërs 8:2

> So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word. Jakobus 1:19

> Hy wat antwoord gee voordat hy gehoor het, vir hom sal dit ‘n sotheid en ‘n skande wees. Spreuke 18:13

Dit is baie maklik om te antwoord voordat jy die saak aangehoor het. Beskou die volgende voorbeeld:

> En Hy sê vir hulle: Toe Ek julle uitgestuur het sonder beurs en reissak en skoene, het julle iets kortgekom? En hulle antwoord: Niks nie. (36) Toe sê Hy vir hulle: Maar nou, wie 'n beurs het, laat hom dit neem en so ook die reissak; en wie dit nie het nie, moet sy kleed verkoop en 'n swaard koop. Lukas 22:35-36

Maar later blyk dit dat Hy van plan verander het:

> Toe sê Jesus vir hom: Sit jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan. Matthéüs 26:52

Het Jesus dan vir Sy dissipels gesê om 'n swaard te koop en wanneer Petrus dit gebruik, word hy berispe? Het Petrus dit by die verkeerde geleentheid gebruik? Indien dit die geval is, het Jesus vir hom gesê wanneer dit gebruik moet word en wanneer nie? Die woorde, “almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan,” (Matthéüs 26:52) blyk redelik universeel te wees. Indien dit nie genoeg is nie, voeg ons 'n verdere dimensie hierby:

> En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees – dit is die woord van God. Efésiërs 6:17

> Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as einige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. Hebreërs 4:12

> En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. Openbaring 1:16

Die Bybel gebruik die woord *swaard* om te verwys na die Woord van God. Hoe weet ons wanneer om hierdie begrip toe te pas en wanneer om dit as 'n letterlike swaard te verstaan? Kyk weer na die voorbeeld van vuur.

> Toe antwoord Elia en sê aan die owerste oor vyftig: As ek dan 'n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer! En daar het vuur van die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer. 2 Konings 1:10
>
> En toe die dae van sy opneming nader kom, het Hy sy aangesig gerig om na Jerusalem te reis, (52) en boodskappers voor Hom uit gestuur; en hulle het vertrek en in 'n dorp van die Samaritane gekom om vir Hom klarigheid te maak. (53) En hulle het Hom nie ontvang nie, omdat Hy na Jerusalem op reis was. (54) En toe sy dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elia ook gedoen het? (55) Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; (56) want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red. Lukas 9:51-56

Het Jesus vir Elia ook teregewys toe Hy sy dissipels aangespreek het? Of het Sy dissipels net nie geweet wanneer die toepaslike tyd is om vuur uit die hemel te laat neerdaal nie? Weereens is die woorde van Jesus redelik universeel. Hy verklaar dat Hy nie gekom het om mense se lewens te vernietig nie, maar om hulle te red. Was dit slegs van toepassing toe Hy hier op die aarde was, terwyl Hy die lewens van die mense daarna weer sou vernietig?

Dit is 'n paar van die vele vrae wat begin ontstaan wanneer 'n mens die Bybel lees. Dit bring 'n deurslaggewende vraag, een wat Jesus aan 'n wetsgeleerde wat Hom ondervra het stel.

> En Hy antwoord hom: Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy? Lukas 10:26

Jesus het nie net vir die man gevra *wat* hy lees nie, maar *hoe* hy dit lees. Wat is die beginsels wat u gebruik om die Woord van God te lees? Dit is 'n belangrike vraag wat beantwoord moet word wanneer ons al hierdie oënskynlike teenstrydige skrifgedeeltes wil harmoniseer.

In die vroeë 19de eeu was daar 'n man, wat een van die grootste herlewings in Noord-Amerika sou loots, wat met hierdie vraag geworstel het. In sy vroeëre lewe het William Miller tou opgegooi met die Bybel se eenstrydighede, maar nadat hy 'n ongelooflike Amerikaanse nederlaag van die Britse magte aanskou het, waarin die Britte eintlik die oormag gehad het, was hy oortuig daarvan dat 'n groter mag as die mens aan die werk was. Hy het hy teruggekeer van die veldslag en daarna sy Bybel herbesin. Dit was vir hom 'n vernederende daad, want hy het verskeie Christene geterg oor die oënskynlike teenstrydighede in die Bybel wat hulle nie kon beantwoord nie. Sy belangstelling in die Bybel was opnuut aangewakker en hy moes die argumente ondersoek wat hy in die verlede aan ander gestel het.

> "Kort nadat hy afstand gedoen het van Deïsme, was hy in gesprek met 'n vriend wat die hoop op 'n glorieryke ewigheid deur die verdienste en bemiddeling van Christus gerespekteer het. Hy is gevra hoe hy weet dat daar so 'n Verlosser is. Sy antwoord was, "Dit word in die Bybel geopenbaar." – "Hoe weet u dat die Bybel waar is?" was die reaksie, met 'n herhaling van sy voormalige argumente oor die teenstrydighede en mistieke geheimenisse waarin hy (Miller) beweer het dat dit gehul was. Mnr. Miller het gevoel hoe hierdie beledigings deur hom spoel. Hy was aanvanklik onkant betrap hierdeur; maar by nadenke was hy van mening dat, indien die Bybel 'n openbaring van God is, moet dit konsekwent met homself wees; al sy gedeeltes daarvan moet harmoniseer, dis gegee ter wille van die mens se onderrig en daarom moet die mens sy begrip daarvolgens verander. Hy het dus gesê, "Gee my 'n bietjie tyd en ek sal al die oënskynlike teenstrydighede tot my eie bevrediging harmoniseer. Indien nie, sal ek steeds 'n Deïs bly." Hy het hom daaraan toegewy om die Woord biddend te lees. Hy het alle kommentaar ter syde gestel en die kantlynverwysings en sy Konkordansie as sy enigste hulpmiddels gebruik. Hy het gesien dat hy moet onderskei tussen die Bybel en al die einaardige en partydige interpretasies daarvan. Die Bybel was ouer as al hierdie dinge, dus moet dit bo alles gestel word en hy het dit daar geplaas. Hy het gesien dat die Bybdel alle interpretasies moet regstel; en by die korrigering daarvan, sal sy eie suiwer lig skyn, sonder die newels waarin die tradisionele geloof dit gehul het. Hy het hom vas voorgeneem om alle vooropgestelde opinies opsy te skuif en die natuurlike en

> voor die hand liggende betekenis van die Skrif met kinderlike eenvoud te ontvang." Sylvester Bliss, *Memoirs of William Miller* (1853), bl. 68. (Vry vertaal)

Dit is presies wat hy gedoen het. Gedurende daardie twee jaar periode het hy die Bybel van hoek tot kant bestudeer.

> "Ek het my vas voorgeneem om al my vooroordele eenkant te skuif, die Skrif deeglik met Skrif te vergelyk en die studies ordelik en metodies te doen. Ek het by Genesis begin en vers vir vers gelees en het voortgegaan teen die pas wat vereis word deur die gedeeltes, om elke gedeelte te verstaan, sonder enige verleenthede omtrent mistieke omhullings of teenstrydighede. Wanneer daar 'n obskure gedeelte opgeduik het, het ek dit vergelyk met verwante en bykomende skrifgedeeltes. Met behulp van Cruden het ek al die ander verse van die Skrif ondersoek waarin enige van die prominente woorde van die obskure skrifgedeelte gevind is. Deur elke woord sy regmatige plek te laat inneem binne die onderwerp van die skrif, indien my insig geharmoniseer kan word met elke ander verwante skrifgedeelte in die Bybel, was dit nie meer 'n problematiese skrifgedeelte nie. Op hierdie manier het ek die studie van die Bybel onderneem en na omtrent twee jaar was ek ten volle oortuig dat die Bybel sy eie verklaarder is." Sylvester Bliss, *Memoirs of William Miller* (1853), bl. 69 (Vry vertaal)

Gedurende hierdie tyd het hy 'n stel reëls ontwikkel waarmee hy al die teenstrydighede waarmee hy voorheen te kampe gehad het, kon harmoniseer. Hier is 'n samevatting van die reëls wat hy gebruik het:

1. Elke woord moet sy regmatige strekking hou met die onderwerp wat in die Bybel bestudeer word.
2. Die hele Skrif is nodig, en moet verstaan word deur 'n deeglike toepassing en studie.
3. Niks wat in die Skrif geopenbaar word, kan of sal versteek word van dié wat in geloof vra, en nie terugdeins nie.
4. Om leerstellings te verstaan, bring eers alle Skrif bymekaar oor die onderwerp wat jy ondersoek; laat dan elke woord sy regte invloed uitoefen; en indien jy jou teorie kan formuleer sonder enige teensprake, kan jy nie verkeerd wees nie.

5. Die Skrif moet homself uitlê, aangesien dit sy eie reëls vasstel. Wanneer ek op ‘n onderwyser staatmaak om aan my uitlegging te gee en hy moet raai omtrent die betekenis, of hy wil dit graag uitlê volgens sy eie sektariese geloofsoortuiging, of om agting te verkry, dan word sy raaiskoot, sy begeerte, sy geloofsoortuiging of wysheid, my reël, en nie die Bybel nie.
6. Indien ‘n woord ‘n goeie betekenis het soos dit lees, en indien dit geen afbreek maak aan die normale natuurwette nie, moet dit letterlik verstaan word. Indien nie, moet dit figuurlik geïnterpreteer word.
7. Die belangrikste reël van almal is dat jy geloof moet hê. Dit moet ‘n geloof wees wat ‘n opoffering vra en indien getoets, sal dit die mees kosbare dinge op aarde, die wêreld en sy begeerlikhede, opgee - karakter, leefstyl, beroep, vriende, tuiste, gemak en wêreldse eer. Wanneer enige hiervan ons belemmer om enige deel van die Woord van God te glo, is ons geloof tevergeefs. Ons kan ook nie geloof hê indien een van hierdie motiewe in ons harte skuil nie. God kan nie Sy Woord skend nie. Ons kan met vertroue weet dat God, wat na die mossies omsien en die hare van ons hoof tel, die vertaling van Sy eie Woord sal bewaak en dit ommuur en verhoed dat dié wat opreg in God glo en wat op Sy Woord vertrou, aan dwaling weg van die Waarheid onderwerp sal word, al verstaan hulle nie Hebreeus of Grieks nie.

Hierdie interpretasiereëls het die basis verskaf om 'n boodskap te ontwikkel wat gelei het tot een van die grootste herlewings wat die wêreld al ooit gesien het.

Ons let op dat ons, om 'n lering te verstaan, alle Skrifgedeeltes wat ons daaroor kan vind, moet byeen bring voordat ons tot ‘n slotsom kan kom. Elke woord moet sy regmatige plek inneem binne sy korrekte betekenis. Dit is ‘n moeisame taak, want ons wil vinnige antwoorde hê, maar dit verg inspanning en dissipline om al die betrokke gedeeltes omtrent 'n onderwerp te deursoek. Neem byvoorbeeld die Griekse woord *monogenes* wat in Johannes 3:16 vertaal is as *eniggebore*. Baie mense glo dat hierdie woord *uniek* beteken, maar wat sê die Bybel?

| | |
|---|---|
| …daar (word) net 'n dooie uitgedra, **die enigste** seun van sy moeder… Lukas 7:12 | Enigste gebore kind |
| Want sy **enigste** dogter van omtrent twaalf jaar het op sterwe gelê. Lukas 8:42 | Enigste gebore kind |
| En daar roep ‘n man uit die skare en sê: Meester, ek bid U, kyk tog na my seun, want hy is my **enigste**. Lukas 9:38 | Enigste gebore kind |
| En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die **Eniggeborene** wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid. Johannes 1:14 | Enigste gebore kind |
| Niemand het ooit God gesien nie; die **eniggebore** Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het *Hom* verklaar. Johannes 1:18 | Enigste gebore kind |
| Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy **eniggebore** Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Johannes 3:16 | Enigste gebore kind |
| Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die **eniggebore** Seun van God nie. Johannes 3:18 | Enigste gebore kind |
| Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy **eniggeborene** geoffer. Hebreërs 11:17 | Enigste gebore kind aan sy ware en wettige vrou. |
| Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy **eniggebore** Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. 1 Johannes 4:9 | Enigste gebore kind |

Daar word na slegs vyf mense in die Nuwe Testament as *monogenes* of *eniggebore* verwys. Vyf verse verwys na Jesus as die Seun van God. Daar is een verwysing na Isak en dan is die ander verwysings van toepassing op

enigste gebore kinders wat deur Jesus genees is. In die gevalle van die ander kinders waar die woord gebruik word, is die betekenis duidelik dat dit die enigste kind is wat vir daardie ouers gebore is. Met betrekking tot Isak weet ons dat hy nie die enigste kind van Abraham was nie, maar dat hy die enigste gebore kind van Sara was wat die beloftes saam met Abraham ontvang het. Wanneer ons al hierdie verse bymekaarbring, sien ons dat hierdie woord, wanneer dit toegepas word op Jesus, dieselfde moet beteken, die enigste gebore kind van die Vader.

Voeg hierby die reël wat hierbo as nommer ses gelys is, wat bepaal dat ons die letterlike betekenis van die vers moet aanneem, tensy dit skade doen aan die natuurwette. Dit skend nie die Skrif om te verstaan dat Jesus die eniggebore Seun van die Vader is nie. Deur hierdie proses kan ons dus die betekenis van die woord *monogenes* vasstel sonder om die definisie van 'n kommentator of enigiemand anders te gebruik. Die Bybel self is sy eie verklaarder.

Ons sal hierdie reëls noukeurig moet toepas wanneer ons die lewe van Jesus probeer harmoniseer met die vele gewelddadige verhale van die Ou Testament. Dit sal ernstige inspanning verg om die aanspraak van die Bybel, dat Jesus gister, vandag en vir altyd dieselfde is, waar te bewys. Hebreërs 13:8. Daarom, indien Hy nie verander nie, was Hy tydens Sy bediening op aarde die volmaakte openbaring van Sy Vader.

# 3. Die Kruisdood

Die sending van die Seun van God het die karakter van die Vader op aarde openbaar. Dit is kosbaar om te lees oor ‘n liefdevolle en teer Redder wat die laste verlig, siektes genees en die harte van mans, vrouens en kinders aanraak. Moeders wou hulle kinders graag na Hom bring, sodat Hy hulle kon aanraak en seën. Nog nooit vantevore het die wêreld hierdie onselfsugtige en onbaatsugtige liefde aanskou nie. Met elke verbygaande uur was die beeld van die Vader se liefde herstel tot die Edense prag. Soveel mense se eerste blik was die aangesig van Jesus; die eerste stem wat hulle gehoor het, was die melodieuse klank van die stem van die Seun van God, vol genade en liefde.

Die prentjie wat Jesus grootliks vir ons geskilder het, was 'n volmaakte pasmaat vir die woorde wat byna 1500 jaar tevore met Moses gespreek is.

> En die HERE het neergedaal in die wolk en daar by hom gestaan En Hy het die Naam van die HERE uitgeroep. (6) En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; Exodus 34:5-6

Tog was die skets van Jesus se lewe bevlek met bloed. Hy het as twaalfjarige in die tempel aanskou hoe die lam geoffer word en het verstaan dat dit ‘n simbool van Sy lot was. Toe die Doper Hom aan die wêreld verkondig het, was dit met die titel “…die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem.” (Johannes 1:29). Die loon van sonde moet betaal word; reg moet geskied, soos die Skrif dit stel.

> En hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. (25) Hom het God voorgestel in sy bloed as ’n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly

> het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God — (26) om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is. Romeine 3:24-26

Is die kruisdood deur God vereis? Was dit die straf vir die oortreder van Sy wet? Hierdie vrae is van kardinale belang. As die toorn van God versadig was deur die kruisdood van Sy eie Seun wat God self vasgestel het, dan is die pragtige skets van Jesus se voorstelling van Sy Vader bevlek met die bloed van 'n onskuldige kind. Die woorde van Christus, "Dit is volbring", sal nie die skets van 'n liefdevolle Vader voltooi nie, maar slegs die geloof versterk dat God die dood vereis om Sy toorn teen sonde te versadig. Dit stel Hom voor as die outeur van dood en aanhitser van gewelddadige vergelding.

Die profeet Jesaja het 700 jaar tevore oor die kruis van Christus gepraat en hy het ons menslike reaksie daarop geopenbaar.

> Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar? (2) Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. (3) **Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie**. (4) **Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte — dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was**. (5) Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Jesaja 53:1-5

Toe Christus gekom het om die mensdom te red, was ons natuurlike gesamentlike reaksie om Hom te verwerp. Hy het ons die ewige lewe kom aanbied, maar die natuurlike menslike reaksie was om hierdie aanbod van die hand te wys.

> In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. (5) En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Johannes 1:4-5

Die Seun van God het ons sondes op Hom gedra, en tog was ons reaksie om te glo dat Hy deur God geslaan is. Die woorde *geslaan* en *verdruk*, dra gewelddadige betekenisse. Nogtans was dit nie God wat Sy Seun met geweld aan die kruis vasgenael het nie. Dit is wat die mens glo, maar dit is nie waar nie. Wat presies het die dood van die Seun van God aan die kruis veroorsaak? Die patroon is heel in die begin vasgestel toe Adam gevra is of hy van die boom van die kennis van goed en kwaad geëet het.

> Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom: Waar is jy? (10) En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg. (11) En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? (12) En die mens antwoord: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet. Genesis 3:9-12

Adam het nooit om genade of vergifnis gevra nie. Sy sonde het sy persepsie verblind sodat hy hierdie opsie nie kon waarneem en vra daarvoor nie. Hy het geen skuld aanvaar nie, maar het al die blaam op God geplaas vir die skepping van die vrou, wat hom verlei het. Hy het aangeneem dat God 'n fel karakter het en dus was die ware karakter van God versteek van Adam te midde van die leuen. Dieselfde beginsel geld in die verhaal van Kain.

> En Kain sê vir die Here: My boosheid is meer as waarvoor ek vergifnis verdien; Genesis 4:13 (Wycliffe-vertaling, sien ook Luther 1912 Vertaling) (Vry vertaal)

Kain het geweier om homself te bekeer, deur om te glo dat God hom kan vergewe. Dit is die krag van sonde oor die menslike ras: dit is sonde om te glo dat God nie ons sondes kan vergewe nie. Selfs die Verlore Seun het nie om vergifnis gevra nie, maar wou homself kwytskeld deur te werk vir vergoeding.

> Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u, (19) en ek is nie meer

> werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge. Lukas 15:18-19

Die enigste weg vir die mens om bekeer te word, is deur die inwoning van die Gees van Christus wat geskenk word aan ons. Dit stel ons in staat om ons hande uit te strek in gebed, te smeek om vergifnis en dit te ontvang as 'n geskenk.

> Die God van ons vaders het Jesus opgewek, wat julle omgebring het deur Hom aan 'n kruishout te hang. (31) Hom het God as Leidsman en Verlosser deur sy regterhand verhoog **om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk**. Handelinge 5:30-31

Toe Adam gesondig het, het hy vyandiggesind teenoor God geword. Sy hart was in stryd met Hom, want ons lees:

> Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, (7) **omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is**; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. Romeine 8:6-7

God het die Gees van Sy Seun in die hart van Adam gestuur sodat Adam "Abba Vader" sou uitroep. Sodoende het God aan Adam die geleentheid gegee om tot inkeer te kom en om vergifnis te vra. Slegs die Gees van Jesus in Adam kon hom genade gee om hierdie bede uit te roep.

> En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! Galasiërs 4:6

Toe Christus na Adam gekom het, terwyl hy totaal onontvanklik was, moes Christus die vyandigheid in die hart van Adam verduur om hom genade te gee. Hierdie vyandige gesindheid het die hart van Christus deurboor en Hom verskriklike lyding besorg.

> Want Hy het gesê: Hulle is tog my volk, kinders wat nie sal lieg nie. So het Hy dan vir hulle 'n Heiland geword. (9) In al hulle benoudheid was Hy benoud, en **die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd**. Jesaja 63:8-9

Dit is dus in hierdie konteks dat Christus die Lam is wat van die grondlegging van die wêreld af geslag is. Openbaring 13:8 (sien King James Bybelvertaling). Om aan die mens die begeerte en die bereidwilligheid te gee om genade en vergifnis te vra, moet Jesus die lyding van die mens se verwerping en haat verduur. Hy word verag en verwerp deur mense; Hy was 'n Man van smarte en vertroud met verdriet. Elke keer wanneer mense die hartsversoek van Christus verwerp, deurboor die verwerping Hom tot binne-in die diepste deel van Sy liefde vir mensesiele. Elke manifestasie van boosheid uit die menslike hart, bring Christus onbeskryflike hartseer, vir beide die oortreder en die slagoffer. Dit is vanuit hierdie perspektief is Christus inderdaad deur die mense verag en verwerp is, ook in die dae toe Jesaja hierdie woorde sewehonderd jaar voordat Christus op die aarde verskyn het, geskryf het. Daarom dra Hy vandag dieselfde siellesmart as wat 'n kruis op Sy skouers bring, sodat die mensdom meer geleentheid het om van hul wrede en ongevoelige weë af weg te draai en gevestig te word in die waarheid ten opsigte van Sy Vader.

Aangesien die mensdom vasberade is om nie te glo dat God kan vergewe nie, is dit die prys wat Christus moes betaal om die mensdom te verlos. Hy het ons plek geneem om te sterf op dieselfde wyse as die mens. Hierdie dood is een waarin die sondaar glo dat God hom nie sal vergewe nie. Die wanpersepsie oor God se onvergewensgesindheid gee aan Satan die mag van die dood. Daarom kon Christus slegs deur die dood die mag van Satan oorkom.

> Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur **die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het — dit is die duiwel** — Hebreërs 2:14

Die dood aan die kruis is ‘n vereiste wat sonde gestel het – nie God nie. Die oomlik wat enigeen die grenslyn na sonde oorskrei, word dit onmoontlik vir daardie individu om terug te keer, omdat elke perspesie van genade ontneem is en die enigste uitweg, as sulks, die dood is. Wanneer die mens die volmaakte wet van God aanskou in ‘n spieël en die dood aan God toeskryf, sal die refleksie onmiddellik terugreflekteer en die mens verwoes.

> Want as iemand ’n hoorder van die woord is en nie ’n dader nie, **dié is soos ’n man wat sy natuurlike gesig in ’n spieël sien**; Jakobus 1:23

> Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. Matthéüs 7:2

Toe Adam van die vrug in die tuin van Eden geëet het, was dit sy keuse om te glo dat God nie die beste belange vir hom op die hart gedra het nie. Hy het die leuen van Satan oor God aanvaar, dat God ‘n selfsugtige leuenaar is. Hierdie gedagtes het terug gereflekteer vanuit die spieël van God se volmaakte wet en het hom geoordeel volgens sy konsep van God se karakter. Sy persepsie van God het Adam se hand, wat moes (en sou) uitstrek na God se genade en barmhartigheid, verdor. Dit was onmoontlik vir hom om terug te keer na sy vorige posisie en die dood was die onvermydelike vonnis wat hy oor homself uitgespreek het.

Om hierdie beginsels aan die wêreld te openbaar, het Christus gekom om die kruis aan ons te kom openbaar, sodat ons die ware aard van sonde kan onderskei. Jesus het die woorde gespreek van 'n man wat belaai is met sonde:

> En omtrent die negende uur het Jesus met ’n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? Matthéüs 27:46

God het Sy Seun glad nie verlaat nie. Tog, terwyl Christus ons sondes op Homself gedra het, het Hy gesterf soos die mens wat nie vergewe kan word nie, want dit is die *wil* van die mens - wanneer sy sondes op hom druk, dink hy dat hy nie vergewe kan word nie en kan hy nie tot die versekering van vergifnis kom nie. Dis wanneer die mens sal voel dat God hom verlaat het. In hierdie woorde van Christus sien ons die vloek van sonde op Hom, die vloek wat deur Kain uitgespreek was.

> Kyk, U verdryf my nou uit die land uit, en ek moet my verberg vir u aangesig: ’n swerwer en **vlugteling** sal ek op die aarde wees… Genesis 4:14

Die woorde swerwer kan die betekenis dra van struikel en sidder. Christus demonstreer dat Hy die vloek van Kain gedra het. Dit het vir Hom gevoel asof God se gesig verberg was van Hom en Hy het gestruikel onder die gewig van ons skuld. Die Skrif openbaar wat die Vader se aangesig verberg.

> Want om U ontwil dra ek smaad, bedek skande my aangesig. Psalms 69:8

> Maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie. Jesaja 59:2

Belas met die gewig van sonde, het Christus uitgeroep:

> Want onheile sonder getal het my omring; **my ongeregtighede het my ingehaal, en ek kan nie sien nie**; hulle is meer as die hare van my hoof, en my hart het my verlaat. Psalms 40:13

Met verwysing na die Vader lees ons:

> Want Hy het die ellende van die ellendige nie verag of verfoei en sy aangesig vir hom nie verberg nie; maar Hy het gehoor toe dié Hom aangeroep het om hulp. Psalms 22:25

Die skande van ons sondes het die aangesig van Jesus bedek, sodat Hy nie die aangesig van die Vader kon sien nie. Hy het die dood in die gesig gestaar, net soos elke sondaar die dood in die gesig staar na afloop van die groot stryd. Christus het die kole van vuur in Sy siel gevoel.

> Bande van die doderyk was rondom my; strikke van die dood het my teëgekom. (7) Toe ek benoud was, het ek die HERE aangeroep, en ek het tot my God geroep om hulp; Hy het my stem uit sy paleis gehoor, en my hulpgeroep voor sy aangesig het in sy ore gekom. (8) Toe het die aarde geskud en gebewe; die fondamente van die berge het gesidder en geskud, omdat Hy toornig was. (9) Rook in sy neus het opgegaan, en 'n vuur uit sy mond het verteer; kole uit Hom het gebrand. Psalms 18:6-9

Christus het die dood van die goddelose gely. 'n Vuur het uit Christus uitgegaan en Hom verslind. Ons sondes op Christus het veroorsaak dat Hy

gely het soos Satan en al die goddelose uiteindelik sal ly.

> Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer… Eségiël 28:18

Christus se tempel, of liggaam, was in ons plek besoedel deur die menigte van ons sondes. Hy is gewond vir ons oortredinge en gekneus weens ons ongeregtigheid. Die aaklige dood wat Satan aan die einde van tyd moet sterf, het Christus reeds aan die kruis ervaar. Die hart van Christus het ontplof weens die vuur wat in Sy midde gebrand het. Gevolglik het daar water en bloed uit Sy sy gevloei. Christus het te midde van die vlamme van 'n lewende hel gesterf en die bose sal op dieselfde wyse verteer word. In 'n oomblik van oordenking, sidder ek aan die gedagte dat ons Vader die hele kruistog saam met Christus ervaar het en Hom nie een oomblik verlaat het nie. Net so sal ons Vader en Verlosser saam met die bose ly wanneer hul verteer word in die vlamme van hel. Die skrif sê vir ons:

> In al hulle benoudheid (droefenis) was Hy benoud (bedroef)… Jesaja 63:9

Geen vader is verheug oor die verlies van 'n kind nie. Ons Vader en Sy Seun sal op dieselfde wyse die verlies van hul kinders betreur as die bose die ewige dood in die vlamme sterf. As die regverdiges op die muur van Sion staan en hul geliefdes aanskou in die vlamme, sal hul Redder hul bystaan in daardie kruis en dit sal 'n 1000 jaar neem om hulle voor te berei vir daardie gebeurtenis. Net soos Maria en die dissipels in afgryse geween het oor die dood van Jesus aan die kruis, sal die regverdiges op dieselfde wyse deurboor word deur die ewige verlies van hul geliefdes wat die genade van God geweier het. Eers daarna word ons meegedeel dat God elke traan van ons oë sal afvee.

> En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. Openbaring 21:4

Hierdie gebeurtenis vind plaas na die dood van die goddelose in Openbaring 20:

> En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. (14) En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. (15) En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp. Openbaring 20:13-15

Toe Christus uit die dood opgestaan het 2000 jaar gelede, het Hy opgestaan uit die graf van lyding van verlies van biljoene van Sy kinders verwerp het. Soos Chrisus deur die seën van Sy Vader weer opgewek is, sal ons ook saam met Hom opgewek word om die nuwe aarde te bewoon, sonder enige sweem van hartseer.

Daar is ‘n spesifieke aspek wat ek wil uitlig rakende die lyding van Christus aan die kruis. Ons het opgelet dat, al het Jesus te midde van Sy lyding aan die kruis alleen en geïsoleer gevoel, Hy steeds, in geloof, die Vader gevra het om diegene te vergewe wat Hom gekruisig het.

> En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie… Lukas 23:34

*Die kruisdood ontmasker die leuen van Satan dat God ons nie kan vergewe nie*. Ons sien dat God gewilliglik Sy Seun aan ons menslike persepsie van geregtigheid prysgegee het. Hy het toegelaat dat Hy sonder hoop sterf, sodat ons, sodra ons sien dat Hy uit die graf opgestaan het, ons kan kies om te glo dat ons inderdaad van ons sondes vergewe kan word en die geseënde hoop op die nuwe lewe kan ontvang. Die Gees van die Seun van God kom in ons harte en lig ons geestelik verdorde hand om die genade van God aan te gryp.

Hoe wonderlik om te weet dat God nie die dood vereis het nie. Hy staan nie teenoor die sondaar as die een wat die doodstraf bring nie. Ons Vader het Sy Seun gewilliglik toegelaat om ons die eindresultaat te wys van diegene wat weier om in die genade van God te glo. Hy het nie Sy Seun doodgemaak om Sy toorn te wreek nie, maar Hy het Sy Seun aan ons toorn oorgelaat, sodat ons deur hierdie dood die liefde van God sou sien.

Die waarskuwing aan Adam om nie van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie, was nie as ‘n dreigement aan hom gerig nie. Dit was as ‘n waarskuwing gerig, rakende die oordeel wat die mens oor homself

bring, deur te glo dat God selfsugtig is, en dus onvergewensgesind is. Dit is ‘n asemrowende waarheid om die wete dat die Een, wat bekend is met die hoogte, diepte, lengte en breedte van God se liefde, geweet het dat dit moontlik was om genade en vergifnis te vra. Dit is duidelik dat die Seun van God die een is wat na menseharte uitreik en aan ons moed skenk om te glo dat hulle vergewe kan word.

Hoe wonderbaarlik is die openbaring van die kruis nie vir ons nie? Laat ons nie voortgaan om Jesus as gewond en verbrysel te aanskou as ‘n toedoen deur die Vader nie, maar eerder as die gevolg van ‘n verkeerde konsep van die karakter van God – dat Hy “verag en deur die mens verlaat” (Jesaja 53:3) is. God het nie die dood as ‘n straf vir sonde ingestel nie, die dood is die onvermydelike gevolg daarvan om te glo dat God nie kan vergewe nie.

## 4. My Geliefde Seun

Daar was 'n lang verposing terwyl hulle mekaar vasgehou het. Die intensiteit van emosie loop diep, maar hulle weet albei dat die tyd aangebreek het. Vanaf die dae van die ewigheid was Vader en Seun in noue gemeenskap met mekaar en nou moes die noue omgang binnekort verbreek word. Die Seun van God moet die aardse deel van Sy sending onderneem om Sy menslike seuns en dogters te red. Beide Vader en Seun verstaan die risiko's en die koste daaraan verbonde, maar die liefde dryf dit voort.

Die Vader en Seun kyk vir 'n kort oomblik in die toekoms en sien hoe die sending ontvou. Die spottery, die verwerping, die haat, die gespoeg, die geskop, die geslaan en die spykers verdof alles tot niks in vergelyking met daardie een afgryslike oomblik in tyd wanneer hemel en aarde stilstaan en die skeiding van Vader en Seun aanskou. Die Seun sien duisende jare van skuld, lyding, rebellie en waardeloosheid op Hom rol terwyl Hy bewe soos 'n riet, oopgesny en verskeur deur die gevoel van sonde wat die aangesig van Sy Vader verberg.

Wanneer Vader en Seun van die toekomstige tonele wegdraai, omhels Hul mekaar – hoe kan die Vader Hom oorgee aan hierdie lot? Voor die grondlegging van die wêreld het die Vader geworstel met die moontlikheid dat hierdie sending kan misluk en die risiko dat Hy Sy Seun deur die mag van sonde kan verloor. Die Seun van God sal die menslike natuur op Homself neem en 'n geleentheid vir Sy aartsvyand, Satan, bied om Hom te oorweldig. Aan die begin was daar geen sekerheid van sukses nie. Die Vader het Homself in 'n posisie geplaas waar Hy Sy Seun vir ewig kan verloor in 'n poging om ons te red. Die groot deernis van die Vader, wat deur Sy Seun geërf is, kom na vore in die oproep van die Seun na Sy Vader om Hom na die aarde te laat kom om ons te red. Sou die Vader Sy Seun dit toelaat? Sou Hy Hom die risiko laat neem?

Die diepte van die Vader se liefde vir ons word gemeet aan Sy liefde vir Sy Seun en die risiko wat geneem is om ons te red. Ons kry 'n prentjie van die liefde van die Vader toe Hy tydens die doop van Sy Seun gespreek het.

> En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Matthéüs 3:17

Die Vader het 'n welbehae in Sy Seun. Daar is geen groter skat in die lewe van die Vader naas Sy Seun nie. Die Seun van God het, terwyl Hy verwys na Sy geboorte in die hemel, uitgeroep:

> Voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is ek gebore; (26) toe Hy die aarde en die velde en al die stoffies van die wêreld nog nie gemaak het nie. (27) Toe Hy die hemele berei het, was ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed; (28) toe Hy die wolke daarbo bevestig het, toe die bronne van die wêreldvloed sterk geword het; (29) toe Hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters sy bevel nie sou oortree nie; toe Hy die fondamente van die aarde vasgelê het — (30) toe was ek 'n kunstenaar naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig altyd. Spreuke 8:25-30

Ons sien die tere arm van die Vader op die skouer van Sy Seun terwyl hulle saam kommunikeer in die formering van die heelal. God het alle dinge deur Sy Seun geskape en dit het die Vader behaag om te sien dat Sy Seun die magte en intellek uitoefen wat Hy aan Hom gegee het.

> Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun (2) wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. (3) Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag… Hebreërs 1:1-3a

> Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee. Johannes 3:35

Die verhouding tussen Vader en Seun was so nou verweef, dat Christus kon sê:

> Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar. Matthéüs 11:27

> Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape. Johannes 10:15

> Want die Vader het die Seun lief en toon Hom alles wat Hy self doen. En groter werke as hierdie sal Hy Hom toon, sodat julle verwonderd kan wees. Johannes 5:20

Soos Juda aan Josef te kenne gegee het aangaande die liefde van hul vader Jakob vir sy seun Benjamin, so kan ons sien dat die lewe van die hemelse Vader 'innig aan hom (Christus) gekleef is'. Genesis 44:30. Soos enige liefdevolle ouer weet, is daar niks wat jy nie sal doen ter wille van jou kind se liefde, koestering en beskerming nie. Sodanig is die liefde van die Vader vir Sy Seun. In hierdie konteks kan ons die grootste en aansienlikste vers in die Skrif besin:

> Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Johannes 3:16

Die tweeletterwoord “so” vertel ons van 'n liefde wat nie ten volle begryp kan word nie. Terwyl die Vader luister na die smeking van Sy Seun om ons te red, het die Vader die afgryse van 'n groot duisternis deurgemaak, wat geen geskape wese ooit werklik kan waardeer nie. Na 'n geweldige stryd het die Vader, in liefde vir Sy Seun en vir ons, die Seun se versoek om die mensdom te red, toegestaan. Hierdie wonderbaarlike, ongelooflike liefde – dit sal ons tema van oordeking in die ewigheid wees.

Soos ons voorheen aangedui het, was die lyding van Christus nie beperk tot Sy sending op aarde nie. Net nadat die sonde verskyn het, was daar 'n Verlosser. Dit was die Gees van Jesus wat die heilige paar in Eden ondersteun het. Toe hulle van die vrug geneem het volgens die voorstel van Satan, was Christus verpletter deur hul verwerping van Hom en Sy Vader. Na alles wat aan hulle gegee is, het hul selfsugtige ondankbaarheid Christus vreeslike pyn veroorsaak, soos enige ouer weet wanneer hul kinders van hulle wegdraai. Tog het Christus hulle nie verlaat nie. Die

enigste manier waarop hulle lewe kon verkry, is deur Hom wie deur Sy Gees by hulle bly en voortgaan om hulle lewe te gee, terwyl hulle die wet en die karakter van Sy Vader vertrap.

Elke keer wanneer 'n Israeliet sonde gepleeg het, moes hulle 'n lam as offer bring.

> En as iemand van die volk van die land in swakheid sondig, omdat hy enigiets doen wat die HERE verbied het, en hy skuldig word; (28) of as sy sonde wat hy gedoen het, aan hom bekend word, dan moet hy as sy offer bring ’n bok sonder gebrek, ’n ooi, vir die sonde wat hy gedoen het; (29) en hy moet sy hand op die kop van die sondoffer lê en die sondoffer slag op die plek van die brandoffer… (31) en al die vet moet hy wegneem soos die vet van die dankoffer af weggeneem is, en die priester moet dit op die altaar aan die brand steek as lieflike geur vir die HERE. So moet die priester dan vir hom versoening doen, en dit sal hom vergewe word. (32) Maar ingeval hy ’n skaaplam as sy sondoffer bring, moet dit ’n ooi wees sonder gebrek wat hy bring; (33) en hy moet sy hand op die kop van die sondoffer lê en dit as sondoffer slag op die plek waar hulle die brandoffer slag. Levítikus 4: 27-29, 31-33

Hierdie proses onthul die ongelukkige waarheid dat elke sonde die Seun van God lyding veroorsaak. Christus het vanaf die eerste sonde tot op hede die folterende pyn en die smart ervaar vir dit wat Sy verlore kinders mekaar op die aarde aandoen. Elke sonde laat Hom weer opnuut gekruisig word en maak Hom openlik tot skande. Hebreërs 6:6. Hierdie vlak van lyding is buite ons begrip; dit lyk vir ons heeltemal onmoontlik dat die lyding van Christus nie net agt-en-veertig uur is nie, die tyd wat tot en met die kruis lei, of selfs drie en dertig jaar op aarde, maar eintlik sesduisend jaar van voortdurende lyding en verwerping. As dit vir ons moontlik was om al hierdie lyding te begryp soos dit aan die hart van die Vader pluk, sou ons regtig sien dat die lyding van die Vader in geen aspek minder is as dié van Sy Seun nie, want elke ouer ly as hul kinders ly.

> …naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. 2 Korinthiërs 5:19

Kan ons maar net ‘n skadu van die Vader se lyding aanskou wanneer Hy kyk en sien hoe die wêreld Sy Seun hanteer? Kan ons ons voorstel hoe die hart van die Vader uitmekaar geskeur is toe Sy Seun Hom gevra het:

> …My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil. Matthéüs 26:39

Ons kan 'n bietjie vertroos word deur die wete dat die lyding van Christus slegs tweeduisend jaar gelede plaasgevind het, maar op die oomblik ly Christus vir al die kinders wat Satan verstrik het met handel in kinderseks; Hy ly vir al die hawelose en honger kinders, wat veroorsaak is deur die selfsug van die mens; vir al die slagoffers van gesinsgeweld en verkragting; vir al die miljoene wat in dwelm- en alkoholmisbruik vasgevang is; vir die honderde mense wat elke dag hul eie lewens wil neem — Christus voel dit alles en so ook die Vader. Hierdie lyding is nie net beperk tot die slagoffers van wreedheid nie, maar ook tot die oortreders. Die Gees van Christus reik uit na die oortreders om hul te red deur hulle van hul sonde te oortuig. Skuldgevoelens word gestuur, nie om hulle te veroordeel nie, maar om hulle daarvan te red om hul harte te verhard en hul siele te verloor. Die skuldgevoelens word ter wille van hul redding gestuur, nie om bloot te verdoem nie. Terwyl die siel die skuld uitskakel met alkohol of dwelmmiddels of enigiets wat die gedagtes verhoed om na te dink omtrent wat gedoen is, word Christus verag, verwerp en stilgemaak. Dit gebeur elke dag in miljarde siele, terwyl hulle van die onbaatsugtige liefde wat aan hierdie kruis hang, wegdraai, 'n gesig wat te skitterend en helder is om te aanskou.

Op hierdie punt kan ons versoek word om soos die Fariseërs uit te roep:

> …U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself! As U die Seun van God is, kom af van die kruis! (41) En so het ook die owerpriesters saam met die skrifgeleerdes en ouderlinge gespot en gesê: (42) Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie. As Hy die Koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom, en ons sal in Hom glo. Matthéüs 27:40-42

Ons sien opregte reaksie in die lewe van Maria Magdalena. Sy het verstaan dat Christus vir haar aan die kruis sou ly en sy het geglo dat sy deur Sy

optrede vergewe is. Haar dankbaarheid was uitgebeeld deur die ryk strome van parfuum in die albaste fles wat sy oor Jesus se voete uitgegooi het.

Tog moet die vraag gevra word: As God so kragtig is, waarom laat Hy dan toe dat Hy en Sy Seun aan soveel lyding en pyn onderwerp word? Tweedens, waarom tree Hy nie in en bring bloot ‘n einde aan al hierdie lyding nie? Dit lei ons na die onderwerp van die volgende hoofstuk. Tans kan ons die Lam van God aanskou wat die sonde van die wêreld wegneem; ons kan verwonderd staan teenoor die liefde en verdraagsaamheid van ons hemelse Vader wat hierdie lyding vir sesduisend jaar lank moes verdra. Inderdaad, God het die wêreld SO lief gehad, dat hy Sy eniggebore Seun gegee het.

## 5. Julle moet julle vyande liefhê

Toe Johannes die Doper Jesus as die Messias voorgestel het, het die hoop van ‘n nasionale ophewing ontvlam. Gedagtes aan ‘n oorwinnaar soos Judas Maccabees, wat die juk van die Seleukiede Ryk afgegooi het, het die energie van die Joodse nasie aangeroer onder die huidige ysterhand van die Romeinse Ryk. Groot skares het gedrom om hierdie nuwe leraar wat Sy krag gedemonstreer het deur die siekes te genees. Dit het afwagting laat opbou.

> En Jesus het deur die hele Galiléa rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees. (24) En die gerug aangaande Hom is versprei oor die hele Sírië; en hulle het na Hom gebring almal wat ongesteld was, wat gekwel was deur allerhande siektes en pyne en wat van duiwels besete was, en maansiekes en verlamdes; en Hy het hulle gesond gemaak. (25) En groot menigtes het Hom gevolg van Galiléa en Dekápolis en Jerusalem en Judéa en van oorkant die Jordaan af. Matthéüs 4:23-25

Nadat Jesus die twaalf dissipels gekies het, het Jesus saam met hulle na die see gegaan. Die skare het byeengekom, sommige om te luister en ander om gesond gemaak te word. Nadat die skare aansienlik gegroei het, het Jesus hulle terug teen die berg op gelei waar Hy begin preek het. Die seëninge wat van Sy lippe uitgevloei het, was anders as enigiets wat die mensdom al gehoor het. Hy het Sy preek geopen met stellings soos:

Salig is die sagmoediges, salig is die barmhartiges en salig is die vredemakers. Matthéüs 5:5, 7, 9. Eerder as om lof te gee aan dapper manne wat vaardig hul swaarde dra ter wille van die waarheid, het Hy seën uitgespreek oor diegene wat vervolg word ter wille van die geregtigheid en wat dit verduur om ter wille van geregtigheid beledig en

vervolg te word, om Sy ontwil. Matthéüs 5:10, 11. Hy het nie die woorde gespreek van 'n wraakgierige generaal wat sy troepe aanspoor tot oorlog nie, maar eerder gespreek van die ootmoedigheid, die sagmoedigheid en liefde van Sy Vader wat Hy graag in al Sy volgelinge wou sien.

Hierdie woorde van Christus is nie net deur Hom verkondig nie, maar is in alle besonderhede van Sy aardse lewe uitgeleef. Sy deernis, barmhartigheid en geduld vir al die mense was altyd te siene. Aan die einde van Sy bediening het Sy geduld onder bespotting, slanery en die dood nie 'n greintjie van dreigement, weerwraak of wraaksug geopenbaar nie. Wat Hy daardie dag verkondig het, het Sy hele wese onthul. As die verteenwoordiger van Sy Vader, het Hy geopenbaar hoe God in Sy wese is. Dit is uiters belangrik om te besef dat Jesus nie ‘n aparte stel reels vir Homself en die mens het, net omdat Hy ‘n goddelike natuur het nie. Nee. Dit is omdat Hy goddelik ***is*** dat Hy self presies leef volgens die woorde wat Hy op daardie berg met ons gepraat het.

Die woorde van Jesus sny diep in Joodse trots en ambisie en aangesien hierdie woorde universeel tot die ganse mensdom gespreek word, sny dit ook diep in alle menslike trots en ambisie. Ons ontdek die waarheid dat die goedheid van God, wat deur die sondige mens raagesien word, hom tot bekering lei en die betekenis van die openingswoorde van Jesus in Sy preek openbaar - geseënd is die wat arm van gees is en salig is die wat treur oor hulle selfsugtige trots en ambisie.

Die Seun van God sny dieper en nog dieper in die menslike probleem terwyl Hy aanhou spreek:

> Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. (22) Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die **helse vuur**. Matthéüs 5:21-22

Jesus brei uit op die woorde wat eeue tevore aan Moses gegee is. Hy neem nie een jota of titteltjie uit die wet nie, maar Hy vergroot die

betekenis en stel dit voor in verheerlikte lig.

> Jy mag jou broer in jou hart nie haat nie. Jy moet jou naaste vrymoedig berispe, sodat jy om sy ontwil geen sonde op jou laai nie. (18) Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die HERE. Levítikus 19:17-18

Wie het nog nooit enige woede voel opwel teenoor iemand wat jou mishandel nie? Wie het nog nooit enige gedagtes van wraakgierigheid gekoester teenoor iemand wat jou verkleineer of verneder het nie? Wie kon nog altyd vermy om ooit enige wrok teen iemand toe voel? Later het die apostel Johannes die woorde van Jesus uitgebrei en hierdie woorde neergeskryf:

> Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.
> 1 Johannes 3:15

Na watter tipe koninkryk verwys Jesus hier? Om haat vir iemand te hê, beteken dat jy 'n moordenaar is wat die dood waardig is? Wat is die "helse vuur" in Matthéüs 5:22 waaroor Jesus in hierdie verband praat? Vra vir Kain terwyl hy in benoudheid uitgeroep het na God: my skuld is te groot om vergewe te word! - Genesis 4:13 (Wycliffe). Vra vir Jesus terwyl Hy aan die kruis gehang het met die skuldgevoelens van alle mensehaat, wraak en selfsug; vra Hom uit na die "helse vuur" wat oor diegene kom wat hierdie lewenswyse handhaaf.

Het 'n dierbare vriend u regtig diep seergemaak? Het u enige kwaad gevoelens voel opwel teenoor die persoon? Sukkel u om nie te dink aan die wonde wat hulle u toegedoen het en hoe graag u sal wil sien reg moet geskied teenoor die persoon nie? Is dit nie 'n lewende "helse vuur" nie? Is daar sulke begeertes wat brand in jou hart? Hoe reageer die hart dan op gedagtes wat iemand anders tot die dood verwens? Hoe voel die Gees van Jesus, wat nader is as 'n broer, wanneer ons gedagtes van dood op ander mense koester? Miskien weet ons dat dit verkeerd is om hulle dood te wens; daarom wil ons hulle net nooit weer sien nie. Tog, is hierdie dan nie verskillende kleure vrugte afkomstig van dieselfde boom nie? Watter lyding ondergaan Jesus as hierdie gedagtes in ons harte heers?

Die woorde van Christus is 'n direkte aanval op die norme van hoe mense teenoor ander staan. Die oproep tot sagmoedigheid, nederigheid en geduld te midde van misbruik en mishandeling eis van die luisteraar veel meer as wat hy kan gee en dit is die presies wat bedoel word. Dit is soos Jesus sê:

> En toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering. Markus 2:17

Jesus gaan voort met hierdie koninklike toespraak van Hom, om met flymskerp akuraatheid menseharte voor te berei om Sy genade te ontvang. In een sin ontbloot Hy die selfsug van elke mens:

> Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. (28) Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. Matthéüs 5:27-28

Enige man wat eerlik is met homself, weet dat hierdie woorde direk tot die kern van sy probleem spreek en hom volkome veroordeel. Christus verklaar dat die probleem die *self* is, dat die hart van die individu hervorm moet word. God wil 'n nuwe beginsel in die mens plant, 'n beginsel wat hy nie het nie en nie uit homself kan haal nie. God bied aan ons die geloof van Christus, "die koninkryk van God… binne-in julle" (Lukas 17:21) wat, sodra dit ontvang is, alles nuut maak (2 Korinthiërs 5:17). Die lewe en optrede van die man van geloof is bloot 'n uitdrukking van daardie beginsel, waarvan die seëninge van binne begin en dan na buite uitstroom na diegene rondom hom, maak nie saak onder watter regering hy staan of in watter kultuur hy is nie. Die wêreld dink dat God eers van buite af sou begin en na binne werk. Die mens dink dat God die wêreld eerste sou hervorm, die goddelose omverwerp en sodoende 'n nasie van waardige mense sou vestig. Maar die plan om van buite te begin en na binne te probeer werk, het nog altyd misluk en sal altyd misluk. Weereens is Jesus se oproep vir die mens onmoontlik, maar met God en Sy genade in Christus is alle dinge moontlik.

As daar iemand is wat in sy hart glo dat hy nog nooit iets verkeerd gedoen

het nie, verpletter die volgende woorde van Jesus daardie moontlikheid:

> Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand. (39) Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe. (40) En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bo-kleed kry. (41) En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam. (42) Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie. (43) Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. (44) Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; (45) sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges. (46) Want as julle liefhet die wat vir julle liefhet, watter loon het julle? Doen die tollenaars nie ook dieselfde nie? (47) En as julle net jul broeders groet, wat besonders doen julle dan? Doen die tollenaars nie ook so nie? (48) Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is. Matthéüs 5:38-48

Het u al ooit beleef dat iemand sonder rede op u afstorm en u slaan? Jesus sê om die ander wang te draai. Die lys van die dinge wat hier gevra word, is heeltemal buite alle menslike moontlikheid om deur sy hele lewe te handhaaf en tog sê Jesus dat dit die toelating tot Sy koninkryk verskaf. Hoe kan dit moontlik wees om u vyande lief te hê? Om diegene wat u wil doodmaak, lief te hê? Diegene wat u wil skade berokken, lief te hê en diegene wat voortdurend probeer om u seer te maak, lief te hê? Jesus vra ons om hulle lief te hê? Vir watter doel?

> Sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemel is. (Matthéüs 5:45).

Het u dit gesnap? Indien u ootmoedig, barmhartig, sagmoedig en geduldig is en u vyande liefhet, dan openbaar u dat u 'n kind van u hemelse Vader is. Wat beteken dit? Dit beteken dat die Vader so is! Indien Hy die son laat skyn op die slegtes en die goeies, dan sal ons, as Sy kinders, ons liefde op die slegtes en die goeies laat skyn, want dit is hoe ons hemelse Vader is.

Dit is die wonderlikste preek wat ooit gepreek is, omdat dit spreek van die grootste, wonderlikste Wese wat in die heelal bestaan, ons hemelse Vader. Hy word aan ons geopenbaar deur ons kosbaarste Verlosser, die Seun van die Lewende God, wat presies weet hoe Hy is. Daar is geen ander wese in die ganse heelal wat die Vader in Sy Wese ken nie en in hierdie preek sien ons die karakter van die Vader aan ons geopenbaar.

Die punt wat hierdie werklikheid verseël, is in die slotwoorde van Matthéüs hoofstuk vyf.

> Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is. Matthéüs 5:48

Dit bewys aan ons dat alles wat Jesus in hierdie preek gespreek het, 'n openbaring van Sy karakter van liefde is. Hierdie woorde praat met ons oor hoe ons Vader situasies hanteer. Die boek Lukas som die woord *volmaaktheid* op wat Matthéüs op dieselfde manier gebruik:

> Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is. Lukas 6:36

Volmaaktheid word dus in genade en barmhartigheid gevind. Die vraag wat gevra moet word, is: Indien God Sy vyande liefhet en deur Sy Seun aan ons geopenbaar word dat Hy bereid is om Sy lewe af te lê vir diegene wat Hom haat, waarom sal die Bybel blykbaar leer dat God Sy vyande met 'n volmaakte haat haat en in die oomblik van Sy woede is Hy gewillig om, ter wille van die regverdiges, die goddelose te vernietig deur vuur en swawel op hulle af te roep, om toe te kyk hoe hulle sterf met uitroepe van verskrikte angs?

Dit is die vraag waarna ons ons volgende moet wend, want daar is verskillende verhale in die Ou Testament wat dit laat *blyk* dat God bereid is om Sy vyande tot 'n sekere mate lief te hê, maar dan al Sy opgeboude woede in 'n vurige uitbarsting vrylaat en hulle van die aarde af verwoes. Sommige mense stel voor dat dit 'n noodsaaklike herinnering is dat ons nie met God moet speel nie en dat selfs Hy perke het; dat ons op die mees pynigende manier met ons lewens sal betaal indien ons dit oorskrei. Die doel van die res van hierdie boek is om die volmaaktheid van die Vader, waaroor Jesus in die Bergrede gepraat het, te versoen met die verhale wat

ons in die Ou Testament lees. Vir die meeste mense is daar 'n reuse-gaping tussen Jesus in die Evangelies en God in die Ou Testament, maar tog vreemd genoeg, was dit Moses wat gevra is om die woorde in Levítikus neer te skryf, om jou naaste lief te hê en geen wrok teen hom te koester nie.

Dieselfde gaping was ook daar vir diegene wat 2000 jaar gelede na Jesus geluister het. Vir diegene wat geglo het dat die koninkryk wat Jesus beskryf, die koninkryk van God is en dat dit Sy karakter verteenwoordig, was Jesus se woorde en bediening 'n geur van lewe tot lewe. Vir diegene wat nie hul ambisies in hierdie wêreld kon laat vaar nie en dus glo dat Jesus nie die karakter van God akkuraat uitbeeld nie en ook nie hoe God se koninkryk funksioneer nie, was die saadjies daar om Jesus te haat, want vir hulle was Hy 'n bedrieër. Hulle het nog nooit die God geken wat Jesus beskryf het nie. Daarom kon hulle Jesus nie beskou as die Seun van die God wat hulle aanbid het nie. Indien dit wat Jesus gesê het, waar was, dan het hulle óf nog nooit die ware God geken nie, óf hulle God het Sy weë verander.

Is God getrou aan Sy woord wanneer Hy sê:

> Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie. Maleági 3:6

Is die God van die Evangelies dieselfde as die God van Moses, Abraham en Noag? Is Jesus Christus gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde? Hebreërs 13:8. Dit is vrae wat 'n beslissing vereis. Laat ons intussen ons oor die openbaring van die Vader, wat Jesus aan ons op die berghang gegee het, verheug en laat ons bemoedig word dat ons saam met Christus nie net ons vriende nie, maar ook ons vyande kan liefhê.

# 6. Vuur van die Hemel af

Namate die dissipels tyd saam met Jesus deurgebring het, was hulle verwonderd oor Sy woorde en werke. Die helder ligglans van die koninkryk wat Hy in die Bergrede verkondig het, het steeds probeer om die duistere dieptes van hulle gedagtes binne te dring. Die dissipels was steeds besmet met die begeerte na aardse grootsheid en het hul gedagtes laat wentel om die posisies in die koninkryk van die hemele wat hulle mag beklee. Dit het natuurlik tot 'n ander bespreking gelei:

> En daar het 'n redenering onder hulle ontstaan oor wie van hulle dan tog die grootste was. Lukas 9:46

Waarom het hul gedagtes om selfbelang gewentel? Hulle was opgewonde oor die krag van God wat in Jesus geopenbaar word, maar hulle het nog nie Sy kruis opgeneem nie. Hulle was bang om Hom na die betekenis van die kruis uit te vra, omdat dit kon aandui dat hul hoop teleurstel word.

> En almal was verslae oor die majesteit van God. En toe almal verwonderd was oor alles wat Jesus gedoen het, sê Hy vir sy dissipels: (44) Bewaar hierdie woorde in julle ore; want die Seun van die mens sal oorgelewer word in die hande van die mense. (45) Maar hulle het hierdie woord nie verstaan nie, en dit was vir hulle bedek, sodat hulle dit nie sou begryp nie; en hulle was bang om Hom iets te vra oor hierdie woord. Lukas 9:43-45

Jesus het hul gedagtes van grootmoedigheid raakgesien en 'n klein kindjie geneem, Sy arms om hom gevou en vir hulle gesê:

> Elkeen wat hierdie kindjie ontvang in my Naam, ontvang My; en elkeen wat My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het; want wie die kleinste onder julle almal is, hy sal groot wees. Lukas 9:48

Die onskuldige kind het geen begeertes tot nasionale grootsheid gehad

nie. In sy eenvoud van begrip het hy bloot op die warm en teer aanraking van die Meester gereageer. Dit was die definisie van grootsheid in Sy koninkryk - 'n eenvoudige, blywende, vertrouende liefde vir die Meester. Die dissipels se onskuld is weggeneem deur die ambisie en teleurstellings van die lewe, maar Jesus het gekom om hulle die onskuld van die kinderjare terug te gee, en daarmee saam die wysheid wat die jare bring.

Die dissipels het Jesus leer liefkry in hul verbintenis met Hom. Hulle het elke dag Sy deernis en liefde vir die mense gesien en die wonderlike dinge wat Hy omtrent Sy Vader gedeel het, gehoor. Op 'n dag, na 'n lang tyd van arbeid, het Jesus Sy dissipels na 'n Samaritaanse dorp gestuur om vir hulle ‘n oornagplek te soek.

> En toe die dae van sy opneming nader kom, het Hy sy aangesig gerig om na Jerusalem te reis, (52) en boodskappers voor Hom uit gestuur; en hulle het vertrek en in ’n dorp van die Samaritane gekom om vir Hom klarigheid te maak. (53) En hulle het Hom nie ontvang nie, omdat Hy na Jerusalem op reis was. Lukas 9:51-53

Toe die dissipels sien hoe die Samaritane hul Meester behandel, was hulle verontwaardig oor hul gebrek aan gasvryheid. In ‘n emosionale oomblik het hulle die diepe duisternis wat in menseharte bestaan, geopenbaar:

> En toe sy dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elía ook gedoen het? Lukas 9:54

Dit wil voorkom asof hulle Bybelse regverdiging gehad het vir hul moorddadige plan om vuur te laat afdaal op die Samaritane. Hulle noem die verhaal van Elia wat vuur uit die hemel laat neerdaal het op sommiges wat besluit het om hom skade te berokken. Gewapen met hierdie verhaal het die dissipels gevoel dit is reg om die ondankbare Samaritane te laat sterf. Die antwoord wat Jesus gegee het, sou as 'n skok gekom het.

> Maar Hy draai Hom om en **bestraf** hulle en sê: Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; (56) want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red. En hulle het na ’n ander dorp vertrek. Lukas 9:55-56

Hierdie woorde openbaar die hart van die sending en karakter van Jesus. Jesus is nie 'n vernietiger nie, maar eerder die Verlosser. Terselfdertyd wil dit voorkom asof Christus nie net die dissipels bestraf het nie, maar ook die optrede van Elia.

> En hy het 'n owerste van vyftig met sy vyftig na hom gestuur. En toe hy na hom opklim, terwyl hy juis op die top van die berg sit, sê hy vir hom: Man van God, die koning spreek: Kom af! (10) Toe antwoord Elía en sê aan die owerste oor vyftig: As ek dan 'n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer! En daar het vuur van die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer. 2 Konings 1:9-10

Dit wil voorkom asof 'n vluglees van hierdie verhaal daarop dui dat, hoewel Jesus na die aarde gekom het om mense se lewens te red, God in die Ou Testament geredelik gewillig was om mense lewendig te verbrand, omdat hulle gewaag het om Sy profeet gevange te neem. Het Jesus slegs die haat van die dissipels berispe, omdat hulle die Samaritane wou vernietig, of het Hy ook Elia se optrede bestraf? Die antwoord wat Jesus aan Sy dissipels aangaande Sy sending gegee het, dui daarop dat die teregwysing ook op Elia gerig is. Hoe kan Jesus die dissipels bestraf en sê dat Sy sending is om mense te red en dan verduidelik dat Hy in sekere gevalle mense sou vernietig? Indien dit die geval was, sou Jesus vir hulle gesê het dat dit nie nou die tyd vir hierdie dinge is nie, of dat ons eers 'n bietjie langer vir hulle moet bid. Jesus gee geen aanduiding van vertraagde vergelding nie. Hy praat slegs van die redding van mense, in teenstelling met die vernietiging van mense.

Hierdie verklaring van Jesus in die 1953-Bybelvertaling, asook die King James Bybelvertaling, blyk 'n verleentheid te wees vir baie van die moderne vertalings van die Bybel, omdat hierdie woorde eenvoudig nie daar is nie.

> Maar Hy het omgedraai en hulle skerp tereggewys. (56) Daarna het hulle die reis voortgesit na 'n ander dorp toe. Lukas 9:55-56 (1983 Afr. Vertaling)

> Maar Jesus het omgedraai en met Jakobus en Johannes geraas. (56) Jesus en sy dissipels het toe na 'n ander dorpie gegaan. Lukas 9: 55-56 (Die Bybel vir Almal)

Hierdie weglating in verskeie vertalings het geweldige gevolge vir die menslike begrip van die karakter van God. Een baie groot vraag wat geopper moet word, is hierdie: Wie het vuur uit die hemel op die manne laat neerdaal? Ons moet 'n bietjie teruggaan in die geskiedenis van Elia na iets belangriks wat God hom gewys het ná sy groot oorwinning op die Berg Karmel.

> En Hy sê: Gaan uit en staan op die berg voor die aangesig van die HERE. En kyk, die HERE het verbygegaan, terwyl ’n groot en sterk wind die berge skeur en die rotse verbreek voor die HERE uit; in die wind was die HERE nie. En ná die wind ’n aardbewing; in die aardbewing was die HERE nie. (12) En ná die aardbewing ’n vuur; in die vuur was die HERE nie. En ná die vuur die gesuis van ’n sagte koelte. 1 Konings 19:11-12

Wat was die kwessie wat God vir Elia wou tuisbring? Dieselfde beginsel word elders in die Skrif uitgedruk:

> Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van die HERE aan Serubbábel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskare. Sagaria 4:6

God het vir Elia gesê dat Hy nie geweld gebruik om mense te dwing om Sy koninkryk te gehoorsaam en te bevorder nie, maar dat dit eerder Sy sagte stem is wat in die harte van mense werk wat hulle na die waarheid lei. Dit is ‘n teenstrydigheid indien God vir Elia sê dat Hy nie in die vuur is nie en dan direk daarna 102 mans verbrand, omdat hulle Elia wou gevange neem. Dit was 102 mans, want die vuur het twee keer op twee stelle van 50 mans en hul leiers afgekom. Dit is waar dat God 'n vuur gestuur het om die offer op die altaar te verteer, maar hierdie vuur is nie gestuur om mense se lewens te vernietig nie, maar om hulle te red. Toe Elia vuur roep om uit die hemel op hierdie mans af te kom, was hy reeds getoon dat God nie in 'n vuur is om mense te dwing of te forseer om aan Sy wil te voldoen nie. Die kruiperige onderdanigheid van die derde kaptein van 50 mans was nie die onderdanigheid wat God gesoek het nie.

> En hy het weer ’n owerste van ’n derde vyftig met sy vyftig na hom gestuur. En die derde owerste oor vyftig het opgeklim en aangekom en op sy knieë voor Elía gebuig en hom gesmeek en

> vir hom gesê: Man van God, laat tog my lewe en die lewe van u dienaars, hierdie vyftig, kosbaar wees in u oë! 2 Konings 1:13

Het hierdie man in eerbied voor die God van Elia gekniel, omdat hy Hom liefgehad het en wou aanbid? Beslis nie! Hy was bang dat hy sou sterf en het vir sy lewe gesmeek. Indien hierdie soort aanbidding vir God aanneemlik was, dan sou Jesus vuur op 'n paar Fariseërs en Romeine laat neerdaal het en almal sou Hom onmiddellik aanbid het - nie uit liefde vir Hom nie, maar eerder uit vrees. Daarom was dit nie God wat in daardie vuur was wat daardie mense verteer het nie. Hoe kan ons dan rekenskap gee van wat daar gebeur het?

> En hy het ’n owerste van vyftig met sy vyftig na hom gestuur. En toe hy na hom opklim, terwyl hy juis op die top van die berg sit, sê hy vir hom: Man van God, die koning spreek: Kom af! (10) Toe antwoord Elía en sê aan die owerste oor vyftig: As ek dan ’n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer! En daar het vuur van die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer. 2 Konings 1:9-10

Die kaptein en sy manne was onder die gesag van die koning van Israel wat hulp gevra het van Baäl-Sebub, die god van Ekron. Die god van Ekron was 'n afgod wat deur Satan geïnspireer is. Deur hulp te soek by hierdie god, maak hy homself oop vir die regsmag van Satan.

> Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie — òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid? Romeine 6:16

Alhoewel hierdie mans wat die koning verteenwoordig het, hulself onder Satan se regsmag geplaas het, het die kaptein Elia steeds as 'n man van God erken. Die hele Israel het onthou wat by die berg Karmel gebeur het toe hulle gesien het dat God met Elia was. Waarom het Elia dan 'n teken gesoek om dit te bevestig indien die kaptein geglo het dat Elia 'n man van God was? Ons ontdek die antwoord 'n bietjie later in die hoofstuk:

> Toe sê die Engel van die HERE vir Elía: Gaan saam met hom af; **wees nie bevrees vir hom nie**. En hy het opgestaan en saam met hom na die koning afgegaan 2 Konings 1:15

Elia is aangesê om nie bevrees te wees nie. Waarom was Elia bang? Die probleem het begin by die dinge wat op die berg Karmel gebeur het.

> Maar Elía sê vir hulle: Gryp die profete van Baäl! Laat niemand van hulle vryraak nie! En hulle het hul gegryp; en Elía het hulle afgebring na die spruit Kison en hulle daar geslag. 1 Konings 18:40

Voordat Elia die profete van Baäl doodgemaak het, het hy vreesloos voor die koning en al sy manne gestaan. Net voor hierdie gebeure is daar meer as drie jaar lank jag gemaak op Elia, nadat hy vreesloos voor die koning ingegaan het om vir hom te sê dat dit glad nie sou reën nie. Daar is geen sprake dat Elia bang was nie, nie deur al hierdie ervarings nie. Eers nadat Elia al die profete van Baäl *met die swaard* doodgemaak het, het hy bang geword.

> Daarop stuur Isébel 'n boodskapper na Elía om te sê: Mag die gode so doen en so daaraan toedoen — sekerlik sal ek môre sulke tyd jou siel maak soos die siel van een van hulle. (3) Toe hy dit sien, het hy hom klaargemaak en ter wille van sy lewe weggegaan. En toe hy in Berséba in Juda aangekom het, het hy sy dienaar daar laat agterbly; 1 Konings 19:2-3

Dit wil voorkom asof daar 'n omgekeerde beginsel is wat verband hou met die goue reël en dit gaan so: “Jy sal vrees dat aan jou gedoen word juis dit wat jy aan ander verkeerd gedoen het.” Dit was beslis die ervaring van Kain.

> Daarop sê Kain vir die HERE: My skuld is te groot om dit te dra. (14) Kyk, U verdryf my nou uit die land uit, en ek moet my verberg vir u aangesig: 'n swerwer en vlugteling sal ek op die aarde wees, **en elkeen wat my kry, sal my doodslaan**. Genesis 4:13-14

Nadat Elia die hande van die goddelose Isébel vrygespring het, het hy iets vreemds gesê.

> Maar self het hy 'n dagreis ver die woestyn ingegaan en daar onder 'n besembos gaan sit en gewens dat hy mag sterwe. En hy sê: Dit is genoeg, neem nou my siel weg, HERE, want ek is nie beter as my vaders nie. 1 Konings 19:4

Elia vlug vir sy lewe, maar vra dan dat God sy lewe moet wegneem. Waarom nie net toelaat dat Isébel hom doodmaak nie? Dan voeg hy die treurige woorde by: "want ek is nie beter as my vaders nie." Wat bedoel hy hiermee? 'n Bietjie verder aan openbaar hy sy motief in sy belydenis:

> En hy het daar in 'n spelonk gegaan en die nag daar oorgebly. En kyk, die woord van die HERE het tot hom gekom en vir hom gesê: Wat maak jy hier, Elía? (10) En hy antwoord: Ek het baie geywer vir die HERE, die God van die leërskare; want die kinders van Israel het u verbond verlaat, u altare afgebreek en u profete met die swaard gedood, sodat ek alleen oorgebly het, en hulle soek my lewe om dit weg te neem. 1 Konings 19:9-10

Elia stort teenoor God sy teleurstelling en frustrasie uit oor die mislukkings van Israel en die moord op die profete van God met die swaard. Elia het gehoop die nasie sal hul rondom hom skaar en hom bystaan om die koninkryk te hervorm. Toe Isébel hom gedreig het, het hy gehoop dat almal saam met hom sou staan om haar doelbewus teen te staan, maar hy was alleen gelaat. Dit het gelyk of alles tevergeefs was. Sy motivering vir die doodmaak van die profete van Baäl word ook onthul. Hulle het die profete van God met die swaard doodgemaak. Die straf vir afgodery wat in die wet van Moses gegee is, was die dood deur steniging en nie deur die swaard nie. Ons gaan die straf van steniging in 'n ander hoofstuk bespreek, maar die punt is dat Elia nie die proses wat in die Skrif uiteengesit is vir die hantering van afgodediens, gevolg het nie. Dit onthul dat, hoewel Elia die ware God wou eer, hy op die verkeerde manier te werk gegaan het. Dit bring ons terug na die verhaal van die dissipels. Hulle het hul Meester liefgehad en geëer, maar toe dinge nie verloop het soos hulle wou gehad het nie, is hul liefde deur Satan ondermyn en die gees van wraak is geopenbaar. Daarom was dit gepas dat die dissipels in dieselfde gees as Elia optree, sodat hulle 'n soortgelyke gees weerspieël. Ons word daaraan herinner:

> Elía was 'n mens net soos ons… Jakobus 5:17

Elia het geweet dat die profete van Baäl moes sterf, maar sy manier om hierdie saak te hanteer, het veroorsaak dat hy op 'n manier gehandel het wat nie in orde was met God nie. Dit word bewys deur sy skielike vrees vir die dood, wat hy nog nie voorheen ervaar het nie. Hierdie vrees was nog met Elia toe hy deur al die soldate genader is. Aangesien Elia met die swaard doodgemaak het, het hy gevrees dat hy deur die swaard sou sterf. Alhoewel die kaptein ongetwyfeld geweet het dat Elia 'n man van God was, het Elia self geworstel met sy vrees vir die dood en of hy steeds nie beter as sy vaders was nie. Satan het gebruik gemaak van Elia se weifeling en hom aangespoor om dit uit te spreek deur te sê:

> **As** **ek** dan 'n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer! 2 Konings 1:10

Dit is soortgelyk aan hierdie woorde wat deur Satan uitgespreek word:

> **As** U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word. Matthéüs 4:3

Die gebruik van goddelike krag om 'n persoon gerus te stel omtrent waar hy met God staan, toon 'n gebrek aan geloof. Ons moet deur geloof glo dat ons kinders van God is volgens wat God alreeds gesê het. Hoe het die 50 mans baat gevind by hierdie magtige vertoning? Hoe het dit hulle gehelp om te glo wat hulle reeds erken het omtrent Elia, dat hy 'n man van God was? Die een wat onseker hieroor was, was Elia. Hierdie onsekerheid het Elia laat vergeet dat God nie in die vuur was nie en hy is oorwin deur Satan se voorstel om vuur op hierdie mans neer te roep. Het ons bewyse dat Satan vuur uit die hemel kan bring en mense kan uitbrand?

> Daarop sê die HERE aan die Satan: Kyk, alles wat hy het, is in jou hand; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie. En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE… (16) Terwyl dié een nog spreek, kom daar 'n ander een en sê: Die vuur van God het van die hemel geval en gebrand onder die kleinvee en onder die dienaars, en dit het hulle verteer; en net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel. Job 1:12, 16

Daar is nog vrae wat oorbly. Indien Satan Elia mislei het deurdat Elia twyfel in homself, hoe kan dit dan wees dat Elia in die volgende hoofstuk in die hemel opgeneem kan word? Dit lyk absurd om te dink dat 'n groot fout

aan die einde van sy aardse lewe beloon moet word met 'n direkte oorgang na die hemel en die ewige lewe. Wanneer ons na Johannes die Doper kyk, sien ons hy het reg voor sy dood getwyfel dat Jesus die Messias was.

> En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus, en twee van sy dissipels gestuur (3) en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag? Matthéüs 11:2-3

Jesus reageer op die dissipels wat deur Johannes gestuur was met hierdie woorde:

> En Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien: (5) blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig. (6) En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie. Matthéüs 11:4-6

Die Bybel vertel nie hoe Johannes gereageer het nie, maar uit die wyse waarop Jesus omtrent Johannes gepraat het, blyk dit duidelik dat Johannes sy twyfel bemeester het en voorbereid was op sy marteldood. Jesus het wel gesê:

> En as julle dit wil aanneem: hy is Elía wat sou kom. Matthéüs 11:14

Ons word ook vertel:

> En hy [Johannes] sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía… Lukas 1:17

Johannes die Doper het 'n magtige werk vir God gedoen en het daarna 'n groot geloofskrisis gehad wat hy oorkom het, waarna hy voorbereid was op die dood. Dit is in dieselfde gees as Elia wat 'n groot werk vir God gedoen het en toe 'n groot geloofskrisis gehad het aan die einde van sy bediening. Elia het sy twyfel in homself, wat honderd mans se dood met vuur veroorsaak het, oorwin en is ten hemele gevoer. Dit is 'n kosbare les vir ons almal dat die regverdiges sal lewe in die geloof en nie volgens die

verdienste van wat hulle gedoen het nie. Die wegvoer van Elia na so 'n groot mislukking gee ons almal hoop dat ons ook weggevoer kan word nadat ons gesien het hoe swak en hulpeloos ons is. Laat ons ons verheug dat verlossing slegs in die verdienste van Christus is, nie in die vooropgestelde werke van superheld-profete wat ander in die naam van die Here kan vernietig terwyl hulle hulself verdedig nie.

Die ander vraag wat oorweeg moet word, is waarom God toegelaat het dat hierdie mans met vuur deur Satan vernietig word? Aangesien hierdie mans diensknegte was van die koning van Israel, wat homself oorgegee het aan Baäl-Sebub, die god van Ekron, het hierdie mans geen verdediging teen die vernietiger gehad nie. Aangesien Satan toegang tot hierdie mans gehad het, moes hy hulle doodmaak op 'n manier wat daarop dui dat God dit gedoen het. Dit was amper die perfekte misleiding; doen die daad en oortuig die wêreld dat God dit gedoen het. Die vrees van Elia is deur Satan benut om hom die alibi te gee wat hy nodig gehad het. Hierdie plan was uiters suksesvol, omdat die meeste mense glo dat God daardie mans verbrand het, maar gelukkig sê Jesus dat dit nie Sy Gees is nie. Hy is die Verlosser en nie die vernietiger nie.

Hoe wonderlik om te weet dat ons kosbare Verlosser, wat daardie kindjie in Sy arms geneem het en aan ons die grootsheid van Sy koninkryk geopenbaar het, 'n Verlosser is in wie ons gerus kan wees. Hy sal ons op geen manier benadeel nie, want Jesus is die Herder, nie die Slagter nie; Hy lei Sy skape langs die stil waters en martel hulle nie ter dood nie. Tog is daar meer oor die onderwerp van vuur wat ons moet oorweeg voordat ons seker kan wees dat ons Vader in die hemel werklik iemand is vir wie ons nie hoef te vrees nie.

## 7. Verhard Julle Harte nie

In hoofstuk drie het ons gekyk na die dood aan die kruis en die ongelooflike liefde wat dit getoon het. In hoofstuk vier het ons na die diepe teerheid in die Vader-en-Seun-verhouding gekyk. Hierdie twee waarhede gee ons 'n belangrike basis om die karakter van God en die aard van Sy koninkryk te verstaan. Hoofstuk nege van Lukas gee ons 'n uitstekende verhaal wat wys wat gebeur indien ons weerstand bied teen die kruis. Dit gee ons 'n beeld van hoe die mense hulself toelaat om te wens dat God mense lewendig verbrand ter vergelding van hul sondes, omdat hulle glo dat dit in harmonie is met Sy karakter.

| | | |
|---|---|---|
| Luk 9:18-20<br><br>Matt 16:13-17<br><br>Mark 8:27-29 | Vader en Seun verhouding geopenbaar | Petrus bely dat Jesus die Christus van God is. Matthéüs meld dat Petrus verklaar het dat Hy die Christus, die Seun van die lewende God was. Jesus sê vir Petrus dat hierdie kennis 'n geestelike openbaring van die Vader is en dat niemand dit self kan leer nie, behalwe dat God dit aan hom toon. |
| Luk 9:21-22<br><br>Matt 16:21-23<br><br>Mark 8:31-33 | Eerste waarskuwing van die kruis. | Jesus gee eerste waarskuwing oor die mens se haat vir die onderdanige Seun van God en hoe Hy doodgemaak sal word. Petrus reageer sterk hierop en sê uitdruklik dat dit nie gaan gebeur nie! Petrus weier om toe te laat dat sy ambisies vir grootsheid gekruisig word. Dit is 'n ontkenning van die kruis. Jesus bestraf die gees van Satan wat die opmerking van Petrus geïnspireer het. |

| | | |
|---|---|---|
| | Eerste verharding | Daar is geen verslag van Petrus of die dissipels wat op die komende kruis reageer oor moontlike voorbereiding nie. Dit begin die harte van die dissipels verhard teen die lyding van Christus en Sy kruis. |
| Luk 9:23-27<br><br>Matt 16:24-28<br><br>Mark 8:34-38 | Oproep om die kruis van selfverloëning op te neem | Jesus waarsku die dissipels dat hulle wêreldse ambisies neergelê moet word indien hulle Hom wil volg. Daar is geen wêreldse eer op die weg wat Hy gaan nie. Daar is slegs selfverloëning en diens aan ander. |
| Luk 9:28-36<br><br>Matt 17:1-8<br><br>Mark 9:1-6 | Die Vader beveel hulle om Sy Seun aan te hoor. | In genade openbaar die Vader die heerlikheid van Sy Seun en dring aan dat hulle luister na wat Hy sê. Die vorige terugdeinsing weg van die kruis beteken dat die dissipels nie volmaak liefhet nie en daarom vrees hulle die stem uit die hemel grootliks. Vrees sluit straf in. “Hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.” 1 Johannes 4:18. |
| Luk 9:37-42<br><br>Matt 17:14-21<br><br>Mark 9:14-29 | Ongeloof word duidelik | Die weiering om die kruis te aanvaar begin homself in ongeloof openbaar. Die dissipels kan nie die duiwel uitdryf nie, want hulle harte word steeds beïnvloed deur hul begeerte na grootsheid. Jesus waarsku hulle omtrent hul gebrek aan geloof. |
| Luk 9:44-45<br><br>Matt 17:22-23<br><br>Mark 9:31-32 | Tweede waarskuwing van die kruis. Harte verhard steeds meer. | In liefde praat Jesus weer van die kruis om hulle te help om hul gekoesterde ambisies te laat vaar, maar weereens verwerp hulle hierdie oproep tot bekering en word bloot bedroef oor wat Hy sê. As gevolg hiervan verhard hulle harte steeds meer. |

| | | |
|---|---|---|
| Luk 9:46-48<br><br>Matt 18:1<br><br>Mark 9:33-38 | Selfsugtige ambisie groei | Die dissipels open die deur vir Satan om hulle te versoek tot ‘n bespreking oor wie van hulle die grootste is. Jesus reageer deur 'n klein kindjie onder hulle te plaas en waarsku hulle dat hulle nie in die koninkryk van die hemel kan ingaan indien hulle nie soos hierdie kind word nie. |
| Luk 9:49-50<br><br>Mark 9:38-39 | ‘n Gees van oorheersing verskyn. | Aangesien die dissipels die beste posisie gesoek het, wou hulle nie hê dat iemand anders daardie posisie inneem nie en het hulle dus 'n gees van geweld uitgeoefen teenoor dié wat hulle as mededingers beskou. |
| Luk 9:51-54 | ‘n Gees van moord verskyn en word geregverdig deur die Skrif. | Deur die kruis van selfverloëning te weier, is die harte van die dissipels oorweldig deur 'n gees van trots wat gelei het tot beheer en daarna moord. Die verharding van hul harte het daartoe gelei dat hulle niks verkeerd gesien het om mense in die naam van die Here dood te maak nie. |

Die dissipels wou nie die waarskuwings van Jesus omtrent Sy naderende dood onder die wrede hande van die leiers van die land, aanvaar nie. Hulle het al hul ambisie vir nasionale grootheid op Hom gerig; hulle het Christus nie gesien soos Hy is nie, maar soos hulle wou hê dat Hy moet wees. Hulle strewe vir Christus was om Barabbas[1] te wees en die werklikheid van die kruis het hul drome verydel en tot niet gemaak. Hulle het gekies om nie die kruis te omarm nie en die geweldige lyding verwant aan verhoudings, wat Christus elke dag ervaar, te begryp deur in te sien dat byna almal Sy boodskap, sending en Sy persoon as die verteenwoordiger van die Vader, verwerp en verag. In plaas daarvan het hulle gekies om hierdie lyding te ignoreer wat hulle harte weer verhard het.

---

[1] Barabbas was 'n politieke leier in die tyd van Christus, wat hom beywer het vir die omverwerping van die Romeinse beheer oor Israel. Hy het geweld bepleit om hierdie doel te bereik en het beweer dat hy 'n messiaanse figuur is. Sy naam Barabbas beteken 'seun van die vader' en was die volledige namaaksel van Christus wat die ware Seun van die Vader is.

Toe die hemelse Vader by die doop van Jesus aan die wêreld Sy innige liefde vir Sy Seun bekend gemaak het, is 'n deur oopgemaak om die liefde, teerheid en sensitiwiteit van God en Sy Seun waarlik te begryp. Dit is hierdie sensitiwiteit wat daartoe lei dat Hulle deur selfverloëning hierdie verskriklike kruis van siele-angs dra. Hulle harte word elke dag verskeur deur menslike selfsug, trots en selfbevrediging. Die vryheid van die liefdevolle karakter van God laat die mens toe om vir jare aan te hou om Hom te verag en te verwerp… en Hy vergeld hul nooit. Hy laat toe dat hul harte verhard word en kyk hartseer toe hoe hulle hulself vernietig terwyl Hy hulle altyd probeer keer om dit te doen. Die dissipels is uitgenooi om die heerlikheid van hierdie liefde te begin insien, maar die kruis was nie wat hulle wou gehad het nie en soos Israel vir Moses gesê het om die heerlikheid van sy gesig te bedek, het die dissipels 'n sluier oor hulle harte geplaas om te verhoed dat die waarheid hul harte versag.

Toe Kain en Abel die dood van die lam gesien het, het Kain 'n sluier oor sy hart geplaas om die betekenis van die lyding te verduister, en sodoende het die lam eintlik 'n katalisator (‘n stimulant) geword om sy hart te verhard in voorbereiding om sy broer te vermoor. Terwyl Abel die lam aanskou het, het hy gebewe terwyl hy die implikasies daarvan bedink het. Hy het gedink aan die Lam van God wat vir ons gebreek is en hy het met 'n gebroke hart geween. Dieselfde offerlam het by die twee mans heeltemal die teenoorgestelde resultate opgelewer.

Dit is die lig van die kruis. Die lig is so helder dat ons óf op die Rots moet val en gebreek word, óf ons moet dit weerstaan en so hard soos 'n rots word en gevolglik deur ons eie skuld verpletter word wanneer ons uiteindelik die waarheid van die liefde van God in die gesig staar.

Hierdie beginsels is van kriteke belang vir ons, sodat ons die verhale van die Bybel reg kan verstaan. Tensy ons die tere liefde van die Vader vir Sy Seun kan aanvaar, kan ons harte nie regtig versag word om die oordele van God te interpreteer nie. 'n Liefdevolle vader sal sy kinders nooit lewendig verbrand en gesmelte swawel op hulle gooi terwyl hulle uitroep in doodse angs nie. Om te glo dat God dit sou kon doen, is bloot om die verhouding van die Vader en Sy Seun en die genade wat daaruit voortvloei na die heelal, nie te verstaan nie. Om die Kruis nie te verstaan nie, veroorsaak dat mens die pyn vergeet wat Hy deurmaak wanneer Hy verag,

gehaat en verwerp word. Tog weier Hy om diegene prys te gee wat Hom verwerp. Hy open Sy hart tot op die laaste, in die hoop dat sondaars hulle tot Hom sal bekeer. Indien hulle op die ou end Hom verwerp en hul heeltemal van Hom afwend, veroorsaak elke verwerping Hom geweldige pyn. Dit is 'n pyn waarvan ons as sondaars in hartseer, woede en walging terugdeins. Ons sal nooit toelaat dat iemand dit keer op keer aan ons doen nie. Die ware Kruis van die Vader, wat in Sy Seun geopenbaar word, is om Sy hart oop te maak vir verwerping.

Die krag en geheimenis van die Kruis verklaar alle ander verborgenhede rakende die oordele van God. Oral waar ons oordele oor mense in die Skrif sien, moet ons dit interpreteer in die lig van die Kruis, want dit is die plek waar genade en geregtigheid met mekaar versoen word. Die Skrif sê vir ons:

> Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ’n vloek te word — want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ’n hout hang — Galasiiërs 3:13

> Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Jesaja 53:5

Jesus het die loon betaal en die vloek van sonde gely. Hy sterf die dood van diegene wat aan die einde van die tyd verlossing weier en verkies om eerder te sterf. Indien Jesus 'n ander dood as die dood aan die einde van die tyd gesterf het, het Hy nie die loon van die sonde betaal nie. Die vraag ontstaan: het Jesus die vure van die hel verdra? Indien die uiteindelike dood van die goddelose steeds sommige mense in die vlamme van die hel laat brand omdat Jesus nie daardie prys betaal het nie, dan het Hy nie die boete vir sonde betaal nie. Het Jesus vuur aan die Kruis ervaar? Let op hoe Paulus goeie dade aan diegene wat dit nie verdien nie, verbind met kole van vuur vir die siel.

> As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. Romeine 12:20

Toe die kinders van Israel die heerlikheid van God by die Berg Sinai gesien

het, het dit vir hulle gelyk soos 'n verterende vuur.

> En die verskyning van die HERE se heerlikheid was in die oë van die kinders van Israel soos ’n verterende vuur op die top van die berg. Exodus 24:17

Wanneer die onbaatsugtige liefde van God aan 'n selfsugtige persoon geopenbaar word, brand die skuldgevoel in hul binneste so erg dat dit liggaamlike pyn veroorsaak. Die ervaring van Jesus aan die Kruis word in verskeie psalms geprofeteer.

> My God, my God, waarom het U my verlaat, ver van my hulp, van die woorde van my gebrul? Psalms 22:2

> Ek was stom in stilte, ek het geswyg, ver van die goeie af; maar my smart is aangewakker. (4) **My hart het warm geword in my binneste; ’n vuur het ontvlam by my gesug**; ek het gespreek met my tong: Psalms 39:3-4

> Bande van die dood het my omring, en strome van onheil het my oorval. (6) Bande van die doderyk was rondom my; strikke van die dood het my teëgekom. (7) Toe ek benoud was, het ek die HERE aangeroep, en ek het tot my God geroep om hulp; Hy het my stem uit sy paleis gehoor, en my hulpgeroep voor sy aangesig het in sy ore gekom. (8) Toe het die aarde geskud en gebewe; die fondamente van die berge het gesidder en geskud, omdat Hy toornig was. (9) **Rook in sy neus het opgegaan, en ’n vuur uit sy mond het verteer; kole uit Hom het gebrand**.
> Psalms 18:4-8

Die loon van die sonde is die dood. Die dood word veroorsaak deur die skuld wat sondaars ervaar wanneer hulle gekonfronteer word met hoe boos hulle is. Die enigste manier waarop boosheid blootgelê word, is wanneer die karakter van God teenoor hul boosheid geopenbaar word. Wanneer die karakter van God geopenbaar word, is dit soos 'n verterende vuur vir die goddelose. Wanneer die sondaar die suiwerheid, onselfsugtigheid en genade van God waarneem end it vergelyk met hul selfsugtige, bose aard, is die skuldgevoel soos kole van vuur in hulle harte. Met die koms van Christus sal die goddelose vernietig word deur die heerlikheid van die koms van Christus.

> En dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak 2 Thessalonicense 2:8

Christus is die afskynsel van die heerlikheid van die Vader, Hebreërs 1:3 en die heerlikheid van die Vader is Sy karakter. Exodus 33:18; 34:6,7. Die lieflikheid en skoonheid van Christus se karakter sal ten volle geopenbaar word by Sy koms en hierdie openbaring sal 'n vuur wees wat vreugde bring vir die regverdiges en wat die dood bring vir die goddelose.

> …sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. Openbaring 14:10

Die woord vir *swawel* is *theion* wat kom van Theos wat *God* beteken en die betekenis van *goddelike wierook* dra. Dit beteken ook *flikkering/glinstering*. Wanneer ons kyk na die hemelse heiligdom, waar wierook beskryf word, sien ons die verbinding met vuur.

> En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en **baie reukwerk is aan hom gegee**, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; (4) en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God. (5) **En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak** en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing. Openbaring 8:3-5

Die wierook verteenwoordig die goddelike teenwoordigheid van God wat soos vuur is. Dit is wat met die swawel bedoel word. Ons sien dit weer in Jesaja:

> Kyk, die Naam [Karakter] van die HERE kom van ver af, sy toorn brand, swaar wolke kom op; sy lippe is vol grimmigheid en **sy tong soos 'n verterende vuur**, (28) en sy asem soos 'n oorlopende stroom wat tot by die nek kom — om nasies te sif met 'n sif van vernietiging; en 'n toom wat verkeerd stuur… (30) En die HERE sal sy stem vol majesteit laat hoor en die neerdaling van sy arm laat sien, met grimmige toorn en **die vlam**

> **van ’n verterende vuur, storm en stortreën en haelkorrels**... (33) Want ’n Tofet is van gister af gereedgemaak, ook is dit vir die koning berei; diep en wyd het Hy die houtstapel daarvan aangelê met vuur en hout in menigte; **die asem van die HERE is soos ’n stroom van swawel wat dit aan die brand steek**. Jesaja 30:27-28, 30, 33

> Daarom, so sê die HERE, die God van die leërskare: Omdat julle hierdie woord spreek, kyk, **Ek maak my woorde in jou mond ’n vuur en hierdie volk hout, en dit sal hulle verteer**. Jeremia 5:14

> …want liefde is sterk soos die dood, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, sy gloed is ’n gloed van vuur, ’n vlam van die HERE. Hooglied 8:6

God se liefde is 'n vuur en vir die regverdiges is dit ‘n pragtige, brandende liefde in die hart. Dit is wat die dissipels op Pinksterdag beleef het.

> En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. (3)**Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur**, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. Handelinge 2:2-3

Die Skrif sê duidelik vir ons dat daar mense sal wees wat in hierdie vuur van God se karakter kan leef; dit is die regverdiges wat vir ewig sal brand in die vuur van God se liefde, want God is 'n verterende vuur. Hebreërs 12:29. Terwyl die goddelose verpletter word deur die skuld van hul sondes, sal diegene wat op die verdienste van Christus vertrou, se harte brand van liefde en dankbaarheid.

> Die sondaars in Sion bewe, siddering het die roekelose aangegryp. *Hulle sê:* **Wie van ons kan woon by 'n verterende vuur, wie van ons kan woon by 'n ewige gloed?** (15) Hy wat in geregtigheid wandel en spreek wat reg is, wat gewin deur afpersinge versmaad, wat sy hande uitskud om geen omkoopgeskenk aan te gryp nie, wat sy oor toestop om van geen bloedskuld te hoor nie, en sy oë sluit om wat sleg is, nie te sien nie. Jesaja 33:14-15

In die tyd van die einde sal die sondaar sy loon ontvang. Wie betaal hierdie

loon?

> Want die loon van die sonde is die dood… Romeine 6:23

Sonde betaal die lone. Dit is die verpletterende gewig van ‘n skuldgevoel en die wete dat, terwyl die sondaar deur sy hele lewe altyddeur die smekinge van die Gees van Christus verwerp het, het hy Christus daagliks deurboor met sy afbrekende woorde en gemene gesindheid teenoor ander. Wanneer die sondaar besef wat hy alles in sy lewe aan Christus gedoen het, sal sy eie gevoel vir geregtigheid die dood eis. Soos Kain, sal die sondaar uitroep: "My skuld is groter as wat vergewe kan word.”

Hierdie hele ervaring is deur Christus aan die Kruis gedra. Hy het die vure van hel verduur. Hy is sonde vir ons gemaak en het die verpletterende gewig van die sonde op Hom gevoel toe Hy die vloek uitgeput het. Sy ondervinding aan die Kruis is wat die goddelose in die tyd van die einde sal ervaar.

> En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. (10) En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. Openbaring 20:9-10

Die Skrif sê weer vir ons hoe Satan sal sterf:

> Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom **het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer**, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het. Eségiël 28:18

Hierdie vers gee 'n duidelike volgorde hoe dit plaasvind:

1. Satan het homself verontreinig deur die menigte van sy ongereg-tigheid en deur die verkwanseling van die sondes aan ander.
2. Die volgende woord *daarom* gee dus die gevolg.
3. *Ek* [*het*] *'n vuur uit jou binneste laat uitgaan* - die vuur van skuldgevoel. Hoe bring God dit na vore? Deur die openbaring van

Sy karakter van liefde soos in die wet beskryf.

4. ***DIT** het jou verteer*. Dit is dus die vuur wat uit Satan voortkom, gebore uit sy skuldgevoel van ongeregtigheid, wat hom sal verteer.
5. **EN** dan word Satan tot as op die aarde gemaak ***nadat*** hy verteer is.

In die teenwoordigheid van God kan Satan nie al sy boosheid wat hy in hom het en al die boosheid wat hy gedoen het, ontken nie. Die liefdevolle reinheid en heiligheid van God is so onbaatsugtig dat dit volkome en totale selfveroordeling bring wat uit die hart na vore kom soos 'n brandende vuur. Hierdie proses verteer Satan. Nadat hy verteer en dood is, word hy deur suiwerende vuur tot as op die aarde gemaak.

Die vernietiging van die goddelose word op die volgende wyse in die historiese boek van 2 Esdras beskryf:

> En hierdie, my Seun, sal die goddelose uitvindings van die nasies bestraf wat vir hulle goddelose lewe in die storm verval het; (38) En hulle sal hulle slegte gedagtes voor hulle neerlê en die pyniging waarmee hulle begin pynig word, wat soos 'n vlam is; en hy sal hulle vernietig sonder arbeid deur die wet wat soos ek is. 2 Esdras 13:37-38 (Vry vertaal)

Die wet wat die goddelose sulke pyniging veroorsaak, is inderdaad 'n vurige wet, maar tog is dit in liefde gegee. Ons Verlosser het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kon word. Die wet is 'n wet van liefde, maar die goddelose voel hulle kom daardeur onder oordeel, omdat dit 'n weerspieëling is van die karakter van God.

> En hy het gesê: Die HERE het gekom van Sinai en vir hulle opgegaan van Seïr af; Hy het in ligglans verskyn van die gebergte Paran en gekom van heilige tienduisende af; aan sy regterhand was **vlammende vuur** [wet - KJV] **vir hulle**. (3) **Ja, Hy het die stamme lief**. Al sy heiliges — hulle is in u hand; en hulle was gelaer by u voet; *elkeen* ontvang iets van u uitsprake.
> Deuteronómium 33:2-3

Wat van die feit dat die Bybel vir ons sê dat die goddelose tot stof gebring

sal word?

> En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die HERE van die leërskare. Maleági 4:3

Sodra die sonde uiteindelik die loon aan die goddelose betaal het deur die vloek van skuldgevoel, wat op hulle neerdaal wanneer hulle die suiwerheid van die pragtige karakter van God sien, sal hulle lyke op die aarde lê. Slegs dan sal die liggame van die goddelose tot as gebring word.

> …julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. 2 Petrus 3:12

Daar is baie wat die finale dood van die goddelose beskryf as 'n siek hond wat uitgesit word, omdat dit ander lewens in gevaar stel. Die probleem met hierdie analogie is dat die eienaar van die hond nie 'n vuur aansteek wat stadig brand, sodat die hond vir 'n paar dae brand terwyl hy nog lewe, wat veroorsaak dat hy tjank van pyn voordat hy uiteindelik sterf. Hierdie idee kom uit 'n verharde hart. Ons Vader in die hemel sal nooit so iets doen nie. Sodra u eers die liefde van God ken, is dit eenvoudig nie moontlik om Hom te beskuldig van die stadige marteling en persoonlike slagting van biljoene van Sy kinders nie. Die rede waarom hierdie idee amper universeel aanvaar en in die Christelike wêreld verkondig word, is as gevolg van 'n weiering om toe te laat dat die werklikheid van die Kruis die hart binnedring. Die hart verhard op sy beurt die waarheid van die sensitiewe en teer karakter van God en soos dit ook met die dissipels was, groei daar in die hart die idee dat God vuur laat neerdaal wat mense fisies lewendig verbrand.

Laat ons die les leer van die dissipels en oplet na die opdrag van die Vader toe Sy Seun verheerlik is op die berg – “Luister na Hom!” (Lukas 9:35). Laat ons luister na Sy smekende stem, terwyl Hy 'n kosbare kindjie in ons midde sit en die kind naby Sy bors hou en vir ons sê: “as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit die koninkryk van die hemele ingaan nie.” (Matthéüs 18:3). Verhard nie julle harte nie, net soos die Israeliete wat Moses gevra het om 'n sluier oor sy gesig te sit toe die evangelie aan hulle geopenbaar is.

> Daarom het Ek vertoornd geword op daardie geslag en gesê: Altyd dwaal hulle met die hart. Maar húlle het my weë nie leer ken nie, (11) sodat Ek in my toorn gesweer het: Hulle sal in my rus nie ingaan nie. (12) Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle 'n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie. (13) Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit **vandag** genoem word, **sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie**. (14) Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou; (15) omdat daar gesê word: Vandag as julle sy stem hoor, **verhard julle harte nie soos in die verbittering nie**. Hebreërs 3:10-15

Indien u kies om nie die selfverloëning van die Kruis te aanvaar nie, loop u die gevaar om u hart te verhard terwyl u die Bybel op 'n gevoellose wyse lees en die pyn en dood van miljoene mense deur die geskiedenis aan God toeskryf. Vandag, as u Sy stem hoor, verhard u hart nie.

# 8. Waarom Opdrag gee om Sondaars te Stenig?

Die dissipels se weerstand teen die selfverloënende Kruis het gelei tot 'n begeerte om die oneerbiedige Samaritane dood te maak. Dieselfde verset, wat in die harte van die Joodse leiers gewoon het, het daartoe gelei dat hulle Jesus wou doodmaak. Die Jode het baie energie aangewend in hul pogings om Christus te verstrengel in Sy eie woorde en dade, sodat hulle Hom as 'n bedrieër kan verklaar en doodmaak. Een van die vele lokvalle wat vir Jesus gestel is, word in Johannes se evangelie beskryf:

> En vroeg in die môre het Hy weer in die tempel gegaan, en al die mense het na Hom gekom, en Hy het gaan sit en hulle geleer. (3) En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in egbreuk betrap was, na Hom gebring. (4) En toe hulle haar tussen hulle in laat staan het, sê hulle vir Hom: Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap; (5) en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U? Johannes 8:2-5

Vir die Fariseërs het dit gelyk na die perfekte lokval. Indien Jesus die vrou van die dood wil red, kan hulle Hom daarvan beskuldig dat Hy die wet van Moses oortree het. Indien Hy haar ter dood veroordeel, kan hulle Hom by die Romeinse goewerneur aankla as 'n sedisionis [sedisionis: iemand wie se gedrag of toespraak mense aanspoor om in opstand te kom teen die gesag van 'n staat of monarg]. Jesus het reeds gesê dat Hy nie gekom het om die wet of die profete te vernietig nie en dat geen enkele jota van die wet verander sou word nie. Moses het in die wet geskryf:

> En as iemand owerspel doen met 'n man se vrou, owerspel doen met sy naaste se vrou, moet hy en sy wat owerspel doen, sekerlik gedood word. Levítikus 20:10

> Dan moet julle hulle twee na die poort van dié stad uitbring en hulle stenig, dat hulle sterwe; die dogter, omdat sy in die stad nie

> geskreeu het nie, en die man, omdat hy die vrou van sy naaste onteer het. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei. Deuteronómium 22:24

Hierdie vrou is op heter daad van egbreuk betrap. Volgens die wet het sy verdien om gestenig te word. Die vrou is nou aan die voete van die Wetgewer gegooi om Sy vonnis te gee. Dit is belangrik om te onthou dat die Seun van God die wet op die Berg Sinaï gegee het.

> Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en **dit is deur engele beskik deur tussenkoms van ’n middelaar**. Galasiërs 3:19

> Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, 1 Timótheüs 2:5

Jesus, as die Woord van God, was die Een wat die instruksies gegee het: “Jy mag nie egbreek pleeg nie.” Noudat die vrou aan Sy voete was, het die beskuldigers van die vrou gewag om te sien wat Hy sou doen. Jesus het neergebuig en begin skryf, en hulle skynbaar geïgnoreer. Toe praat Hy met hulle en sê:

> …Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste ’n klip op haar gooi. Johannes 8:7

Hierdie stelling is baie interessant en vernietig die paradigma waaruit die Fariseërs gewerk het. Dit was nie duidelik in hul manier van dink nie. Tog het Jesus bloot dieselfde beginsel uitgespreek wat aan Moses gegee is met betrekking tot 'n ander stenigingsaak waar iemand God gelaster het.

> En wie die Naam van die HERE laster, moet sekerlik gedood word; die hele vergadering moet hom sekerlik stenig. Die vreemdeling net soos die kind van die land — as hy die NAAM laster, moet hy gedood word. (17) En as iemand enige mens doodslaan, moet hy sekerlik gedood word. Levítikus 24:16-17

> Spreek met die hele vergadering van die kinders van Israel en sê vir hulle: Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig. Levítikus 19:2

Wat gaan hier aan? Die persoon wat laster, moet met steniging gedood word, maar elkeen wat 'n ander man doodmaak, moet sterf. Indien iemand 'n ander persoon stenig, maak hy dan nie iemand anders dood nie? Sou hy dan nie kwalifiseer om ook doodgemaak te word nie? Kan dit verband hou met die gedagte wat Jesus gestel het dat slegs iemand wat heilig en sonder sonde is, die reg het om iemand anders dood te maak? Jesus is die enigste persoon wat sonder sonde is, en wat het Hy toe gedoen?

Toe Jesus in die stof op die tempelvloer geskryf het, het Hy die ware geestelike toepassing van wat in die wet geskrywe is, gegee. Indien 'n man vermoed dat sy vrou egbreuk gepleeg het, kan hy haar voor die priester bring om die wet rakende jaloesie uit te voer.

> En die priester moet haar laat nader kom en haar voor die aangesig van die HERE stel. (17) En die priester moet heilige water in 'n erdepot neem; en **van die stof wat op die vloer van die tabernakel is**, moet die priester neem en in die water gooi. (18) Daarna moet die priester die vrou voor die aangesig van die HERE stel en die hare van die vrou losmaak, en hy moet die gedenkoffer op haar hande sit — 'n spysoffer van jaloersheid is dit; en in die hand van die priester moet daar wees die water van bitter smart wat die vloek bring. (19) En die priester moet haar besweer en aan die vrou sê: As geen man met jou gemeenskap gehad het nie, en jy, terwyl jy aan jou man toebehoort het, nie afgewyk het in onreinheid nie — wees dan vry van hierdie water van bitter smart wat die vloek bring. (20) Maar as jy, terwyl jy aan jou man toebehoort het, afgewyk en jou verontreinig het deurdat 'n man behalwe jou eie man met jou vleeslike gemeenskap gehad het — (21) so moet dan die priester die vrou met die eed van vervloeking besweer, en die priester moet aan die vrou sê: Mag die HERE jou tot 'n vervloeking en 'n verwensing maak onder jou volk deurdat die HERE jou heup laat inval en jou skoot laat opswel; (22) en mag hierdie water wat die vloek bring, in jou ingewande ingaan om die skoot te laat opswel en die heup te laat inval. Dan moet die vrou sê: Amen, amen! (23) **Daarna moet die priester hierdie vervloekinge op 'n blad skrywe en dit in die water van bitter smart uitwis**. Númeri 5:16-23

Hierdie mans wat hierdie vrou met owerspel op heter daad betrap het, het

haar verlei en voordeel uit haar getrek. Terwyl Jesus in die stof van die vloer geskryf het, het die Heilige Gees (gesimboliseer deur water) oortuiging gebring aan die mans, wat veroorsaak het dat hul buik geswel het en dat hulle heup ingeval het deur sonde-oortuiging. Hulle was jaloers op Christus en dit was besig om hulle te oorweldig. Soos die psalmis sê:

> Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag; Psalms 32:3

Eerder as om hul sondes te bely en vergifnis te ontvang, het hierdie mans in stilte met hul skuldgevoel weggegaan, wat veroorsaak het dat hul gebeentes uitgeteer het.

> En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie? (11) En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie. Johannes 8:10-11

> Maar as die vrou haar nie verontreinig het nie, maar rein is, sal sy vry wees en swanger word. Númeri 5:28

Jesus het hierdie vrou van haar sonde vergewe; Hy het die geskrif van haar sonde uitgewis met die bitter water wat Hy aan die Kruis moes drink en daarom was sy nie meer verontreinig nie. Sy kon vry gaan, want die ware saad was in haar verwek; sy het die Gees van Jesus in haar hart geopenbaar.

Jesus se woorde aan die Fariseërs het die doodsvonnis oor haar uitgespreek: "Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi." Hy het nie die klag teen haar probeer uitwis nie. Hy het die klag gesluit en die vrou sou sekerlik gevoel het dat sy sou sterf. Deur op die grond te skryf, het Jesus die Fariseërs daaraan herinner dat hulle nie sonder sonde was nie en hulle het weggegaan. Toe al die beskuldigers van die vrou weg is, het die Wetgewer haar gevra waar haar beskuldigers is. Sy het aangedui dat hulle weg is en daarom was haar saak volledig in die hande van die Wetgewer. Hy het gesê: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie." Die Wetgewer het ons gewys hoe Hy altyd van plan is om die wet te gebruik om genade te gee. Indien Hy die vrou

vrygespreek het, sou sy nie genade nodig gehad het nie, daarom het Hy die vonnis uitgespreek om genade te gee. Dit is die hele doel van die wet. Die wet beoog om ons na Christus te bring, sodat ons geregverdig kan word deur die geloof. Galasiërs 3:24.

Hoe vreeslik hartseer om te dink dat die Joodse leiers eintlik geglo het dat dit die wil van God is dat hierdie vrou tot die dood gestenig moet word. Ons wil nie die werklikheid van hierdie probleem verskans nie. Indien die Romeine nie in beheer was nie en hierdie mans vry was om die wet toe te pas, sou hulle kon klippe optel en hierdie vrou doodmaak. Dit het gebeur in die geval van Stéfanus.

> Maar hulle het met 'n groot stem geskreeu en hulle ore toegestop en soos een man op hom aangestorm. (58) En hulle het hom buitekant die stad uitgewerp en hom gestenig; en die getuies het hulle klere neergelê by die voete van 'n jongman met die naam van Saulus. (59) En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy die Here aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees! Handelinge 7:57-59

Hierdie mense het hul geloof gestel in 'n God wat die besluit neem om sondaars te straf deur hulle te stenig. Kan ons ons voorstel dat hierdie arme jong vrou met 'n groot klip teen die kant van die kop gegooi word en in uiterse vrees op die grond neerval? Aan die einde van die sage sou daar 'n verminkte en bebloede lyk op die grond gelê het as 'n waarskuwing aan almal dat God nie een is waarmee gespeel moet word nie; indien u sondig, sal u met u lewe betaal. Vul die beeld u met 'n diep gevoel van liefde vir so 'n God? Sal u u altyd verbly in die teenwoordigheid van so 'n Wese wat sondaars soos waardelose insekte dooddruk?

Waarom beveel die wet van Moses dan dat mense gestenig moet word? Die wet weerspieël die karakter van God. Indien God hierdie wet beveel het, beteken dit dan nie dat Hy wou hê dat dit, indien nodig, uitgevoer moet word nie? Daar is 'n baie belangrike beginsel wat ons hier moet oorweeg. Jesus het dit uitgespreek.

> Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. (2) Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. Matthéüs 7:1-2

Ons Vader in die hemel het 'n stelsel ingestel wat toelaat dat mense volgens hul eie oordeel geoordeel word. Kom ons kyk waar steniging oorspronklik vandaan kom. Hier is die eerste melding van steniging in die Bybel:

> Maar Moses antwoord: Dit is nie reg om so te doen nie; want wat ons aan die HERE onse God offer, is ’n gruwel vir die Egiptenaars. As ons iets wat ’n gruwel is vir die Egiptenaars, voor hulle oë offer, **sal hulle ons dan nie stenig nie**? Exodus 8:26

Steniging was 'n Egiptiese praktyk. Dit is hoe Egiptenare oortreding teenoor hulle gode hanteer het. Een van die redes waarom Israel in die woestyn wou gaan offer, is omdat die diere wat hulle sou offer, deur die Egiptenare as gode aanbid is. Dit is baie waarskynlik dat Farao deeglik daarvan bewus was dat, indien die Israeliete in Egipte sou offer, dit die Egiptenare sou aanhits om hulle te stenig. Die feit dat die Israeliete hierdie praktyk aangeneem het, blyk duidelik uit wat hulle aan Moses wou doen.

> Toe het Moses die HERE aangeroep en gesê: Wat moet ek met hierdie volk doen? Dit skeel maar min of hulle stenig my. Exodus 17:4

Nadat Kaleb en Josua die volk gesmeek het dat hulle kon optrek en die land Kanaän kan inneem, was die antwoord van die volk om hulle te stenig.

> As die HERE ’n welbehae in ons het, sal Hy ons in hierdie land inbring en dit aan ons gee, ’n land wat oorloop van melk en heuning. (9) Wees net nie teen die HERE opstandig nie, en wees julle nie bevrees vir die volk van die land nie, want hulle is ons spys. Hulle beskutting het van hulle gewyk, en die HERE is met ons. Wees nie bevrees vir hulle nie! (10) **Toe sê die hele vergadering dat hulle gestenig moet word**. Maar die heerlikheid van die HERE het in die tent van samekoms verskyn voor al die kinders van Israel. Númeri 14:8-10

Indien God nie ingegryp het nie, sou hulle dit gedoen het. Waarom sou God hierdie Egiptiese praktyk van steniging in Israel se wette toelaat?

> Omdat hulle my verordeninge nie gehou het nie, maar my insettinge verwerp het en my sabbatte ontheilig het en hulle oë agter die drekgode van hulle vaders aan was. (25) **So het Ék dan ook aan hulle insettinge gegee wat nie goed was nie, en verordeninge waardeur hulle nie sou lewe nie**.
> Eségiël 20:24-25

Hierdie wette en verordeninge rakende steniging was nie goed nie en was boetes wat by die wet bygelas of bygevoeg is, om oortreding te gestraf. Dit is beslis nie 'n goeie ding om tot die dood gestenig te word nie! Hierdie straf was in ooreenstemming met hul eie idees van oordeel vir oortreding en weerspieël hul eie denke en maniere wat hulle by die Egiptenare geleer het. Jesus verduidelik:

> **Want ek was bang vir u, omdat u 'n strawwe man is**; u neem weg wat u nie uitgesit het nie, en maai wat u nie gesaai het nie. (22) **Toe sê hy vir hom: Uit jou mond sal ek jou oordeel, slegte dienskneg! Jy het geweet dat ek 'n strawwe man is** wat wegneem wat ek nie uitgesit het nie, en maai wat ek nie gesaai het nie. Lukas 19:21-22

Die Israeliete het geglo dat God soos 'n strawwe man was. Toe hulle Sy heerlikheid gesien het, was dit vir hulle soos 'n verterende vuur.

> En die verskyning van die HERE se heerlikheid was in die oë van die kinders van Israel **soos 'n verterende vuur** op die top van die berg. Exodus 24:17

Onthou dat dit die Israeliete self was wat steniging gebruik het om oortreding te straf. Toe Israel in Exodus 17:4 besluit het om Moses te stenig, het hulle 'n gees van oordeel sonder genade geopenbaar. Die Bybel sê:

> Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie; en die barmhartigheid roem teen die oordeel. Jakobus 2:13

Aangesien die Israeliete geen genade in hul oordeel getoon het nie, is hierdie oordeelsproses weer aan hulle weerspieël. Hulle het verkies om te glo dat God hulle in die woestyn wou doodmaak en hulle wou Moses

doodmaak deur steniging. God word nie bespot nie; aangesien die Israeliete hierdie saad gesaai het, het hulle die oes gemaai. In die woestyn het Israel hulself tot die dood veroordeel uit hul eie monde, volgens hul eie oortuigings omtrent God.

Israel het herhaaldelik hul vrees uitgespreek dat God hulle in die woestyn sou doodmaak:

> En hulle het vir Moses gesê: Het u, omdat daar in Egipte glad geen grafte is nie, **ons saamgeneem om in die woestyn te sterwe**? Wat het u ons nou aangedoen, dat u ons uit Egipteland uitgelei het? Exodus 14:11

> En die kinders van Israel het aan hulle gesê: **Het ons maar in Egipteland deur die hand van die HERE gesterwe** toe ons by die vleispotte gesit en volop brood geëet het! Want julle het ons in hierdie woestyn uitgelei om hierdie hele vergadering van honger te laat sterwe. Exodus 16:3

> En al die kinders van Israel het gemurmureer teen Moses en teen Aäron en die hele vergadering het aan hulle gesê: Ag, as ons maar in Egipteland gesterf het! Of as ons maar hier in die woestyn gesterf het! (3) **En waarom bring die HERE ons na hierdie land om deur die swaard te val? Ons vroue en ons kinders sal 'n buit word**. Sal dit nie beter vir ons wees om na Egipte terug te gaan nie? Númeri 14:2-3

Dus het hulle die oordeel ontvang volgens hul eie oordeel:

> Daarna het die HERE met Moses en Aäron gespreek en gesê: (27) Hoe lank sal hierdie bose vergadering aanhou dat hulle teen My murmureer? Ek het die murmureringe van die kinders van Israel gehoor waarmee hulle teen My bly murmureer. (28) Sê vir hulle: **So waar as Ek leef, spreek die HERE, waarlik, soos julle voor my ore gespreek het, so sal Ek aan julle doen**. (29) Julle lyke sal in hierdie woestyn lê, naamlik al julle geteldes, volgens julle volle getal, van twintig jaar oud en daarbo, julle wat teen My gemurmureer het. Númeri 14:26-29

In die tyd van Christus, sien ons dat die Fariseërs in 'n hoek gedryf was deur hul eie oordeelstelsel, wat hul voorvaders van die Egiptenare

ontvang het. Dit onthul die voortdurende vrees waaronder die Israeliete leef het en die slawerny wat dit geskep het.

> Die doop van Johannes, was dit uit die hemel of uit mense? (5) Toe het hulle onder mekaar geredeneer en gesê: As ons sê: Uit die hemel — sal Hy sê: Waarom het julle hom dan nie geglo nie? (6) **En as ons sê: Uit mense — sal die hele volk ons stenig**, want hulle is daarvan oortuig dat Johannes 'n profeet is. (7) Toe antwoord hulle dat hulle nie weet waarvandaan nie. Lukas 20:4-7

Dit is duidelik dat alhoewel die Israeliete Egipte verlaat het, Egipte hulle nie verlaat het nie. Die Fariseërs was omring met veroordeling, woede en wraak, net soos die eienskappe van Farao, die slawemeester. Hierdie gees was die vrug van hul beskouing van die karakter van God. In wese was die god wat hulle aanbid het, dieselfde as Farao. Toe die Israelitiese nasie gevorm is, het God toegelaat dat hul gedagtes in die wet geplaas word. Hoe kan dit moontlik wees dat God toelaat dat Sy wet besoedel word met die bose gedagtes van mense? Dit is omdat die doel van die wet juis oortuiging van sonde is, sodat Hy dan genade kan gee.

> Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; Romeine 5:20

Ons Vader in die hemel kon toelaat dat enige vorm van straf by Sy wet gevoeg word, want watter vorm van dood ook al voorgeskryf sou word, was slegs bedoel om genade te gee aan diegene wat daarvoor gevra het. Ons onthou wat die Skrif sê van God se karakter:

> En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, **barmhartige en genadige** God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou… Exodus 34:6

> LOOF die HERE, want Hy is goed, want **sy goedertierenheid is tot in ewigheid**! Psalms 107:1

God is altyd genadig en barmhartig en dit is altyd Sy begeerte om genade en barmhartigheid te betoon. Genade kom slegs tot 'n einde wanneer die mens weier om dit te glo en sodoende veroordeling kies. Dit is die mens wat die einde van genade afdwing en hulle hulself verberg daarvan, omdat

hulle wil glo dat God soos hulle is. Hulle wil glo dat God teen mense draai en hulle uitroei wanneer hulle Hom nie meer behaag nie. Indien dit waar was, kan daar nie gesê word dat die genade van God tot in ewigheid is nie. Ons moet onthou dat die mens wat genadeloos oordeel, geen genade ontvang nie, want dit is wat hy self bepaal het. Dit is waarom die man wat God gelaster het, sonder genade gestenig is.

> Toe het die seun van die Israelitiese vrou die NAAM gelaster en gevloek. Daarom het hulle hom na Moses gebring. En die naam van sy moeder was Selómit, die dogter van Dibri, van die stam van Dan. (12) En hulle het hom in die gevangenis gesit, dat hulle 'n beslissing kon verkry volgens die uitspraak van die HERE. (13) En die HERE het met Moses gespreek en gesê: (14) Bring die vloeker buitekant die laer uit, en almal wat dit gehoor het, moet hulle hande op sy hoof lê; dan moet die hele vergadering hom stenig. Levítikus 24:11-14

Die Here het die doodsvonnis gegee volgens wat Israel self bepaal het, deur hul verbintenis van straf met lastering van die Egiptiese gode. Ons Vader wou hê dat hierdie man tot die oortuiging kom dat sy sonde ernstig was en dat hy inderdaad die dood waardig was, maar slegs met die doel om hom genade te toon. Ons weet dat dit waar is vanweë die woorde van die Wetgewer self:

> Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie. Matthéüs 12:31

Jesus het gesê dat elke sonde vergewe kan word, behalwe een – die lastering teen die Heilige Gees. Die Heilige Gees werk op ons gewete en pleit by ons om berou te hê en genade te vra. 'n Mens wat aanhoudend weier om na hierdie Stem te luister wat hom vra om tot bekering te kom, sal nie om genade vra nie, en daarom sal hy beoordeel word volgens die strawwe wat sy eie mense bedink het. As die man in Levitikus 24 net om genade gevra het, sou dit aan hom gegee gewees het. Ons Vader is nie bereid dat enigeen moet vergaan nie, daarom het hy die Heilige Gees gelaster wat met hom gepleit het om hom te bekeer. Ongelukkig het hy die stem uitgesluit en daarom gesterf volgens sy oortuiging dat God hom nie sou vergewe nie.

Hoeveel van ons sou klippe optel en ons kinders ter wille van hul onbelyde sondes stenig en hulle gewilliglik tot 'n bloedige gemors op die aarde verbrysel? Die gedagte is so aaklig dat dit nie in woorde gesit kan word nie. Tog glo miljoene mense dat dit is wat ons hemelse Vader van die Israeliete vereis het. Hoeveel mense het na hul graf gegaan en hierdie God gehaat, omdat hulle gedink het dat Hy will hê dat mense gestenig moet word? Baie Christene is vandag dankbaar teenoor God dat dinge in die Nuwe Testament verander het, maar dit verander geensins die feit dat hulle steeds glo dat God in die Ou Testament so was nie. Ons word weereens daaraan herinner dat Jesus gesê het dat Hy nie gekom het om enige deel van die wet weg te neem nie. Die wet bestaan steeds, maar soos ons geleer het, het ons Vader geen begeerte om enigiemand dood te maak nie. Hy verlang slegs genade vir almal.

Ek bid dat u u hart sal oopmaak vir ons hemelse Vader. Hy het u so lief. Hy wou u nog nooit seermaak of doodmaak omdat u gesondig het nie. Hy wil net hê dat ons moet sien dat ons sondes ons vernietig en dat ons enige tyd om genade kan vra. As u weet dat God *nie* kwaad is vir u nie en dat Hy u regtig liefhet, kan u na Hom toe gaan en al u sondes bely en weet dat Hy dit alles sal vergewe. Dit is wat Jesus vir die vrou, wat in owerspel betrap is, gesê het: “Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.”

Ongelukkig sal diegene wat die waarheid teenstaan dat God hulle waarlik liefhet en altyd bereid is om barmhartigheid te betoon, geen genade ontvang nie; omdat hulle in 'n God glo wat aan geen sondaar genade betoon nie, daarom gee hulle die hoop op vergifnis prys. Net soos Kain roep hulle uit, “My skuld is te groot om dit te vergewe!”

> Omdat hulle die kennis gehaat en die vrees van die HERE nie verkies het nie, (30) van my raad nie wou weet nie, al my teregwysinge verag het, (31) daarom sal hulle eet van die vrug van hulle wandel en versadig word van hulle planne. (32) Want hulle eie afkerigheid maak die eenvoudiges dood, en hulle eie sorgeloosheid rig die dwase te gronde; Spreuke 1:29-32

Luister na die Woord van God en glo wat dit sê:

Die HERE het aan my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid. Jeremia 31:3

Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. Jesaja 1:18

…en dit in die water van bitter smart uitwis; Númeri 5:23

# 9. Die Wet is soos 'n Spieël

Wanneer ons na die verhale van Jesus in die Evangelies kyk, sien ons die Vader. Jesus sê vir Filippus: "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien." Johannes 14:9. Daar is 'n belangrike verhaal in die Evangelies wat 'n aspek van die karakter van ons Vader uitlig wat dikwels heeltemal misverstaan word. Jesus het bykans Sy hele bediening binne die landstreke van die Joodse volk deurgebring. By hierdie seldsame geleentheid het die Verlosser gekies om na 'n heidense streek, Fenisië, te reis.

Die diepgesetelde trots en vooroordeel van die Jode het die dissipels se harte gebind en hulle oë verblind vir hul deelname aan die nasionale sonde van rassisme en geestelike dweepsug (onverdraagsaamheid teenoor diegene wat verskillende opinies as jyself hou). Israel is geroep om 'n lig vir die heidene te wees; hulle het egter hierdie voorreg in duisternis gehul deur hul minagting van hul minderbevoorregte bure.

'n Vrou wat in hierdie streek gewoon het, het saam met baie in haar gemeenskap gehoor van hierdie Joodse Leraar wat mense kon genees. Haar dogter was "erg van die duiwel besete." Sy het by haar gode hulp gesoek vir haar dogter, maar tevergeefs. Sy het gewonder of hierdie Joodse Leraar haar kon help. Sy het besluit om haar saak voor Jesus te lê terwyl sy steed getwyfel het oor wat hierdie Jood vir haar kan of sou doen.

Die opregte smeking van hierdie arme moeder het die oor van die Verlosser bereik.

> En 'n Kananése vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete. Matthéüs 15:22

Die selfopofferende Seun van God se hart was vol deernis. Hy het spesiaal na hierdie streek gekom om haar te help, maar wat Jesus volgende doen,

openbaar iets van die karakter van God wat baie belangrik is.

> Maar Hy het haar nie ’n woord geantwoord nie. Matthéüs 15:23a

Sy rede hiervoor kom onmiddellik vorendag in die volgende sin.

> Toe kom sy dissipels nader en vra Hom en sê: Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan. Matthéüs 15:23b

Indien Jesus haar versoek onmiddellik toegestaan het, was die hardheid van die dissipels nie geopenbaar nie. Daarom het die Verlosser stilgebly om te sien hoe hulle sou reageer. Hulle vertolk Sy stilte as 'n bevestiging van hul eie rassevooroordeel. Terselfdertyd het Sy stilte die twyfel getoets wat hierdie vreemde vrou gehad het rakende hierdie Joodse Leraar. Ons sien dat Jesus se optrede hier soos 'n spieël werk om te openbaar wat in die harte van diegene rondom Hom is.

Ander voorbeelde hiervan sluit in toe Jesus “gemaak [het] of hy verder wou gaan” toe Hy saam met die twee Emmaus-gangers geloop het. Lukas 24:28. Verder ook, toe Jesus “na hulle gekom [het], al wandelende op die see. En Hy wou by hulle verbygaan.” Markus 6:48.

Soos ons geleer het, weerstaan die dissipels die oproep om hul persoonlike kruis te dra in die lig van die wêreldse verwerping van die Seun van God. Dit het hulle verblind vir baie dinge wat Jesus vir hulle probeer vertel het. Aangesien hulle in hierdie opsig hoorders van die wet was, het hulle Jesus op die volgende manier waargeneem:

> En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. (23) Want as iemand ’n hoorder van die woord is en nie ’n dader nie, **dié is soos ’n man wat sy natuurlike gesig in ’n spieël sien**; (24) want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Jakobus 1:22-24

Die dissipels het gereageer op die oproep van Christus tot die nuwe koninkryk, maar hulle harte was nie onderworpe aan die beginsels van selfverloëning of aan die verwerping van hul geliefde Messias deur hul volk nie. Dit het hulle bloot hoorders van die wet, wat uit die mond van Jesus kom, gemaak. Toe Jesus teenoor die vreemde vrou stil was, het hulle hul eie natuurlike gesig in Hom gesien en Sy optrede as rasse-

onverdraagsaamheid geïnterpreteer. Hulle het hul eie houdings en begeertes in Hom sien uitspeel, wat daartoe gelei het dat hulle Jesus voor hierdie arme vrou gevra het om haar weg te stuur. Hoe verpletterend moes dit tog gewees het vir die vrou om hulle so te hoor praat. Sekerlik het haar angs vir haar dogter in haar binneste opgewel toe sy omdraai om te hoor wat Jesus sou sê.

> Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel. Matthéüs 15:24

Hierdie antwoord het almal getoets om te sien of hulle waarlik luister. Die Verlosser is deur Johannes die Doper voorgestel met die woorde:

> Dáár is die Lam van God **wat die sonde van die wêreld wegneem**! Johannes 1:29

Jesus was die Verlosser van die hele wêreld, nie net van die fisiese Jode nie. Hierdie waarheid is ontdek deur die Samaritaanse vrou by die put en diegene wat uit die stad uitgekom het:

> En aan die vrou gesê: Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld, is. Johannes 4:42

Jesus was die Verlosser van die wêreld, maar Sy koninkryk was beslis nie van die wêreld nie:

> Jesus antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie. Johannes 18:36

Die term *Israel* verwys na almal wat die gawe van verlossing aanvaar. Die apostel Paulus beskryf dit later:

> Want nie hý is ’n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; (29) maar hy is ’n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God. Romeine 2:28-29

Die Verlosser het met hulle gepraat omtrent Sy geestelike koninkryk van die hart. Hierdie vrou het gereageer op die oproep van die Gees toe sy na Jesus gekom het. Sy het onthul dat sy inderdaad uit die huis van Israel is. Nie die Israel van die vlees nie, maar die Israel van die Gees. Die naam Israel is aan Jakob gegee vir die oorwinnende geloof wat hy getoon het in sy desperaatheid terwyl hy met die engel geworstel het. Nou sou hierdie vrou demonstreer dat sy inderdaad 'n ware Israelitiese oorwinnaar is.

> Daarop kom sy en val voor Hom neer en sê: Here, help my! Matthéüs 15:25

Die vrou se geloof gee nie toe nie. Sy hou vas in geloof. Die Verlosser is gretig om haar te help, maar die toets is nog nie verby nie.

> Maar Hy antwoord en sê: Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie. Matthéüs 15:26

Hier beteken die woord *maar* nie noodwendig dat Hy haar appèl teenstaan nie. Die Griekse woord *de* kan ook *en* beteken in die vorm van 'n voortsetting van denke. Jesus vra haar nou om te besluit of sy waarlik 'n Israeliet is. Sy stelling is so opgestel dat dit die rassevooroordeel van die dissipels, sowel as haar eie twyfel oor hierdie Joodse Leraar, toets. Die vrou kon miskien gesê het: “Here, ek is een van U kinders en ek glo dat U my sal help.” Dit is die beste antwoord wat sy kon gegee het. Tog is haar antwoord verstommend in die feit dat, alhoewel sy haarself 'n hond noem, sy steeds in geloof vasstaan.

> En sy sê: Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval. Matthéüs 15:27

Alhoewel sy gedink het dat Jesus haar 'n hond noem, het sy steeds vas geglo dat Jesus haar sou help, wat haar 'n ware oorwinnende Israeliet maak. Hierdie vrou se liefde vir haar dogter en haar reaksie op die aantrekking van die Gees het haar die oorwinning in geloof gegee.

> Toe antwoord Jesus en sê vir haar: O Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af. Matthéüs 15:28

Hierdie antwoord het die dissipels tereggewys. Hulle het die woorde van Jesus met hul natuurlike harte gehoor en hul rassevooroordeel op Hom geprojekteer. Toe Jesus die vrou se versoek beantwoord, was hulle geskok en hulle persepsie van Jesus was verbrysel. Op hierdie stadium moes hulle óf die optrede van Jesus as 'n raaisel beskou, óf hulle rassehaat begin bevraagteken.

Jesus word "die wysheid van God" in die Skrif genoem. 1 Korintiërs 1:24. Hierdie wysheid wat van Sy Vader kom, stel Hom in staat om met die mensdom te kommunikeer en te openbaar wat in hul harte is sonder direkte konfrontasie, wat slegs weerstand sal bring. Waarom het Jesus nie net vir hulle gesê: "Julle het 'n probleem met rassehaat en moet dit oorwin"? Dit sou niks bereik het nie. In plaas daarvan praat Jesus op 'n manier wat Sy woorde toelaat om as spieël op te tree en te openbaar wat in die hart is.

Sodra u hierdie beginsel verstaan, kan u die Skrif lees as 'n dader van die wet en nie slegs as 'n hoorder wat u eie natuurlike gesig aanskou nie. Die toets wat Jesus aan die dissipels gegee het, staar elke Bybelleser in die gesig. In die Skrif word dinge uitgedruk om te openbaar wat in die hart van die leser is. Net soos wat die dissipels hul eie rassevooroordeel in die dade van Jesus gelees het, lees baie die Skrifte, wat God beskryf, deur natuurlike menslike begrip en nie volgens God se ware karakter nie. Die volgende vers klink asof God van Sy mense vergeet en Sy rug op hulle draai.

> Soos die oostewind sal Ek my volk voor die vyand uit verdryf; die dag as die ramp hulle tref, **sal Ek my rug na hulle toe draai** en hulle nie raaksien nie. Jeremia 18:17 (Afr. 1983)

Ons gebruik die term *om ons rug op mense te draai* om aan te dui dat ons hulle verwerp. Let op na die konteks, hoe God Sy rug draai in hierdie teks:

> En as my heerlikheid verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met my hand oordek totdat Ek verbygegaan het. (23) En as Ek my hand wegneem, **sal jy My van agter sien**; maar my aangesig kan nie gesien word nie. Exodus 33:22-23

In hierdie konteks draai God Sy rug om Moses te beskerm teen die

volkome heerlikheid van Sy karakter. Die liefde van God vir Sy kinders is so groot, so onbaatsugtig en sorgsaam dat wanneer 'n sondaar hierdie liefde ten volle sien, dit onmiddellik 'n verpletterende gevoel van selfveroordeling en skuld bring.

> Nogtans het my volk My vergeet, hulle laat rook opgaan vir die nietige afgode; dié het hulle laat struikel op al hul weë, op die ou paaie, om te loop op sypaaie, 'n ongemaakte pad; Jeremia 18:15

Israel het die Here vergeet en na ander paaie afgedraai. Die Here het Sy heerlikheid verberg en Sy rug gedraai sodat hulle nie heeltemal vernietig sou word nie. Hy het ook Sy rug gedraai, sodat hulle nie Sy lyding en hartseer kon sien wanneer Hy aanskou hoe Sy kinders maai wat hulle gesaai het nie.

> **Ek het my rug gegee vir die wat slaan**… Jesaja 50:6

Die optrede van Israel het ons Verlosser seergemaak. Hulle afgodery het Hom baie seergemaak. "In al hulle benoudheid was Hy benoud… en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd." Jesaja 63:9. Daarom het Hy Sy rug gegee vir die wat slaan. Hierdie frase kan verstaan word dat die Here gewond is weens die oortreding van Sy volk in die verwerping van Hom en ook die beskerming van Sy volk teen die volle heerlikheid van Sy karakter, sodat hulle nie ten volle deur hul skuld verpletter sou word nie. Die natuurlike hart sal uit die vers verstaan dat God Sy volk bloot verwerp, want dit is presies hoe 'n mens van nature sou reageer. Wanneer ons die Bybel van nature lees, is dit wat ons verstaan. Gelukkig is God se gedagtes nie ons gedagtes nie. Jesaja 55:8-9.

Laat ons nog 'n voorbeeld gee omtrent die Woord van God wat soos 'n spieël vir die siel optree. In Númeri 13 lees ons die volgende:

> En die HERE het met Moses gespreek en gesê: (2) Stuur vir jou manne uit, dat hulle die land Kanaän wat Ek aan die kinders van Israel sal gee, kan verken. Van elke vaderlike stam moet julle een man stuur, elkeen 'n owerste onder hulle. Númeri 13:1-2

Tog lees ons in Deuteronómium 1:22

> Kyk, die HERE jou God het die land aan jou oorgegee; trek op, neem dit in besit soos die HERE, die God van jou vaders, jou gesê het; wees nie bevrees en wees nie verskrik nie. (22) Toe het julle almal na my toe aangekom en gesê: Laat ons manne voor ons uit stuur, dat hulle vir ons die land kan verken en ons berig kan bring aangaande die pad waarlangs ons moet optrek, en die stede waarby ons sal kom. (23) En die saak was goed in my oë, sodat ek twaalf man uit julle, uit elke stam een man, geneem het. Deuteronómium 1:21-23

Die gedeelte in Númeri 13 bied nie die volledige konteks van wat gebeur het nie. Dit noem eenvoudig die opdrag van God om die land te verken. Die twee Skrifgedeeltes wat in die Skrif aangebied word, bevat 'n klein toetsie vir die leser. Indien die leser in sy hart 'n begeerte het om die Bybel te weerlê, kan hierdie twee verse langs mekaar geplaas word en gebruik word om te bewys dat die Bybel homself weerspreek. Die teenstrydighede wat in die leser bestaan, word op die Bybel geprojekteer. Die wetsgehoorame mens sou vinnig sien dat die opdrag om op te gaan en die land in besit te neem, beteken dat dit nie nodig was om die land te verken nie en dat die versoek om te spioeneer 'n gebrek aan geloof openbaar. God reageer op die versoek met 'n opdrag volgens hulle versoek. Die vreesaanjaende verslag wat die meerderheid van die spioene terugbring, onthul die ongeloof wat in hul harte bestaan, wat die versoek om die land te verken, aangehits het. Die Bybel is dus op 'n manier geskryf dat iemand wat in teenstrydighede staan, die Bybel sal kan lees en die teenstrydighede waarna hy soek, kan vind om sy aansprake te ondersteun. Die wetsgehoorsame mens hou in geloof vas aan God en poog om die oënskynlike konflik op te los en die Skrif te harmoniseer.

Kom ons kyk na die verhaal van Dawid wat Israel wou tel.

> En die toorn van die HERE het weer teen Israel ontvlam, en Hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê: Gaan tel Israel en Juda. 2 Samuel 24:1

Vergelyk dit nou met 1 Kronieke 21:1

> Toe het Satan teen Israel opgetree en Dawid aangehits om Israel te tel. 1 Kronieke 21:1

Weereens verskyn daar op die oppervlak 'n teenstrydigheid. Dieselfde het gebeur nadat Jesus voorgestel is as die Verlosser van die wêreld en daarna vir die vrou gesê het: “Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.” Matthéüs 15:24. Ons word getoets as ons hierdie gedeeltes lees. In 'n verdere hoofstuk sal ons in meer besonderhede die toorn van die Here bespreek. Ons sal nou eers fokus op die lees van die Hebreeuse woorde in die lig van die lewe van Jesus Christus. Nadat Israel getel is, het dit tot die dood van 70,000 mense gelei.

> En die HERE het ’n pes onder Israel beskik van die môre af tot op die bepaalde tyd, en van Dan tot Berséba het daar van die volk sewentigduisend man gesterwe. 2 Samuel 24:15

Sommige vertalings dui daarop dat God so kwaad vir Israel was dat Hy 'n voorwendsel geskep het om duisende mense uit te wis:

> EN die toorn van die HERE het weer teen Israel ontvlam, en Hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê: Gaan tel Israel en Juda. 2 Samuel 24:1

Wanneer ons lees dat God se woede teen Israel ontvlam het, watter prentjie skep dit in jou gedagtes? Stel ons ons voor iemand met 'n rooi gesig wat op en af stap, gereed om in woede uit te bars? Is dit moontlik dat die vertalers die Hebreeuse woorde volgens hul natuurlike begrip gelees het? Dit is verbasend: in Hebreeuse woorde is die betekenisvariasie sodanig dat die leser of die vertaler die wisselvorm bepaal. Met sommige woorde sal die betekenis van wat gelees word, aansienlik verander word deur die wisselvorme van betekenis. Indien u na die woord *toorn* en *ontvlam* in 2 Samuel 24:1 kyk, kan dit vertaal word as *lyding* en *bedroef*. Die woord *aangehits* het 'n betekenis om te *verlei*, daarom kan ons die vers soos volg lees.

> EN die *lyding* van die HERE het Hom weer *bedroef* teen Israel en Dawid was *verlei* om te sê: Gaan tel Israel en Juda. 2 Samuel 24:1 (met woordveranderinge kursief gedruk)

Dit is dan in harmonie met 1 Kronieke 21:1 wat sê dat Satan teen Dawid opgetree het. Waarom was Dawid verlei? Dit het gebeur omdat Israel die Gees van God bedroef gemaak het. Die woede van God word in die Bybel

beskryf as ‘n toegewing dat bose engele groter beheer het.

> Hy het die gloed van sy toorn onder hulle gestuur, grimmigheid en woede en benoudheid, ’n uitsending van ongeluksbodes. Psalms 78:49

Die woord *uitsending* kan weer vertaal word as *vrylating*. Die toorn van God word gedefinieer as Sy toegewing dat Sy mense Hom uiteindelik wegstoot, wat Satan kan laat opstaan en beheer neem oor die situasie. Ons kosbare Vader het Sy kinders lief en ons Verlosser is ons Herder wat onvermoeid na Sy skape omsien. Wanneer Sy volk aanhou om Sy oproep te ignoreer en te verwerp, moet Hy hulle uiteindelik toelaat om hul eie begeertes te ontvang. Israel het onder Dawid nasionale grootsheid begeer. Die Gees van die Here het by hulle gepleit om nie na hierdie dinge te soek nie, maar dieselfde gees wat nou 'n koning wou hê, wou die ryk uitbrei. Daarom het die Here Satan toegelaat om Dawid te verlei om die mense te tel.

Die meeste Bybelvertalers kies om die Hebreeuse woord *aph* as *toorn* te interpreteer in 2 Samuel 24:1. Terwyl dieselfde woord in Exodus 34:6 aan die woord *lank* aangeheg word, word dit soos volg vertaal:

> En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig [H639 aph] en groot van goedertierenheid en trou; Exodus 34:6

Die Here het toegelaat dat hierdie Hebreeuse woord *aph* as 'n spieël in ons siel optree. Ons kan dit as *woede* of *lyding* lees. Dit is omdat die Hebreeuse woord *neusgat* of *vinnige asemhaling deur die neus* beteken. Vinnige asemhaling kan ontstaan uit woede of uiterste hartseer. Toe Jesus vir die dissipels sê dat Hy baie dinge deur die handelinge van die leiers moet ly, wou hulle dit nie hoor nie. Ons vind dus op baie plekke dat mense eerder aan God sal dink as Een wat kwaad is vir diegene wat teen Hom sondig; nie as 'n lydende Vader met 'n gebroke hart nie. Indien hulle hulself toelaat om die lydende Vaderfiguur te sien, sal dit diepe oortuiging bring om op te hou om ons Vader seer te maak. Deur Hom as ‘n kwaai figuur te sien, laat dit toe dat baie mense hul sondes regverdig. Net soos die dissipels Jesus se stilte as rasse-onverdraagsaamheid vertolk het, lees baie Bybelvertalers, en daarom ook lesers, hul eie gevoelens oor onreg in

God se karakter.

Een finale voorbeeld om te oorweeg:

> En Saul het gesterwe weens ontrou wat hy teen die HERE begaan het, weens die woord van die HERE wat hy nie gehou het nie; en ook omdat hy die gees van 'n afgestorwene om inligting gevra het, (14) maar die HERE nie geraadpleeg het nie. Daarom het Hy hom omgebring en die koningskap laat oorgaan op Dawid, die seun van Ísai. 1 Kronieke 10:13-14

Indien iemand na bewyse gesoek het om aan te toon dat God mense doodmaak, blyk dit 'n baie eenvoudige saak te wees. Dit sê dat God Saul doodgemaak het. Hierdie vers is 'n spieël. Die hoorder van die wet sal sy eie natuurlike gesig in hierdie vers sien. Saul is grootliks geseën deur God, tog het Saul teen Hom in opstand gekom. Die natuurlike mens sou wraakgevoelens hê in so 'n geval en Saul veroordeel as strafbaar met die dood. Aan die ander kant kan die natuurlike mens soortgelyke opstandige gevoelens hê teenoor gesag. Deur hierdie vers te lees met die denke dat God direk vir Saul doodmaak, bewys dit dat gesag baie kras en onredelik is. Diegene wat die Bybel deur die karakter van Jesus lees, sal meer antwoorde soek om hierdie vers te verklaar wat sê dat God Saul werklik doodgemaak het. In hierdie geval is die antwoord slegs tien verse vroeër in dieselfde hoofstuk.

> En toe die geveg swaar word teen Saul en die boogskutters hom aantref, het hy gebewe van angs vir die skutters. (4) En Saul het aan sy wapendraer gesê: Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee; anders kom hierdie onbesnedenes en dryf die spot met my. Maar sy wapendraer wou nie, omdat hy baie bevrees was. Daarop neem Saul die swaard en val daarin. 1 Kronieke 10:3-4

Saul het selfmoord gepleeg. Saul het hom van God afgewend en dit het beteken dat God hom nie kon beskerm soos wat Hy sou wou doen nie. Saul was sonder beskerming in die geveg en gebeure het sodanig uitgespeel dat Saul sy eie lewe beëindig het. Dit bied konteks aan die verse.

Hier is 'n belangrike les vir Bybellesers. Indien u seker is dat Jesus se missie op aarde die openbaring van die Vader is en u die lyding van Christus

begryp deur die daaglikse verwerping wat Hy deur die mens ervaar, dan sal ons, soos die Siro-Feniciese vrou, in die geloof bly staan en glo dat Hy waarlik barmhartig is, selfs wanneer dit blyk dat Hy nie is nie. Dit is die wet wat soos 'n spieël werk in ons siele om na vore te bring wat in ons harte is, sodat ons ons kan bekeer daarvan dat ons ons begeertes en neigings op Christus en Sy Vader projekteer.

> … laat dit vir jou wees soos jy wil hê. Matthéüs 15:28

## 10. Die Vrees van God Binne-in Jou

> En die pasga van die Jode was naby, en Jesus het opgegaan na Jerusalem. (14) En Hy het in die tempel gevind die wat beeste en skape en duiwe verkoop, en die geldwisselaars wat daar sit. (15) En Hy het ’n sweep van toutjies gemaak en almal uit die tempel uitgedrywe, ook die skape en die beeste, en die kleingeld van die wisselaars het Hy uitgegooi en hulle tafels omgekeer. (16) En vir die duiweverkopers het Hy gesê: Neem daardie dinge hier weg; moenie die huis van my Vader ’n handelshuis maak nie. (17) En sy dissipels het onthou dat daar geskrywe is: Die ywer vir u huis het my verteer. Johannes 2:13-17

> En toe Hy in die tempel ingegaan het, begin Hy die wat daarin verkoop en koop, uit te jaag. (46) En Hy sê vir hulle: Daar is geskrywe: My huis is ’n huis van gebed. Maar julle het dit ’n rowerspelonk gemaak. Lukas 19:45-46

Die Pasga was ontwerp om sondaars die ongelooflike liefde van God te leer deur Sy Seun te laat sterf vir die wêreld. Die leiers van Israel het dit verander in 'n geleentheid om hulself te verryk ten koste van die volk. 'n Offer was vereis van elke gesin en om 'n lam aan te skaf, moes 'n mens plaaslike geldeenhede vir die tempel-sikkel verruil. Hierdie geldwisseling het 'n geleentheid geskep om onrealistiese pryse vir die aankoop van offerdiere te vra. Die armes en kwesbares het dit baie moeiliker gevind om die nodige offers te verkry; hulle het gevoel dat hulle mislei is deur die einste mans wat bedoel was om hulle van die groot genade van God te leer.

Terwyl Jesus die toneel van die tempel ondersoek het, het Sy hart bedroef geraak. Indien hierdie praktyk sonder teenstand sou voortgaan, sou dit miljoene na 'n graf sonder Christus en sonder redding lei, omdat die waarheid van die evangelie in selfsugtige gierigheid verander was. Hier

word ons bekendgestel aan 'n aspek van die karakter van God wat maklik misverstaan word. God het die mans wat hierdie bose dade gedoen het, net so liefgehad soos wat Hy diegene wat deur die priesters bedrieg is, liefgehad het. Om hierdie leiers te bereik, moes hulle gekonfronteer word met hul sondige optrede, sodat hulle gered kan word. Dit is die formule wat verlossing volg:

> Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; Romeine 5:20

Die woedende woordewisseling en die skerp handeling in die tempel weerspieël die toestand van die harte van die manne wat die volk lei. Indien hulle nie berou toon oor hierdie dade nie, sou hulle sterf.

Die Verlosser van die wêreld het die mag om die siele van mense te lees. Soos die Vader die getal hare op elke hoof ken, ken Hy ook die innerlike gedagtes van elke mens. Terwyl Sy Goddelikheid vlugtig deur Sy menslikheid verskyn, lees Christus die innerlike geheime van almal om Hom. Dit was 'n oomblik van oordeel; diegene in die teenwoordigheid van Jesus het besef dat die Verlosser al die besonderhede van hulle siele kon lees. Vir die goddelose was dit 'n vreesaanjaende ervaring. Die aksie om die sweep van toue op te tel, was nie om die mense te slaan en hulle fisies skade aan te doen nie, maar om aan hulle die sondigheid van wat hulle gedoen het, te toon. Geen persoon is gedood, geen persoon gewond nie, maar die voorwerpe waarmee hulle handel gedryf het, is neergewerp as 'n waarskuwing dat hierdie dinge hulle vernietig.

Die Verlosser het hulle skuldig bevind aan sonde, nie om hulle te vernietig nie, maar om hulle te red. Hy het begeer dat hulle hul gevaar moet sien, hulle bekeer en dat hulle gered word. Terwyl die Gees van God hulle harte deursoek het, was dit Sy doel om hulle aan te spoor om van hul sonde af te wyk en om vergifnis te vra vir hulle goddelose dade. In plaas daarvan het die mense van Sy teenwoordigheid gevlug en verkies om aan hulle sondes vas te klou, eerder as om dit agter te laat. Hulle is uit die tempel verdryf weens hul weiering om hulle te bekeer. Indien hulle berou gehad het, sou hulle genade en gemoedsrus ontvang het sodat hulle in Sy teenwoordigheid te kon bly. Terwyl baie vir Christus gevlug het, het ander gebly en na Sy leringe geluister.

> En elke dag was Hy besig om in die tempel te leer; en die owerpriesters en die skrifgeleerdes en die vernaamstes van die volk het probeer om Hom om te bring; Lukas 19:47

Indien Jesus vol woede en aggressie teenoor die mense was, sou niemand oorgebly het nie; almal sou gevlug het. Diegene wat nederig berou gehad het, hoef nie weg te gaan nie, want hulle voel geen veroordeling in Sy teenwoordigheid nie.

> Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Romeine 8:1

Ongelukkig het die priesters en heersers geweier om toe te laat dat die Gees van God hul harte reinig. Die fisiese tempel het die hart van die nasie verteenwoordig. Die tempel kon gereinig word deur trane van berou, maar in plaas daarvan is dit gereinig deur die vreesbevange goddelose wat uit Sy teenwoordigheid gevlug het. Die Gees het naby hulle gekom in oordeel om hulle te red, maar hoe nader die Gees gekom het, hoe meer paniekbevange het hulle geword.

> **En Ek sal tot julle nader om strafgerig te hou**, en Ek sal 'n haastige getuie wees teen die towenaars en teen die egbrekers en teen die meinediges en teen die wat die dagloner in sy loon, die weduwee en die wees verdruk; en teen die wat die vreemdeling wegstoot en My nie vrees nie, sê die HERE van die leërskare. Maleági 3:5

Ons natuurlike gedagtes tydens die lees van hierdie vers is om te dink dat God die goddelose in Sy woede gaan afsny en vernietig. Die Woord van God tree weer op as 'n spieël. Die vers sê: “Ek sal tot julle nader om strafgerig te hou.” Ons Vader wil naby ons kom en oor ons sondes redeneer. Om in die teenwoordigheid van Een te kom wat so onselfsugtig en liefdevol is, laat geen ander keuse nie as om berou te hê óf van die lig weg te vlug. Dit is nie moontlik om passief te wees in die teenwoordigheid van God nie. Diegene wat aan hul sondes vasklou, vlug na waar hulle dink hulle lewe sal vind, maar hulle wys egter dat hulle in werklikheid die dood liefhet en van die lewe wegvlug.

Die reiniging van die tempel weerspieël die tonele wat in die hemel

plaasgevind het wanneer Lucifer en sy engele in opstand gekom het teen God. Die Gees van God het hulle oortuig van hul verkeerde weë, maar ongelukkig het hulle geweier om vergifnis te aanvaar. Let op die twee maniere waarop hierdie gebeurtenis in die Skrif uitgedruk word:

> En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar; Judas 1:6

> Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; 2 Petrus 2:4

Hoe lees jy hierdie verse? In Judas vertel dit dat die engele hul huis in die hemel verlaat het. In 2 Petrus 2:4 vertel dit ons dat God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle neergewerp het in die hel en duisternis.

Toe die Seun van God, as verteenwoordiger van Sy Vader, naby hulle gekom het in oordeel, kon hulle nie verdra om in Sy teenwoordigheid te wees nie. Christus, wat Mígael die Aartsengel is, het geworstel met hierdie engele deur hulle te smeek het om na die lig te draai, berou te hê oor hulle voornemens en na die Vader terug te keer.

> En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; (8) en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. Openbaring 12:7-8

Die oorlog in die hemel het om Lucifer, wat met sy handelsware in die tempel van God wou handel dryf, gesentreer.

> Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut! Eségiël 28:16

Die Bybel spreek weereens met ons deur 'n spieël. Dit openbaar wat in ons harte is. Wanneer daar staan: "Ek het jou…vernietig, o gérub," word ons

uitgedaag om te besluit hoe dit gaan gebeur. Indien Lucifer sy oortreding erken het voordat hy oorlog verklaar het teen die regering van God, sou hy gered gewees het. Die poging van die Seun van God om sy sielstempel te reinig, het die saak tot ‘n punt gebring; terwyl Christus na hom uitreik om hom te oortuig van sy dwaling, het hy geweier, sy hart verhard en heeltemal in sonde verval. Die optredes van Christus het Lucifer die platform gegee om die lig te verwerp en homself te vernietig. In hierdie proses dui die Bybel aan dat God die proses begin het wat sal lei tot die vernietiging van Lucifer. Dit is dieselfde as wanneer die Skrif sê dat God Farao se hart verhard het. God het uitgereik na Farao om hom te bekeer, maar die keuse van die koning was om sy hart te verhard. Is dit die aksies van die son wat die klei verhard, of is dit die bestanddele in die klei wat op die sonlig reageer en dit verhard?

Satan en sy engele is nie uit die hemel geslinger nie. Satan is uitgedryf deur sy weiering om te reageer op die oortuigende Gees van God en sy begeerte om van Sy teenwoordigheid te ontsnap. Dieselfde proses het in die tempel plaasgevind toe Jesus dit gereinig het. Hy het die mense hulle dwaling gewys, Hy het hulle oortuig van hul sonde, die Gees het nader gekom en by hulle aangedring om hulle te bekeer, maar hulle het geweier. Hierdie teenkanting het baie van hulle in kettings van duisternis geplaas, net soos die gevalle engele. Wanneer die Gees 'n direkte poging aanwend om die siel te bereik en dit word ten sterkste geweier, storm die duisternis dadelik in en bring die siel tot slawerny. Gelukkig kon sommige wat op daardie dag van Christus gevlug het, steeds berou hê, maar vir ander was die dag die begin van hul vernietiging; daar kan gesê word dat Christus hulle vernietig het deur hulle te probeer red.

Met hierdie kennis kan ons verskillende Skrifgedeeltes lees met 'n beter begrip van wat dit beteken wanneer mense met vrees in die teenwoordigheid van God aangegryp is.

> Ek sal my skrik voor jou uit stuur en elke volk waarby jy kom, in **verwarring** [vernietig (H2000) – KJV] bring. En Ek sal al jou vyande vir jou laat vlug. (28) Ook sal Ek perdebye voor jou uit stuur; dié sal die Hewiete, Kanaäniete en Hetiete voor jou uit verdrywe. Exodus 23:27-28

Die Hebreeuse woord wat die King James vertaal as *vernietig (destroy)*, het

hierdie betekenisvariante:

> H2000 - Hamam: om geluidloos te beweeg, verwar, geraas maak, ongemak, breek, verbruik, verpletter, vernietig, probleme, kwaad maak

Die vrees wat God in baie van hierdie nasies sou plaas, sou presies wees soos Jesus gedoen het toe Hy die tempel die tweede keer gereinig het. Baie van hierdie nasies rondom Israel het hul beker van ongeregtigheid gevul en hulle was op die punt van ‘n finale besluit. Die vrees wat God in hulle geplaas het was Sy oortuiging van hulle sondes. Die Gees van God het naby hulle gekom in oordeel. Ongelukkig het hulle geweier en dit het hulle ontsteld, bekommerd en verward gemaak. Die weiering van die Jode om die genade van Jesus te aanvaar, het hulle gebring waar hulle uiteindelik deur Rome vernietig is. Die weiering van hierdie omliggende nasies om hul te bekeer, het hulle aan die swaard van Israel blootgestel. Ons sal die swaard van Israel in 'n verdere hoofstuk ondersoek, maar op hierdie stadium sien ons dat die vrees van die Here wat oor hierdie nasies gekom het, die Gees van God was wat probeer het om hulle van hul sonde te oortuig en hulle tot bekering te bring, as 'n laaste poging om hulle te red.

Die poging om hulle te red het veroorsaak dat hulle harte verhard is en daarom het hulle die dood eerder as die lewe gekies. Die oortuiging van sonde was soos perdebye in die siel. Hierdie nasies het teen die prikkels van die gewete geskop en uit die teenwoordigheid van God in die arms van Satan, die verderwer, gehardloop en hulle het omgekom.

> En in die môrewaak het die HERE, in die vuur — en wolkkolom, op die leër van die Egiptenaars afgekyk en die leër van die Egiptenaars in **verwarring** [H2000] gebring. (25) En Hy het die wiele van hulle strydwaens laat insak en hulle met moeite laat voortgaan. Toe sê die Egiptenaars: Laat ons van Israel af wegvlug, want die HERE stry vir hulle teen die Egiptenaars. Exodus 14:24-25

By die Rooi See het die Here die Egiptenare in *verwarring* gebring. Dieselfde woord word gebruik in Exodus 23:27 waarin God Sy *skrik* oor die nasies sou bring.

God het die Egiptenare net so geliefgehad as die Israeliete. Toe die Here die vuurkolom oprig om te keer dat hulle die Israeliete aanval, moes hulle hierin 'n waarskuwing gesien het om terug te keer huis toe. Hulle is met vrees gevul, maar hulle het geweier om hul te bekeer. Toe hulle die Israeliete agtervolg het, het die Here Sy engele gestuur om hul waens se wiele af te haal om hulle te vertraag en te verhoed dat hulle verder gaan. In hul hardnekkige weiering om onderdanig te wees, het hulle diep in die water ingery en verdrink toe die waters weer bymekaar gekom het. Daar is geen bewys dat God hulle in die water ingelok het om hulle dood te maak nie. Hy het alles moontlik gedoen om te keer dat hulle hiermee voortgaan.

> En die dae van ons trek van Kades-Barnéa af totdat ons oor die spruit Sered gegaan het, was agt-en-dertig jaar — totdat die hele geslag, die krygsmanne, uit die laer omgekom het soos die HERE hulle dit gesweer het. (15) So was die hand van die HERE dan ook teen hulle om hulle uit die laer te **vernietig** [H2000] totdat hulle omgekom het. Deuteronómium 2:14-15

Die Israeliete is uitgenooi om op te trek en die land Kanaän in te neem, maar hulle was bang vir die reuse in die land en hulle het geweier om op God te vertrou. Toe God dan vir hulle sê dat hulle weens ongeloof nie in die beloofde land mag ingaan nie en in die woestyn sou sterf, het hulle weer in opstand gekom en besluit om te gaan veg. Nadat hulle deur hul vyande verslaan is, het hulle Moses vir alles die skuld gegee en wou hulle hom doodmaak. Die mense het gedurig gesê dat God hulle in die woestyn wil doodmaak en soos hulle oordeel, so ontvang hulle. God het toegelaat dat hierdie dinge gebeur in die hoop dat hulle hul fout sou sien en hulle sou bekeer en om vergifnis sou vra. Die Here het 40 jaar lank Sy Gees gestuur om hulle te vermaan om hulleself te verootmoedig en van hul sonde te bekeer. Indien hulle berou gehad het, sou dit nie saak gemaak het of hulle in die woestyn gesterf het nie; hulle sou die ewige lewe verkry het.

> Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie, Hebreërs 4:6

Dis baie hartseer dat die Israeliete geweier het om die rus in Christus in te gaan en te weet dat hulle sondes vergewe is. In plaas daarvan het hulle

hulself verhard teen die smeking van die Gees, gesterf in die woestyn en die ewige lewe verloor. Het die Here hulle dus vernietig? Hy het dit net soveel gedoen soos die son klei verhard. Sy voortdurende pleidooie het hul harte verhard deur hul volgehoue weiering en daarom is hulle vernietig.

Wanneer die Verlosser deur 'n diepe oortuiging van sonde na u toe kom, moet u nie bang wees en u hart verhard nie. Glo dat u Vader vryelik vergewe en reinig van sonde en geniet die vrede en vryheid van vergifnis. Geniet die vrede van die hemel in u sielstempel en juig dat Hy bereid is om dit te reinig vir Sy heerlikheid en deur Sy heerlikheid.

In hierdie laaste dae gaan daar 'n boodskap aan die wêreld wat vir ons sê: “Vrees God en gee Hom heerlikheid.” Openbaring 14:7. Wanneer ons toelaat dat die Gees van God ons van ons sondes oortuig en nie Sy smeking weerstaan nie, sal ons geseënd wees en wysheid begin verstaan, want ons lees:

> Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand. Spreuke 9:10

## 11. Die Toorn van die Here

In die laaste week voordat Christus aan die kruis gehang is, het Hy, omring deur 'n groot menigte, op 'n donkie Jerusalem ingery.

> En die grootste deel van die skare het hulle klere op die pad oopgegooi, en ander het takke van die bome afgekap en op die pad gestrooi. (9) En die skare wat voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeroep en gesê: Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Hosanna in die hoogste hemele! Matthéüs 21:8-9

Die dissipels het gedink dat hul langverwagte aspirasies sou gebeur; uiteindelik is hul Meester erken deur die aanbiddende menigtes, maar reg in die middel van hierdie lofsang lees ons:

> En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween (42) en gesê: As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Lukas 19:41-42

Terwyl Jesus die stad aanskou en nadink oor alles wat hierdie volk in opstand teen Sy Vader gedoen het, en wat in minder as veertig jaar van daardie dag af met hulle sou gebeur, het Hy begin huil. Dit was nie 'n sagte traan in die oog nie; dit was die vrylating van 'n intense, onbedwingbare smart wat uitgebars het in groot snikke van foltering. Een van die woorde wat die Here gebruik het om die karakter van God te beskryf, is *lankmoedigheid*.

> En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig [H693 – aph] en groot van goedertierenheid en trou… Exodus 34:6

Hierdie woord het die volgende betekenisse: H693

> eintlik die neus of neusgat; daarom die gesig, en soms ook 'n persoon; ook (**van die vinnige asemhaling van passie**) ire: - woede, + voor, voorkoms, gesig, + verdra, voorhoof, + [lank-] **moedigheid**, neus, **neusgat**, snoet, X waardig, toorn.

> Maar aan Hanna het hy 'n dubbele (worthy – KJV) [H639 aph] deel gegee; want hy het Hanna liefgehad; maar die HERE het haar moederskoot toegesluit. 1 Samuel 1:5

Dit maak nie sin om te sê dat Hannah 'n toornige deel gekry het omdat Hy Hannah liefgehad het nie. Soos die *Gesenius Hebreeus-Chaldee Lexicon* dit uitdruk:

> Waarskynlik met smart in gedagte; aangesien woorde wat toorn beteken, soms op hartseer toegepas word.

Die brandende trane van Jesus was 'n resultaat van Sy groot hart van liefde vir Sy kinders. Het dit toorn ingesluit? Ja, toorn oor wat die sonde aan Sy geliefde kinders gedoen het en dit word te kenne gegee in die diepe hartseer van brandende trane.

> Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. (9) Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes. Jesaja 55:8-9

Is ons seker dat ons dit reg verstaan wanneer ons oor die toorn van die Here lees? Weereens kyk ons na die lewe van Jesus om die manier waarop Hy toorn uitbeeld, te sien.

> Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang. (15) Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom 'n kind van die hel, twee maal erger as julle self. (16) Wee julle, blinde leiers, julle wat sê: Elkeen wat sweer by die tempel — dit is niks nie; maar elkeen wat sweer by die goud van die tempel, hy is gebonde. (17) Julle dwase en blindes, want wat is meer: die goud, of die tempel wat die goud heilig? Matthéüs 23:14-17

Jesus klink beslis toorning in hierdie verse. Die ellende wat Jesus verkondig, gaan voort vir 'n aantal verse en dan lees ons iets baie belangrik:

> Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ’n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Matthéüs 23:37

Jesus het hierdie arme, misleide Joodse leiers liefgehad. Hy wou hulle onder Sy beskerming bymekaar maak. Hy praat in liefhebbende taal van 'n hen wat haar kleintjie bymekaar maak. Dit is so 'n aangrypende beeld van die liefde van die Verlosser. Sy toorn is 'n uitdrukking van Sy innige verdriet wat Hy ‘n kort tydjie gelede in snikke geopenbaar het. In die taal van Matthéüs 23 sien ons die toorn van God geopenbaar.

Indien daar ooit 'n punt was waarop dit geregverdig kan word om vuur uit die hemel te laat neerdaal, was dit nou. Hierdie leiers het veroorsaak dat die hele Joodse nasie verlore gaan. Hulle het in die pad van die volk gestaan en die suiwer leringe van die Skrif verontreinig. Dit sou sekerlik 'n plek wees om hulle te verwerp, sodat die waarheid die massas kan bereik. Jesus lig geen swaard op nie, laat ook geen vuur uit die hemel afkom nie, maar sê hierdie woorde:

> Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat! Matthéüs 23:38

Hier is die hoogtepunt van die toorn van God. Die Seun van God verklaar dat die beskutting van die nasie weggeneem is. Dit is ná hierdie punt dat Satan die Joodse leiers ten volle kan beheer, sodat hulle kort daarna slaag met hul moorddadige planne om Jesus dood te maak. Ons let sorgvuldig op dat wanneer Jesus verklaar dat die huis van Israel woes gelaat is, Hy die weg berei het vir Sy eie dood, nie die dood van diegene wat Hom teëgestaan het nie. Toe die terughoudende Gees van God die priesters en heersers verlaat, was daar niks wat hulle sou verhinder om Jesus dood te maak nie. Satan kon nou beheer neem en binne veertig jaar kon hy die stad waar die Romeine meer as 'n miljoen Jode doodgemaak het, heeltemal vernietig.

Hier is die definisie van God se toorn, uitgedruk op 'n ander wyse:

> Hy het die gloed van sy toorn onder hulle gestuur, grimmigheid en woede en benoudheid, 'n uitsending van ongeluksbodes. Psalms 78:49

Wie is die ongeluksbode (of vernietigende engel – sien KJV)?

> En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom. 1 Korinthiërs 10:10

Die woord vir *verderwer* in Grieks, beteken *giftige slang*.

> En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion [dit is, Vernietiger/Verderwer]. Openbaring 9:11, woorde in hakies ingevoeg

Die verderwer is Satan. Wanneer mense aanhou om Christus te verwerp en dit baie duidelik maak dat hulle niks met Hom te doen wil hê nie, dan treur Christus oor Sy verlore kinders met snikke van siele-angs en laat hulle met hul keuse voortgaan. Wanneer dit plaasvind, word die muur van beskutting, wat rondom elke persoon geplaas word, afgebreek.

> En die Satan antwoord die HERE en sê: Is dit verniet dat Job God vrees? (10) **Het U nie self hom** en sy huis en alles wat hy het, **aan alle kante rondom, beskut nie**? Die werk van sy hande het U geseën, en sy vee het sterk vermeerder in die land. Job 1:9-10

> Die Engel van die HERE trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit. Psalms 34:8

> Wie 'n kuil grawe, kan daarin val; en een wat 'n muur afbreek, 'n slang kan hom byt. Prediker 10:8

Watter dinge lei daartoe dat die muur van beskutting afgebreek word?

> Gaan nou in, skryf dit op 'n tafel in hulle teenwoordigheid en teken dit op in 'n boek, dat dit kan bly vir later dae, vir altyd, tot in ewigheid. (9) Want dit is 'n **[1]** wederstrewige volk, **[2]** leuenagtige kinders, **[3]** kinders wat **die wet van die HERE nie**

**wil hoor nie**; (10) **[4]** wat aan die sieners sê: Sien nie! en aan die profete: **Profeteer vir ons nie wat reg is nie; spreek vleitaal vir ons, profeteer bedrieëry**; (11) wyk af van die weg, buig af van die pad, laat die Heilige van Israel voor ons aangesig verdwyn! (12) Daarom, so sê die Heilige van Israel: **[5]** Omdat julle **hierdie woord verwerp** en vertrou op verdrukking en slinksheid en daarop steun, (13) daarom sal hierdie **skuld** vir julle wees soos 'n **los stuk wat wil val, wat oorhang in 'n hoë muur, waarvan die instorting heeltemal onverwags kom**. (14) Ja, Hy sal dit verbreek soos die kruik van 'n pottebakker verbreek word, wat sonder verskoning stukkend geslaan word, sodat by die brokstukke daarvan geen skerf gevind word om vuur uit die vuurherd te gaan haal of om water uit die kuil te *skep* nie. Jesaja 30:8-14

'n Sameswering van sy profete is in hom, soos 'n leeu wat brul, wat prooi verskeur; **[1]** hulle **eet die siele** op; **skatte** en kosbare dinge **neem hulle weg**; die **weduwees vermeerder** hulle daarin. (26) **[2]** Sy priesters **verkrag my wet** en **[3] ontheilig my heilige dinge**; tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie, en die verskil tussen onrein en rein gee hulle nie te kenne nie; daarby **[4] maak hulle hul oë toe vir my sabbatte**; ja, Ek word onder hulle ontheilig. (27) **[5]** Sy vorste is in hom soos wolwe wat prooi verskeur, om bloed te vergiet en siele om te bring, dat hulle **onregverdige wins** kan maak. (28) En **[6]** sy profete pleister vir hulle met los kalk deur bedrieglike gesigte te sien en vir hulle **leuens** te **voorspel** met die woorde: So sê die Here HERE — terwyl die HERE nie gespreek het nie. (29) **[7]** Die mense van die land **pleeg geweld en eien hulle geroofde goed toe; ook verdruk hulle die ellendige en behoeftige**, en teenoor die vreemdeling pleeg hulle geweld sonder reg. (30) **En Ek het onder hulle 'n man gesoek wat 'n muur kan bou en voor my aangesig in die bres kan staan vir die land, sodat Ek dit nie sou verwoes nie**; maar Ek het niemand gevind nie. (31) **Daarom het Ek my toorn oor hulle uitgegiet; deur die vuur van my grimmigheid het Ek hulle verteer**; ***hulle wandel het Ek op hulle hoof laat neerkom, spreek die Here HERE***. Eségiël 22:25-31

Dit is die sleutelpunte wat 'n opening in die muur skep:

1. Gebruik mense vir eie gewin
2. Oortreding van die wet, rebellie
3. Ontheilig die heilige dinge, vermeng die heilige en die algemene
4. Maak hulle oë toe vir die Sabbatte
5. Leiers is betrokke by onregverdige wins
6. Profetiese leiers spreek leuens
7. Verdruk die ellendiges en behoeftiges

Wanneer die kinders van God die gebooie van God oortree en weier om hulle te bekeer en aanhou om slegte dinge te doen, word God uiteindelik in 'n posisie geplaas waar Hy hulle nie meer kan beskerm nie. Dit veroorsaak Hom geweldig baie verdriet. Hy wil nie Sy kinders prysgee nie, maar Satan beskuldig hulle voor God en eis die reg om hulle te verkry. Hierdie smart en verdriet is die toorn van God. Dit is die vinnige asemhaling deur die neus uit diepe hartseer. Die lys wat in Eségiël 22:25-31 beskryf word, het soortgelyke griewe as dié wat Jesus in Matthéüs 23 genoem het. In Eségiël se tyd is die beskutting verwyder en Israel deur Babilonië in ballingskap weggevoer. In die dae van Christus is die beskutting verwyder en die Romeine het gekom en Jerusalem vernietig.

**Sewe Sleutelpunte wat die Opening Geskep het.**

| **Eségiël 22:25-31** | **Matthéüs 23** |
|---|---|
| | |
| 1. Gebruik mense vir eie gewin. | Matt 23:25 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid. |
| 2. Oortreding van die wet. | Matt 23:23 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en **die swaarste van die wet laat julle ná**: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat. |

| | | |
|---|---|---|
| 3. | Ontheilig die heilige dinge. Vermeng die heilige en die algemene dinge. | Matt 23:16-17,19-20 Wee julle, blinde leiers, julle wat sê: Elkeen wat sweer by die tempel — dit is niks nie; maar elkeen wat sweer by die goud van die tempel, hy is gebonde. (17) **Julle dwase en blindes, want wat is meer: die goud, of die tempel wat die goud heilig**?... (19) Julle dwase en blindes, want wat is meer: die gawe, of die altaar wat die gawe heilig? (20) Wie dan sweer by die altaar, sweer dáárby en by alles wat daarop is; |
| 4. | Maak hul oë toe vir die Sabbatte. | Matt 23:4 Want **hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra**, en sit dit op die skouers van die mense, maar self wil hulle dit nie met hulle vinger verroer nie. |
| 5. | Leiers is betrokke by onregverdige wins. | Matt 23:16 Wee julle, blinde leiers, julle wat sê: Elkeen wat sweer by die tempel — dit is niks nie; **maar elkeen wat sweer by die goud van die tempel, hy is gebonde**. |
| 6. | Profetiese leiers spreek leuens. | Matt 23:28 So lyk julle ook van buite vir die mense wel regverdig, maar van binne **is julle vol geveinsdheid en ongeregtigheid**. |
| 7. | Onderdruk die ellendiges en behoeftiges. | Matt 23:14 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, **want julle eet die huise van die weduwees op**, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang. |

Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde waar mense hierdie muur van beskutting afbreek.

> En toe hulle by die dorsvloer van Nagon kom, het Ussa sy hand uitgesteek na die ark van God en dit vasgehou, want die osse het gestruikel. (7) Daarop het die toorn van die HERE teen Ussa ontvlam, en God het hom daar getref oor dié vergryp, sodat hy daar by die ark van God gesterf het. (8) En Dawid het ontroerd geword, omdat die HERE 'n skeur aan Ussa geskeur het; daarom het hy daardie plek genoem Peres-Ussa, tot vandag toe. 2 Samuel 6:6-8

Die woorde *die toorn van die Here [het] teen Ussa ontvlam*, nooi ons om die karakter van God te veroordeel. Soos ons voorheen gesê het, kan die woorde *toorn* en *ontvlam* vertaal word as *lyding* en *bedroef*. Ussa het opgetree op 'n manier wat hy geweet het nie reg was nie. Hy het homself in 'n posisie geplaas waar hy nie beskerm kon word nie. Die Gees van die Here was bedroef oor Ussa. Die Here wou hom nie verlaat nie, maar sy oortreding plaas hom waar die Here 'n opening in die beskerming moes toelaat. Die vers sê dat *die Here 'n skeur aan Ussa geskeur het*. Dit het die Here baie bedroef dat Hy van Ussa moes terugstaan, maar Ussa het 'n pad van opstand gekies en die Here moes sy keuse eer. Dit was nie God wat Ussa met Sy eie hand neergeslaan het nie. Ussa se opstand het die opening in sy beskerming veroorsaak.

Een van die moontlike aanwysers van die ontevredenheid in die hart van Ussa word vroeër in die hoofstuk aangetref.

> En hulle het die ark van God op 'n nuwe wa vervoer en dit uit die huis van Abinádab, wat op die heuwel is, gebring. Terwyl Ussa en Agjo, die seuns van Abinádab, die wa drywe, (4) met die ark van God, het Agjo voor die ark geloop. 2 Samuel 6:3-4

Ussa is die eerste van die twee seuns van Abinadab gelys, maar dit word genoem dat Agjo, die jonger broer, die ark lei in plaas van sy ouer broer. Was Ussa gevul met 'n jaloesie van wedywering met sy broer? Was daar haat in sy hart vir sy broer? 'n Sekondêre probleem wat veroorsaak het dat die beskuttingsmuur gebreek is, was om die ark op 'n wa met osse te plaas. Moses het aangedui dat die ark deur die priesters gedra moet word.

> In dié tyd het die HERE die stam van Levi afgesonder om die verbondsark van die HERE te dra... Deuteronómium 10:8

> En aan die volk bevel gegee en gesê: Net soos julle die verbondsark van die HERE julle God sien en die Levitiese priesters wat hom dra, moet julle van jul staanplek af opbreek en agter hom aan trek. Josua 3:3

Hierdie sekondêre opening was nie voldoende om die beskutting van enigeen, behalwe Ussa, te verwyder nie, dus was daar waarskynlik iets in die hart van Ussa wat veroorsaak het dat die beskutting verwyder is.

So, hoe lees jy? Lees jy die karakter van die Here as brandende woede wat veroorsaak het dat Hy Ussa op die grond neergeslaan het, of sien jy 'n teer Vader in droefheid wat Homself uiteindelik oorgee aan Ussa se keuse om 'n pad van opstand te volg? Elkeen van ons moet kies hoe ons dit lees. Ons Vader in die hemel laat variante van betekenis toe, sodat dit 'n spieël in ons siel bied, sodat ons self kan besluit watter karakter ons in die vers sien. Sien ons 'n karakter soos ons s'n? Sien ons 'n impulsiewe kwaai persoon wat diegene neerslaan wat foute maak, of sien ons 'n treurende Vader wat gedwing word om die besluit van Ussa te aanvaar – om die gees van Satan te omhels en hom aan sy regmatige meester, die vernietiger, te oorhandig?

> En Ek sal 'n swaard oor julle bring wat die wraak van die verbond sal uitoefen; en as julle dan in jul stede terugtrek, sal Ek pes onder julle in stuur, en julle sal in die hand van die vyand oorgegee word. Levítikus 26:25

Op baie plekke in die Skrif lees ons van die toorn van die Here wat ontvlam en swaard, hongersnood en pes wat op mense val. Soos die vers, wat ons pas gelees het, ons vertel, word die mense oorgelewer in die hand van die vyand. Die toorn wat ontvlam is die bedroefde hartseer wat ons Vader verduur wanneer Sy dwalende kinders in opstand bly, wat lei tot die verbreking van Sy gebooie wat ontwerp is om hulle te beskerm.

Sal ons vandag sorgvuldig luister na die stem van ons Vader?

> JULLE mag vir julle geen afgode maak nie; en 'n gesnede beeld of 'n klippilaar mag julle vir julle nie oprig nie en 'n steen met beeldhouwerk in julle land nie opstel om julle daarby neer te buig nie; want Ek is die HERE julle God. (2) My sabbatte moet julle hou en my heiligdom ontsien. Ek is die HERE. (3) As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, (4) sal Ek julle reëns gee op die regte tyd, en die land sal sy opbrings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee. (5) En die dorstyd sal vir julle aanhou tot die druiwe-oes, en die druiwe-oes sal aanhou tot die saaityd, en julle sal jul brood volop eet en veilig in julle land woon. (6) Ook sal Ek vrede gee in die land, sodat julle sal lê en rus sonder dat iemand julle skrikmaak; en Ek sal die wilde diere uit die land laat verdwyn, en geen swaard sal deur julle land trek nie. Levítikus 26:1-6

Wanneer ons ons met blydskap aan die gebooie van God onderwerp en kies om te glo dat ons Vader ons wil seën, kan ons die beskerming van die engele van die Here geniet.

> Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. (2) Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. (3) Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. (4) Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is ’n skild en pantser. Psalms 91:1-4

Laat ons nie aan ons Vader en Here Jesus pyne en smarte bring deur ons ongehoorsaamheid nie. Hy begeer om ons te beskerm en vir ons te sorg. Indien ons in opstand kom en die gees van die vyand kies, moet daardie vyand uiteindelik beheer oor ons lewens hê. Dit is nie billik dat iemand voortdurend beskerm word deur iemand by wie hulle nie wil wees nie.

Die vernietiging van Jerusalem is 'n voorafskaduwing van die einde van die wêreld. Soos die Joodse volk die Seun van God tweeduisend jaar gelede verwerp het, so word die Seun van God vandag verag en verwerp deur mense. Die Here van die Sabbat word gespot deur die verwerping van Sy aanbiddingsdag. Onsedelikheid en gierigheid is so oorvloedig dat Christus uiteindelik, met ‘n worstelende snik, aan die wêreld sal sê: “Julle huis word vir julle woes gelaat.” Dan sal die winde van verwoesting, wat die gevalle engele is, heeltemal vrygelaat word om die aarde te vernietig. Mag ons aan ons Verlosser vasklou en op Sy genade vertrou om deel te wees van die aantal wat die gebooie van God bewaar en die geloof van Jesus het.

## 12. Sit die Swaard in sy Plek

In die stille nagure op die Olyfberg het ons geliefde Verlosser voor Sy Vader gesmeek.

> My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil. Matthéüs 26:39

Die volle gewig van menslike skuld het op die Seun van die mens gerus. Sy stryd was so groot dat Hy groot druppels bloed gesweet het. Daar was ‘n konfrontasie tussen die Heerlikheid van die Vader, in sy alomvattende reinheid, en die duisternis van sonde, wat die Lam van God op Homself geneem het. Die wete dat die sondes wat Hy gedra het, haatlik vir Sy Vader was, het Hom soos 'n riet laat gebewe. Die woorde van die profeet het gesê:

> **Ontwaak, o swaard, teen my herder**, en teen die man wat my metgesel is! spreek die HERE van die leërskare. Slaan die herder, sodat die skape verstrooi word; en Ek sal my hand weer uitstrek oor die geringes. Sagaría 13:7

Die swaard op hierdie oomblik was die swaard van die Gees. Terwyl Christus hierdie swaard ter wille van ons opgeneem het, het dit Sy lewenskragte gedreineer. Wanneer 'n man bloed sweet, is hy op die randjie van die dood. Slegs die versterkende hand van God, Sy Vader, het Hom in staat gestel om uit die tuin te gaan na die swaard van Rome wat deur die hande van die Joodse leiers opgehef is.

Toe die tempelwagte saam met Judas gekom het om Jesus in hegtenis te neem, het Petrus in die gees van Judas Makkabees[2] opgestaan en in die

[2] Judas Makkabees was 'n Joodse priester en 'n seun van die priester Mattathias. Hy het die Makkabese Opstand teen die Seleukiede Ryk (167-160 v.C.) gelei.

gees van al sy voorvaders, wat 'n swaard opgehef het ter verdediging van die dinge wat hulle waardevol geag het. Jesus het vir Petrus gesê dat Hy nie gekom het om mense se lewens te vernietig nie, maar om hulle te red, maar vir Petrus het 'n dooie Jesus die einde van al sy hoop beteken. Ongelukkig was sy swaard verhef, meer ter wille van sy eie begeertes as dié van Christus.

> En Simon Petrus wat 'n swaard gehad het, het dit uitgetrek en die dienskneg van die hoëpriester geslaan en sy regteroor afgekap. En die naam van die dienskneg was Malchus. Johannes 18:10

Toe Jesus Malchus genees, het Hy Homself gedistansieer van die gebruik van 'n fisiese swaard om Homself en die waarheid te verdedig. Toe sê Hy vir hom:

> Sit jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan. (53) Of dink jy dat Ek nie nou my Vader kan bid en Hy vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar sal stel nie? (54) Hoe sou die Skrifte dan vervul word dat dit so moet gebeur? Matthéüs 26:52-54

Die woorde van Jesus het beide 'n geestelike en fisiese betekenis. Wanneer 'n man die Woord van God aangryp, sal daardie Woord sy ou lewe doodmaak, sodat hy opgewek kan word tot 'n nuwe lewe in Christus Jesus. Terselfdertyd beteken dit dat diegene wat die fisiese swaard ophef, deur dieselfde swaard sal sterf. Jesus laat vir ons 'n belangrike les na: dat ons moet vertrou op gebed en die versorging van die engele van ons Vader en nie op die swaard om ons te red nie. Laat die voorbeeld van die Verlosser 'n duidelike boodskap aan ons wees. Jesus het nooit iemand geslaan, gewond of doodgemaak nie. Ons Verlosser het hierdie voorbeeld nagelaat dat ons dit moet volg.

> Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg; (22) Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie; (23) wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel.
> 1 Petrus 2:21-23

Die groot uitdaging wat ons in die lig van die lewe van Jesus moet adresseer, is hoe kan ons rekenskap gee van al die Ou-Testamentiese verhale wat gevul is met die geweld van Israel wat hul vyande met swaarde doodmaak? Toe Israel Egipte verlaat, het die Here hulle vertel hoe Hy met die nasies rondom hulle sou handel.

> Ek sal my skrik voor jou uit stuur en elke volk waarby jy kom, in verwarring bring. En Ek sal al jou vyande vir jou laat vlug. (28) **Ook sal Ek perdebye voor jou uit stuur; dié sal die Hewiete, Kanaäniete en Hetiete** voor jou **uit verdrywe**. (29) Ek sal hulle nie in een jaar voor jou uit verdrywe nie, dat die land nie woes word en die ongediertes nie teen jou te veel word nie. (30) Ek sal hulle so langsamerhand voor jou uit verdrywe, totdat jy vrugbaar word en die land beërwe. Exodus 23:27-30

Indien die Israeliete getrou aan God gebly het, sou die land Kanaän gereinig gewees het soos Jesus die tempel gereinig het. Die Gees van God sou hierdie nasies oortuig het van hulle sonde, en dan sou hulle in hul ongemak gevlug het, óf hulle sou hul sonde bely, berou getoon het en by Israel aangesluit het en geleer het om die God van Israel te volg. Ons beklemtoon die punt dat die vers sê dat die nasies verdryf sou word, nie doodgemaak sou word nie.

Indien God wou hê dat Sy volk hul vyande moes doodmaak, sou Hy Moses aangemoedig het om voort te gaan met wat hy gedoen het toe hy die Egiptenaar doodgemaak het. In plaas daarvan het Hy Moses veertig jaar in die woestyn gestuur om skape te versorg. Moses het reeds, as die kleinseun van die Farao, al die opleiding van 'n magtige generaal gehad. Waarom het God hierdie hoogs bekwame generaal toegelaat om in die woestyn in te gaan om skape te versorg? Dit was om Moses te leer hoe om vir mense om te gee. Die lesse is daar vir diegene wat dit wil leer. God het nooit bedoel dat Israel die land Kanaän deur oorlogvoering sou inneem nie.

God se plan was dat Israel met Hom vertroud raak en Hom leer vertrou deur hul verlossing uit Egipte. Terwyl hulle in Egipte gewoon het, was die Israeliete omring deur die gees van tirannie. Deur die voorbeeld van die Hebreeuse kinders wat in die rivier gegooi is en hulle harde ervaring van diensbaarheid in Egipte, is baie beïnvloed deur die opvatting dat God 'n

tiran is wie enige tyd teen hulle kon draai en hulle doodmaak. Ons sien van die begin af dat hierdie vrees uitgebeeld word:

> En hulle het vir Moses gesê: Het u, omdat daar in Egipte glad geen grafte is nie, ons saamgeneem om in die woestyn te sterwe? Wat het u ons nou aangedoen, dat u ons uit Egipteland uitgelei het? Exodus 14:11

Hierdie vrees gaan heeltemal terug na die Tuin van Eden toe Satan Adam en Eva daarvan oortuig het dat, toe God gesê het dat hulle sekerlik sou sterf, Hy sou kom om hulle dood te maak.

> En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg. Genesis 3:10

Deur Moses te beskuldig het Israel hul vrees vir God, soos hulle Hom aanskou het, verberg. Tog was dit duidelik dat Moses die volk nie deur eie krag uitgelei het nie. Satan het hulle versoek om te dink dat God hulle in die woestyn wou doodmaak. Hierdie versoeking was slegs moontlik vanweë hulle valse begrip van die karakter van God. Hierdie vrees het steeds toegeneem in die Israeliete.

> En die kinders van Israel het aan hulle gesê: **Het ons maar in Egipteland deur die hand van die HERE gesterwe** toe ons by die vleispotte gesit en volop brood geëet het! Want julle het ons in hierdie woestyn uitgelei om hierdie hele vergadering van honger te laat sterwe. Exodus 16:3

Die Israeliete het hul vrees vir God uitgespreek en openlik gesê dat hulle gewens het dat hulle deur die hand van God in Egipte gesterf het, eerder as om hul huidige situasie te verduur. Hulle het God duidelik nie vertrou nie en Satan het hulle gedagtes verblind omtrent God se ware karakter.

In die volgende hoofstuk van Exodus openbaar die Israeliete hul verdorwe idees van God nog verder:

> Maar die volk het daar gesmag na water, en die volk het teen Moses gemurmureer en gesê: Waarom het u ons dan uit Egipte laat optrek om my en my kinders en my vee van dors te laat omkom? (4) Toe het Moses die HERE aangeroep en gesê: Wat

> moet ek met hierdie volk doen? Dit skeel maar min of hulle stenig my. Exodus 17:3-4

Hulle hou aan kla, en beskuldig Moses en dus ook God dat Hy hulle wil doodmaak. Hulle afgodiese siening van 'n gewelddadige God begin omskakel in dreigemente om Moses dood te maak. Deur hierdie valse idee van 'n gewelddadige God aan te hang, word hulle verander in daardie beeld en beplan gewelddadige hantering van die man wat God gebruik het om hulle uit Egipte te red.

Die voortdurende murmureering, klagtes en wantroue teenoor God plaas Hom in 'n posisie waar Hy minder in staat is om hulle te beskerm. Hulle kies Satan as meester, en Satan eis toegang om hulle te vernietig. Ons sien die verband tussen die klagtes omtrent water en die aanval van die Amalekiete soos volg:

> En die plek Massa en Mériba genoem vanweë die twis van die kinders van Israel en omdat hulle die HERE versoek het deur te sê: Is die HERE in ons midde of nie? (8) **DAAROP** het Ámalek gekom om teen Israel by Ráfidim te veg. Exodus 17:7-8

Die knorrigheid van die kinders van Israel het 'n deur vir Satan oopgemaak om die Amalekiete op te stook om hulle aan te val. Dit sou nie gebeur het indien Israel die Here vertrou het nie. Die Amalekiete sou te bang gewees het om hulle aan te raak. Daar is geen bewys dat Israel berou het oor hulle sonde teen God nie. Hulle het 'n valse siening van God gehad as 'n tiran wat hulle wou doodmaak. Daar is geen bewys van dankbaarheid in die ontvangs van die water nie. Daar is geen verskoning aan Moses of enige dankbetuiging aan hom dat hy vir die water gepleit het nie. Niks is aangeteken om dit aan te dui nie. Die Israeliete het gedreig om Moses dood te maak. Kan ons ons voorstel hoe dit Moses sou seermaak? Hy kon in die rustige omgewing van sy woestynwoning gebly het om na sy gesin om te sien en sy kuddes te versorg. Hy het moontlik ook die gewrewelde ondankbaarheid gevoel wat hulle aan God betoon het. Dit sou 'n ware beproewing vir Moses gewees het. Met hierdie in gedagte ontvang hy die boodskap dat die Amalekiete die swakkelinge aanval en uitwis. Wat volgende gebeur, is van kardinale belang. Dit is 'n besluit wat onder druk en ontmoedigende omstandighede geneem word.

> En Moses het aan Josua gesê: Kies vir ons manne en trek uit, veg teen Ámalek. Môre sal ek op die top van die heuwel staan met die staf van God in my hand. Exodus 17:9

Dit sê nie "En die Here het Moses beveel" nie. Dit sê nie dat Moses in die heiligdom ingegaan en by die Here gesmeek het nie. Dit sê net dat Moses vir Josua gesê het om te gaan veg. Terwyl ek my voorstel hoe Moses na Josua toe loop, gaan alles in stadige beweging, en my gedagtes gaan terug na die tyd toe 'n man in die geslag van Moses 'n swaard opgehef het teen diegene wat sy gesin beledig het.

> Maar op die derde dag, toe hulle in die pyn was, neem die twee seuns van Jakob, Símeon en Levi, broers van Dina, elkeen sy swaard, en hulle oorval die sorgelose stad en slaan almal dood wat manlik was. (26) Hulle slaan ook Hemor en sy seun Sigem dood met die skerpte van die swaard; daarna neem hulle Dina uit die huis van Sigem uit en vertrek. (27) Die seuns van Jakob het op die gesneuweldes afgekom en die stad geplunder, omdat hulle hulle suster onteer het. (28) Hulle kleinvee en hulle beeste en hulle esels — wat in die stad en in die veld was — het hulle weggeneem. (29) En al hulle goed en al hulle kinders en hulle vroue het hulle as gevangenes weggevoer en as buit, en ook alles wat in die huise was. Genesis 34:25-29

Waarlik, Jakob kon dit betreur dat sy nageslag in die oë van die Kanaäniete en Feresiete 'n slegte nasmaak sou laat. Die seuns van Jakob het die swaard opgeneem en deur die geslagte heen sou die swaard hulle volg. Sien ons die gevolge van die kinders van Levi wat die verhaal vertel van hul vader wat namens sy suster opgestaan het om die Sigemiete dood te maak? Sou sommige van die kinders van Levi in die versoeking kom om trots te wees op wat hulle vader gedoen het om sy suster te beskerm? Sou Satan nie aan hulle voordoen dat Levi geregverdig is in sy optrede van selfverdediging nie? Sou hierdie verhaal makliker wees om te vertel as om te noem dat u vader 'n koelbloedige moordenaar was, sodat die skande hiervan deur die geslagte heen gedra moes word? Hierdie hele geskiedenis loop nou in die voetspore van Moses in die rigting van Josua.

Het veertig jaar in die woestyn Moses bevry van die versoeking om sy volk deur sy eie besluite te beskerm? Is Moses moontlik reeds meegedeel dat Amalek alreeds sommige van die swakkelinge in die kamp doodgemaak

het? Net voor sy dood onthou Moses:

> Dink aan wat Ámalek op die pad by julle uittog uit Egipte aan jou gedoen het, (18) hoe hy jou op die pad teëgekom het en by jou die agterhoede, al die swakkes agter jou, verslaan het terwyl jy moeg en mat was, en hy God nie gevrees het nie. (19) As dan die HERE jou God vir jou rus gee van al jou vyande rondom, in die land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee om dit in besit te neem, dan moet jy die gedagtenis van Ámalek onder die hemel uitdelg; vergeet dit nie. Deuteronómium 25:17-19

Het dit alles saamgeval volgens Satan se planne om Israel in die oë van die wêreld te laat stink? Het hy Israel daartoe gelei om weer die swaard op te neem, en is die karakter van God dus deur die eeue heen verkeerd voorgestel? Was hierdie optrede nie 'n manifestasie van die god wat Israel in gedagte gehad het nie? Indien hierdie god van hul verbeelding nie eers vir hulle water sou kon kry indien dit nodig was nie, hoe sou hy dan in die minste geraak wees indien die Amalekiete hul dood veroorsaak?

In die verhaal van Korag, Datan en Abiram en die 250 vorste sien ons hoe hierdie vrees vir 'n God, wat hulle in die woestyn wil doodmaak, daartoe lei om ander leierskap as Moses en Aäron te soek. Toe hulle by die grense van Kanaän aankom, het tien spioene 'n bose verslag omtrent die land gegee, omdat hulle nie kon glo dat God hulle liefhet en net goed aan hulle wou doen nie. Hulle het al Sy beskerming en sorg geïgnoreer en gefokus op die geringste dingetjie wat negatief was, en nie vertrou dat God die wysheid en suiwer bedoeling gehad het om beproewing te gebruik om hulle te reinig nie. Satan kon hulle maklik oor hierdie dinge versoek, omdat hulle in 'n God geglo het wat hulle wou doodmaak en enige tyd van gedagte kon verander. Elke keer wanneer Satan toegelaat is om deur die beskermingsmuur te breek en die Israeliete skade te berokken, sou hy vir hulle sê dat God hulle direk met Sy eie hand straf. Hoe hartseer moes dit tog vir God gewees het dat Sy volk sulke leuens omtrent Hom gewilliglik glo.

> En al die kinders van Israel het gemurmureer teen Moses en teen Aäron, en die hele vergadering het aan hulle gesê: Ag, as ons maar in Egipteland gesterf het! Of as ons maar hier in die woestyn gesterf het! (3) **En waarom bring die HERE ons na hierdie land om deur die swaard te val? Ons vroue en ons**

> **kinders sal 'n buit word**. Sal dit nie beter vir ons wees om na Egipte terug te gaan nie? Númeri 14:2-3

> Al die manne wat my heerlikheid en my tekens gesien het wat Ek in Egipte en in die woestyn gedoen het, **en My nou al tien maal versoek het en na my stem nie geluister het nie**, (23) hulle sal die land nie sien wat Ek aan hulle vaders met 'n eed beloof het nie, ja, almal wat My verag het, sal dit nie sien nie. Númeri 14:22-23

Nadat aan Israel gesê is dat hulle weens hul sonde nie kon optrek om die land in besit te neem nie, het hulle weer in opstand gekom en besluit om op te gaan en te veg, maar God het hulle nie beveel om te gaan veg nie. Nadat veertig jaar verbygegaan het en 'n hele generasie dood is, het hulle weer tot by die grens gekom. Die sondes van die vaders was nog in die monde van hulle kinders:

> **En die volk het teen God en teen Moses gespreek: Waarom het U ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn te sterwe?** Want daar is geen brood en geen water nie, en ons siel walg van die ellendige kos. Númeri 21:5

Satan het die hele tyd by Moses aangedring om moed op te gee met hierdie ellendige sukkelaars. God het Moses ter wille van homself op hierdie punt getoets en gelukkig het Moses met die Gees van Christus gereageer en God gevra om die volk te vergewe, wat Hy genadiglik gedoen het. Tog, toe hy sien dat Israel selfs slegter as voorheen was, het hy toegegee aan die versoeking.

> En Moses en Aäron het die vergadering voor die rots laat byeenkom, en hy het vir hulle gesê: Hoor tog, julle wederstrewiges, moet ons vir julle water uit hierdie rots laat vloei? (11) Daarop tel Moses sy hand op en hy slaan die rots twee maal met sy staf; en daar het baie water uitgekom, sodat die vergadering gedrink het en hulle vee. Númeri 20:10-11

Moses, wat aan hierdie versoeking toegegee het, het Satan groter toegang tot die denke van die Israeliete gegee. Moses het op soveel maniere vir hulle gebid en tussen hulle en Satan gestaan. Tog het hierdie stap Satan bevoordeel. Satan was verheug dat hy Aäron se lewe kon neem as gevolg

van hierdie mislukking.

> Aäron sal by sy volksgenote versamel word, want hy mag nie kom in die land wat Ek aan die kinders van Israel gegee het nie, omdat julle teen my bevel wederstrewig was by die waters van Mériba. Númeri 20:24

Met groter toegang tot die denke van die Israeliete het Satan hulle aangespoor om 'n ooreenkoms met God aan te gaan - die God wat hulle gedink het graag mense wou doodmaak. Hulle is deur 'n ander stam vir hul sondes aangeval, en nou het hulle in hul desperaatheid 'n gelofte afgelê:

> TOE die Kanaäniet, die koning van Arad, wat in die Suidland gewoon het, hoor dat Israel met die pad van Átarim kom, het hy teen Israel geveg en sommige van hulle as gevangenes weggevoer. (2) **Daarop het Israel aan die HERE 'n gelofte gedoen en gesê: As U hierdie volk heeltemal in my hand gee, sal ek hulle stede met die banvloek tref**. (3) **En die HERE het gehoor na die stem van Israel** en die Kanaäniete oorgegee. En hy het hulle en hul stede met die banvloek getref en die plek Horma genoem. Númeri 21:1-3

God het die Israeliete nie gevra om hul vyande dood te maak nie; hulle valse siening van God het hulle laat glo dat Hy Sy toestemming sou gee om so 'n bloeddorstige gelofte af te lê. Daarmee wou hulle Sy goedkeuring verkry, sodat Hy hulle sou help. Dit sê dat God na hulle stem geluister het. Waarom het God na hulle stem geluister? Sou dit hulle nie net versterk in die idee dat God wou hê dat hulle hul vyande moes doodmaak nie? Die antwoord word gevind in die gelykenis van die talente:

> En 'n ander een kom en sê: Meneer, hier is u pond wat ek in 'n doek weggesit het; (21) want ek was bang vir u, omdat u 'n strawwe man is; u neem weg wat u nie uitgesit het nie, en maai wat u nie gesaai het nie. (22) Toe sê hy vir hom: **Uit jou mond sal ek jou oordeel, slegte dienskneg**! Jy het geweet dat ek 'n strawwe man is wat wegneem wat ek nie uitgesit het nie, en maai wat ek nie gesaai het nie. (23) Waarom het jy dan nie my geld aan die wisselaars gegee nie? Dan kon ek dit by my koms met rente ingevorder het. Lukas 19:20-23

Die lui dienskneg het hom voorgestel dat die Here 'n strawwe persoon is. Volgens hierdie oortuiging het hy uitspraak ontvang. Soos die Skrif sê:

> Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word. (13) Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie; en die barmhartigheid roem teen die oordeel. Jakobus 2:12-13

God het toegelaat dat die man wat 'n valse siening van Hom gehad het, volgens sy eie idees beoordeel word. Hoe doen God dit?

> Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Galásiërs 6:7

> Wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag. Exodus 34:7

Terwyl Israel 'n gelofte aan God gemaak het om die Kanaänitiese koning dood te maak, is hulle deur die gees van Satan geregeer. Hulle het teen God gemurmureer en gekla en met elke geleentheid in opstand gekom teen Hom. God het hulle gewaarsku en aangemoedig om Sy gebooie na te kom:

> Luister dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat die HERE, die God van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem. Deuteronómium 4:1

> Al die gebooie wat ek jou vandag beveel, moet julle sorgvuldig hou, dat julle mag lewe en vermenigvuldig, en dat julle mag inkom en die land in besit neem wat die HERE aan julle vaders met ’n eed beloof het. Deuteronómium 8:1

Tog het Israel geweier om God te gehoorsaam, en Satan is in staat gestel om hul begeertes te beheer, wat lei tot genadelose oordeel. God het aan hulle gegee wat hulle wou hê, alhoewel dit nie Sy plan was nie. Hy het ook aan die heidense nasies gegee wat hulle vrees; aangesien hulle nie meer

beskerming geniet het nie. Satan het Israel gebruik om die Kanaäniete dood te maak. Sodoende sou hy miljoene mense na hul dood lei deur 'n valse begrip van die karakter van God, naamlik iemand wat mense vermoor en doodmaak.

Ons kry 'n oorsig van God se plan om die vyande van Israel sonder wapens te verslaan, in verse soos hierdie:

> Toe julle die Jordaan deurgetrek en by Jérigo gekom het, het die burgers van Jérigo, die Amoriete en Feresiete en Kanaäniete en Hetiete en Girgasiete, die Hewiete en Jebusiete teen julle geveg; maar Ek het hulle in julle hand gegee (12) en perdebye voor julle uit gestuur, wat hulle voor julle uit verdryf het, — die twee konings van die Amoriete — **nie deur jou swaard en nie deur jou boog nie**. Josua 24:11-12

> En hy het gesê: Luister, almal wat uit Juda is en inwoners van Jerusalem en u, koning Jósafat! So sê die HERE aan julle: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God. (16) Trek môre af teen hulle: kyk, hulle kom op met die hoogte Hassis, en julle sal hulle aantref aan die kant van die dal voor die woestyn Jerúel. (17) Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die HERE by julle, Juda en Jerusalem! Vrees nie en wees nie verskrik nie; trek môre teen hulle uit, en die HERE sal met julle wees. (18) Toe buig Jósafat hom met die aangesig na die aarde toe, en die hele Juda en die inwoners van Jerusalem het voor die aangesig van die HERE neergeval om die HERE te aanbid. (19) En die Leviete uit die kinders van die Kehatiete en uit die kinders van die Koragiete het opgestaan om die HERE, die God van Israel, met 'n baie groot stem te prys. (20) Daarop maak hulle die môre vroeg klaar en trek na die woestyn van Tekóa uit; en terwyl hulle uittrek, het Jósafat gaan staan en gesê: Luister na my, Juda en inwoners van Jerusalem! Glo in die HERE julle God, dan sal julle bevestig word; glo aan sy profete, dan sal julle voorspoedig wees. (21) **En hy het met die volk beraadslaag en tot eer van die HERE sangers opgestel wat, in heilige sieraad, moes lofsing en by die uittrek op die voorpunt van die gewapendes moes sê: Loof die HERE, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid**! (22) En op die oomblik toe hulle die gejubel en die

> lofsang aanhef, het die HERE 'n hinderlaag opgestel teen die kinders van Ammon, Moab en die mense van die gebergte Seïr wat teen Juda gekom het, sodat hulle verslaan is. (23) Die kinders van Ammon en Moab het naamlik opgetree teen die inwoners van die gebergte Seïr om uit te roei en te verdelg; en toe hulle met die inwoners van Seïr klaar was, het hulle mekaar in die verderf gehelp. 2 Kronieke 20:15-23

Israel is in staat gestel om die land Kanaän deur oorlogvoering in te neem, maar dit was nie wat God oorspronklik bedoel het nie. Aangesien Israel gedurig gevrees het dat God hulle probeer doodmaak en hulle aan Sy liefdevolle sorg getwyfel het, kon Satan hulle verlei om God te belowe om die Kanaäniete en ander heidense nasies dood te maak. Israel is die oorwinning gegee in die geveg, maar Satan het die stryd teen God se karakter gewen. Israel is deur hul oorwinning verslaan en slawe gemaak van 'n valse siening van God.

In hierdie laaste dae kry ons die geleentheid om die karakter van God te aanskou soos dit werklik is. In die aangesig van Jesus Christus kan ons die ware begeertes van ons hemelse Vader begin ontdek. Hoeveel mense het Jesus met die swaard doodgemaak? Hoeveel het Hy met vuur verbrand? Hoeveel kinders het Hy met 'n spies deurboor? Absoluut geen! Almal wat aan idees vashou dat God gekom het om mense se lewens te vernietig, word herinner aan die woorde van Jesus:

> Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; (56) want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red. En hulle het na 'n ander dorp vertrek. Lukas 9:55-56

Die swaard wat Jesus gebruik, is die swaard wat uit Sy mond kom. Sy swaard is Sy Woord.

> En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. Openbaring 1:16

> Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van

> siel en gees en van gewrigte en murg, en is ’n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. Hebreërs 4:12

> Toe sê Hy vir hulle: Maar nou, wie ’n beurs het, laat hom dit neem en so ook die reissak; en wie dit nie het nie, moet sy kleed verkoop en ’n swaard koop. Lukas 22:36

> …en die swaard van die Gees — dit is die woord van God — Efésiërs 6:17

Die volgeling van Christus sal Sy voorbeeld volg. Christus het nooit 'n fisiese swaard gebruik nie. Hoe verklaar ons dan hierdie vers?

> Hulle sê vir Hom: Here, kyk hier is twee swaarde. En Hy antwoord hulle: Dit is genoeg. Lukas 22:38

Jesus het twee verse vroeër vir die dissipels gesê: “wie dit [‘n swaard] nie het nie, moet sy kleed verkoop en 'n swaard koop.” Toe die dissipels twee fisiese swaarde uitgehaal het, het hulle nie hul klere verkoop om dit te bekom nie. Die verklaring van Jesus was vir die individu. Elke man moes sy kleed verkoop om 'n swaard te koop. Wat van die res van die dissipels en die gebod om u kleed te verkoop? Wat is die kleed wat Jesus wou hê dat die dissipels moes verkoop?

> En Josua was bekleed met vuil klere, terwyl hy voor die Engel staan. (4) Daarop het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: **Neem die vuil klere van hom weg**. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere. Sagária 3:3-4

Jesus het vir Pilatus gesê dat Sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie.

> Jesus antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; **as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het**, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie. Johannes 18:36

Jesus het vir Pilatus gesê dat Sy dienaars nie op die wêreld se manier sou veg nie. Die dissipels het nodig gehad dat hul harte gereinig moes word om die woord van die waarheid reg te verdeel. 2 Timoteus 2:15. Ons merk

ook op dat, wanneer die dissipels vir Jesus die twee swaarde wys, sê Hy: "Dit is genoeg." As Hy van mening was dat twee swaarde genoeg was, sou Hy gesê het: "hulle is genoeg", want hulle het meer as een swaard gehad. Indien Jesus om die een of ander rede gesê het dat twee swaarde genoeg is, is die vraag: genoeg waarvoor? Sou hulle altyd saam moes reis, en die twee swaarde saamneem, sodat hulle dit altyd byderhand gehad het? Was dit genoeg swaarde om hul teen die Romeine of tempelwagte te verdedig? Hierdie idee maak glad nie sin nie. Toe Jesus in die enkelvoud gesê het "dit is genoeg", bedoel Hy dat dit genoeg is van die soort praatjies. Die uithaal van die twee swaarde onthul die kleed wat hulle moes verkoop om die ware swaard van God se Woord te hê, om die evangelie van vrede te verkondig. Dit is hoe Hy Sy dissipels aangesê het om te reageer teenoor diegene wat hulle teëstaan:

> Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand. (39) Maar Ek sê vir julle dat julle **'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe**. (40) En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bo-kleed kry. (41) En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam. (42) Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie. (43) Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. (44) **Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg**; (45) sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges. Matthéüs 5:38-45

Sal Satan u in die oorwinning van Israel oor Kanaän met die swaard verslaan, of sal u sien dat ons barmhartige Vader mense toelaat om hul eie keuse en eie weg te volg tot aan die einde van die pad? Kies u vandag vir wie u sal dien; wat my en my huis betref, ons sal die ewige barmhartige God dien wat geensins die ongeregtigheid ongestraf laat bly nie, maar toelaat dat die koring en die onkruid ryp word totdat die oes kom, sodat elkeen se hart geopenbaar sal word.

Hoe is dit moontlik om hierdie dinge te vervul met 'n swaard of geweer in

u hand om u te beskerm? Is dit nie tyd om die swaard weer op sy plek te sit nie? Laat dit daar roes, en vertrou op ons Vader om Sy engele te stuur om na ons om te sien. Die verowering van Kanaän deur Israel is deur die swaard uitgevoer, omdat die meeste van hulle nie op die Here vertrou het om die Kanaäniete deur die vrees van God uit te dryf nie. Al hul gebrom, gekla en vrees dat God hulle in die woestyn wou doodmaak, het beteken dat, in plaas van 'n lig vir die heidene te wees, die sonde van die nasies rondom Israel deur die sonde van Israel gestraf is. Soos die gebooie sê:

> Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; Exodus 20:5

Baie van die Israeliete het God gehaat, omdat hulle gevrees het dat Hy hulle in die woestyn sou doodmaak. Die sondes van hul voorvaders is voortgesit, en die geskiedenis van Israel is dus deurweek met bloed. Moenie dat die oorwinnings van Israel met die swaard u begrip van die karakter van God, soos dit in Jesus geopenbaar word, vernietig nie. Moenie toelaat dat 'n groep brommende, klaende slawe vir u bepaal hoe God is nie. Laat ons al die gebooie van God onderhou, insluitend die een wat sê: "Jy mag nie doodslaan nie."

# 13. Die Doringkroon

Christus se verhoor en sy dood konfronteer ons met die ellende van die menslike natuur. Die mans en vroue wat aan die vernedering, slae en dood van Christus deelgeneem het, was bloot 'n manifestasie van die gees van die mensdom, wat die Gees van Christus vanaf die sondeval verag en verwerp het. Die toue wat Jesus vasgebind het, die stokke waarmee Hy geslaan is, die hout en spykers van die kruis waarop Hy gekruisig is, was alles dinge wat Hy self geskep het. Ons lees:

> Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. Johannes 1:3

Die doringkroon wat op Sy kop geplaas is, was uiters betekenisvol en bevat 'n diep geestelike waarheid. Toe Adam in sonde verval het, was die dorings wat daaruit gekom het, 'n manifestasie van die vloek wat deur die sonde gebring is.

> En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie — **vervloek is die aarde om jou ontwil**; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. (18) **Ook sal dit vir jou dorings en distels** voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. Genesis 3:17-18

Waarom het die vloek op die aarde geval? Wat was die verhouding tussen die mens en die aarde?

> En die HERE **God het die mens geformeer uit die stof van die aarde** en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword. Genesis 2:7

> En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en **laat hulle heers oor** die visse van die see en die

> voëls van die hemel en die vee en **oor die hele aarde** en oor al die diere wat op die aarde kruip. Genesis 1:26

God het die mens van die aarde geformeer en Hy het die mens heerskappy oor die aarde gegee. Hierdie feit onthul dat daar 'n intieme band tussen die mens en die aarde bestaan. Die dinge wat die mens doen, het 'n direkte invloed op die aarde. Die vloek wat op Adam geval het, word onmiddellik weerspieël in die dorings en distels wat dit voortgebring het. Die aarde is vervloek ter wille van die mens, sodat hy in die stuiptrekkings van die natuur 'n aanwyser sou kon sien van die vlak van goddeloosheid wat in die menslike samelewing bestaan, en daarom kan dit as waarskuwing van gevaar dien.

> En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. (7) Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. Matthéüs 24:6-7

Daar is 'n oorsaaklike verband tussen die oorloë en konflik van mense aan die een kant, en aan die ander kant die stuiptrekkings en stryde in die natuur. Namate konflik en verdorwenheid in die samelewing toeneem, neem die rampe in die natuur toe; die natuur is dus 'n barometer van die vlak van rebellie in die mens. Wanneer die briesies van die natuur, ontwerp om die mens af te koel en te vertroos, in orkane verander; of as reën wat ontwerp is om lewe te gee, veroorsaak dat riviere hul oewers oorstroom en dood en vernietiging bring, dan sien ons bewyse van dieselfde rebellie wat bestaan in die harte van mense, wanneer dit in die rampe van die natuur gemanifesteer word.

Die oorsaaklike verband tussen mens en natuur beteken dat die rebellie van wind, vuur en vloede sal toeneem namate die rebellie van die mensdom toeneem. Namate die mens die gebooie van God met groter ywer verbreek, sal die aarde die natuurwette breek en hul eie rebellie aan die mense weergee. Namate die gees van rebellie in mense opstaan teen Christus en hulle probeer om die Een wat oor hulle heers, dood te maak, so sal die natuur in opstand kom teen die mensdom en probeer om hom dood te maak. Namate mense op die aarde ronddwaal en ander verslind

met hul tonge en swaarde, sal die wilde diere op die aarde ronddwaal en hulle op dieselfde manier verslind. Dit wat iemand saai, sal hy ook maai. Aan die ander kant sal die aarde nie in stryd wees met die persoon wat in vrede met God is nie, en nie in opstand teen Hom is nie.

> Kyk, gelukkig is die man wat God kasty; verwerp daarom die tugtiging van die Almagtige nie. (18) Want Hý doen smart aan, maar verbind ook; Hy verbrysel, maar sy hande maak gesond. (19) In ses benoudhede sal Hy jou red, ja, in sewe sal geen onheil jou tref nie. (20) In hongersnood verlos Hy jou van die dood en in die oorlog uit die mag van die swaard. (21) As die tong gésel, word jy weggesteek; en jy hoef nie te vrees vir verwoesting as dit kom nie. (22) Oor verwoesting en broodsgebrek sal jy lag, en vir die wilde diere van die aarde hoef jy nie te vrees nie. (23) Want met die klippe van die veld is jou verbond, en die wilde diere van die veld is met jou bevriend. (24) En jy sal uitvind dat jou tent in vrede is; en as jy op jou woonplek rondkyk, sal jy niks vermis nie. Job 5:17-24

Terwyl Christus aan die kruis gehang het, het die son nie geskyn nie, die aarde het geskud en weerligstrale het uit die hemel geblits. Die natuur was in simpatie met sy Outeur, die Seun van God. Terselfdertyd, terwyl Hy die sondes van die wêreld en die doringkroon dra, lyk dit asof die natuur probeer om Hom dood te maak.

> Toe het die aarde geskud en gebewe; die fondamente van die berge het gesidder en geskud, omdat Hy toornig was. (9) Rook in sy neus het opgegaan, en 'n vuur uit sy mond het verteer; kole uit Hom het gebrand… (14) En die HERE het in die hemel gedonder, en die Allerhoogste het sy stem laat hoor; hael en gloeiende kole. (15) En Hy het sy pyle uitgestuur en hulle verstrooi; ja, sy bliksems in menigte, en Hy het hulle verwar. (16) En die beddings van die waters het sigbaar geword, en die fondamente van die wêreld is blootgelê vanweë u dreiging, o HERE, vanweë die geblaas van die wind van u neus. Psalms 18:8-9,14-16

Die stuiptrekkings van die natuur tydens die dood van Christus aan die kruis, gee aan ons leidrade oor hoe die natuur die opstand van die mens weerspieël. Die onskuld van Jesus het veroorsaak dat die natuur simpatie

met Hom gehad het; tog, as ons Sondedraer, het die natuur Hom met sy doringkroon deurboor. Dit lyk asof die weerligstrale uit die hemel die misnoeë van die hemel self aandui. Ons kan die redes vir die sondvloed ontdek in hierdie verhouding tussen mens en natuur. Die Bybel sê van diegene wat voor die sondvloed geleef het:

> Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, (2) **sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het.** (3) Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar. (4) In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam. (5) **Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,** (6) het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart. Genesis 6:1-6

Die Bybel sê dat die versinsels van die mens wat hy in sy hart bedink altyddeur net sleg was. Manne gevul met wellus en dors na mag het elke denkbare gruwel beoefen. Die ongebreidelde goddeloosheid van die mens het 'n groter en groter invloed op die aarde gehad. Die rebellie van mense teen die wet van God word direk in die masjinerie van die natuur gevoer.

God het die wêreld in genade deur Noag gewaarsku dat daar 'n vloed op die aarde sou kom. Namate die mens hulself moreel vernietig het, sou hierdie vernietiging op die aarde gemanifesteer word.

> Maar die aarde was **<u>verdorwe</u>** [H7843] voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld. (12) Toe sien God die aarde aan, en — dit was **<u>verdorwe</u>** [H7843], want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe. (13) En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; **want die aarde is deur hulle vervul met geweld**. En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde **<u>verdelg</u>** [H7843]. Genesis 6:11-13

Toe God na die aarde gekyk het, het Hy gesien dat mense hulleself

heeltemal laat verderf het. Dieselfde Hebreeuse woord vir *verdorwe* in Genesis 6:11 word in Genesis 6:13 gebruik as *verdelg*. In hierdie verse word ons weereens uitgedaag om te vra hoe ons hierdie gedeeltes lees. Nou kan 'n mens aflei dat God besluit het om al die bewoners van die aarde, behalwe agt, te vernietig vanweë hulle verdorwenheid en sodoende die goddeloosheid tot 'n einde te bring. Omgekeerd kan u sien dat God geweet het dat die verdorwenheid van die mense uiteindelik op die aarde sou weerspieël word en dat hierdie korrupsie die wêreld sou vernietig. Namate mense in oorvloed geleef het en teen die wet van God in opstand gekom het, sou die aarde sy perke oorskry en teen mense in opstand kom.

Die Bybel sê dat God gesien het dat die aarde vol geweld was. Die meeste Christene glo dat God op geweld van die mens sou reageer deur Self gewelddadig te word en almal in 'n hewige vloed dood te maak. Dit is so hartseer om te glo dat God gewelddadig sou word, soos die mens, om hulle in geweld aan Hom te onderwerp. Hoeveel geweld vind u in die Seun van God, wat die afdruksel van Sy Vader se Wese is?

> En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by ’n ryke was Hy in sy dood, omdat **Hy geen onreg gedoen het nie** en geen bedrog in sy mond gewees het nie. Jesaja 53:9

Waar kom die geweld vandaan?

> Weens die grootheid van jou [Satan se] koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; Eségiël 28:16

Die Skrif sê dat die bose die goddelose sal doodmaak. Psalms 34:22. Die natuurwette vereis nie dat God gewelddadig teenoor die mens moet wees nie. Die Skrif gee vir ons 'n aanduiding van hoe hierdie wette aan die begin vasgestel is.

> Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? **Wie het die waters in ’n kleed saamgebind**? **Wie het al die eindes van die aarde vasgestel**?... Spreuke 30:4

> Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? Gee te kenne as jy insig het. (5) Wie het sy afmetinge bepaal? — jy weet dit mos! Of

wie het daaroor die meetsnoer gespan? (6) Waar is sy fondamentklippe op ingesink? Of wie het sy hoeksteen gelê? (7) Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het? (8) En wie het die see met deure afgesluit toe dit uitgebreek, uit die moederskoot voortgekom het? (9) **Toe Ek die wolk tot sy kleding gemaak het en die donkerheid tot sy windsel**. (10) **Toe Ek my grens daarvoor uitgebreek en grendel en deure gemaak het**; (11) **en gesê het: Tot hiertoe mag jy kom en nie verder nie; en hier word 'n grens gestel vir jou trotse golwe**. Job 38:4-11

Het jy gekom by die skatkamers van die sneeu? En het jy die skatkamers van die hael gesien, (23) **wat Ek opgespaar het vir die tyd van benoudheid, vir die dag van stryd en oorlog**? (24) Waar is tog die weg na die plek waar die lig gedeel word, die oostewind hom uitsprei oor die aarde? (25) **Wie het 'n kanaal gesplyt vir die stortvloed en 'n pad vir die onweerstraal**; (26) om te laat reën op 'n land waar geen mens is nie, op 'n woestyn waar niemand woon nie; (27) om woestheid en verwoesting te versadig en op die groeiplek jong gras te laat uitspruit? Job 38:22-27

**Die stem van die HERE is op die waters, die God van eer donder; die HERE is op die groot waters**. (4) Die stem van die HERE is met krag; die stem van die HERE is met heerlikheid. (5) Die stem van die HERE breek seders; ja, die HERE verbreek die seders van die Líbanon; (6) en Hy laat hulle opspring soos 'n kalf, die Líbanon en Sirjon soos 'n jong buffel. (7) **Die stem van die HERE slaan daar vuurvlamme uit**. (8) Die stem van die HERE laat die woestyn bewe; die HERE laat die woestyn van Kades bewe. (9) Die stem van die HERE laat die takbokke lam en maak die bosse kaal; maar in sy paleis sê elkeen: Heerlikheid! (10) Die HERE het gesit oor die Watervloed; ja, die HERE sit as Koning tot in ewigheid. (11) **Die HERE sal sy volk sterkte gee, die HERE sal sy volk seën met vrede**. Psalms 29:3-11

Die stem van die Here uitgespreek oor die natuurelemente spreek van hierdie wette in die natuur. Hierdie wette wat ontwerp is om die mens te seën en te ondersteun, en wat sy onderdanige, gehoorsame gees aan God sou weerspieël, word verander in 'n wapen teen die mens wat hulle

vernietig. Op dieselfde manier wat die mens die suiwer sap van druiwe neem en dit bederf om alkohol te produseer wat dood en vernietiging veroorsaak, besoedel die mens die aarde met hul verdorwe verstand en verander hulle die natuur in 'n vernietigingswapen teen hulself. Afgodediens, godslastering, moord, diefstal, hebsug en al die sondes waarteen daar binne die Tien Gebooie, insettinge en verordeninge gepraat word, sal 'n vloek op die aarde bring.

Die Israeliete word deur Moses ook gewaarsku dat die aarde op hul verdraaide moraliteit sou reageer.

> Volgens die werke van die land van Egipte waar julle in gewoon het, mag julle nie doen nie; en volgens die werke van die land Kanaän waarheen Ek julle bring, mag julle nie doen nie, en julle mag in hulle insettinge nie wandel nie. Levítikus 18:3

Die Here het Israel gewaarsku om nie owerspel, bloedskande, sodomie, homoseksualiteit en ander verdorwe begeertes te beoefen nie. Indien hulle hierdie dade pleeg, sou die land sekerlik reageer.

> Verontreinig julle nie deur al hierdie dinge nie, want deur al hierdie dinge is die heidene verontreinig wat Ek voor julle uit verdryf. (25) So het die land dan onrein geword; en Ek besoek sy ongeregtigheid daaraan, **sodat die land sy inwoners uitspuug**. Levítikus 18:24-25

Die verdraaide seksuele aptyt van die mens het 'n invloed op die aarde. Die langdurige blootstelling van die aarde aan hierdie gruwels veroorsaak dat die aarde gewelddadiglik naar word, en dit sal die inwoners van die aarde wat hierdie dinge doen, uitspuug.

> Die aarde treur, dit verwelk; die wêreld versmag, dit verwelk; en die hoogstes van die mense van die aarde versmag. (5) Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. (6) **Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer en bly daar min mense oor**. Jesaja 24:4-6

Hierdie verse toon duidelik die weg van vernietiging en hoe die oortreding

van die wet van God veroorsaak dat die aarde verontreinig word en hoe dit daarop reageer. Die profeet Jesaja meld dat die oortreding van die mens veroorsaak dat die vloek die aarde verslind en sy inwoners verbrand. Die voormalige vernietiging van die aarde deur water in die vloed en die toekomstige vernietiging van die aarde deur vuur word op die volgende manier gekoppel aan die begeerlikhede van die mens:

> **Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel** (4) en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af. (5) Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en 'n aarde wat uit water en deur water ontstaan het deur die woord van God, (6) **waardeur die toenmalige wêreld met water oorstroom is en vergaan het**. (7) Maar die teenswoordige hemele en die aarde is **deur dieselfde woord as 'n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense**. 2 Petrus 3:3-7

Die vloed is veroorsaak deur die begeerlikhede en bose gedagtegange van die mens. Dieselfde proses sal plaasvind wanneer die aarde deur vuur verteer word. Soos die mens in hul begeertes vir mekaar gebrand het in die dae van Sodom, so is die stad met vuur verbrand, sodat daar min mense oor was. In werklikheid was daar net drie mense wat van daardie verdoemde stad ontsnap het.

Die vernietiging van Sodom is 'n waarskuwing vir ons van wat aan die einde van die tyd gaan gebeur.

> Soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, **wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aangeloop het**, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan. Judas 1:7

Sodom en Gomorra het hulself aan hoerery en onsedelikheid oorgegee. Paulus beskryf die boosheid van die Sodomiete, omdat die mans van daardie stad die besoekers wat in die huis van Lot tuisgegaan het, seksueel wou misbruik.

> En net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en **in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand**: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. Romeine 1:27

Die brandende begeerlikheid van die mans van Sodom, wat 'n algehele oortreding van die wet van God was, het die aarde en die natuur met stuiptrekkings laat reageer en die inwoners uitgespuug, sodat daar min mense oor was. Die Here het dit in die hart van Abraham geplaas om vir die stad, Sodom te pleit om op een of ander manier die stad sowel as die inwoners te red van die onvermydelike gevolge van hulle brandende begeertes. Christus het die gewig van hulle begeerlikhede gedra om die natuurkragte terug te hou terwyl Hy die mense van Sodom tyd gegee het om hulle te bekeer. Tydens die vloed het dieselfde ding gebeur. Voor die sondvloed het die Here die natuurkragte weerhou solank as wat Hy kon om die volk tyd te gee om te kies om hulle te bekeer sodat hulle gered word.

Tydens daardie wagtydperk het die hele skepping gekreun en geswoeg onder die gewig van die mens se sondigheid, en dit bring ons terug na die werklikheid van die kruis en die doringkroon.

> …Christus, die krag van God en die wysheid van God. 1 Korinthiërs 1:24

Dit is deur hierdie krag wat Christus die wêreld onderhou.

> Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en **alle dinge dra deur die woord van sy krag**... Hebreërs 1:3

> Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, **trone sowel as heerskappye en owerhede en magte — alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape**. Kolossense 1:16

Aangesien Jesus alles deur Sy krag handhaaf, is die gees van rebellie in die mens wat hierdie geskape wêreld beïnvloed, vir Hom soos 'n voortdurende doringkroon, wat Hom daagliks deurboor, terwyl Hy alles in

Sy vermoë doen om die gevolge van die mens se bose natuur te weerhou om die aarde te beskadig en te vernietig. In hierdie konteks ontdek ons dat dit die lyding van Christus namens die mens is, wat die vier winde van stryd terughou.

> EN ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en **hulle het die vier winde van die aarde vasgehou**, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. Openbaring 7:1

Die enigste rede waarom die engele hierdie winde kan vashou, is omdat Christus die volle mag van die goddeloosheid van die mens op Homself neem en sodoende die impak van rebellie op die natuur en die aarde vertraag. Wanneer 'n samelewing totaal en al teen die Gees van Christus in opstand kom, is daar niemand meer om in die opening te staan en die opstandige gees van die mens op te neem, om te voorkom dat stryd in die natuur gemanifesteer word.

Die wêreld soos ons dit ken, is heeltemal besoedel met goddeloosheid. Die internet is gevul met pornografie en mense kyk oral na films met onsedelikheid en geweld. Die hoeveelheid misdaad, oorlog en geweld wat ons nuus se hoofopskrifte oorheers, dui op die onstabiliteit wat direk omgeskakel moet word in die fisiese elemente van die natuur wat oorspronklik onder ons heerskappy geplaas is.

Op hierdie stadium behoort die wêreld sy inwoners uit te spuug. Die rede waarom dit nie gebeur nie, is omdat die Lam van God ***steeds*** die doringkroon dra; Hy word ***steeds*** verag en verwerp; Hy word ***steeds*** deurboor deur die kras woorde en goddelose gedagtes van mense. Tog absorbeer Hy soveel as moontlik hiervan, sodat ons meer tyd het om hierdie dinge te besef en ons te bekeer.

Weet vir seker dat die rustigheid wat u ervaar, wanneer u weer in ‘n bos of langs 'n rustige rivier of meer stap, gebring word deur ons geliefde Verlosser wat die gewig dra van die mens se opstand. Deur hierdie gewig te dra, voorkom Hy soveel as moonlik dat die gevolge van rebellie in aardbewings, orkane, oorstromings en rampe ontplof. Die feit dat hierdie rampe toeneem, beteken dat die goddeloosheid in die mens toeneem. Wanneer Christus byna universeel verwerp word, sal die vier winde op die

aarde losgelaat word en dan sal die natuur die woede van die mens weerspieël.

Dit is die rede waarom die Bybel sê:

> En die HERE het swawel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van die HERE uit die hemel, Genesis 19:24

Die krag wat die natuurelemente onderhou, kom van Christus, omdat Hy die hele skepping onderhou. Hierdie krag wat in die natuur geplaas word, volg die bepaalde wette wat deur ons Vader in die hemel ingestel is. Hierdie wette is ontwerp om die vrede en harmonie wat in die harte van mense moes bestaan, te weerspieël terwyl hulle met hul Skepper in gemeenskap is. Die aarde sou gevul wees met welige woude vol ongelooflike vrugte, neute en sade, en die kleur van die lewe sou oral in die skoonheid van heiligheid geopenbaar word. Dieselfde wette word aangewend om dood en vernietiging te bring wanneer die mens aanhoudend in opstand kom, en die krag wat hierdie dinge veroorsaak, is die krag van Christus wat aan onveranderlike wette gehoorsaam is. Dit verklaar die simboliek van die staf wat in 'n slang verander het, maar ons sal dit in 'n ander hoofstuk bespreek.

Die sondvloed van die aarde en die vuur wat op Sodom geval het, was nie willekeurige dade van God as vergelding vir die boosheid van die mens nie. Hierdie gebeure is so lank as moontlik deur Christus teruggehou om die mens kans te gee om hulle te bekeer en hul gevaar te besef. Alhoewel hierdie wette vasgestel en as ‘n seën aan die mensdom gegee is, is Christus in die posisie geplaas om die negatiewe gevolge van die omgekeerde werking van hierdie wet te dra. Die oomblik dat Christus 2000 jaar gelede gesterf het, merk ons dadelik die gevolge op die aarde:

> En toe die hoofman oor honderd en die wat saam met hom Jesus bewaak het, **die aardbewing sien** en die dinge wat daar gebeur, het hulle baie bevrees geword en gesê: Waarlik, Hy was die Seun van God. Matthéüs 27:54

Wanneer die tweede dier van Openbaring 13 alle mense die eerste dier laat aanbid en almal 'n merk op hul voorhoofde of in hul hande laat ontvang, sal Christus weereens gekruisig word deur die verwerping van Sy

gebooie. Die vier winde sal op die aarde losgelaat word, en die opstandige gees van die mens sal soos brandende kole in die hart van die aarde wees, en die aarde sal homself in 'n gees van geweld oprig en homself en sy inwoners vernietig. Slegs diegene wat geleer het waar die skuilplek van die Allerhoogste is en in die skadu van die Almagtige woon, deur die onderhouding van die gebooie van God deur die geloof van Jesus, sal teen hierdie verskriklike dinge beskerm word. Al val duisend aan hulle sy en tienduisend aan hul regterhand, sal die dood nie naby hulle woning kom nie (Psalm 91:7), omdat hulle in vrede met God en dus ook met die aarde is.

Jesus kon rustig slaap in 'n boot omring deur 'n storm, want die aarde was nie in stryd met Hom nie. Deur die eeue heen was daar baie gevalle dat die wind en die golwe gereed was om Sy volgelinge weg te vee, maar Hy staan op en sê vir die elemente: “Swyg, wees stil!” Ek versoek u om saam met die engele uit die stad, Sodom te vlug en in die Ark van veiligheid te kom. Dit is nou die tyd om tot bekering te kom en vir die Gees van Jesus te vra, sodat ons kan ophou om harte in opstand teen God te hê, wat veroorsaak dat die aarde teen ons in opstand kom.

Dankie, Here Jesus, dat U die doringkroon deur al die jare dra, en die winde van stryd terughou - die winde wat die siele van die mens in opstand en boosheid wek en uiteindelik hul oes op die aarde moet pluk. Mag ons afwyk van ons goddelose weë, ophou om U ewige verbond te verbreek en leer om U gebooie, insettinge en verordeninge te onderhou, sodat daar weer vrede op die aarde kan heers.

## 14. Die Mag van die Dood

> En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En **Hy het** sy hoof gebuig en **die gees gegee**. Johannes 19:30

> En Jesus het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Vader, in u hande gee Ek my gees oor! **En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit**. Lukas 23:46

> Maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat **Christus vir ons gesterf het** toe ons nog sondaars was. Romeine 5:8

Toe Jesus Sy kop laat sak en gesterf het, het die ganse heelal, insluitende die getuies op aarde oor die gebeure wat tot Sy dood gelei het, dit aanskou. Dit was die kragtigste demonstrasie van die Vader se liefde vir die mensdom. Ten spyte van al die bespotting, gespoeg, slae en loesings, het Jesus nooit weerwraak geneem nie. Hy het gesê: "Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Tydens Jesus se doodstryd, het Hy aan Sy aardse moeder, Maria, gedink en Johannes gevra om haar te versorg. Hy het die boetvaardige dief vergewe en hom die ewige lewe belowe. Nadat hy hierdie gebeure gesien het, 'n Romeinse soldaat bely:

> Waarlik, Hy was die Seun van God. Markus 15:39

Aanskou hierdie geduldige, blywende, wonderbaarlike liefde! Ons Verlosser het die wreedste, mees onregverdige en gewelddadige manifestasie van menslike haat, geïnspireer deur demone, geduldig verduur. Satan het die haat van die Joodse leiers, priesters en die menigte opgewek. In hul optrede sien ons die karakter van Satan raak. Satan is ten volle geopenbaar vir wie hy is – gewelddadig, haatlik, bedrieglik, genadeloos en wreed tot die einde toe. In die verhaal van die kruis sien ons die karakter van God in Christus en die karakter van Satan in mense ten volle geopenbaar. Deur Homself oor te gee om te sterf, verslaan ons

Here Jesus die een wat Hom van die begin van die stryd af gehaat het. Jesus sê aan die Fariseërs wanneer Hy van Satan praat:

> Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. **Hy was ’n mensemoordenaar van die begin af** en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, **omdat hy ’n leuenaar is en die vader daarvan**. Johannes 8:44

Deur die gevangeneming van Christus in die nag, en die verhoor, wat ‘n klug was, met teenstrydige getuies wat getuig om Christus te veroordeel, sien ons die misleidende, leuenagtige gees van Satan. In die bespotting en slae sien ons sy wreedheid en harteloosheid. In die kruisiging sien ons die uiterstes van sy geweld. Deur die dood het Christus Satan verslaan. Soos die Skrif ons vertel:

> Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, **sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het** — dit is die duiwel — Hebreërs 2:14

Die Bybel leer dat Satan die mag van die dood het. Dit laat 'n kritiese vraag ontstaan om die karakter van God te verstaan. Hoe is dit moontlik dat Satan die mag van die dood het as dit God is wat vir Adam en Eva gesê het:

> Maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. Genesis 2:17

Het God gedreig om Adam en Eva dood te maak as hulle van die vrug van die boom van kennis van goed en kwaad eet? Die Bybel stel duidelik waar die dood van die sondaar vandaan kom.

> Want die loon van die sonde is die dood... Romeine 6:23

> **Die onheil maak die goddelose dood**; en die wat die regverdige haat, moet daarvoor boet. Psalms 34:22

> Maar hy wat my mis, benadeel sy eie lewe; **almal wat my haat, het die dood lief**. Spreuke 8:36

Die dood is die gevolg van sonde. Die sondaar voel skuldig indien hy selfsugtig, gewelddadig en haatlik optree teenoor ons liefdevolle Vader in die hemel. Hierdie skuldgevoel sal die sondaar doodmaak. Die Bybel sê vir ons dat Christus nie net die lewe het nie, maar dat Hy ook die lewe is.

> Jesus antwoord hom: **Ek is** die weg en die waarheid en **die lewe**... Johannes 14:6

> Jesus sê vir haar: **Ek is die opstanding en die lewe**; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; Johannes 11:25

> Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die **Woord van die lewe** — (2) **en die lewe is geopenbaar**, en ons het dit gesien, en ons getuig en **verkondig aan julle die ewige lewe** wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is — 1 Johannes 1:1-2

Ons moet deeglik oplet na die woorde van Jesus. Hy *het* nie net die lewe nie, maar Hy *is* ook die lewe. As Jesus die lewe is, kan Hy geen verband met die dood hê nie. As Jesus die lewe *is*, is dit nie vir Hom moontlik om die dood te *veroorsaak* nie. Laat ons noukeurig let op hoe Jesus dit uitdruk:

> Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. **Ek het gekom, dat hulle lewe** en oorvloed **kan hê**. Johannes 10:10

Dit is die dief wat doodmaak, maar dit is Christus wat die lewe gee. Indien Christus diegene wat die wet van Sy Vader oortree, laat sterf het, dan het Christus die mag van lewe en dood. Hiermee bedoel ons dat lewe en dood uit Hom voortvloei. Dit is 'n volkome teenstrydigheid; daarom vertel die Bybel ons dat Satan die mag van die dood het. Satan kon nie die mag van die dood hê as Christus Sy mag gebruik om die mens dood te maak nie. Dit sou beteken dat Christus die mag van die dood sou hê. Maar die Bybel sê duidelik dat Satan die mag van die dood het. Die dood word ook direk gekoppel aan die duisternis:

> Voordat ek heengaan — en nie terugkom nie — na die land van duisternis en doodskaduwee, Job 10:21

> Die wat in duisternis en doodskaduwee gesit het, gevang in ellende en ysters — Psalms 107:10

Omgekeerd lees ons van Christus:

> In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. Johannes 1:4

Ons word vertel dat die lewe in Christus is. Dit sê nie lewe en dood nie. Hierdie lewe wat Christus het, is die lig van die mens. So is die lig en die lewe saamgevoeg, en ook duisternis en die dood. Die boodskap wat Jesus aan die wêreld kom verkondig het, is:

> En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: **God is lig, en geen duisternis is in Hom nie**. 1 Johannes 1:5

Daar is geen duisternis in God nie, wat beteken dat daar geen dood in Hom is nie, en dit lei daartoe dat ons logies kan aflei dat God nie die bewerker/oorsprong van die dood is nie; Hy het ook nie die mag van die dood nie. Al wat Hy kan doen, is om die mens die vryheid te gee om hulself te vernietig indien hulle dit so verkies. Die Bybel noem die dood die vyand, wat beteken dat dit *van* die vyand kom.

> Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. 1 Korinthiërs 15:26

Die dood is 'n vyand en dit is waarom Christus die dood reeds tot niet gemaak het.

> Wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is, (10) maar wat nou geopenbaar is deur die verskyning van ons Verlosser, Jesus Christus, **wat die dood tot niet gemaak het** en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie. 2 Timótheüs 1:9-10

In Christus is daar geen dood nie, daarom het Jesus vir Martha gesê:

> En elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit? Johannes 11:26

Hoe is dit moontlik dat die persoon wat in Jesus glo nooit kan sterf nie? Mense sterf heeltyd. Kyk hoe Jesus na die dood verwys het:

> Dit het Hy gespreek; en daarna sê Hy vir hulle: **Lasarus, ons vriend, slaap**; maar Ek gaan om hom wakker te maak. Johannes 11:11

> Sê Hy vir hulle: Gaan weg, **want die dogtertjie is nie dood nie, maar sy slaap**. En hulle het Hom uitgelag. Matthéüs 9:24

Daar is slegs een persoon in die ganse geskiedenis wat volgens hierdie definisie gesterf het.

> Maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God **vir elkeen die dood sou smaak**. Hebreërs 2:9

Indien elke mens wat nou in die graf is, die dood self gesmaak het, wat sou die doel daarvan wees dat Jesus die dood vir elke mens sou smaak, tensy Hy die dood van die finale skeiding, wat die goddelose ervaar aan die einde van die 1000 jaar, gesterf het?

Jesus is die enigste persoon wat werklik gesterf het. Die res van diegene wat gelewe het, slaap in die graf. Almal sal opgewek word óf tot die ewige lewe óf om deel te hê aan die tweede dood, wat die tweede keer sal wees dat die dood in die geskiedenis van die heelal plaasvind. Toe Jesus uitroep "in u hande, gee Ek my gees oor", terwyl Hy die sondes van die hele wêreld dra, het Hy die mag van die dood verpletter. Hy het die nodigheid dat enigiemand moet sterf heeltemal tot niet gemaak. Op hierdie oomblik vertel die Bybel ons dat die dood reeds afgeskaf is. Die enigste rede waarom die mens aan die einde van die tyd sal sterf, is omdat hulle weier om die lewe wat in Christus bestaan, te aanvaar. Dit is onmoontlik om die dood tot niet te maak en dan later die dood te veroorsaak. Dit is heeltemal onmoontlik.

Teen die tyd wanneer die goddelose uiteindelik vernietig word, sê die

Bybel:

> En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. Openbaring 20:14

Daar word dikwels gesê dat die poel van vuur *hel* is, maar die Bybel sê dat die hel saam met die dood *in* die poel van vuur *gewerp* word. Wat is die poel van vuur? Dit is presies dieselfde ervaring wat Jesus aan die kruis gely het. Ons God is 'n verterende vuur. Hebreërs 12:29. Die suiwerheid van Sy karakter en die onselfsugtigheid van Sy liefde, wanneer dit aan die sondaar geopenbaar word, toon vir hulle die verskriklike skuldgevoelens vir hul selfsug. Die lig brand in die duisternis en omdat die goddelose weier om genade te aanvaar, soos Kain, roep hulle almal uit: "My skuld is te groot om dit te dra" en word verpletter deur hul eie skuldgevoelens. So maak die onheil die goddelose dood en die loon van die sonde is die dood. Psalms 34:22, Romeine 6:23.

Indien God en Sy Seun mense doodmaak, het Hulle die dood in Hul Gees. Indien dit waar was, sou die dood nooit vernietig kon word nie en sou dit nie as 'n vyand beskou word nie. Ons moet dit weer sê dat Christus nie net die ewige lewe *het* nie, Hy *is* die ewige lewe. Jy kan nie die ewige lewe *wees* en terselfdertyd die dood in u karakter hê nie, dit is eenvoudig nie moontlik nie!

> 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie? Jakobus 3:11

Kom ons kyk nou na 'n ander belangrike punt op hierdie vraag.

> En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, **word ons van gedaante verander na dieselfde beeld**, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is. 2 Korinthiërs 3:18

Terwyl ons die heerlikheid of karakter van die Here aanskou, sal ons na dieselfde beeld verander word. Indien God en Sy Seun lewe is, beteken dit dat ons lewe sal hê deur Hulle te aanskou en te ken.

> En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. Johannes 17:3

Dit beteken dat, indien ons die Ou Testamentiese verhale van die Bybel lees deur te glo dat God mense doodmaak, dan sal dit deel van ons karakter word, aangesien dit as die karakter van God beskou word. Dink nou hieraan vanuit 'n ander perspektief. Die Bybel sê vir ons:

> God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: **Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid**. Kolossense 1:27 (1983)

> Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, **maar Christus leef in my**. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. Galasiërs 2:20

Indien Christus deur Sy Gees in u woon en u glo dat Christus mense doodmaak, dat dit deel is van Sy karakter, dan sal u die gees hê van 'n moordenaar wat in u woon. Daarenteen, aangesien Christus die ewige lewe is, is dit nie moontlik dat u beide Christus en die gees van 'n moordenaar in u te hê nie.

Dit is een van die redes waarom die mens sterf; dit is omdat hulle 'n God aanbid wat mense doodmaak. Indien u glo dat God Sy hande bevlek het met die dood van honderdduisende mense en in die toekoms miljarde mense sal doodmaak, dan word die lig van God se karakter verswelg deur die dood; dit word dan verstaan dat die dood op die troon van die heelal regeer. Indien u so 'n God aanbid en dag na dag so 'n God aanskou, sal hierdie soort aanbidding u doodmaak. Waarom? Deur aanskouing word ons van gedaante verander na dieselfde beeld. 2 Korintiërs 3:18.

Die enigste manier hoe God die dood kon vernietig, was om aan die mens te openbaar wat in hul harte teenoor die Seun van God was. Met die koms van Jesus na die aarde is die natuurlike haat wat in alle mense vir Christus bestaan, geopenbaar. By die kruis sien ons hoe maklik Satan die harte van die mens tot geweld en moord kan beweeg. Deur die kruisdood het Christus die karakter van Satan geopenbaar en aan die wêreld die kans gegee om te sien hoe goddeloos die mensdom werklik is. Wanneer ons na die kruis kyk, word ons met ons menslikheid gekonfronteer, en deur die Gees van Christus word ons die vermoë aangebied om Sy onbaatsugtige,

liefdevolle, sagte Gees te ontvang.

> Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele. Matthéüs 11:29

Jesus is sagmoedig en nederig. Jesus het Sy vyande lief. Jesus bid vir diegene wat Hom haat, en Hy vra Sy Vader om diegene te vergewe wat Hom vervolg. Dit is 'n lewegewende Gees. Dit is die ewige lewe.

Maar wat van verse in die Bybel wat laat blyk dat God mense doodmaak? Ons moet onthou om die Ou Testament deur die lens van die lewe van Christus te lees. Indien ons die Bybel lees sonder die lewe van Christus, sal dit inderdaad die dood bring. Die rede hiervoor is, soos ons reeds gesê het, dat indien u 'n God aanbid wat mense doodmaak, u 'n God van die dood aanbid en deur dit te aanskou, sal u sterf. Dit is die simboliek wat gevind word in die opdrag dat die Israeliete nie op die berg Sinai mag klim nie.

> Ook moet jy vir die volk 'n grens rondom aanwys en sê: Pas op dat julle nie op die berg klim of sy voet aanraak nie. Elkeen wat die berg aanraak, moet sekerlik gedood word. (13) Geen hand mag hom aanraak nie; maar **hy moet sekerlik gestenig of sekerlik met 'n pyl geskiet word**; of dit 'n dier of 'n mens is — hy mag nie lewe nie. As die ramshoring lang geluide blaas, mag hulle op die berg klim. Exodus 19:12-13

Slegs deur die middelaar kon hulle met God praat. Moses was 'n voorstelling van Christus, ons Middelaar. Moses kon teen die berg opklim sonder om te sterf, omdat Hy die karakter van God verstaan het. Toe hy van die berg afgekom het, het sy gesig met die lig van God se heerlikheid of karakter geskyn. Indien ons die Ou Testament lees sonder om die lewe van Christus as Middelaar te hê, sal ons oorweldig word of "deurboor" word met valse idees oor God en dit sal ons uiteindelik doodmaak.

> Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie. Deuteronómium 32:39

Sonder om deur die lewe van Christus te kyk, kan ons dit lees as:

> Ek maak sommige mense dood en ander red ek.

Indien ons in ag neem dat Jesus nooit iemand op aarde doodgemaak het nie, word ons aangemoedig om aan te hou soek wat dit beteken. Eerstens sien ons hoe *doodmaak* en *maak lewend* saamgevoeg word:

> Ek maak dood ***en*** maak lewend…

Die woorde *maak dood* word direk gekoppel aan die woorde *maak lewend*. Die optrede van doodmaak word gevolg deur lewend te maak. Die volgende leidraad is vervat in die volgende gedeelte van die vers:

> Ek maak dood en maak lewend,
> Ek het verbrysel en Ek genees…

Dit is 'n algemene skryfvorm in Hebreeus. Dit word parallelisme genoem. Die eerste en tweede deel gee dieselfde idee, maar op verskillende maniere om 'n beter beeld van die betekenis te gee. Die beginsel van verwonding en genesing hou direk verband met die werk van die evangelie. Om wedergebore te word, moet ons ons ou lewe afsterf. Om genees te word, moet ons gewond word deur die wet wat ons sondes aan ons openbaar. Daar kan geen opstanding in 'n nuwe lewe wees sonder die dood van die ou lewe nie. Paulus wys vir ons die betekenis van Deuteronómium 32:39 wanneer hy sê:

> …want die letter maak dood, maar die gees maak lewend. 2 Korinthiërs 3:6

God maak die ou mens dood deur die wet, maar bring opstanding tot die lewe van die nuwe mens deur die Gees. Hierdie stelling van Moses in Deuteronómium 32:39 is dus 'n evangeliese verwysing na die werk van die Gees van God om ons te red, sodat niemand ons uit Sy hand kan neem nie.

Wanneer ons in die Bybel soek na ander voorbeelde van waar hierdie reeks Hebreeuse woorde voorkom, vind ons 'n ander plek wat hierdie frase definieer: "Ek maak dood en maak lewend."

> Die HERE maak dood en maak lewend; Hy laat neerdaal in die doderyk en laat daaruit opkom. 1 Samuel 2:6

Die eerste deel van die vers word 'n tweede keer herhaal, maar op 'n ander manier om die betekenis daarvan te verduidelik. Die gebruik van die kommapunt in die Ou Afrikaanse Bybel (1953) vertel ons ook dat wat ná die kommapunt kom, 'n definisie is van wat pas uitgedruk is.

Die HERE maak dood en maak lewend: Hy laat neerdaal in die doderyk en laat daaruit opkom.

Hierdie term is dus 'n verwysing na die opstandingskrag van Christus wat die opstanding en die lewe is en nie die bewerker van die dood nie. Hierdie vers is 'n jubelgebed van Hanna toe sy geseëvier het. Sy gaan voort:

> Die HERE maak arm en maak ryk; Hy verneder, ook verhoog Hy. (8) Hy rig die geringe op uit die stof, uit die ashoop verhef Hy die behoeftige, om hulle te laat sit by die vorste en hulle 'n erestoel te laat beërwe. Want aan die HERE behoort die pilare van die aarde, en Hy het die wêreld daarop gevestig. 1 Samuel 2:7-8

Telkens word die konteks van die eerste aksie gevolg deur die tweede aksie. Hanna is verneder deur die onvermoë om 'n kind te hê, terwyl sy deur die ander vrou wat kinders gebaar het, geteister is. Hierdie ervaring het haar ou natuur doodgemaak, maar toe sy op die Here vertrou en die beloofde kind kom, is sy weer lewendig gemaak. Sy was arm van gees, maar nou het sy ryk geword. Job praat ook hieroor.

> As 'n mens **sterwe**, sal hy weer **lewe**? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom; Job 14:14

Job praat oor die opstanding met behulp van dieselfde twee Hebreeuse woorde soos in Deuteronómium 32:39. Wanneer Naäman by die koning van Israel kom om vir genesing te vra, gebruik die koning hierdie uitdrukking uit Deuteronómium 32:39:

> Sodra die koning van Israel die brief gelees het, skeur hy sy klere en sê: **Is ek dan God, om dood en lewend te maak**, dat

> hierdie man na my stuur om van 'n man sy melaatsheid weg te neem? Erken en sien tog net hoedat hy 'n geleentheid teen my soek. 2 Konings 5:7

Naäman was onder die doodsvonnis weens sy melaatsheid. Die koning van Israel het in werklikheid uitgeroep: "Dink hierdie man dat ek mense uit die dood kan opwek?!"

Wanneer ons dus die beginsels toepas om die Ou Testament te lees deur die lens van die lewe van Jesus, en wanneer ons Miller se reëls toepas om deur die Bybel te soek na waar dieselfde frase voorkom, dan sal die Bybel aan ons openbaar wat dit werklik beteken. Toe Moses die woorde "Ek maak dood en maak lewend" geskryf het, het Christus vir Moses gesê dat Hy die Opstanding en die Lewe is! 'n Openbaring van dieselfde evangelie word in die Nuwe Testament gevind. Wanneer ons hierdie waarheid ken, kan niks ons uit die hande van ons Vader in die hemel neem nie. Is dit die manier waarop u hierdie vers lees, of verstaan u steeds dat God vir u sê, *Ek maak sommige mense dood en ander red Ek*. Hoe lees u?

> Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. Deuteronómium 30:15

Hoe wonderlik om te weet dat Jesus die ewige lewe is. Hy is die Lewegewer en die Hersteller en soos ons weet, is Hy die presiese beeld van die Vader. Daar is geen duisternis of dood in die Vader nie. Christus het dit aan ons geopenbaar terwyl Hy op die aarde was, omdat Hy nooit iemand doodgemaak het nie en al Sy Vader se gebooie onderhou het. Sê my, wie aanbid u?

Indien die God wat u dien, die gees van die dood in hom het, is hy nie die God van Jesus Christus, soos in die evangelie geopenbaar, nie. In Satan is die dood en boosheid; in Christus is die lewe en die goeie. Kies u vandag wie u wil dien.

> …Hy wat My gesien het, het die Vader gesien… Johannes 14:9

Dus, wie aanbid u? Dit hang heeltemal van uself af.

## 15. My Vader se Gebooie

Die boek Psalms vertel ons van die liefde van Christus vir Sy Vader se gebooie. Voordat die Heiland aarde toe gekom het, het Hy gesê:

> Toe het ek gesê: Kyk, ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskrywe. (9) Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande. Psalms 40:8-9

Die Seun van God gee vir ons 'n goddelike demonstrasie van die wet van Sy Vader. Beide Sy liefde vir die gebooie en Sy daaglikse voorbeeld hier op aarde skilder aan ons ‘n lewende, helder prentjie van die wet. Verderaan is die lewe van Jesus nie bloot 'n bewys van die wet van Sy Vader nie, dit is Sy lewe wat in die harte van almal wat Hom dien, woon.

> Die onderrig [wet – KJV] van die wyse is ’n fontein van die lewe, om die strikke van die dood te ontwyk. Spreuke 13:14

Jesus is die wysheid van God (1 Korintiërs 1:24) en die begin van Sy wysheid is Sy diepe eerbied en liefde vir Sy Vader en Sy gebooie.

> Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand. Spreuke 9:10

> Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Prediker 12:13

Die enigste manier waarop ons God kan vrees of kan eerbiedig en Sy gebooie kan onderhou, is om die Gees van die Seun van God in ons te laat bly. Hy is die fontein van almal wat die gebooie van die Vader onderhou. Almal wat in Christus glo, ontvang Sy onderhouding van die gebooie deur die Gees. Dit is nie moontlik om die wet van God te onderhou sonder om die Gees van Christus te hê nie.

> Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, (22) die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; Romeine 3:21-22

Paulus vertel ons dat die geregtigheid van God in Jesus Christus gemanifesteer word en vrylik aan ons gegee word sonder dat dit nodig is om God te probeer behaag deur ons pogings. Alles word deur geloof aan ons gegee.

> Terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, **selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie**; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie. Galasiërs 2:16

As ons aanvaar dat Jesus waarlik die Seun van God is en in daardie Naam glo, dan ontvang ons Sy geloof in die Vader en al Sy onderhouding van die wet. Wat 'n wonderlike geskenk ontvang ons in Christus! Die onderhouding van die wet is vir ons vrylik beskikbaar deur die gawe van die Gees.

> Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. (23) **Teen sulke dinge is die wet nie**. Galasiërs 5:22-23

Deur die inspirasie van die Gees van Christus lees ons in die Psalms hoe die Seun van God oor die wet van God praat.

> Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; (2) **maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag**. (3) **En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome**, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit. Psalms 1:1-3

Deur die Gees van Christus is die wet 'n magtige fontein van lewende

water. Dit is die simboliek wat uitgedruk word in die water wat uit die rots wat geslaan is, voortgekom het.

> Kyk, Ek sal daar voor jou by die rots op Horeb staan; dan moet jy die rots slaan, en daar sal water uit kom, dat die volk kan drink. En Moses het so gedoen voor die oë van die oudstes van Israel Exodus 17:6

Horeb is dieselfde plek as die berg Sinai. Die water het dus uit dieselfde plek gevloei as wat die wet gegee is. In Christus is die wet dus nie 'n dooie letter nie, maar 'n lewende werklikheid. Wanneer ons Christus ontvang, ontvang ons die volgende sentiment in die gawe van Sy Gees.

> Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag. Psalms 119:97

Hierdie stelling kom uit die langste hoofstuk in die Bybel, 'n hoofstuk wat handel oor hoe wonderlik die wet is. Die eenvoudige waarheid is dat die wet van God 'n afskrif van Sy karakter is. Die Seun van God het die wet lief bloot omdat Hy Sy Vader liefhet. Wanneer u die beskrywings van die wet en die beskrywings van God se karakter vergelyk, is dit presies dieselfde.

| **God se Karakter** | | **God se Wet** | |
|---|---|---|---|
| 1. Gees | Joh. 4:24 | 1. Geestelik | Rom. 7:14 |
| 2. Liefde | 1 Joh. 4:8 | 2. Liefde | Matt. 22:37-40 |
| 3. Waarheid | Joh. 14:6 | 3. Waarheid | Ps. 119:142 |
| 4. Geregtigheid | 1 Kor. 1:30 | 4. Geregtigheid | Ps. 119:144,172 |
| 5. Heilig | Jes. 6:3 | 5. Heilig | Rom. 7:12 |
| 6. Volmaak | Matt. 5:48 | 6. Volmaak | Ps. 19:8 |
| 7. Goed | Luk. 18:19 | 7. Goed | Rom. 7:12 |
| 8. Regverdig | Deut. 32:4 | 8. Regverdig | Rom. 7:12 |
| 9. Rein | 1 Joh. 3:3 | 9. Suiwer | Ps. 19:9 |
| 10. Onveranderlik | Jak. 1:17 | 10. Onveranderlik | Matt. 5:18 |
| 11. Ewigheid | Ps. 90:2 | 11. Vir Ewig | Ps. 111:7,8 |
| 12. Die Weg | Joh. 14:6 | 12. Die Weg | Mal. 2:7-9 |
| 13. Groot | Ps. 48:2 | 13. Groot | Hos. 8:12 |
| 14. Reinig | Matt. 8:3 | 14. Rein | Eseg. 22:26 |

‘n Ondersoek van die gebooie dui aan dat dit alles gaan omtrent die

behoud van verhoudings; beide ons verhouding met God en met mekaar.

| God se Karakter | | |
|---|---|---|
| 1. | Ek het jou uit die slawerny gebring. Julle sal geen ander god behalwe My hê nie. | Verlosser, Redder, slegs God, *verhoudingsgeöriënteerd* |
| 2. | Jy mag geen gesnede beeld maak nie. | Jy kan nie 'n verhouding met hout, klip of 'n valse idee hê nie |
| 3. | Jy sal die naam van God nie ydelik gebruik nie. | Integriteit, deursigtigheid, *verhoudingsgesind* |
| 4. | Gedenk die Sabbat, want die Here het die hemel en die aarde in ses dae gemaak. | Skepper, lewensbron, *verhoudingsgeöriënteerd* |
| 5. | Eer vader en moeder. | Gesins- / *verhoudings*fokus, vaderlik |
| 6. | Jy mag nie doodmaak nie. | Lewe is kosbaar, *verhoudings* is vir ewig, Ek is die bron van die lewe |
| 7. | Jy mag nie egbreek nie. | Geldige, intieme *verhoudings* is vir altyd |
| 8. | Jy mag nie steel nie. | Geestelik / *verhoudings-geöriënteerd*, nie materiële fokus nie |
| 9. | Jy mag nie leuens vertel nie. | Integriteit, deursigtigheid, *verhoudingsgeöriënteerd* |
| 10. | Jy mag nie begeer nie. | Skepper, lewensbron, *verhoudingsgeöriënteerd* |

1. Die eerste gebod vertel ons dat God Israel uit die slawerny van Egipte uitgebring het, wat vir ons sê dat hierdie God 'n Verlosser en 'n Redder is. Wanneer Hy my vra om geen ander gode te hê as Hy nie, sê dit vir my dat Hy 'n hegte vriendskap met my wil hê.
2. Die tweede gebod sê vir my dat God 'n baie intieme *verhouding* met my wil hê. Die aanbidding van afgode is nie gebaseerde op aanbidding binne ‘n baie intieme verhouding nie. Afgodery is ook nie geestelike aanbidding nie, wat beteken dat daar 'n band bestaan tussen gees en gees, verstand met verstand. Afgodery is 'n objektivering; dit is 'n band met 'n voorwerp wat geen lewe het nie en/of 'n idee wat nie waar is nie.

3. Die derde gebod sê vir my dat God deursigtig is in Sy *verhoudings*. Wanneer ons 'n *verhouding* met Hom aangaan, wil Hy nie hê dat ons in die *verhouding* moet voorgee en dit sodoende nutteloos of ydel maak nie.
4. Die vierde gebod is baie spesiaal, omdat dit vir ons sê dat God die fontein van die lewe is, dat Hy alles geskape het. Hierdie gebod het 'n baie groot invloed op ons persepsie van Hom en het 'n groot invloed op ons gedrag teenoor Hom. Dit is belangrik om daarop te let dat die Sabbatsgebod die meeste aantal woorde bevat van enige van die gebooie.
5. Die vyfde gebod is ook spesiaal, omdat dit ons vertel hoe God se lewe deur aardse kanale vloei. Hierdie gebod belowe ons 'n lang lewe indien ons ons ouers eer. Dit dui spesifiek daarop dat ons ouers iets baie spesiaals van God aan ons toon en dat ons Hom eer deur hulle te eer.
6. Die sesde gebod sê vir ons dat God die lewe as kosbaar beskou. Dit vertel ons ook dat God wil hê dat *verhoudings* vir ewig sal duur.
7. Die sewende gebod vertel ons dat sommige *verhoudings* gevaarlik is en ten opsigte van God is dit 'n weerspieëling van die eerste gebod om geen ander gode te hê nie. Dit is 'n herinnering dat God ons *lewensbron* is.
8. Die agtste gebod sê vir ons dat God in ons behoeftes sal voorsien, dat Hy vir ons sal sorg. Dit vertel ons ook dat God nie op dinge gefokus is nie, maar op *verhoudings*.
9. Die negende gebod is 'n weerspieëling van die derde. God wil deursigtigheid en integriteit in *verhoudings* hê. 'n Valse getuie vernietig die *identiteit* van een of albei partye en vernietig kommunikasie.
10. Die tiende gebod ten opsigte van God, herinner ons daaraan dat Hy die fontein van die lewe is. Ons sal niks begeer as ons hierdie beginsel glo. Dit vertel ons ook weer van die *verhoudings*-geestelike denkwyse van God. Gebooie 5-9 kan gesien en ten toon gestel word, maar hierdie gebod is 'n hartsaak. Dit is onsigbaar. Hierdie gebod is dus van kritieke belang om die aard van God se koninkryk te verstaan.

Samevattend sê die Tien Gebooie dat God die volgende in wese is:

1. Die fontein van die lewe
2. Hy is die Skepper
3. Hy is ons Verlosser
4. Hy is op soek na ware intieme verhoudings
5. Hy sorg vir ons as Vader en voorsien in al ons behoeftes.

In sy eerste brief vertel Johannes ons dat God liefde is, en dat die wet, terwyl dit Sy karakter weerspieël, ook liefde is:

> Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. (5) Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. 1 Johannes 2:4-5

Jesus het dit so uitgedruk:

> Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My. (10) **As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly**. (11) Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word. (12) **Dít is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het**. Johannes 15:9-12

Jesus:

- het geen ander gode voor Sy Vader nie, omdat Hy Sy Vader liefhet
- aanbid nie valse gode of maak beelde nie, omdat Hy Sy Vader liefhet
- gebruik nie Sy naam of Sy karakter ydelik nie, omdat Hy die karakter van die Vader volledig weerspieël
- verlustig Hom in die Sabbatsgemeenskap met Sy Vader
- eer Sy Vader
- maak nie dood nie, want Hy is die opstanding en die lewe
- pleeg nie egbreuk nie, omdat Hy geen verhouding soek wat vir Hom ongeldig is nie
- steel nie, omdat Hy vertrou op die erfenis wat Sy Vader aan Hom

gegee het

- vertel nie leuens nie, omdat leuens die integriteit van verhoudings vernietig
- begeer nie, omdat Hy rus in die voorsiening van Sy Vader.

Die meeste mense het geen twyfel omtrent nege van hierdie tien gebooie nie. Die probleem vir baie is met die sesde gebod: jy mag nie doodmaak nie. Wat doen ons met verhale soos Josua wat die leërowerste van die HERE ontmoet?

> En terwyl Josua by Jérigo was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan 'n man teenoor hom met 'n ontblote swaard in sy hand; en Josua het na hom gegaan en hom gevra: Behoort U by ons of by ons vyande? (14) En Hy sê: Nee, maar Ek is die leërowerste van die HERE; Ek het nou gekom. Toe val Josua met sy aangesig op die grond en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Here aan sy dienskneg sê? Josua 5:13-14

Josua het die inwoners van Kanaän doodgemaak. Dit laat baie mense met die indruk dat hierdie optrede aangemoedig en gelei word deur die Seun van God, aan wie Josua aanbidding gegee het. Verhale soos die vernietiging van die Assiriese leër word voorgehou as bewys dat die Seun van God inderdaad mense doodmaak ter wille van die behoud van Sy uitverkorenes.

> En in dieselfde nag het die engel van die HERE uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd-vyf-en-tagtigduisend verslaan; en toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak — was dit almal dooie liggame! 2 Konings 19:35

Ons sal die verhaal van die Assiriese leër in 'n ander hoofstuk bespreek. Die feit wat voor ons lê, is dat Hy nooit iemand doodgemaak het toe Jesus na die aarde gekom en onder ons gewoon het nie. Ons het hierdie reeks begin met die gedagte dat die lewe van Jesus Christus op aarde die volle openbaring van die Vader is. Soos Jesus vir Filippus gesê het:

> …Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader? Johannes 14:9

Jesus het vir Filippus gesê dat Hy die volle karakter van Sy Vader aan die dissipels geopenbaar het. In een van Sy gebede het Jesus gesê:

> **Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het**. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar. Johannes 17:6

Die woord *naam* in die Skrif beteken *karakter* en Jesus dui aan dat Hy hierdie karakter aan die dissipels geopenbaar het – aan diegene wat aan Hom uit die wêreld gegee is.

> **Ek het U verheerlik op die aarde**. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. Johannes 17:4

Jesus is die afskynsel van die heerlikheid van die Vader (Hebreërs 1:3) en hierdie heerlikheid of karakter het Hy op die aarde geopenbaar. Dit beteken dat die lewe van Jesus op aarde die volledige uitdrukking is van die Tien Gebooie, wat 'n afskrif is van die karakter van God. Jesus het niemand doodgemaak terwyl Hy op aarde was nie, en dit is opgeneem in Sy verklaring dat Hy die gebooie van Sy Vader onderhou het. Dit is die duidelikste bevestiging dat God nie mense doodmaak nie. Dit is in Sy wet geskryf en deur Sy Seun gedemonstreer terwyl Hy op aarde was.

Een van die vele implikasies van hierdie waarheid is dat dit van ons vereis om ons vyande lief te hê. Indien daar mense sou kon bestaan wat deur God as so goddeloos beskou word dat Hy hulle moet doodmaak, dan bied dit die mens 'n geleentheid om self mense ter dood te veroordeel. Dit plaas 'n kortsluiting op die behoefte om ons vyande lief te hê. In plaas van liefde toe te pas, kan ons hulle eenvoudig beoordeel as goddelose mense wat deur God vernietig sal word, of, indien nodig, kan sy “diensknegte” optree as agente van God om die vernietiging te doen. Daarom is die geloof dat God mense doodmaak die meganisme wat deur die mens gebruik word om die noodsaaklikheid om hul vyande lief te hê, te vermy. Soos Jesus verduidelik, vra die wet van God ons om God en alle mense lief te hê.

> En daar het ’n sekere wetgeleerde opgestaan wat Hom versoek het deur te sê: Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe? (26) En Hy antwoord hom: Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy? (27) En hy antwoord en sê: Jy moet die Here jou

> God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself. (28) Toe sê Hy vir hom: Jy het reg geantwoord; doen dit, en jy sal lewe. (29) Maar hy wou homself regverdig, en sê vir Jesus: En wie is my naaste? Lukas 10:25-29

Toe die wetgeleerde onder oortuiging gebring is om sy naaste lief te hê, ook diegene wie hy tans haat, het hy gedoen wat die meeste mense doen, en dit is om die betekenis van die sleutelwoorde te probeer herdefinieer. Die woord wat hy wou opklaar, was die woord *naaste*. Op dieselfde manier poog baie mense om die oortuiging van die sesde gebod te vermy, deur die woord *doodmaak* te herdefinieer. Alhoewel Jesus vir ons die betekenis van die woord deur Sy aardse lewe definieer, bly daar pogings om die bedoeling van hierdie wet te verander. Die volgende weerspieël 'n algemene begrip:

> Daar is twee verskillende Hebreeuse woorde (ratsach, muwth) en twee Griekse woorde (phoneuo, apokteino) vir "moord" en "doodmaak". Die een beteken "om dood te maak", en die ander "om moord te pleeg". **Laasgenoemde is die een wat deur die Tien Gebooie verbied word, nie die eersgenoemde nie**. In werklikheid het ratsakh 'n wyer definisie as die Afrikaanse woord "moord." Ratsakh dek ook sterftes as gevolg van agterlosigheid of verwaarlosing, **maar word nooit gebruik om moord tydens oorlog te beskryf nie**. **Daarom gee die meeste moderne vertalings van die sesde gebod "Jy mag nie doodslaan nie" in plaas van "Jy mag nie doodmaak nie."** 'n Baie groot probleem kan egter ontstaan, afhangende van watter vertaling u bestudeer. Die immergewilde King James Vertaling gee die vers weer as "Jy mag nie moor [kill] nie", en maak dus die deur oop om die vers heeltemal verkeerd te interpreteer. **Indien die beoogde betekenis van "Jy mag nie doodslaan nie" net dit was - geen moord nie, sou dit al die goedgekeurde bloedvergieting wat deur die volk, Israel gepleeg is, 'n oortreding van God se eie gebod maak** (Deuteronómium 20). Maar God verbreek nie Sy eie gebooie nie; **dus is die vers duidelik nie 'n volledige moratorium vir die neem van 'n ander menslike lewe nie**. https://www.gotquestions.org/you-shall-not-murder.html (Vry vertaal)

'n Noukeurige ondersoek van die Skrif toon dat hierdie argument onwaar is. Ten eerste erken die skrywer binne die verklaring dat *ratsach*, wat die King James Vertaling met woord "doodmaak" [*kill*] vertaal word, nie net *moord* beteken nie, maar ook *'n toevallige dood* wat ons *manslag* noem. Dit is nie moord nie.

> Maar as hy hom onvoorsiens, sonder vyandskap, stamp of enigiets sonder opset na hom gooi; (23) of as hy enige klip waardeur iemand kan sterwe — as hy, sonder om dit te sien, dit op hom laat val, sodat hy sterwe, terwyl hy geen vyand van hom was en sy onheil nie gesoek het nie, (24) dan moet die vergadering tussen hom wat doodgeslaan het, en die bloedwreker oordeel volgens hierdie voorskrifte. (25) En die vergadering moet hom wat 'n doodslag begaan het, red uit die hand van die bloedwreker [H7523 Ratsach], en die vergadering moet hom laat teruggaan na sy vrystad waarheen hy gevlug het; en hy moet daarin bly tot die dood van die hoëpriester wat met die heilige olie gesalf is. Númeri 35:22-25

> Sodat hy wat 'n doodslag [H7523 Ratsach] begaan het, daarheen kon vlug, wat sy naaste sonder opset doodgeslaan het, terwyl hy hom van gister en eergister af nie vyandig was nie; sodat hy in een van hierdie stede kan vlug en in die lewe bly. Deuteronómium 4:42

Tweedens het God wel beveel dat mense wat *ratsach* pleeg, dieselfde gevolge moet trotseer.

> As iemand 'n mens doodslaan, moet die moordenaar [H7523 Ratsach] op verklaring van getuies gedood [H7523 Ratsach] word; maar een getuie is nie genoegsaam om iemand tot die dood te veroordeel nie. Númeri 35:30

Hoe kan dit moontlik wees dat God dinge sou beveel wat die Tien Gebooie verbied? Kortom, God kon enige vorm van dood in die Skrif beveel, omdat God deur die doodsvonnis wil verseker dat barmhartigheid seëvier; nie om mense dood te maak nie. Ons behandel hierdie punt in hoofstuk 9 – *Die Wet is soos 'n Spieël*.

Derdens word die woord *muwth* [H4191] in die Skrif gebruik om *moord* en

*sluipmoord* te beskryf. Saul wou Dawid wederregtelik vermoor:

> Daarna het Saul met sy seun Jónatan en met al sy dienaars gespreek om Dawid dood te maak [H4191 muwth]; maar Jónatan, die seun van Saul, het baie van Dawid gehou; (2) en Jónatan het dit aan Dawid meegedeel en gesê: My vader Saul soek geleentheid om jou dood te maak [H4191 muwth]: pas dan nou môre vroeg op en hou jou verborge en steek jou weg. 1 Samuel 19:1-2

Saul het opdrag gegee tot die onwettige moord op die priesterskap:

> En die koning sê aan die hardlopers wat by hom staan: Tree nader en maak die priesters van die HERE dood, omdat hulle hand ook met Dawid saam is en omdat hulle geweet het dat hy vlug en dit nie aan my geopenbaar het nie. Maar die dienaars van die koning wou hulle hand nie uitsteek om op die priesters van die HERE aan te val nie. (18) Daarop sê die koning vir Doëg: Tree jy nader en val op die priesters aan. Toe tree Doëg, die Edomiet, nader en hý val op die priesters aan; en hy het op dié dag vyf-en-tagtig man wat die linneskouerkleed dra, gedood [H4191 muwth]. 1 Samuel 22:17-18

Die sluipmoord op Isbóset:

> Hulle het naamlik die huis ingegaan, terwyl hy op sy bed in sy slaapkamer lê, en hom doodgeslaan [H4191 muwth] en sy hoof afgekap; en hulle het sy hoof saamgeneem en die hele nag deur geloop met die pad van die Vlakte. 2 Samuel 4:7

Absalom gee opdrag tot die onwettige moord op sy halfbroer Amnon:

> En Absalom het sy dienaars bevel gegee en gesê: Let tog op, net soos Amnon se hart vrolik is van die wyn en ek vir julle sê: Slaan Amnon dood! dan moet julle hom doodmaak [H4191 muwth]. Wees nie bevrees nie; het ék julle dit nie beveel nie? Wees sterk en wees wakker manne. 2 Samuel 13:28

Atália vermoor al die seuns van die koning, behalwe Joas:

> Maar Joséba, die dogter van koning Joram, die suster van Ahásia, het Joas, die seun van Ahásia, geneem en hom gesteel onder die

koning se seuns uit wat gedood [H4191 muwth] moes word, en hom en sy pleegmoeder in die beddekamer gebring. So het hulle hom dan vir Atália weggesteek, sodat hy nie gedood is nie. 2 Konings 11:2

Let op die vertaling in die 1983 vertaling:

Jehoseba, dogter van koning Joram en suster van Ahasia, het egter vir Joas, 'n seun van Ahasia, stilletjies weggevat tussen die prinse wat doodgemaak [H4191 muwth] sou word. Sy het hom en sy oppasster in 'n slaapkamer weggesteek vir Atalia, sodat hy die dood vrygespring het. 2 Konings 11:2 (1983)

Nog 'n sluipmoord met die woord *muwth* en in die 1983-vertaling:

En Peka, die seun van Remália, sy adjudant, het ’n sameswering teen hom gesmee en hom in Samaría in die vesting van die koning se huis verslaan [H5221 nakah] saam met Argob en met Arje; en vyftig man uit die kinders van die Gileadiete was saam met hom; en hy het hom gedood [H4191 muwth] en in sy plek koning geword. 2 Konings 15:25 (1953)

Sy adjudant, Peka seun van Remalja, het teen hom saamgesweer en hom aangeval [H5221 nakah] in die toring van die paleis in Samaria. Met die hulp van vyftig man uit Gilead het Peka vir Argob, Arje en die koning doodgemaak [H4191 muwth] en hom as koning opgevolg. 2 Konings 15:25 (1983)

Indien *muwth* slegs gebruik word om iemand regverdig te vermoor, is dit dan moontlik vir die goddelose om 'n persoon sogenaamd regverdig dood te maak deur hom te verslaan?

Die goddelose loer op die regverdige en soek om hom dood te maak [H4191 muwth]. Psalms 37:32

Omdat hy [die goddelose] nie daaraan gedink het om guns te bewys nie, maar die ellendige en behoeftige man vervolg het en die moedelose van hart, om hom dood te maak [H4191 muwth]. (17) Ja, hy het die vloek liefgehad en — dit het oor hom gekom; en hy het geen welbehae gehad in die seën nie en — dit het ver van hom af gebly. Psalms 109:16-17

Die woord *muwth* kan dus inderdaad gebruik word om *moord* en *sluipmoord* te beteken, en die woord *ratsach* kan gebruik word vir *toevallige dood*. Die bewering dat *muwth* op die een of ander manier slegs vir regverdige doodmaak staan en *ratsach* vir moord staan, blyk onwaar te wees.

Ten slotte, ongeag hoe dit gedefinieer word, gebruik beide doodmaak en geregtelike moord, dodelike geweld. Is die gebruik van geweld deel van God se koninkryk? Jesus het in die Bergrede en deur al die handelinge van Sy lewe dit duidelik uitgedruk dat Hy nie dodelike geweld gebruik nie.

> Maar Ek sê vir julle dat julle ’n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe. Matthéüs 5:39

Watter antwoord kan gegee word aan die persoon wat vir die Here sê: “Ek het U voorbeeld in die Ou Testament gevolg toe ek hierdie kwaaddoener doodgemaak het.” Sal daar aan so iemand gesê word: “U het die verkeerde voorbeeld gevolg; daardie Skrifgedeelte kan nie deur u gevolg word nie.” Kan u sien dat dit dinge baie moeilik maak? Dit is tyd om die *muwth*-argument dood te maak en die waarheid te glo dat die Skrifgedeelte wat sê dat u nie mag doodmaak nie, beteken dat u nie lewe mag neem nie.

Die aardse lewe van Jesus openbaar vir ons die korrekte interpretasie van die gebod “jy mag nie doodslaan nie.” Jesus het nooit iemand doodgemaak nie. Die Tien Gebooie is 'n wet van liefde en liefde gebruik nie geweld om homself te verdedig nie. Die gebooie self vertel ons hoe sondaars gestraf word.

> …Ek, die HERE jou God, is ’n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; Exodus 20:5

Die goddelose sal inderdaad sterwe; hulle sal deur hul eie dade gestraf word. Soos ons vroeër aangedui het, sal dit plaasvind deur Satan toe te laat om toegang tot hul lewens te hê tot op die punt waar hy hulle vernietig, of deur die aarde wat self hul rebellie aan mense reflekteer en hulle vernietig.

Hoe wonderlik om te weet dat ons Vader in die hemel net soos Jesus is terwyl Hy op aarde was! Wat 'n vreugde om te verstaan dat Jesus ons die volledige definisie van die Tien Gebooie in al Sy praktiese werklikheid getoon het, insluitend wat dit beteken om die opdrag te volg: “Jy mag nie doodslaan nie.” Jesus het nooit iemand doodgemaak nie, en hierdie voorbeeld is die enigste manier waarop ons waarlik kan leer hoe om ons vyande lief te hê soos Hy ons geleer het.

## 16. Die Ryk Man en Lasarus in die Spieël

Die gelykenis van die ryk man en Lasarus is vir die meerderheid Christene 'n bewys dat God sondaars in die hel sal martel en verbrand. Die taal blyk duidelik te wees; Jesus vertel self die gelykenis.

> En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. (23) En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. (24) En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; **want ek ly smarte in hierdie vlam**. (25) Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte. Lukas 16:22-25

Wanneer hierdie verhaal by 'n aantal ander verse in die Skrif gevoeg word, blyk dit ‘n onafwendbare gevolgtrekking te wees dat God mense op grond van hulle sondigheidsvlak toepaslik in die hel sal verbrand en martel.

> En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel. Matthéüs 10:28

> En as jou hand of jou voet jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; dit is vir jou beter om in die lewe in te gaan, kreupel of vermink, as om twee hande of voete te hê en in die ewige vuur gewerp te word. Matthéüs 18:8

> Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Matthéüs 25:41

> Sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. (11) En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie — hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang. Openbaring 14:10-11

Die hoorder van die Woord van God sal hierdie verse lees en van nature aflei dat God sondaars sal straf met 'n volgehoue en afgryslike pyniging. Die persoon wat die Evangelies noukeurig bestudeer het en die lewe van Jesus oorweeg het, sal met baie vrae gelaat word wat hom sal lei om dieper in die Bybel te kyk om hierdie gedeeltes te verduidelik.

Diegene wat woede in hul harte het teenoor enigiemand of iemand skade will berokken, sal bevrediging vind in die paar verse hierbo om hul eie wraakgees te regverdig, want blykbaar wreek God Hom op Sy vyande. Diegene wat hulleself hard beoordeel en oortuig voel dat hulle waardig is om vir hulle sondes te sterf, sal ook tevrede wees met hierdie verse. Tog moet ons dieper delf as dit. In plaas daarvan om die volle vergifnis van hul sondes te omhels en die liefde van God raak te sien, word hierdie verse uitgespreek in uiterlik eerbiedige toon, om 'n innerlike oortuiging dat God tirannies en hard is, te ondersteun. Hulle gee hul liggame oor om verbrand te word, maar hulle het geen liefde nie.

Een van die belangrikste redes waarom die meerderheid mense hierdie verse lees asof God wraak neem en Sy vyande straf, is die menslike neiging tot die sondebokstelsel. Hierdie gebruik is afkomstig van Adam, toe hy Eva blameer het vir die rede waarom hy die vrugte geneem het. Dit is die onregverdige daad om 'n ander te probeer skuldig maak om vrede en harmonie aan 'n individu of 'n gemeenskap van mense in 'n krisis te bring. Die hoëpriester, Kajafas, het dit aan Christus gedoen.

> En dink nie daaraan dat dit vir ons voordelig is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie. Johannes 11:50

Die godsdienstige leiers van Israel het 'n krisis gehad. Hulle sondes was blootgelê en hulle moes die mense se aandag op die "onregmatige" gebruike van Christus vestig; daarom het hulle voorgegee dat Hy in stryd

met Moses was en dus 'n sondaar was wat moes sterf. In die jaloerse gedagtes van die Fariseërs het Christus 'n bespotlike versoening gedoen, nie in die sin van die evangelie nie, maar deur die buigsame Pilatus te gebruik om Christus 'n sondebok vir hulle te maak. Hulle het probeer om die stem van die gewete te stil; nie deur selfoorgawe nie, maar deur te probeer om die lewende getuie wat hulle verontrus het, te verwyder. Hulle eienskappe van woede en haat teenoor Christus is deur hulself geheilig, deur dit op God te projekteer en Christus voor te stel as Een wat deur God geslaan en verdruk was.

Wanneer Christene in oënskynlik regverdige verontwaardiging opstaan, en aan die wêreld in triomfantelike toon van vermeende “heilige woede” verkondig dat God die rebellie van sondige mense gaan uitwis, is daar werklik die waarskynlikheid dat hierdie vorm van persoonlike versoening soortgelyk sal wees aan dié van Kajafas. Dit vind eiegeregtigheid deur die selftevredenheid om te sien dat ander, wat minder waarde het as hulself, gemartel en doodgemaak word.

In die geval van Christus was hierdie versoening vir die Joodse leiers op 'n regverdige man gerig. Dit was 'n soortgelyke geval as dié van Kain en Abel. Abel het die gewete van Kain aangespreek en sy oproep op Kain het Kain skuldig laat voel. Om sy eie persoonlike versoening te vind, het Kain sy broer geoffer en doodgemaak. In die geval van Christus, het die Joodse leiers die stem van Hom wat hulle gewete aangespreek het, stilgemaak en die twee diewe, aan wie hulle minder waarde as hulself toegeskryf het, doodgemaak.

Baie Christene kan valse versoening vind in die bevrediging dat hulle weet dat rowers, diewe en alle onsedelike mense in die hel verbrand sal word terwyl hulle lekker hemel toe gaan. Hulle kan ook hierdie vleeslike logika gebruik wanneer hulle die stem van die gewete, in die regverdige lewe van 'n ander gelowige, stilmaak. Die konsep van versoening is vermeng tussen Christus wat oënskynlik hulle skuld aanneem, en diegene wat goddeloos geag word, die straf ontvang wat ons dink hulle behoort te kry. Die vreemde vuur van hierdie evangelie kan die onrustige gewete, belaai met sondes, net oppervlakkig kalmeer.

Noudat ons terugkeer na ons verhaal, is die eerste punt wat ons moet noem dat weldeurdagte Skriflesing ons wys dat mense nie na hul dood

bewus is van enigiets nie.

Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet. Prediker 9:5

Die dode en almal wat na die stilte neerdaal, sal die HERE nie loof nie; Psalms 115:17

Die waters verdwyn uit die groot waterplas, en die rivier droog uit en lê droog — (12) so lê die mens daar **sonder om weer op te staan**; **totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hul slaap opgewek nie**. Job 14:11-12

Maar die **dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag**, waarin **die hemele met gedruis sal verbygaan** en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. 2 Petrus 3:10

WANT kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle **aan die brand steek,** sê die HERE van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie. (2) Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal. (3) En julle sal die goddelose vertrap, **want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die HERE van die leërskare**. Maleági 4:1-3

Want net soos julle gedrink het op my heilige berg, **sal al die nasies gedurigdeur drink, ja, hulle sal drink en swelg en word asof hulle nooit bestaan het nie**. Obadja 1:16

Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe… (34) Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand (35) totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete. Handelinge 2:29,34-35

> En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. Openbaring 21:4

Die Bybel leer dat die mens nie hemel of hel toe gaan wanneer hulle sterf nie. Hulle bly in die graf totdat die hemel nie meer daar is nie, met die koms van Christus, soos 2 Petrus 3:10 vir ons sê. Hoe is dit dan moontlik dat Jesus 'n verhaal vertel wat lyk of dit die res van die Bybel weerspreek? Dit blyk dat hierdie verhaal wat Jesus vertel het, 'n algemene siening van die Jode was, aangesien hulle 'n aantal eeue tevore deur die Grieke beïnvloed is.

> Alan F. Johnson en Robert E. Webber verduidelik dat "dit waarskynlik beter is om die verhaal nie as onthullende besonderhede van die lewe na die dood te sien nie, maar eerder om 'n ander lig te werp op algemene sienings oor die hiernamaals." Edward William Fudge, *The Fire that Consume*, bladsy 149. (Vry vertaal)

> "Die verhaal vind duidelik aanklank by bekende volksverhale waaraan Jesus 'n vars en verrassende wending gee." N.T Wright, *Jesus and the Victory of God*, bladsy 255. (Vry vertaal)

Dit is 'n kritieke beginsel om te verstaan. Jesus gebruik algemeen-bekende verhale, wat deur Sy gehoor geglo word, om hulle belangrike waarhede te leer.

> Geldenhuys kom tot die gevolgtrekking dat Jesus "nie hierdie gelykenis vertel het om ons nuuskierigheid oor die lewe na die dood te bevredig nie, maar om die geweldige erns van die lewe aan hierdie kant van die graf grootliks te beklemtoon." Edward William Fudge, *The Fire that Consume*, bladsy 149. (Vry vertaal)

Soos ons in hoofstuk 9 bespreek het, gebruik Christus 'n spieël om Sy eie denke aan die mens terug te reflekteer. Hy doen dit deels om met die mens te praat op maniere wat hulle verstaan, maar ook om te toets wat in hul hart is. Die persoon wat gehoorsaam is aan die Woord van God en deur die Gees gelei word, sal die geestelike betekenis van die woorde van Jesus onderskei, terwyl die persoon wat wandel na die vlees, sal toelaat

dat sy eie idees bevestig word. Soos Jesus vir Nikodemus gesê het:

> Nikodémus antwoord en sê vir Hom: Hoe kan hierdie dinge gebeur? (10) Jesus antwoord en sê vir hom: Jy is die leraar van Israel en jy weet hierdie dinge nie? (11) Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, ons spreek wat ons weet en ons getuig van wat ons gesien het, en julle neem ons getuienis nie aan nie. (12) As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle nie glo nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse dinge vertel? Johannes 3:9-12

Die spieël wat Jesus in die boek Johannes gebruik, word al hoe moeiliker om te verstaan, totdat 'n persoon óf aanvaar dat sy denke verkeerd is óf van Jesus af wegstap.

| Vers | Kommentaar |
|---|---|
| Johannes 2:19-21 Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig. (20) En die Jode sê: Ses-en-veertig jaar lank is aan hierdie tempel gebou, en U, sal U dit in drie dae oprig? (21) Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek. | Jesus praat van Sy liggaam, die lewende tempel, maar hulle verstaan die fisiese tempel in die stad. |
| Johannes 3:3-4 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. (4) Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan ’n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie ’n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? | Jesus praat van geestelike geboorte en Nikodemus dink dat Hy 'n fisiese geboorte bedoel. |

| Vers | Kommentaar |
|---|---|
| Johannes 4:13-15 Jesus antwoord en sê vir haar: Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; (14) maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe. (15) Die vrou sê vir Hom: Here, gee my daardie water, sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom skep nie. | Jesus praat van geestelike water en die vrou dink dat Hy van fisiese water praat. |
| Johannes 5:17-18 En Jesus het hulle geantwoord: My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook. (18) Hieroor het die Jode toe nog meer probeer om Hom dood te maak, omdat Hy nie alleen die sabbat gebreek het nie, maar ook God sy eie Vader genoem het en Hom met God gelykgestel het. | Jesus praat van geestelike werk en die Jode dink dat Hy fisiese werk bedoel. Hulle hou doelbewus vas aan 'n verkeerde begrip wat hulle in staat stel om Jesus te verwerp en te wil doodmaak. |
| Johannes 6:51-52,60,66 Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee. (52) Die Jode het toe met mekaar gestry en gesê: Hoe kan Hy ons sy vlees gee om te eet?... (60) En baie van sy dissipels het gesê toe hulle dit hoor: Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?... (66) Hieroor het baie van sy dissipels teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie. | Jesus praat van geestelike brood en drank terwyl baie mense van Jesus weggedraai en verwerp volgens hul eie begrip van wat Hy gesê het. |

Hierdie proses in die boek Johannes openbaar die toenemende gebruik van die spieël wat in die bediening van Jesus funksioneer. Ons sien dat die taal van Jesus in Johannes hoofstuk 6 uitdruklik raak oor die eet van Sy

vlees en die drink van Sy bloed. Jesus het die simbole wat Hy in Johannes 6 gebruik, in vers 35 duidelik uiteengesit. Hy het hulle uitgenooi om na Hom te kom en van Sy woorde te eet om hulle honger na geestelike voedsel te stil; om in Hom te glo as die Een deur God gestuur, om hul dors na geestelike vertroosting en goddelike aanvaarding te les. Die volk se onwilligheid om werklik te luister na wat Hy sê, veroorsaak dat hulle Hom verwerp. Hierdie proses openbaar ten volle wat in hul onbekeerde harte is. Dit toon dat hulle doelbewus bereid is om Hom verkeerd te verstaan, om sodoende te regverdig dat hulle Hom verwerp en al die bewyse wat gelewer is dat Hy die ware Messias is, omverwerp.

In die geval van die spieël, wat Jesus in die verhaal van die ryk man en Lasarus gebruik, gaan dit dieper as bloot die begrip van die fisiese of geestelike. Jesus gebruik in werklikheid idees wat die mense glo om hulle iets belangriks te leer. Die Jode het van Jesus 'n teken van Sy gesag begin eis. Hulle het hulle harte teen Hom verhard. Die dringendheid van die situasie het vereis dat Jesus aan hulle die lewensbelangrikheid van die werklikheid waarvoor hulle te staan gekom het, moes verduidelik. Hy het met hulle gepraat deur 'n verhaal wat hulle verstaan het. So weerspieël Hy hulle eie denke aan hulle. Dit was nodig vanweë die hardheid van hul harte.

Diegene wat hierdie verhaal deesdae lees met die oortuiging dat diegene wat hulle as misdadigers beskou, gepyniging moet word, sal maklik hul haat teenoor ander regverdig. Sommige sal vra - waarom sou Jesus dit doen? Waarom sou Hy dinge sê wat maklik verkeerd verstaan kan word?

Die eerste werk van die evangelie is om mense van sonde te oortuig. Hierdie oortuiging van sonde maak dikwels duidelik wat in ons harte versteek is. Lukas 8:17, Markus 4:22, Lukas 12:2. Dit is die doel van die goddelike spieël van die wet, want ons het almal sonde waarvan ons onbewus is, wat ons nie aanvaar nie, wat ons onderdruk of nie die volle betekenis daarvan verstaan nie. Die openbaring van sonde in die verstand van die mens verg die beste pogings van die Wysheid van God.

> En as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: Johannes 16:8

> Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. (4) Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word. Matthéüs 5:3-4

> Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees; Romeine 3:19

Ons onthou die verhaal van die Nie-Joodse vrou uit Kanaän wat na Jesus gekom het om haar dogter te genees. Sy aanvanklike stilte dien as 'n spieël om hul verkeerde gesindheid teenoor vreemdelinge in die dissipels na vore te bring. Die goddelike spieël weerspieël ons gedagtes en motiewe. Christus, as die Woord van God, spreek tot ons op 'n manier wat ons denke en begeertes onderskei.

> Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. Hebreërs 4:12

Wanneer mense sommige verklarings van Jesus gebruik om te bewys dat God mense lewendig martel en verbrand, openbaar dit eintlik wat hulle regtig van Hom dink. Wanneer ander stellings gemaak word om aan te toon dat Christus nie gewelddadig is nie en nie mense doodmaak nie, en tog beweer Hy dat Hy presies soos Sy Vader is, word ons in 'n posisie geplaas waar ons moet kies.

Toe die buitelandse vrou, wat Jesus gevra het om haar dogter te genees, Hom hoor sê: "Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie," moes sy dadelik 'n keuse maak. Sal sy aanneem wat Hy gesê het, sodat sy Hom verwerp? Of sal sy dit wat sy van Sy karakter geleer het, neem om vas te staan in die geloof dat Hy haar sal help? Dit is die goddelike werk van die evangelie om ons tot 'n beslissingspunt oor die karakter van ons Vader te bring.

Die vrug uit die studie van die Skrif en die wandel met Christus is nie kognitiewe wanklank vir die opregte en nederige student wat in die geloof antwoorde soek nie, selfs al lê eeue van skrikwekkende, tradisionele dogma oor hom. Toe ek die verhaal van die ryk man in die vlam lees en Jesus praat van God wat beide liggaam en siel in die hel vernietig, het ek

besluit om dit te deursoek en te harmoniseer met ander stellings, soos om jou vyande lief te hê en jy mag nie doodmaak nie. Ons het voorheen aspekte van die dood van die goddelose aangespreek, maar laat ons nou gedeeltes bymekaarbring wat spreek van vuur in verband met God.

> Daarop **verskyn die Engel van die HERE aan hom in ’n vuurvlam uit ’n doringbos**. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie! Exodus 3:2
>
> En die verskyning van **die HERE se heerlikheid** was in die oë van die kinders van Israel **soos ’n verterende vuur** op die top van die berg. Exodus 24:17
>
> KYK, die **Naam van die HERE kom van ver af**, sy toorn brand, swaar wolke kom op; sy lippe is vol grimmigheid en **sy tong soos ’n verterende vuur**, Jesaja 30:27
>
> Die sondaars in Sion bewe, siddering het die roekelose aangegryp. Hulle sê: **Wie van ons kan woon by ’n verterende vuur**, wie van ons kan woon by ’n ewige gloed? (15) **Hy wat in geregtigheid wandel en spreek wat reg is**, wat gewin deur afpersinge versmaad, wat sy hande uitskud om geen omkoopgeskenk aan te gryp nie, wat sy oor toestop om van geen bloedskuld te hoor nie, en sy oë sluit om wat sleg is, nie te sien nie — Jesaja 33:14-15
>
> Want onse **God is ’n verterende vuur**. Hebreërs 12:29
>
> En daar kom skielik uit die hemel ’n geluid soos van ’n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. (3) Toe **is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit**. (4) **En hulle is almal vervul met die Heilige Gees** en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek. Handelinge 2:2-4
>
> As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende **sal jy op sy hoof vurige kole ophoop**. Romeine 12:20

Op Pinksterdag was die apostels beklee in die vuur van die Gees van God. Hulle was brandend van die vuur, maar is nie verteer nie, net soos die brandende bos in die tyd van Moses. Die vraag wat in Jesaja 33:14 gevra word, is: Wie van ons kan woon by 'n verterende vuur en 'n ewige gloed? Dit is die regverdiges wat vir ewig sal brand in die vlam van God se liefde. Wanneer die liefde van God aan die einde van die tyd ten volle geopenbaar word, wanneer al die goddeloses presies sien wat God vir hulle gedoen het – al Sy pogings om hulle te red, sal die skuld van hul verwerping van Hom in skaamte oor hulle kom soos vuurkole op hulle koppe. Dit is hulle boosheid wat hulle verpletter – nie die hand van God nie. Die vuur is slegs onbaatsugtige liefde; wanneer daardie liefde openbaar word, bring dit onmiddelik selfverwyt en diepe benoudheid. Is die rede dat God mag het om liggaam en siel in die hel te vernietig, bloot omdat Hy so liefdevol en barmhartig en besorg is?

> En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel. (29) Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie. (30) En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel. (31) Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies. Matthéüs 10:28-31

In die lig van vers 29-31 lyk dit of vers 28 nie verband hou daarmee nie. Eers sê Jesus dat ons Hom moet vrees wat liggaam en siel in die hel kan vernietig, en dan vertel Hy ons van die Vader se tere sorg vir ons, sodat ons nie hoef te vrees nie. Indien God die persoon is wat mense direk in die hel martel en letterlike vuur gebruik wat hulle vel smelt, hoe kan Hy dan in vers 31 sê: "wees dan nie bevrees nie", sonder enige teenstrydigheid?

Jesus gebruik vers 28 om die gedagtes van mense in 'n spieël uit te spreek. Hy weerspieël ons natuurlike gedagtes omtrent God terug aan ons. Die persoon wat dit lees en wat vol sonde en goddeloosheid is, sal bang wees wanneer hy sien hoe anders sy karakter is as dié van God en hoeveel hy Christus met sy eie selfsug gemartel het.

> Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort. Jakobus 1:15

> Die onheil maak die goddelose dood; en die wat die regverdige haat, moet daarvoor boet. Psalms 34:22

Dit is die sonde wat dood veroorsaak - nie God nie. Dit is deur die diepe besef van hoe mooi ons hemelse Vader na die mossie omsien en die hare van ons hoof tel, hoe Hy waarlik die hele tyd op 'n liefdevolle manier aan ons dink, waardeur ons heeltemal vernietig sal word. Die volle besef hiervan sal oor die sondaar 'n verskriklike sonde-bewustheid bring en hy sal oorweldig word en ongedaan gemaak word. Slegs so maak Matthéüs 10:28 en Matthéüs 10:29-31 sy aan sy, sin.

Die gedagte word soms uitgespreek dat, aangesien God Sy karakter openbaar, en Hy weet dat dit die goddelose sal doodmaak, dat Hy op die een of ander manier verantwoordelik is vir hulle dood. Die feit dat Hy Homself openbaar, sou Hom 'n moordenaar maak. Dit is dieselfde situasie wanneer 'n dokter, wat versoek word om die lewensondersteuningstelsel af te skakel vir 'n pasiënt met 'n dodelike siekte, om as 'n moordenaar beskou te word, of om op die een of ander manier verantwoordelik te wees vir hul dood. Vir die mensdom om oop gemeenskap met God te hê, veral in die ewigheid, moet God openbaar wie Hy werklik is. Ons onthou ook dat die goddeloses aan die einde van die tyd die Nuwe Jerusalem omsingel om dit in te neem, wat beteken dat hulle moord, jaloesie en diefstal in hul harte het wanneer hulle die stad nader.

> En hulle [Satan en die Goddelose] het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur [van onbaatsugtige liefde soos Pinksterdag] het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. Openbaring 20:9

Wanneer menslike selfsug sulke onbaatsugtigheid nader, verseker die verpletterende skuld van selfveroordeling die dood van die goddelose.

Wanneer ons die Bybel lees, is die spieël voor ons. Dit weerspieël aan ons terug hoe ons dink en dan moet ons 'n ewige keuse maak.

> Vir dié wat rein is, is U rein, vir dié wat vals is, is U vals. Psalms 18:27 (NLV)

Toe die engel na Abraham geroep het en verhinder het dat hy die lewe

van sy seun, Isak, as offer neem, het Abraham skielik 'n keuse gehad of hy die beeld wat hy van God gehad het, sou verander. Die opdrag om sy seun dood te maak was die weerspieëling van sy eie gedagtes, en dit was vir hom ‘n uitgemaakte saak dat sy seun moes sterf. Ons moet almal tot daardie beslissingspunt kom. Mag ons die woorde *moenie jou hand na die seun uitsteek nie* hoor en besef dat God nie die bewerker van die dood is nie. “Brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie.” Psalms 40:7.

Wat was dan die doel van Jesus om hierdie verhaal van die ryk man en Lasarus te vertel? Dit word in Sy slotopmerking gevind.

> Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan. Lukas 16:31

Christus het aan hulle die belangrikheid van die besluite wat ons hierdie kant van die graf neem, benadruk; dat ons aandagtig moet luister na die geskrifte van Moses en die profete om hierdie besluite te neem.

## 17. Vernietigende Engele

Die engele van God het 'n belangrike rol gespeel in die lewe van Jesus op aarde. Die engel Gabriël het aan Maria haar voorreg om die Messias te baar, aangekondig. Die engele het Sy geboorte verwelkom met sang. Op 'n kritieke punt voor Sy kruisiging, het 'n engel gekom om Jesus te versterk vir die taak. Lukas 22:43. Die Vader het 'n engel gestuur om Jesus uit die graf op te wek en hulle het aan Sy neerslagtige volgelinge aangekondig dat Hy uit die dood opgestaan het. Die engele was van kritieke belang vir die bediening van Jesus en al hul werk was gebaseer op die karakter van Christus, want ons lees:

> Natánael sê vir Hom: Waarvandaan ken U my? Jesus antwoord en sê vir hom: Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien. (50) Natánael antwoord en sê vir Hom: Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel! (51) Jesus antwoord en sê vir hom: Glo jy omdat Ek vir jou gesê het: Ek het jou onder die vyeboom gesien? Jy sal groter dinge sien as dit. Johannes 1:49-51

Die werk van die engele is gebaseer op die karakter en werk van Christus, want alles wat hulle doen is gebaseer op die Seun van die mens. Die Bybel sê:

> Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie? Hebreërs 1:14

Die engele van God dien ons Vader en ons Here Jesus met graagte. Hulle dien ons ook graag deur ons te beskerm en aan te moedig.

> Die Engel van die HERE trek ’n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit. Psalms 34:8

Hulle is gevul met die Gees van God en besing die lof van God en Sy Seun.

> Toe sien ek, en ek hoor ’n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tienduisende van tienduisende en duisende van duisende; (12) en met ’n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof. Openbaring 5:11-12

Die engele het ‘n groot belangstelling in die evangelie en die plan van verlossing.

> Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is — dinge waarin die engele begerig is om in te sien. 1 Petrus 1:12

Hulle is verheug om vrede op die aarde te bring en toegeneentheid teenoor ons te betoon.

> En skielik was daar saam met die engel ’n menigte van die hemelse leërskare wat God prys en sê: (14) Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense ’n welbehae! Lukas 2:13-14

Hulle is besonder kragtig en is volkome gehoorsaam aan God en onderhou al Sy gebooie.

> Loof die HERE, sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord! Psalms 103:20

Ons Vader beveel Sy heilige engele om ons te beskerm teen Satan en sy vernietigende engele, soos ons in hoofstuk elf omtrent die toorn van die Here ontdek het. Aangesien die heilige engele met die Gees van Christus gevul is, onderhou hulle die gebooie van die Vader. Alhoewel die heilige engele mense nie doodmaak nie, gebruik hulle tog hul mag om die magte van die bose in te perk en om lewelose voorwerpe rond te beweeg en te vernietig. Daar is enkele Skrifgedeeltes wat dit anders stel en dit is wat ons in hierdie hoofstuk wil ondersoek. Indien u die woorde *engel* en ge*slaan/doodgeslaan/getref* (*smote* – KJV) in die Skrif deursoek, vind u vier Bybelverhale wat genoem word.

1. Númeri 22. Bileam en die donkie. Bileam het die donkie geslaan wat 'n engel gesien het.
2. 2 Samuel 24. Dawid tel Israel en 70 000 mense wat deur die Engel van die Here doodgeslaan is.
3. 2 Konings 19:35 en Jesaja 37:36. Die Assiriese leër van 185 000 manne wat deur die Engel van die Here verslaan is.
4. Handelinge 12:23. Engel van die Here het Herodes vir sy sonde getref.

In die eerste verhaal het die engel niemand doodgeslaan nie, maar Bileam het eerder die donkie geslaan nadat hy uit vrees vir die engel opgehou het. Die engel het met 'n swaard voor Bíleam gaan staan.

> En die esel het die Engel van die HERE in die pad sien staan, met sy ontblote swaard in sy hand; daarom het die esel uit die pad uitgedraai en die veld ingeloop. Maar Bíleam het die esel geslaan om haar na die pad te stuur. Númeri 22:23

Die dreigende houding van die engel met 'n swaard in die hand dui daarop dat hy bereid was om Bileam kwaad aan te doen; hierdie gedagte word blykbaar verder versterk deur die ander verhale op ons lys.

In die volgende verhaal wil Dawid sy weerbare magte tel in 'n daad van trots om Israel onder die nasies te erken; die gevolg was die dood van 70 000 Israeliete.

> En die toorn van die HERE het weer teen Israel ontvlam, en Hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê: Gaan tel Israel en Juda. 2 Samuel 24:1
>
> En die HERE het ’n pes onder Israel beskik van die môre af tot op die bepaalde tyd, en van Dan tot Berséba het daar van die volk sewentigduisend man gesterwe. (16) Maar toe die engel sy hand uitsteek na Jerusalem om dit te verwoes, het dit die HERE berou oor die onheil, en Hy het aan die engel wat die verwoesting onder die volk moes aanrig, gesê: Genoeg, trek nou jou hand terug! Die engel van die HERE was toe by die dorsvloer van Arauna, die Jebusiet. 2 Samuel 24:15-16

Indien mens hierdie verhaal die eerste keer lees, kan dit dui op iets

vreesaanjaend. In trots tel die koning die volk en dan stuur God blykbaar 'n engel om 70 000 mense dood te maak; daar is dan berou oor die kwaad wat gedoen is en daar word weerhou dat meer mense doodgemaak word. Wat nog vreemder is, is dat 2 Samuel 24:1 blykbaar sê dat God self Dawid beweeg het om Israel te tel, wat daarop dui dat God self verantwoordelik was vir wat daarna gebeur het. Enigiemand wat glo "God is liefde", sal die vraag stel: "Waaroor gaan hierdie verhaal?" U sal onthou dat ons in hoofstuk nege gekyk het hoe die wet 'n spieël vir ons siele is. Hierdie verhale oor vernietigende engele is juis 'n volmaakte toets om te sien of ons die Skrif sal lees in die lig van die karakter van Jesus, en of ons ons eie menslike karakter op God sal projekteer.

Alhoewel die volgende verhaal oor die vernietiging van die Assiriese leër die dood van meer mense behels, is dit oënskynlik makliker om dit te aanvaar, omdat hierdie nasie God se volk wou doodmaak; hulle was van die wreedste karakters op aarde. Die Assiriërs het mense lewendig gestroop van hul vel en hulle op pale deurboor en opgehang. Sulke gewelddadige gedrag teenoor die volgelinge van God kan die vraag oor die gebruik van dodelike geweld deur die engele van die Here vir baie onderdruk.

> En in dieselfde nag het die engel van die HERE uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd-vyf-en-tagtigduisend verslaan; en toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak — was dit almal dooie liggame! 2 Konings 19:35

Die voor-die-hand-liggende betekenis van hierdie stellings dui sterk daarop dat die engele van die Here 185 000 Assiriese soldate doodgemaak het. Dit lyk heeltemal logies dat wanneer 'n bose bedreiging God se volk wil doodmaak, hierdie soldate doodgemaak moet word weens hul moorddadige planne. Die laaste verhaal op ons lys hou betrekking met Herodes. Dit lyk asof hy die mees geskikte kandidaat is om doodgemaak te word, in ag genome al die dade wat hy gedoen het.

> En op 'n bepaalde dag het Herodes 'n koninklike kleed aangetrek en op die troon gaan sit en hulle toegespreek. (22) Daarop het die volk hom toegeroep: 'n Stem van 'n god en nie van 'n mens nie! (23) En onmiddellik het 'n engel van die Here hom getref,

> omdat hy die eer nie aan God gegee het nie; en hy is deur wurms verteer en het gesterwe. Handelinge 12:21-23

Herodes het Jakobus, die broer van Johannes, vermoor en toe beplan om Petrus dood te maak. Dit is duidelik dat dit 'n goeie engel was wat Herodes verslaan het. Dit is ook duidelik dat dit 'n vergeldingstraf van die Almagtige was. Vergelding is terugbetaling of vergoeding vir dade wat gedoen is. Dit sal uiters aanloklik wees om ons soektog op hierdie stadium te staak en tot die gevolgtrekking te kom dat God inderdaad Sy goeie engele stuur om goddelose mense dood te maak. Alhoewel die verhaal van die 70 000 Israeliete komplikasies het, lyk die ander twee verhale rakende die Assiriërs en Herodes korrek en om hierdie gedagte te bevraagteken, is vir die meeste mense ondenkbaar.

In hierdie boek het ons die idee gestel dat ons deur die lens van die lewe van Christus, al die ander verhale in die Bybel moet benader. Indien iemand nie hierdie besluit neem nie, is dit heel waarskynlik dat hulle hul soektog hier sal staak en tot die gevolgtrekking kom dat die regverdige engele van God mense doodmaak.

In hoofstuk twee van hierdie boek het ons die reëls van William Miller genoem wat vereis dat ons alles wat die Skrif sê omtrent 'n onderwerp in ag moet neem om ons gevolgtrekking te maak. Dit moedig ons aan om dieper te delf om die Skrif te harmoniseer wanneer dit blyk dat daar teenstrydighede is. Dit is opmerklik dat dit nooit opgeteken is dat engele mense tydens die bediening van Jesus op aarde doodgemaak het nie. Hoe kan dit ooreenstem met die verhale van die vernietigende engele? Laat ons begin met die verhaal waarin Dawid Israel getel het. Hoe verstaan ons die volgende vers? Hoe het God Dawid aangehits om Israel te tel?

> En die toorn van die HERE het weer teen Israel ontvlam, en Hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê: Gaan tel Israel en Juda. 2 Samuel 24:1

Indien ons dit met dieselfde verhaal op 'n ander plek vergelyk, lees ons soos volg:

> Toe het Satan teen Israel opgetree en Dawid aangehits om Israel te tel. 1 Kronieke 21:1

Indien ons *slegs* 2 Samuel 24:1 lees en vereis dat hierdie vers bloot net so gelees moet word, moet ons sê dat God self Dawid daartoe gelei het, sodat 70 000 Israeliete vermoor word. Nooi dit ons nie om dit te bevraagteken of hierdie idee pas by 'n God wat beweer dat Hy liefde is nie?

In die soeke om die vraag te beantwoord, ontdek ons 1 Kronieke 21:1 wat onthul dat Satan toegelaat is om Dawid te versoek om Israel te tel. Ons word dan uitgenooi om die twee verklarings te harmoniseer. Kan ons tot die gevolgtrekking kom dat God en Satan saamgewerk het om die Israeliete te vernietig? Weereens word ons uitgenooi om dieper te delf om die oplossing te vind. Hierdie proses toets die harte van mense om te sien of hulle regtig glo dat God 'n liefdevolle Vader, 'n onwillige regter of 'n genadelose tiran is. Diegene wat genade in die oë van die Here vind, sal aanhou studeer totdat hulle die verhale kan harmoniseer; ander glo eenvoudig die weerspreking en sê dat God liefdevol is, selfs al doen Hy hierdie dinge.

Vroeër in die geskiedenis van Israel is die versoek gerig om 'n koning soos die ander nasies te hê. Israel wou soos die ander nasies wees.

> En sê vir hom: Kyk, u is oud, en u seuns wandel nie in u weë nie; stel nou ’n koning oor ons aan om ons te rig soos by al die nasies. 1 Samuel 8:5

Hierdie versoek weerspieël die begeerte na nasionale grootsheid. Tog was hierdie versoek eintlik 'n verwerping van God.

> Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie. 1 Samuel 8:7

Die hele beginsel van koningskap was 'n verwerping van die leierskap van God. Nadat Saul aanvanklik goed gedoen het as koning van Israel, het sy karaktertekortkominge baie gou duidelik geword en het hy nie die koninkryksambisies van Israel baie ver bevorder nie. Aan die ander kant het Dawid al die vyande van Israel verower en onder sy leiding het dit met die volk voorspoedig gegaan, met die gepaardgaande groei. Satan het Dawid versoek om die huidige welvaart van die land met die verlede te vergelyk om hom te vlei. Die Here het 'n beroep gedoen op Dawid deur sy generaal Joab, maar Satan het daarin geslaag om Dawid te verlei om Israel

te tel.

> En Joab het aan die koning gesê: Ja, mag die HERE u God by die volk honderd maal meer byvoeg as wat hulle ook al is, en die oë van my heer die koning dit sien; **maar waarom het my heer die koning behae in hierdie saak**? 2 Samuel 24:3

Die Here het toegelaat dat dit gebeur en het nie die versoekings van Satan oor Dawid verhinder nie. Die mislukking het daartoe gelei dat pes op Israel geval het.

> En die HERE het ’n pes onder Israel beskik [H5414] van die môre af tot op die bepaalde tyd, en van Dan tot Berséba het daar van die volk sewentigduisend man gesterwe. 2 Samuel 24:15

Die Hebreeuse woord vir *beskik* is eintlik *nathan* wat beteken om te *gee* en soms om *prys te gee*. Let op die volgende vers met betrekking tot pes wat verband hou met die verbond van God.

> En Ek sal ’n swaard oor julle bring wat die wraak van die verbond sal uitoefen; en as julle dan in jul stede terugtrek, sal Ek pes onder julle in stuur, en julle sal in die hand van die vyand oorgegee [H5414] word. Levítikus 26:25

Hier word *nathan* vertaal as *oorgegee*. Let op die laaste gedeelte van die vers. Die woord *en* is ingevoeg en kan maklik gelees word as:

> Ek (sal) pes onder julle in stuur, julle sal in die hand van die vyand oorgegee [H5414] word.

Dit beteken dat, wanneer die pes inkom, gebeur dit omdat hulle aan die vyand oorgegee is.

> Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. (2) Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. (3) **Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes**. Psalms 91:1-3

Dit is Satan wat hierdie mense vernietig het. Die alternatief is dat God Satan toegelaat het om Dawid en Israel te versoek en hulle in sonde te lei;

daarna verslaan God dan 70 000 mense. Hierdie standpunt is nie konsekwent nie. Satan het opgestaan en kon Dawid versoek, omdat Dawid nie volgens God se wil te werk gegaan het nie. Toe Dawid aan hierdie versoeking toegegee het, het dit Satan groter toegang tot Israel gegee; hy het die situasie benut om pes onder hulle te bring. Tog verklaar dit nie die gedeelte omtrent die engel wat die Israeliete verslaan het nie.

> Maar toe die engel sy hand uitsteek [H7971 wegstuur, los] na Jerusalem om dit te verwoes, het dit die HERE berou oor die onheil, en Hy het aan die engel wat die verwoesting [H7483 gooi af, verloor] onder die volk moes aanrig, gesê: Genoeg, trek nou jou hand terug! Die engel van die HERE was toe by die dorsvloer van Arauna, die Jebusiet. (17) Toe Dawid sien hoe die engel onder die volk doodslaan, het hy tot die HERE gespreek en gesê: Kyk, ék het gesondig, en ék het verkeerd gehandel, maar wat het hierdie skape gedoen? Laat u hand tog teen my wees en teen my familie. 2 Samuel 24:16-17

Satan is die agent wat die pes gebring het, maar wat is hierdie swaard wat die Engel van die Here oor Jerusalem uitgestrek het? Wat is die swaard wat die Seun van God gebruik?

> En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. (17) En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste. Openbaring 1:16-17

Ons sien die reaksie van die apostel Johannes toe hy die aangesig van die Seun van God en die swaard wat uit Sy mond uitgekom het, gesien het. Wat was daardie swaard?

> Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. Hebreërs 4:12

Die Gees van God het met diep oortuiging van sonde gekom na die 70 000 mense wat die toorn van die vernietiger in die gesig gestaar het, om hulle

te bekeer. Die werk van hierdie diepe oortuiging is dringend, want indien hulle weier om gehoor te gee aan die werk van die Gees, sal hulle heeltemal onbeskud wees en Satan, die vernietiger, in die gesig staar. Net soos die mense by die reiniging van die tempel, hardloop hulle van Sy aangesig af weg. In die geval van die 70 000 hardloop hulle van die aangesig van Jesus weg, reguit in die wagtende arms van die Satan wat hulle met die pes afmaai. Hulle kon hulle van hul sondes bekeer het en God gevra het om hulle te vergewe, maar hulle het van Sy aangesig weggehardloop en die gevolg was dat hulle gesterf het.

Hierdie proses is presies dieselfde as wat God gesê het dat Hy aan die Kanaäniete sou doen.

> Ek sal my skrik voor jou uit stuur en elke volk waarby jy kom, in verwarring bring. En Ek sal al jou vyande vir jou laat vlug. (28) Ook sal Ek perdebye voor jou uit stuur; dié sal die Hewiete, Kanaäniete en Hetiete voor jou uit verdrywe. Exodus 23:27-28

"Ek sal my skrik voor jou uit stuur" – dit is die oortuiging van sonde wat die goddelose verskrik. Die perdebye is die prikkels van die skuldige gewete wat deur skuldgevoelens gepynig word. Hierdie prikkels dryf hulle uit die aangesig van God en in die hande van die vyand. Tog, indien hulle berou gehad het en soos klein kindertjies geword het, sou hulle dalk gered wees. Nie almal het die tempel verlaat nie en tog het almal die swaard gevoel.

Ons sien dus in die verhaal van Israel se telling dat die Gees van God in 'n laaste poging na hulle gekom het om diegene wat in die hande van die Satan val, te bereik en hulle harte van die sonde te reinig sodat hulle gered kan word. Jesus het die hartseer woorde uitgespreek toe hulle geweier het: "Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!" (Matthéüs 23:38). Die woord vir *swaard* in Hebreeus beteken ook *droogte* en wanneer die siel Christus volkome teëstaan, was Hy genoodsaak om hulle aan die hand van die Satan oor te laat, omdat hulle Hom toegang geweier het.

Neem ook in aanmerking dat Satan die harte van hierdie mense beheer het. Christus het 'n laaste poging aangewend om hulle te bereik. Satan was vasbeslote om nie sy prooi te verloor nie, en toe die menslike hart die toegang van Christus weier, het Satan probeer om hierdie siele te beveilig deur hulle lewens te neem eerder as om die risiko te loop dat hulle van hul

sondes bekeer. Ons ken nie die presiese besonderhede van die saak nie, maar die beginsels is nie moeilik om te volg nie.

Die aanklag word geopper: "Jy vergeestelik die tekste van die Skrif." Die Bybel gebruik die woord *swaard* en ons moet dit letterlik opneem. Eerstens was dit die pes wat die mense doodgemaak het. Hulle het nie deur 'n fisiese swaard van die engel gesterf nie. Tweedens moet ons alles bymekaarbring en dan ons gevolgtrekking maak. Let noukeurig op reël 11 (sien hoofstuk 2, nommer 6) van William Miller op hierdie punt.

> Indien 'n woord 'n goeie betekenis het soos dit lees, *en indien dit geen afbreek maak aan die eenvoudige natuurwette nie*, moet dit letterlik verstaan word. Indien nie, moet dit figuurlik geïnterpreteer word.

Terwyl die volk van die pes omgekom het, moes die swaard wat in die hand van die engel genoem word, 'n ander doel gehad het. Die Bybel vertel ons op verskillende plekke omtrent die swaard wat Christus gebruik, en dat die swaard die Woord van God is. Ons het beskryf hoe die engel die volk met die swaard verslaan het en tog het hulle aan die pes gesterf. Hoe het die Engel van die Here hulle verslaan? Die swaard was die Woord van God wat die volk van sonde oortuig het. Hulle het geweier om hulself te verloën deur hierdie swaard, en daarom het die Gees van God hulle verlaat en die vernietiger het hul lewens geneem. Wat dan van die 185 000 Assiriese soldate?

> En in dieselfde nag het die engel van die HERE uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd-vyf-en-tagtigduisend verslaan; en toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak — was dit almal dooie liggame! 2 Konings 19:35

Let daarop dat daar gesê word dat die Engel van die Here hulle verslaan het en die oggend is hulle dood gevind. Dit sê nie dat die Engel van die Here hulle met 'n kragtige wapen verslaan het wat hulle onmiddellik laat sterf het nie. Wanneer ons na die Nuwe Testament terugkeer, merk ons iets interessants op.

> En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit. (3) En sy gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu. (4) En uit vrees vir

> hom het die wagte gebewe en soos dooies geword. Matthéüs 28:2-4

Die mans het bloot 'n engel gesien; die gevolg is dat hulle gebewe het en soos dooie mense geword het. Hierdie verskynsel het met regverdige mense soos Daniël en Johannes gebeur.

> En ek, Daniël, alleen het die gesig gesien, maar die manne wat saam met my was, het die gesig nie gesien nie; nogtans het 'n groot skrik hulle oorval, sodat hulle gevlug het om hulle te verberg. (8) Toe het ék alleen oorgebly en hierdie groot gesig gesien, en geen krag het in my oorgebly nie, en my gesonde kleur het aan my verander en verdwyn, en ek het geen krag oorgehou nie. Daniël 10:7-8

> En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste Openbaring 1:17

In die geval van Johannes was dit Jesus wat hy in 'n visioen gesien het. Die rein en heilige natuur van die engele ontbloot die sondige natuur van die mens op dieselfde manier as Jesus en die Vader. In hoofstuk 10 het ons gekyk wat gebeur as ons voor die aangesig van God kom:

> **En Ek sal tot julle nader om strafgerig te hou**, en Ek sal 'n haastige getuie wees teen die towenaars en teen die egbrekers en teen die meinediges en teen die wat die dagloner in sy loon, die weduwee en die wees verdruk; en teen die wat die vreemdeling wegstoot en My nie vrees nie, sê die HERE van die leërskare. Maleági 3:5

Indien ons hierdie vers lees, dink ons van nature dat God die goddelose in Sy toorn sal verstoot en vernietig. Die Woord van God dien weereens as 'n spieël. Die vers sê: "Ek sal tot julle nader om strafgerig te hou." Ons Vader wil naby ons kom en met ons redeneer oor ons sondes. Om in die teenwoordigheid van Een te kom wat so onbaatsugtig en liefdevol is, laat geen ander keuse as om berou te hê of van die lig af weg te vlug nie. Dit is nie moontlik om passief te wees in die aangesig van God nie. Diegene wat aan hul sondes vasklou, vlug na waar hulle dink hulle lewe sal vind, maar

hulle wys dat hulle in werklikheid die dood liefhet en van die lewe wegvlug.

Die natuur van die heilige engele is so suiwer dat die blote openbaring van hul teenwoordigheid die harte van mense sal verskrik en hulle laat neerbuig en onbeweeglik sal laat. Terwyl ons verder die verhaal in Daniël hoofstuk 10 lees, sien ons dat Daniël versterk moes word om die teenwoordigheid van die heilige engel te verduur.

> En ek het die geluid van sy woorde gehoor, en toe ek die geluid van sy woorde hoor, het ek bewusteloos op my aangesig, met my aangesig op die aarde, geval. (10) **En kyk, 'n hand het my aangeraak en my op my knieë en op die handpalms waggelend laat opstaan**. (11) En hy het vir my gesê: Daniël, geliefde man, gee ag op die woorde wat ek met jou spreek, en gaan staan op jou staanplek, want ek is nou na jou gestuur. En terwyl hy hierdie woord met my spreek, **het ek bewende gaan staan**. (12) Toe sê hy vir my: **Wees nie bevrees nie, Daniël**; want van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor, en om jou woorde ontwil het ek gekom... (15) En terwyl hy hierdie woorde met my spreek, het ek my aangesig na die grond gedraai en stom geword. (16) En kyk, een wat soos 'n mens gelyk het, het my lippe aangeraak. Toe het ek my mond oopgemaak en gespreek en aan hom wat teenoor my staan, gesê: My heer, deur die gesig het krampe my oorval en het ek geen krag oorgehou nie. (17) En hoe kan so 'n geringe kneg van my heer met so 'n heer van my spreek? Wat my aangaan, bestaan daar nou geen krag in my nie, en geen asem het in my oorgebly nie. (18) Toe het die een wat soos 'n mens gelyk het, my weer aangeraak en my versterk (19) en gesê: **Wees nie bevrees nie, geliefde man, vrede vir jou, wees sterk, ja, sterk! En terwyl hy met my spreek, het ek moed geskep** en gesê: My heer kan maar spreek, want u het my versterk. Daniël 10:9-12,15-19

Die engel moes Daniël twee keer verseker dat hy baie geliefd was en dat hy nie hoef te vrees nie. Daar is geen aangetekende sonde in die lewe van Daniël nie, en tog is dit die reaksie van 'n goeie man in die teenwoordigheid van 'n regverdige engel. Die engel het hom geen skade

aangedoen nie en het hom van die liefde van God verseker; tog het Daniël gebewe en gesidder van vrees tot die punt dat hy geen krag oorgehad het nie en dit was na weke van gebed en vas. Indien dit die ervaring is van 'n regverdige, wat sou dan met die goddelose gebeur? Indien Daniël langdurig aan die engel blootgestel was sonder om versterk te word, is dit moontlik dat hy kon gesterf het, alhoewel die bedoeling van die engel slegs liefde teenoor hom was.

Die vraag wat gevra moet word, is wat die verskriklike vrees in Daniël veroorsaak het, sodat hy krag verloor het? Dit was sy sondige natuur wat in aanraking gekom het met die reinheid van die teenwoordigheid van die Engel van God. Die rein, onbaatsugtige, liefdevolle karakter van God is 'n verterende vuur vir sondige mense.

> En die verskyning van die HERE se heerlikheid was in die oë van die kinders van Israel soos 'n verterende vuur op die top van die berg. Exodus 24:17

Het die Assiriese soldate van vrees gesterf toe hulle die engel gesien het? Dit is moontlik. Is die soldate onbeweeglik gemaak deur die teenwoordigheid van die engel wat hulle laat neerval van vrees, en daarna neem Satan hul lewens in woede weens hul swakheid? Ons word nie vertel nie. Ons word eenvoudig vertel dat die soldate die engel teëgekom het en die volgende oggend dood was. Indien u hierdie verhaal deur die lens van die karakter van Jesus lees, weet u dat die engel geen begeerte gehad het om hulle dood te maak nie. Toe Jesus die tempel skoongemaak het, het die mense vreesbevange gevlug, maar enigiemand sou in berou kon omdraai en by God gesmeek het om vergifnis vir hul boosheid. In die teenwoordigheid van die engel het die soldate net 'n oomblik gehad om die waarheid omtrent hul boosheid te ontdek. Die engel het hulle miskien met hul sondes gekonfronteer om hulle aan te moedig om berou te hê oor hul planne sodat hulle gered word, maar hulle het geweier en is dus aan die genade van Satan oorgelaat. Ons kan dit nie met volle versekering sê nie, maar ons weet wel dat die engele van God gevul is met die karakter van Jesus en dat Jesus nooit enigiemand doodgemaak het nie.

Ons weet dat die goddelose met die wederkoms vernietig word deur die heerlikheid van die koms van Christus. Dit beteken dat 'n openbaring van die karakter van Christus 'n vreeslike marteling in die sondaar veroorsaak.

Die marteling gebeur omdat die sondaar weier om berou te hê. Hulle harte gee in weens vrees. 'n Beskrywing van hierdie proses is in die boek van 2de Esdras, een van die Apokriewe boeke, opgeteken.

> Maar net ek het gesien dat hy uit sy mond uitstuur soos 'n vuurontploffing, en uit sy lippe 'n vlammende asem, en uit sy tong werp hy vonke en storms uit. (11) En hulle is almal vermeng; die vuurontploffing, die vlammende asem en die groot storm; en het met geweld geval op die menigte wat voorberei was om te veg, en het hulle almal verbrand, sodat daar ewe skielik van 'n ontelbare menigte skielik niks meer waargeneem was nie, behalwe stof en die reuk van rook; toe ek dit gesien het, was ek verskrik. 2 Esdras 13: 10-11 (Vry vertaal uit Engels)

> Wys my nou tog die interpretasie van hierdie droom. 2 Esdras 13:15 (Vry vertaal)

> En 'n ontelbare menigte sal saam vergader soos u hulle gesien het, gewillig om te kom en hom te oorwin deur te veg. (35) Maar hy sal op die kruin van die berg Sion gaan staan. (36) En Sion sal kom en aan alle mense getoon word, voorbereid en opgebou, soos u die heuwel, wat nie met hande gebou is nie, gesien het. (37) En hierdie, my Seun, sal die goddelose uitvindings van daardie nasies bestraf, wat omrede hul goddelose lewe in die storm geval het; (38) En hulle sal hulle slegte gedagtes voor hulle neerlê en die pyniging waarmee hulle sal begin gemartel word, is soos 'n vlam; en hy sal hulle sonder moeite vernietig deur die wet wat soos ek is. 2 Esdras 13: 34-38 (Vry vertaal)

Die Engel van die Here, wat die Assiriërs verslaan, se betekenis is dat dit die Woord van God is wat hierdie mense van hulle sondes oortuig. Dit het soos 'n groot storm op hulle geval en hulle weiering om hulle te bekeer het hul marteling veroorsaak.

> En die mense is geskroei met ’n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie. (10) En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn; (11) en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne

> en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie. Openbaring 16:9-11

Hulle is vernietig "sonder moeite deur die wet wat" die afskrif van die karakter van God is. Is dit nie dieselfde vuur wat Aäron se twee seuns, Nadab en Abíhu verslind het toe hulle vreemde vuur in die heiligdom gebring het nie? Alhoewel vuur van die HERE hulle verteer het, is hulle in hul klere uitgedra.

> Daarop het daar vuur van die aangesig van die HERE uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die HERE. (3) Toe sê Moses vir Aäron: Dit is dit wat die HERE gespreek het deur te sê: In die wat naby My is, wil Ek My as die Heilige laat ken, en voor die oë van die hele volk wil Ek My verheerlik. Maar Aäron het stilgebly. (4) En Moses het Mísael en Élsafan, die seuns van Ussiël, die oom van Aäron, geroep en aan hulle gesê: Kom nader, dra julle broers van die heiligdom af weg, buitekant die laer uit. (5) **Toe het hulle nader gekom en hulle in hul rokke buitekant die laer uitgedra** soos Moses gesê het. Levítikus 10:2-5

Een manier waarop ons weet dat hierdie vernietiging die oortuiging van sonde is, is deur die manier waarop hierdie woord soos volg gebruik word:

> Maar daarna het **Dawid se gewete hom gepla** [H5221] [David's heart *smote* him – KJV], omdat hy die slip van Saul afgesny het. 1 Samuel 24:6

> **Maar Dawid se gewete het hom gekwel** [H5221] [David's heart *smote* him – KJV] nadat hy die volk getel het, en Dawid het aan die HERE gesê: Ek het swaar gesondig deur wat ek gedoen het; HERE, vergeef dan nou tog die skuld van u kneg, want ek het baie dwaas gehandel. 2 Samuel 24:10

Dit is dieselfde woord as in 2 Konings 19:35

> En in dieselfde nag het die engel van die **HERE uitgetrek en** in die laer van die Assiriërs honderd-vyf-en-tagtigduisend **verslaan** [H5221]; en toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak — was dit almal dooie liggame! 2 Konings 19:35

Ons laaste verhaal op die lys is die dood van Herodes.

> En onmiddellik het 'n engel van die Here hom getref, omdat hy die eer nie aan God gegee het nie; en hy is deur wurms verteer en het gesterwe. Handelinge 12:23

Uit ons vorige voorbeelde is hierdie verhaal eenvoudig om te verduidelik. Herodes het die wet oortree en die ewige verbond verbreek. Die Woord van God het hom diep oortuig van sy sondige gedrag om hom tot bekering te bring. Die sonde-oortuiging het hom angstigheid besorg, maar hy het geweier om berou te toon. Hierdie weiering het Satan toegang gegee om hom met siekte dood te maak. Herodes is aan die vyand oorgegee, omdat hy die verbond verbreek het.

> En Ek sal 'n swaard oor julle bring wat die wraak van die verbond sal uitoefen; en as julle dan in jul stede terugtrek, **sal Ek pes onder julle in stuur, en julle sal in die hand van die vyand oorgegee word**. Levítikus 26:25

Christus het die swaard van Sy Woord op Herodes gebring. Herodes het geweier om hom te bekeer en daarom is hy "in die hand van die vyand oorgegee" wat pes op hom gebring het. Wat was die verskil tussen die engel van die Here wat Herodes getref het, en die engel wat Petrus bevry het uit die gevangenes? Petrus, wat in die krag van Pinkster gewandel het, het 'n skoon gewete gehad; nie Herodes nie. Petrus is in die gevangenis aangehou, omdat hy die naam van Jesus verkondig het en het gewag op teregstelling. Toe die engel Petrus wakker maak, was hy nie bang vir die teenwoordigheid van die engel nie. Herodes het iets heeltemal anders beleef. Vir hom was dit 'n donderslag.

> Vader, verheerlik u Naam! Daar het toe 'n stem uit die hemel gekom: Ek hét dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik. (29) En die skare wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag gewees het. Ander het gesê: 'n Engel het met Hom gespreek. Johannes 12:28-29

Die trefkrag, wat soos 'n sagte aandwindjie kon wees, was vir Herodes soos donderslag en hy was tot die dood verskrik. Die engele het geen bedoeling om mense dood te maak nie; hulle besef dat die goddeloosheid by die mens wat deur hul reinheid geopenbaar word, genoeg is om dood

te maak sonder enige motief van hulle kant. Engele beweeg tussen die mensdom deur en om die mens te beskerm teen die volle bewustheid van hul teenwoordigheid, moet die engele hul teenwoordigheid versteek vir die mens. Hoe genadig is hulle teenoor ons!

Ons sien dat die engel wat mense verslaan en die dood tot gevolg het, plaasvind wanneer die Woord van God mense van sonde oortuig. Die bewustheid van 'n mens se eie sondigheid bring angstigheid. Die teenwoordigheid van pes dui daarop dat die Gees van God verwyder is en dat die vernietiger sy werk gedoen het toe God ophou om diegene wat weier om berou te hê, te beskerm. Sonde word deur sonde gestraf. Die engele van God is gevul met die Gees van Jesus. Hulle onderhou die gebooie van die Vader en dra nie 'n fisiese swaard nie. Hulle is bemagtig met die Woord van God en gevul met die geregtigheid van Jesus. Hulle reinheid, liefde en heiligheid is 'n verskrikking vir die goddeloosheid van sondaars en hulle heiligheid bring groot angs in die harte van die onregverdiges. Hulle krag lê in hul heiligheid, maar tog het hulle ook die krag om die magte van die goddelose in toom te hou.

Daarom is die regverdige engele geweldige kragtig. Wanneer hulle beveel word om hul wapens los te laat en terug te tree van hul beskermingswerk, laat hulle die volle krag van Satan se woede vry. Alhoewel hulle dit nie wil doen nie, sal hulle op ‘n bevel gehoorsaam wees. Dit kan slegs gebeur wanneer iemand weier om gehoor te gee aan die waarskuwing van God en volhard om Sy gebooie te oortree. Na jare van baie foltering gee die Gees van God uiteindelik toe en laat die sondaar toe om sy eie keuse te ontvang.

Hoe geseënd is ons tog om hul beskerming en leiding te hê. Soms openbaar hulle hul teenwoordigheid om die mens te verhoed dat hulle kwaad doen, maar die mens wat vasberade is om hul weg van sonde te volg, sal eerder in verskrikking sterf as om hulle te bekeer en gered te word. Dit is die boosheid van die menslike hart. Ons hoef niks van die engele van God te vrees nie; daar is geen moontlikheid dat hulle sal verander van ons beskermers na ons moordenaars nie; hulle klim altyd op en neer op die Seun van die mens wie niemand doodgemaak het nie.

## 18. Duidelike Stellings

Voordat ons verder gaan met die voorbeelde in die Bybel waar dit lyk asof God mense vermoedelik doodmaak, moet ons sommige van die beginsels wat ons voorheen vasgestel het, hersien en toepas.

Dit is baie maklik om geïsoleerde gedeeltes van die Bybel saam te stel om 'n stelling te maak wat die waarheid vernietig dat God waarlik liefdevol, sagmoedig en vriendelik is. Daar word gereeld vir my gesê: “Jy sê dat God nie mense doodmaak nie, maar die Bybel sê vir jou dat Hy dit wel doen.” Ek sal 'n reeks verse lys wat gebruik word om dit te bewys. Wanneer hulle saam gelees word, blyk dit dat hulle ‘n oortuigende saak vir baie mense bied.

> En die HERE sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het. Genesis 6:7

> En die HERE het swawel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van die HERE uit die hemel, Genesis 19:24

> Maar Er, Juda se oudste, was in die oë van die Here 'n slegte man, en die Here het hom laat sterf. Genesis 38:7 (1983)

> Maar wat Onan gedoen het, was verkeerd in die oë van die Here, en Hy het ook vir hom laat sterf. Genesis 38:10 (1983)

> Want toe die farao te hardkoppig was om ons te laat trek, het die Here al die eerstelinge van die Egiptenaars laat sterwe, mens en dier. Om hierdie rede offer ons die manlike eersteling van elke dier aan die Here, maar koop ons elke eersgebore seun los. Exodus 13:15 (1983)

Daarop sê die HERE vir Moses: Steek jou hand uit oor die see, dat die waters kan terugvloei oor die Egiptenaars, oor hulle strydwaens en oor hulle ruiters. (27) En Moses het sy hand oor die see uitgesteek, en die see het teen dagbreek in sy bedding teruggevloei, en die Egiptenaars het dit tegemoet gevlug. So het die HERE dan die Egiptenaars binne-in die see gestort. (28) En toe die waters terugvloei, het hulle die strydwaens en die ruiters van Farao se hele leërmag wat agter hulle die see ingetrek het, oordek. Geeneen van hulle het oorgebly nie. Exodus 14:26-28

Verder het die HERE vir Moses gesê: Ek het hierdie volk gesien, en kyk, dit is 'n hardnekkige volk. (10) Laat My dan nou begaan, dat my toorn teen hulle ontvlam en Ek hulle verteer. Dan sal Ek jou tot 'n groot nasie maak. Exodus 32:9-10

En hy het vir hulle gesê: So spreek die HERE, die God van Israel: Laat elkeen sy swaard aangord aan sy heup. Gaan heen en weer van poort tot poort in die laer, en laat elkeen sy broer en elkeen sy vriend en elkeen sy naaste doodmaak. (28) En die seuns van Levi het gehandel volgens die woord van Moses, en daar het van die volk op dié dag omtrent drieduisend man geval. Exodus 32:27-28

En die seuns van Aäron, Nadab en Abíhu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die aangesig van die HERE gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie. (2) Daarop het daar vuur van die aangesig van die HERE uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die HERE. Levítikus 10:1-2

En die volk het hulle voor die ore van die HERE beklaag dat dit sleg gaan. En toe die HERE dit hoor, het sy toorn ontvlam, en die vuur van die HERE het onder hulle gebrand en het gewoed aan die kant van die laer. Númeri 11:1

Toe sê die HERE vir Moses: Neem al die hoofde van die volk en hang die oortreders op in die volle son vir die HERE, sodat die toorngloed van die HERE van Israel afgewend kan word. Númeri 25:4

> En hulle het oorlog toe getrek teen Mídian, soos die HERE Moses beveel het, en al die manlike persone gedood. Númeri 31:7

> En die HERE jou God hulle aan jou oorgee, dat jy hulle verslaan, dan moet jy hulle geheel en al met die banvloek tref; jy mag geen verbond met hulle maak en hulle nie genadig wees nie. Deuteronómium 7:2

> Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie. Deuteronómium 32:39

> Het die HERE hulle in verwarring gebring voor Israel, en hy het 'n groot slag onder hulle geslaan by Gíbeon en hulle agtervolg op pad na die hoogte van Bet-Horon en hulle verslaan tot by Aséka en tot by Makkéda. (11) En toe hulle voor Israel uit vlug terwyl hulle op die afdraand van Bet-Horon was, het die HERE groot haelstene uit die hemel op hulle gewerp tot by Aséka, sodat hulle gesterf het; daar het meer gesterf deur die haelstene as wat die kinders van Israel met die swaard doodgeslaan het. Josua 10:10-11

> So sê die HERE van die leërskare: Ek het terdeë gelet op wat Ámalek Israel aangedoen het, dat hy hom in die weg gestaan het by sy optog uit Egipte. (3) Gaan nou en verslaan Ámalek, en julle moet met die banvloek tref alles wat hy het; en jy mag hom nie verskoon nie, maar jy moet om die lewe bring man sowel as vrou, kind en suigling, bees en kleinvee, kameel en esel. 1 Samuel 15:2-3

Ons kan nog 'n paar verse soortgelyk hieraan lys. Daar is baie verhale in die Ou Testament wat baie duidelike beskrywings gee, maar al die verhale saam is niks in vergelyking met die massaslagting van die mensdom wat in die Nuwe Testament beskryf word nie.

> En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; (8) en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos

> die sand van die see. (9) En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. (10) En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. Openbaring 20:7-10

Dit sê dat die goddeloses soos die sand van die see sal wees? Hoeveel sandkorrels is daar op die strand? Ons kan 'n konserwatiewe syfer van 100 biljoen mense voorstel wat blykbaar almal skree en bitterlik huil, in die ergste graad van pyn. Dit maak dat die Ou-Testamentiese verhale, in vergelyking hiermee, soos kleuterfabels lyk.

Baie Christene, in 'n vreemde vorm van triomf, lees hierdie versgedeeltes en verklaar dat dit bewys dat die God wat hulle "*aanbid*" biljoene en biljoene mense verskriklike marteling bring deur hulle lewendig te braai, omdat hulle teen Hom in opstand gekom het.

Weliswaar word die verse wat aandui dat God skynbaar beveel dat klein babatjies doodgekap word, strategies oor die hoof gesien of vermy, behalwe vir die mees geharde en gevoellose individue wie daarin slaag om hierdie moorddadige optrede as godsvresend te verdedig.

Wat hulle seëvierend as bewys voorhou, blyk eintlik hul grootste nederlaag te wees.

Wie sou dit rasioneel kon bedink om ewig in die teenwoordigheid van God te woon en aanbidding op geboë knieë te bring tot so 'n afskuwelike wese, terwyl u uself regtig probeer oortuig dat u nooit desperaat bang moet voel dat u ook eendag vermoor kan word nie?

Indien die korrekte lees van hierdie verhale beteken dat God vlamme van Homself direk op die goddelose afstuur, terwyl al die regverdiges vanaf die mure van Sion die verrigtinge bloot dophou soos 'n film, sodat hulle die geskree en gekerm van die verdoemdes aanhoor, sou die regverdiges hulle regtig kon verheug, realisties gesproke, wanneer al hul geliefdes wat die waarheid verwerp het, almal lewendig verbrand word (hetsy kortstondig of vir ewig) sonder enige genade?

Is daar een of ander regverdige bevrediging dat die God wat u aanbid nie net u eiesinnig-afgedwaalde familielede doodmaak nie, maar hulle eers martel en hulle dan stadig, deur die ondenkbaarste afgryse, vernietig?

Ek veronderstel dat sommige sou sê dat God elke traan van hulle oë sal afvee en die vorige dinge uit hulle geheue sal verwyder.

> En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. Openbaring 21:4

Is hierdie 'n ewige saligheid wat mens sal begeer of is dit die vernietiging van bewyse deur 'n karakter wat ondenkbaar wreed en boosaardig is?

Daar is iets baie ontstellends aan hierdie prentjie vir enige rasionele persoon wat die vreugdes van liefde binne die huwelik ervaar het, of 'n baba in hul arms gewieg het, of in die liefdevolle omhelsing van 'n ouer gestaan het, of selfs diegene wat na hul kosbare diere soos 'n perd, ‘n hond of ‘n kat omgesien het.

Die gebruik van hierdie verse op hierdie manier gaan dikwels gepaard met die bewering dat ons die Bybel moet lees soos dit daar staan, of dat ons dit letterlik moet lees en hierdie duidelike stellings moet aanvaar as bewys dat God die goddelose sal doodmaak.

Dit is absoluut waar dat ons die *Bybel* moet lees soos dit daar staan, en om die Bybel te lees soos dit daar staan, beteken dat ons die *hele* Bybel moet lees, en nie net dele van die Bybel wat pas by die argument wat ons wil voer nie.

Soos ons in hoofstuk 2 geleer het, moet ons alle Skrif oor 'n onderwerp bymekaar bring. Diegene wat tot die slotsom kom dat God mense direk doodmaak, lees nie die hele Bybel nie, maar eerder die dele van die Bybel wat met hul standpunt ooreenstem. Indien u die hele Bybel lees, sal u in baie posisies geplaas word waar dinge aanvanklik eenvoudig nie bymekaar pas nie. Oorweeg die volgende:

| Sag, ootmoedig en liefdevol | Wraakgierig, haatlik en vernietigend |
|---|---|
| Matt. 26:52 Toe sê Jesus vir hom: Sit jou swaard in sy plek terug; want **almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan**. | Deut. 32:40-41 Want Ek sal my hand na die hemel ophef en sê: So waar as Ek ewig leef — (41) as Ek my glinsterende swaard skerp gemaak het en my hand na die strafgerig gryp, sal Ek wraak oefen op my teëstanders en my haters vergelde. |
| Luk. 9:56 want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red. En hulle het na ’n ander dorp vertrek.<br>Jes. 11:9 Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek. | Gen. 6:7 En die HERE sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het. |
| Matt. 5:44 Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; | Ps. 18:40 En U het my met krag omgord vir die stryd; U het my teëstanders onder my laat buk.<br>Ps. 143:12 En vernietig my vyande in u goedertierenheid, en bring hulle almal om wat my as vyand behandel; want ek is u kneg. |

| | |
|---|---|
| Exo. 20:13 Jy mag nie doodslaan nie.<br>2 Kor. 3:18 En terwyl ons almal met onbedekte **gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld**, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is. | Gen. 38:7 (1983) Maar Er, Juda se oudste, was in die oë van die Here 'n slegte man, en die Here het hom laat sterf.<br>Pred. 3:3 'n tyd om dood te maak en 'n tyd om gesond te maak, 'n tyd om af te breek en 'n tyd om op te bou, |
| 1 Joh. 4:8 Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. | Mal. 1:2-3 Ek het julle liefgehad, sê die HERE. Nogtans vra julle: Waarin het U ons liefgehad? Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die HERE. Tog het Ek Jakob liefgehad, (3) **maar Esau het Ek gehaat** en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee. |
| Ps. 100:5 Want die HERE is goed; sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en sy trou van geslag tot geslag.<br>1 Kron. 16:34 Loof die HERE, want Hy is goed, **want sy goedertieren-heid is tot in ewigheid**; | Jes. 9:16 Daarom sal die Here oor hulle jongmanne nie bly wees nie en **Hom nie ontferm oor hulle wese en hulle weduwees nie**; |
| Jes. 27:4 **Geen grimmigheid is by My nie**. Kry Ek doring of distel, in oorlog sou Ek daarop aanval, dit alles saam verbrand. | Job 20:23 Om sy buik te vul, **sal Hy teen hom uitstuur sy toorngloed**, en Hy sal dit op hom laat reën as sy voedsel. |

Wanneer u die Bybel noukeurig lees, sal daar baie gou teenstrydighede begin verskyn.

Op die punt van oënskynlike teenstrydighede moet u die keuse maak om die gedeeltes van die Bybel wat blykbaar nie ooreenstem met wat u reeds verstaan nie, te ignoreer, of u moet nederig voor God kniel en Hom vra om

u te leer hoe om die Bybel te lees en hierdie oënskynlike teenstrydighede te harmoniseer.

Die vraag is: Waarom het God die Bybel so geskryf? Waarom sou dit nie op 'n eenvoudiger manier geskryf kon word as wat dit geskryf was nie? Die onbekeerde man is van nature trots. Hy is ook van nature vyandiggesind teenoor God, alhoewel hy miskien nie daarvan bewus is nie.

> Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. Romeine 8:7 (1983)

Hierdie natuurlike vyandigheid sal veroorsaak dat hy die Bybel op 'n manier lees sodat God as hard en tirannies openbaar word. So 'n man kan beweer dat hy God liefhet en Hom eer, maar hierdie natuurlike vyandigheid is nie bereid om hierdie oënskynlike teenstrydighede te oorkom nie. In plaas daarvan sal hy kies om al die verse te lees wat God as 'n moordenaar openbaar, om dan, wanneer dit nodig is, sagmoedig te sê dat ons moet aanvaar wat die Bybel sê.

Tog aanvaar so iemand in werklikheid nie alles wat die Bybel sê nie. Hierdie man aanvaar wat hy wil aanvaar en ignoreer daardie dele wat God in 'n ander lig voorstel. Op hierdie manier ontdek ons die waarheid:

> God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Jakobus 4:6

Hoe werk dit?

> Want as iemand ’n hoorder van die woord is en nie ’n dader nie, dié is soos ’n man wat sy natuurlike gesig in ’n spieël sien; Jakobus 1:23

> Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. Matthéüs 7:2

> Daarom is jy, o mens wat oordeel, wie jy ook mag wees, sonder verontskuldiging; want waarin jy ’n ander oordeel, veroordeel jy jouself; want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge. Romeine 2:1

Wanneer die mens die Bybel lees en die skrifgedeeltes wat van 'n volkome liefdevolle God praat, ignoreer en die gedeeltes verkies wat blykbaar spreek van God wat mense direk doodmaak, openbaar hy sy eie karakter. So 'n man, net soos Satan, skryf sy eie eienskappe aan God toe en openbaar sy vyandskap teenoor God.

> Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel. Psalms 50:21

God het die Bybel geïnspireer om so geskryf te word sodat die karakter van die mens geopenbaar word. Die godslasterlike natuur van die mens is altyd besig om God na sy beeld te vorm. Hy projekteer sy natuur en oordeel op God en daarom is die Bybel baie noukeurig ontwerp om 'n spieël in die siel van die mens te skep.

Wanneer 'n onbekeerde mens die Bybel lees, sien hy onmiddellik sy eie gesig in die optrede van God. Die mens wat sy sondes bely het en weet dat daar niks goeds in hom is nie, kyk eerder na die kosbare karakter van Jesus en dan sien hy 'n heel ander beeld van God wanneer hy die Bybel lees. Die karakter van Christus wat aan die mens op aarde geopenbaar word, verander die weerkaatsing in die spieël van die Bybel en die skubbe van die slang val van sy oë af; hy sien iets wat so kosbaar is dat dit die hart intense vreugde bring.

Die natuurlike mens lees die dele van die Skrif wat ooreenstem met sy denke en ignoreer bloot die res, of hy sien die oppervlakkige teenstrydighede raak en verwerp die Bybel heeltemal.

Die geestelike mens lees die hele Skrif en word verneder deur die oënskynlike teenstrydighede. Dan erken hy dat hy nie God se woord ten volle kan begryp nie en smeek om hulp om die Bybel te verstaan. Wanneer hy leerbaar word, sal die Bybel die skoonheid van die karakter van God begin openbaar. Dit verg baie gebed met nederigheid om die stukke bymekaar te laat pas soos God dit bedoel het. Dit was beslis my ervaring en die ervaring van ander. Ek het smeekgebede tot die Here opgehef wanneer ek sommige gedeeltes gelees het wat ek nie kon harmoniseer nie. Ek kniel steeds neer en vra my Vader om my te help en my die waarheid te wys. Dit is 'n wonderbaarlike vreugde wanneer die waarheid

na ernstige gebed geopenbaar word.

Terwyl ons die volgende verhale oorweeg, sal ons nie net een of twee verse neem om 'n gevolgtrekking te maak nie, maar ons moet al die verse oor 'n onderwerp uithaal en bymekaar bring, sodat dit alles harmoniseer.

Ons sal ook die beginsels van die spieël onthou. In hoofstuk 9 het ons deur die verhaal van die vrou wat Jesus gevra het om haar dogter te genees, geleer dat Jesus Sy woorde noukeurig kies om Sy hoorders toe te laat om hul eie oordeel op Hom te projekteer.

Die rassevooroordeel van die dissipels is meer volledig geopenbaar deur die spieël wat Jesus gebruik het om hulle te help om hul foute te sien, toe Hy die vrou se versoek toegestaan het. In die verhaal van die ryk man en Lasarus het ons geleer dat Jesus die heersende volksoorleweringe en denke van Sy luisteraars sal gebruik, om belangrike waarhede te leer. Hierdie idees weerspieël nie Sy eie idees nie, maar Hy het dit gebruik om lering te gee oor die dinge wat Hy wou oordra aan hulle, asook aan ons. Dit is 'n kritiese beginsel om te verstaan wanneer u die Skrif lees. Jesus kan taal en uitdrukkings gebruik wat nie Sy eie is nie en wanneer iemand nie die hele Bybel wil harmoniseer nie, kan hierdie gedeeltes gebruik word om die leser se vals idees te bevestig. Weereens is dit 'n spieël wat dan werk.

Kom ons som 'n paar kernbeginsels op voordat ons aanbeweeg.

1. Neem alle gedeeltes oor 'n onderwerp; moenie net kies slegs wat u wil hê nie.
2. Kom nederig na die Skrif en vra vir wysheid.
3. Lees die Bybel deur die lewe van Jesus op aarde.
4. Hou altyd die beginsels van die spieël in gedagte. Die Bybel kan idees uitdruk waaraan die mens vashou, om die Bybelse waarheid oor te dra. Die Skrif kan ook so gestel word dat dit beide in die vlees en in die Gees gelees kan word. Die leser sal bepaal hoe dit gelees word.

## 19. Ter Wille van Ons Oortredinge Deurboor

Dit moes 'n toneel van ondenkbare afgryse gewees het. Mens en dier het in groot angs vir hul lewens gevlug.

> In die seshonderdste jaar van die lewe van Noag, in die tweede maand, op die sewentiende dag van die maand, op dieselfde dag, is al die fonteine van die groot watervloed oopgebreek, en die sluise van die hemel is geopen; (12) en die stortreën was op die aarde veertig dae en veertig nagte lank. Genesis 7:11-12

Die verhaal van die wêreldwye vloed is vir baie mense onrusbarend. Sou God werklik miljoene mense verdrink, omdat Sy genade uitgeput is en die verpletterende hand van oordeel nie meer ingehou kan word nie? Sou 'n liefdevolle God so iets doen? Vir baie mense is dit 'n verwarrende raaisel.

Wanneer ons die vraag oor God se oordele behandel, moet ons die kruisdood altyd voor ons hou, want die kruis onthul hoe die oordeel van God werk. Die kruisdood is die sleutel tot die begrip van alle oordeel in die Bybel. Jesus het die sondes van mense gedra en die gewig van die sondeskuld het Sy lewe verpletter, aangehelp deur die moorddadige begeertes van diegene wat Hom wou doodmaak. Dit was sonde wat Christus doodgemaak het, en dit is sonde wat alle mense doodmaak. Die probleem is dat baie mense dink dat dit die toorn van God is wat die dood van Christus geëis het. Dit word in Jesaja voorspel.

> Hy was verag en deur die mense verlaat, ’n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie ’n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. (4) Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte — dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Jesaja 53:3-4

Indien ons aanvaar dat Christus aan die kruis “deur God geslaan en

verdruk was", sal al die verhale in die Bybel wat oordeel teen sondaars openbaar, gesien word as God wat hulle verslaan. Laat ons die verhaal van die vloed noukeurig besigtig.

OP 'n dag stap 'n man stap beleefd in 'n kruidenierwarewinkel en deel die eienaar mee dat 'n werklike gevaar sy winkel bedreig. "Jou besigheid en ook jou familie word bedreig om vernietiging te word," sê hy. "Niks kan hierdie dreigende vernietiging keer nie. Kom asseblief onder ons beskerming," gaan hy voort. "Ons het 'n Veilige Ark vir dié wat ons as die enigste ware beskermers van vryheid erken." Die man verduidelik dat hy die winkeleienaar wil red van hierdie werklike verwoesting, wat kom oor almal wat sy beskerming weier. Deur na hierdie man te draai vir hulp en ondersteuning, sal die winkeleienaar die komende vernietiging gespaar word van wat al die winkeleienaars, wat weier om die beskerming te aanvaar, sal oorval. Die man plaas sy hand op die skouer van die winkeleienaar en smeek hom om sorgvuldig oorweging te skenk aan sy aanbod van "genade." "Ons wil nie hê dat jy of jou familie enige skade ly nie. Ons sal baie hartseer daaroor wees." So dring die man aan dat sy genadige aanbod van beskerming aanvaar word.

Indien die man beskerming bied teen 'n ander bedreiging as hyself, dan is hy besig met 'n kriminele oortreding wat 'n beskermingskema genoem word. Indien die dreigement van vernietiging sou plaasvind deur dieselfde groep as wat hierdie man verteenwoordig het, sou dit 'n strafregtelike oortreding wees wat 'n afpersingskema genoem word. Dit is die dwangpraktyk om die will van iemand te manipuleer deur intimidasie of dreigemente met die toepassing van een of ander soort druk.

Is dit moontlik dat die een wat die druk toepas, en die verteenwoordiger van die groep wat die verietiging bring, om dieselfde person te wees én om steeds 'n boodskap van genade te bring?

Is die verhaal van die vloed in die Bybel eintlik 'n wêreldwye afpersingskema? Bied die God van die Bybel beskerming aan diegene wat doen volgens Sy wil, terwyl Hy almal wat weier om Hom te ondersteun, vermoor?

> En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld.

> En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde *verdelg* [H7843]. (14) Maak vir jou 'n ark van goferhout. Met afdelings moet jy die ark maak en dit binne en buite met pik bestryk. Genesis 6:13-14

Die Bybel sê dat die aarde vol geweld was. Is dit sinvol om mense met geweld te vernietig omdat hulle gewelddadig is? Sou dit nie as skynheilig beskou word nie?

Wanneer ons na die woord *verdelg* in Hebreeus kyk, beteken dit:

> H7843: 'n primitiewe basis; om te *bederf*, dit wil sê (oorsaaklik) *ondergang* (letterlik of figuurlik): - slaan, afgegooi, korrup, vernietig, verloor, verdwyn, vergaan, mors, bederf, afval.

Dieselfde woord word in die verse net voor vers 13 gebruik:

> Maar die aarde was verdorwe [H7843] voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld. (12) Toe sien God die aarde aan, en — dit was verdorwe [H7843], want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe [H7843]. Genesis 6:11-12

Wanneer ons die woord *verdelg* toepas, wat die vertalers vir dieselfde Hebreeuse woord in Genesis 6:13 gebruik, lui dit soos volg:

> Maar die aarde was *verdelg* voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld. (12) Toe sien God die aarde aan, en — dit was *verdelg*, want alle vlees het sy wandel op die aarde *verdelg*. Genesis 6:11-12

Die rede waarom die aarde as verdelg beskou kon word, was omdat die mens sy denkwyse verdelg of vernietig het; hy het vol geweld geword. Op hierdie tydstip het die wêreld die denke van Satan ten volle geopenbaar. Die Skrif vertel ons van die oorsprong van hierdie geweld:

> Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig… Eségiël 28:16

Dit is in teenstelling met Christus wat volgens die Skrif geen *onreg* (oftewel *geweld*, volgens die King James Vertaling) pleeg nie:

> En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, **omdat Hy geen onreg gedoen het nie [done no violence – KJV]** en geen bedrog in sy mond gewees het nie. Jesaja 53:9

Die psalmis praat van die Koning se Seun en verklaar:

> Hy sal hulle siel verlos van verdrukking en geweld, en hulle bloed sal kosbaar wees in sy oë. Psalms 72:14

Die Seun van God doen dus geen geweld aan enigeen nie en diegene wat Hy verlos, red Hy daarvan om self geweld te pleeg, asook om gewelddadig behandel te word. Satan is gevul met geweld en hy het die wêreld met hierdie gees gevul. Wat is die kernkwessie aan Satan 'n gees van geweld gee?

> En wanneer Hy [God, die Vader] weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid. Hebreërs 1:6

> Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid, (9) en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid. Matthéüs 4:8-9

Satan was jaloers op Christus. Hy wou aanbid word soos Christus aanbid is, maar Satan was 'n geskape wese terwyl Christus goddelik was, die Seun van God. Dit was 'n oneindige groot verskil, maar tog het Satan begeer om die posisie van Christus te beklee. Dit is wat die saad van geweld in sy hart teen Christus gesaai het. Die haat van Satan het so groot teenoor Christus geword dat hy van die begin af beplan het om die Seun van God dood te maak. Die kruisiging van Christus het die ware bedoelings van Satan voor die skepping van hierdie wêreld aan die heelal geopenbaar.

> Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. **Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af** en staan nie in die waarheid nie… Johannes 8:44

Satan se moorddadige plan het sy gees van geweld aangevuur. Nadat Adam en Eva in sonde verval het, het hulle in hul natuur soos Satan

geword. Die Gees van Christus wat in hulle was, is deurboor en verpletter soos deur tande wat maal. Dit is die Gees van Christus in die mens wat hom lewe gee. Hy is die lig wat elke mens in die wêreld verlig. Johannes 1:9. Indien Christus Adam heeltemal sou verlaat, sou hy sterf. Die Gees van Christus in Adam is verpletter, maar Christus het Homself nie onttrek nie, alhoewel dit Hom gemartel het om steeds te bly. Uit die voortdurende lyding van Christus, die Rots, het die geestelike water voortgekom om Adam lewend te hou. Dit is waarom Paulus sê:

> Gedurig dra ons **die doding van die Here Jesus** in die liggaam om, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word. 2 Korinthiërs 4:10

> En afvallig geword het — om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak. Hebreërs 6:6

Adam en Eva is na die beeld van God gemaak. Satan het hierdie beeld gehaat en wou dit vernietig. Elke gewelddadigheid in die mens teenoor die mens, is 'n openbaring van die gees van Satan wat stryd voer met die Gees van Christus. Hierdie gedagte is aanvanklik moeilik om te begryp, maar dit word duidelik in die Skrif geopenbaar. Wanneer dit eers verstaan word, verander dit die manier waarop ons die geweld wat in die Bybel beskryf word en wat daar plaasvind, verstaan. Die idee van die mens om hul eie soort dood te maak, is heeltemal kranksinnig, totdat u verstaan dat Satan Christus wil deurboor deur sy vermoë om die mens tot geweld teen mekaar op te sweep.

> Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen. Matthéüs 25:40

Hierdie punt is van kritieke belang om te verstaan. Alle geweld word geïnspireer deur 'n gees wat aangevuur word deur afguns en haat vir die Seun van God. Daarom is alle geweld, insluitend selfgeweld en selfmoord, deel van hierdie haat teenoor Christus, selfs al is die oorspronklike rede vir die individu geheel en al onbekend. Verwoording van haat teenoor ons naaste en dade van geweld teenoor ons vyande en onsself word aangevuur deur Satan se haat teenoor Christus. Dit is die oorsprong van

alle geweld en haat.

Al die geweld in Genesis 6 is 'n manifestasie van Satan se haat vir Christus, gekanaliseer deur mans en vrouens. Aangesien Christus die enigste lewensbron is, kan die finale resultaat van al hierdie haat slegs selfvernietiging wees.

Hierdie gees van geweld in die mens is geopenbaar in die eerste dood in die tuin, dié van 'n lam. Die doodmaak van hierdie dier weerspieël die gewelddadige natuur van Adam. Deur hierdie offer het God aan Adam die saad, wat nou in hom woon, weerspieël. Hierdie saad van geweld het weldra in Kain ontplof toe hy Abel vermoor het.

Die enigste manier vir die mens om te bly lewe, was dat Christus voortgegaan het om die krag van Sy lewe aan die mensdom te voorsien. Dit is waarom Christus die Lam is wat van die grondlegging van die wêreld reeds geslag is. Openbaring 13:8, King James Vertaling. Christus is van die begin af ter wille van ons oortredings deurboor; Hy is ter wille van ons ongeregtighede sedert die aanvang van sonde, verbrysel. Om die mens te laat leef, moes Christus voortgaan om elke persoon te dra ondanks hierdie sataniese geïnspireerde haat.

> **In al hulle benoudheid was Hy benoud**, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle **gedra, al die dae van die ou tyd**. Jesaja 63:9

Hierdie gedagtes verander heeltemal die manier waarop ons die kruis van Christus verstaan, dit verander die manifestasie van geweld en daarom die karakter van God. Elke keer wanneer iemand geslaan, verkrag of vermoor word, is dit 'n bewys dat Satan Christus wil deurboor en verbrysel. Elke daad van selfbevrediging wat lei tot siekte en dood van self of ander, is ook 'n manifestasie van Satan se fanatieke obsessie om soveel moontlik lyding aan Christus te doen. Dit is 'n haat wat onbegryplik wreed is.

Die ware omvang van die kruis strek vanaf die aanvang van sonde in die heelal, tot vandag. Elke wese wat teen God werk, is in stryd met die lewe wat in homself bestaan, omdat daardie lewe van Christus af kom. Dit is die geheim van die selfvernietigende natuur van die mens. Dit is Satan se

stryd teen Christus. Kom ons kyk noukeurig na die spieël in die volgende vers.

> Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, (19) omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Romeine 1:18-19

Die woord *toorn* in Grieks beteken eenvoudig *begeerte* en kom van 'n stamwoord wat beteken *om daarna uit te reik*. Dit kan vertaal word as *passie* sowel as *toorn* en *woede*. Die woord vir *oor* kan *op* en selfs *teenoor* beteken. Ons sal hierdie vers met hierdie idees in gedagte vertaal, met nog een punt vir oorweging. Jesus het gesê, "Ek is die waarheid." Johannes 14:6. Daarom is die onderdrukking van die waarheid die onderdrukking van Christus.

> Want die ***begeerte*** van God word van die hemel af geopenbaar ***op of teenoor*** al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid ***Christus*** onderdruk, (19) omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Romeine 1:18-19 *aangepas*

God stuur elke dag die Gees van Sy Seun uit sodat dit in ons harte kan woon. Sommige verdoof die stem, ander, in hul pogings om weerstand te bied, soek diegene in wie die Gees woon en vervolg hulle. In elke persoon wat op hierdie planeet leef, word Christus deur die mens verag en verwerp. Vandag is Hy 'n man van smarte en bekend met pyn. Christus verloën Homself elke dag, neem Sy kruis op en gee ons Sy lewe. Dit openbaar die begeerte van God na ons. Hy reik elke dag met hartstogtelike begeerte na ons uit, en tog onderdruk die meeste mense in die wêreld die stem van die gewete en verdoof die oortuiging.

Die goddeloosheid van die mens projekteer hulle eie gees van toorn op God. Die mens se woedende verset van Sy liefde word op God geprojekteer, sodat Hy as die aanvaller vertoon word. Menslike eienskappe word op Hom geplaas en Christus word dus gesien as deur God geslaan en verdruk, maar Christus is gewond deur ons oortredinge en nie deur die vermeende toorn van God nie. Daarenteen, wat sê God vir Sy

volk, vir diegene wat beweer dat hulle Hom volg?

> Maar van Israel sê Hy: Die hele dag het Ek my hande uitgebrei na 'n ongehoorsame en teësprekende volk. Romeine 10:21

In die lig van die kruis kan ons die verskrikkinge van nie net die vloed nie, maar ook die vure van Sodom en Gomorra, die vernietiging van Jerusalem en die einde van die wêreld, begin verstaan. Satan se haat teenoor Christus kom tot uiting in sy begeerte om uiteindelik almal dood te maak, want Christus gee Sy lewe in elke persoon. Hy lê gewilliglik Sy lewe in elke mens neer, sodat hulle Sy krag kan ontvang om te lewe. Christus kan nie woon waar sonde gekoester word nie, maar die verplettering van Sy Gees lewer krag aan die siel om te lewe, soos die water wat vanuit Sy sy gestroom het toe Hy aan die fisiese kruis gesterf het.

> Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.
> 1 Petrus 5:8

In Hoofstuk 13 het ons gesels oor die uitwerking wat die gees van die mens op die aarde het. Wanneer die mens Christus onderdruk en Satan se haat teenoor Christus uitdruk deur gewelddadig teenoor mekaar op te tree, begin die aarde dit deur die natuurwette aan die mens weerspieël. Terwyl die mens die stem van Christus in hul siele onderdruk (en verdrink), sal die natuur reageer deur die siele van die mens te onderdruk (en te verdrink). Nadat die Here die goddeloosheid van die wêreld ondersoek het, het Hy aangedui dat daar 'n beperking sou wees.

> Toe sê die HERE: **My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie**, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar. Genesis 6:3

Die beperking was op die hoeveelheid tyd wat die Gees van God in die mens sou werk om hom te red. Die Gees van Christus het dag en nag by Sy eiesinnige kinders gepleit. Hy het op hulle 'n beroep gedoen en dag na dag na hulle uitgereik. Tog onthou ons hoe die mens op hierdie strewe van die Gees gereageer het.

> Want die toorn [begeerte] van God word van die hemel af geopenbaar oor [op of teenoor] al die goddeloosheid en

> ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid [Christus] onderdruk, Romeine 1:18

Die antediluviërs het die stem van die gewete onderdruk. Hulle het daagliks daardie sagte, aanloklike stem verwerp, en hardvogtig voortgegaan in hul goddelose weë. Hierdie onderdrukking van die Gees van Christus was soos om Hom vas te hou in 'n poging om Hom te verdrink. Aangesien Sy Gees van dag tot dag bedroef was, het Christus dikwels oorweldig gevoel.

> Maar húlle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef; daarom het Hy vir hulle in 'n vyand verander [omvergewerp, oorgegee]: Hy self het teen hulle gestry [gestreef]. Jesaja 63:10

Namate die mens nader aan vernietiging gekom het, het die smeking van Christus dringender geword en het Sy stem vir hulle die geluid van die vyand geword. Sy getuienis aan hulle is met bespotting en haat beantwoord.

> Ja, my siel is baie verskrik; en U, HERE, tot hoe lank? (5) Keer terug, HERE, red my siel; verlos my om u goedertierenheid ontwil. (6) Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk? (7) Ek is moeg van my gesug; elke nag laat ek my bed swem; ek deurweek my bed met my trane. (8) My oog het dof geword van verdriet; dit het swak geword vanweë al my teëstanders. (9) Gaan weg van my, al julle werkers van ongeregtigheid, want die HERE het die stem van my geween gehoor. Psalms 6:4-9

Die lyding van Christus kon nie weggesteek word nie. Indien die mens sou weier om die kruis van Christus te aanvaar, sou die lewelose rotse uitroep om van die lyding van hul Skepper te getuig. Aangesien Christus die Skepper van hierdie wêreld is, reageer die fisiese wêreld op Sy lyding.

> Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. Romeine 8:22

Baie van die Psalms openbaar die ervaring van Christus, om die eenvoudige rede dat die Gees van Christus in die harte was van diegene wat al die Skrifte geskryf het, ook die Psalms.

> Aangaande hierdie saligheid het **die profete** wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, **ondersoek en nagevors**, (11) en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd **die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het**, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna. 1 Petrus 1:10-11

In Psalm 18 word die lyding van Christus aan die kruis in die konteks van 'n vloed aan ons geopenbaar.

> Bande van die dood het my omring, en strome van onheil het my oorval. (6) Bande van die doderyk was rondom my; strikke van die dood het my teëgekom. Psalm 18:5-6

Sommige beskrywings in Psalms 18 spreek in die taal van die vloed, terwyl ander spreek van ‘n vernietigende vuur, wat op die gebeure van Sodom en Gomorra en die finale einde van die goddelose dui. Terwyl Christus by die mens gesmeek het om van hul goddeloosheid af te wyk, was Hy oorweldig deur die oorvloed van hulle goddelose gedrag:

> Het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart. Genesis 6:6

Die antediluviërs het Christus in die openbaar ‘n bespotting gemaak. Sy siel is gemartel en bedroef deur hul goddeloosheid en uiteindelik het Hy op hierdie antediluviaanse kruis uitgeroep - Ek het dors! Die Gees van God het opgehou om by die mens te pleit. Aangesien die Vader reeds vir honderde jare teruggedryf is, het Hy uiteindelik hul besluit aanvaar.

> Wil jy die pad van die ou tyd hou, wat die kwaaddoeners bewandel het, (16) wat gegryp is voor die tyd, **wie se grondslag uitgegiet is soos ’n stroom**, (17) **wat tot God gesê het: Bly ver van ons af**! en: Wat kan die Almagtige ons aandoen? (18) En **tog het Hy hulle huise gevul met wat goed is**. (Maar die gesindheid van die goddelose is ver van my!) Job 22:15-18

Die Vader is deur die mens verdryf. Tog moet Christus by die mens bly en saam met hulle ly as gevolg van die besluite wat hulle neem, anders sou hulle onmiddellik gesterf het en sou God daarvoor die skuld kry. Toe die donderweer en weerlig op die Antediluviërs begin inrol het, was Christus

daar by hulle. Hy het saam met hulle gely en hulle almal tot op laaste gedra. Hy is Emmanuel - God met ons. Die sondvloed is 'n openbaring van die kruis, maar ons beskou Hom as "deur God geslaan en verdruk." (Jes.53:4)

Die lewelose natuur kon nie verhinder word om die evangelie deur die gebeure van die sondvloed te verkondig nie. Let op die verband tussen die verhaal van die vloed en die kruis in hierdie gedeeltes:

## 1. Uitroep/Aanroep

Bande van die dood het my omring, en **strome van onheil het my oorval**. (6) Bande van die doderyk was rondom my; strikke van die dood het my teëgekom. (7) **Toe ek benoud was, het ek die HERE aangeroep**, en ek het tot my God geroep om hulp; Hy het my stem uit sy paleis gehoor, en my hulpgeroep voor sy aangesig het in sy ore gekom. Psalms 18:5-7

En omtrent die negende uur het **Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni**? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? Matthéüs 27:46

## 2. Die Aarde Bewe

**Toe het die aarde geskud en gebewe**; die fondamente van die berge het gesidder en geskud, omdat Hy toornig [bedroef] was. Psalms 18:8

En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder, **en die aarde het gebewe** en die rotse het geskeur; Matthéüs 27:51

## 3. Duisternis

En Hy het die hemel gebuig en neergedaal, **en donkerheid was onder sy voete** [jý sal hom in die hakskeen byt]. Psalms 18:10

**Duisternis het Hy sy skuilplek gemaak**, sy hut rondom Hom: duisternis van waters, diktes van wolke. Psalms 18:12

En van die sesde uur af **het daar duisternis gekom oor die hele aarde** tot die negende uur toe; Matthéüs 27:45

## 4. Beddings van Water en Fondamente van die Wêreld blootgelê

En die **beddings van die waters het sigbaar geword, en die fondamente van die wêreld is blootgelê** vanweë u dreiging, o HERE, vanweë die geblaas van die wind van u neus. Psalms 18:16

In die seshonderdste jaar van die lewe van Noag, in die tweede maand, op die sewentiende dag van die maand, op dieselfde dag, is al die fonteine van **die groot watervloed oopgebreek**, en die sluise van die hemel is geopen; Genesis 7:11

## 5. Aangesig is Verberg en Voel Verlate

**Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat**, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader. (8) **In 'n uitstorting van toorn het Ek vir 'n oomblik my aangesig vir jou verberg**, maar met ewige goedertierenheid ontferm Ek My oor jou, sê die HERE, jou Verlosser. (9) **Soos in die dae van Noag is dit vir My**: soos Ek gesweer het dat die waters van Noag nie meer oor die aarde sou gaan nie, so het Ek gesweer dat Ek nie op jou toornig sal wees of jou sal dreig nie. Jesaja 54:7-9

En van die sesde uur af het daar duisternis gekom oor die hele aarde tot die negende uur toe; (46) en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: **My God, my God, waarom het U My verlaat**? Matthéüs 27:45-46

## 6. Verlossing

Hy het uit die hoogte sy hand uitgestrek, Hy het my gegryp, **Hy het my uit groot waters getrek**. Psalms 18:17

En God het gedink aan Noag en aan al die wilde diere en al die vee wat saam met hom in die ark was; en God het 'n wind oor

> die aarde laat waai, sodat die waters gesak het. (2) Ook die fonteine van die watervloed en die sluise van die hemel het toegegaan, **en die stortreën uit die hemel het opgehou**. (3) **Toe het die waters geleidelik van die aarde teruggegaan**, en die waters het afgeneem aan die end van honderd-en-vyftig dae. Genesis 8:1-3

Die natuur het getuig van wat met sy Skepper gebeur het. Aangesien Christus die lig is wat elke mens verlig wat in die wêreld kom, is Sy lyding in die lewens van almal wat in die vloed omgekom het, gemanifesteer.

> Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër. (7) Hy versamel die waters van die see soos ’n hoop; Hy bêre die wêreldvloede weg in skatkamers. Psalms 33:6-7

Dit is deur die krag van Christus dat die hemele gemaak is. Sy stem spreek in die hele skepping in. Dit is deur die Woord van Christus dat die waters bymekaargemaak en in skatkamers binne die aarde neergelê is. Toe die antediluviërs Christus uiteindelik volkome verwerp het, is Sy stem stilgemaak en die krag, wat die waters in hul skatkamers vasgehou het, het losgebreek, aangesien die natuurlike elemente aan die beginsels van chaos oorgelewer was.

Dit was nie Satan wat die waters vrygelaat het nie, maar eerder die mense wat aangemoedig is om Christus te weerstaan, tot op die punt dat Hy hul besluit met leedwese moes aanvaar; die gevolg was dat die skepping nie meer die tere stem van sy Meester gehoor het wat voortdurend na hulle geroep het: “Swyg, wees stil” nie. Die waters weerspieël dan die onstuimigheid van Satan en goddelose mense. Satan self is ook ondersteun, sodat hy die strydende elemente kon verduur terwyl die omvang van die kruis van Christus in die waters van die vloed geopenbaar is. Die stuiptrekkings van die diepste waters was 'n manifestasie van die gebroke hart van Christus. Die waters wat uit die hemel stroom, is 'n getuienis van Sy trane (Psalms 119:136) wat Hy vir die gevalle kinders van Adam gestort het. Die antediluviërs het geweier om die lyding van Christus te erken, maar die natuur het getuig van die lyding van sy Bewerker en het Sy smart en dood weerspieël. Satan het hierdie vernietiging veroorsaak deur die antediluviërs aan te hits om Christus en Sy Gees te verwerp. Toe

daardie verwerping voltooi was, het die natuur van daardie verwerping getuig en terselfdertyd die gees van chaos weerspieël.

Ons onthou dat, aangesien niemand kan leef as Christus nie by hulle is nie, Christus ook blootgestel was aan die verskrikking en smart van elke persoon wat in die sondvloed omgekom het. In al hulle benoudheid was Hy benoud. Hy het hulle gedra elke dag van hulle lewe. (Jesaja 63:9). Terwyl Hy die dood van elkeen van Sy eiesinnige kinders aanskou het, is Hy met groot hartseer deurboor. In elke siel wat verskrik na asem gesnak het, het Christus hul pyn gevoel en verlang om hulle te red, maar Hy kon nie. Net soos wat Hy aan die kruis in wanhoop gesterf het, Hy ook hul volkome wanhoop en desperaatheid gevoel toe hulle gesterf het.

Om hierdie kruis van Christus te verdoesel, sê Christene vandag dat God die goddelose in Sy toorn gestraf het. Die geweld van daardie stortvloed word aan Hom toegeskryf as die Een wat al hierdie sondaars doodgemaak het. Dit is beslis waar dat die krag van God gebruik is om die aarde oop te breek en die vloed te veroorsaak, net soos die krag van God in die Romeinse soldate was wat Jesus aan die kruis vasgenael het. Het God Sy Seun aan die kruis genael? Was dit Sy geweldadigheid wat Hom doodgemaak het? Nee, duisend keer nee! Dit was die krag van God in die hande van die slang wat die hakskeen van Christus gebyt het.

Dink aan die vernietiging van Jerusalem in 70 n.C. toe vroue hul eie kinders geëet het en soveel gekruisig is, dat daar geen ruimte meer was om meer kruise op te rig nie. Soortgelyke gebeure word in Klaagliedere beskryf.

> Die wat deur die swaard verslaan is, is gelukkiger as die wat deur die honger verslaan is, wat, deurboor, vergaan het uit gebrek aan veldvrugte. (10) Die hande van teerhartige vroue het hulle eie kinders gekook; dit het hulle voedsel geword in die verbreking van die dogter van my volk. (11) Die HERE het sy grimmigheid laat uitwoed, sy toorngloed uitgegiet en in Sion 'n vuur aangesteek wat die fondamente daarvan verteer het. (12) Hulle het dit nie geglo nie, die konings van die aarde en al die inwoners van die wêreld, dat 'n teëstander of 'n vyand in die poorte van Jerusalem sou kom nie. (13) Dit was oor die sondes van haar profete, die ongeregtighede van haar priesters wat daar binne-in die bloed van die regverdiges vergiet het. Klaagliedere 4:9-13

In vers 11 word die grimmigheid van die Here genoem en gaan voort om te praat van Sy toorn wat, soos ons weet uit hoofstuk 11 van hierdie boek *droefheid* kan beteken. Vers 12 vertel ons van die skok van die werklikheid van die teëstander en vyand wat Jerusalem binnekom. Vers 13 praat van "die bloed van die regverdiges" wat "daar binne-in" vergiet is. Wie is die regverdiges wat doodgemaak is?

> Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring 1 Petrus 3:18

Die stad Jerusalem was die stad van vrede en Christus was haar geestelike leier. In volkome en intense verdriet het die Vader Sy gesig verberg as gevolg van die sondes van die profete en priesters. Dit het Satan, die teëstander, in staat gestel om die stad binne te gaan en Christus, die Regverdige, is in haar midde doodgemaak. Op dieselfde manier is die bloed van Christus vergiet toe die volk van God in die dae van Jeremia en Daniël weggevoer en vernietig is. Dieselfde gebeur elke keer as die volk van God vernietig word; Christus ly saam met hulle en dra die kruis.

Kan u die sondvloed deur die lens van die kruis sien? Kan u sien dat Christus in Sodom ly? Kan u Christus in siele-angs sien as gevolg van die dood van die eersgeborenes in Egipte en die verwoesting van Jerusalem? Kan u Golgota sien in die gewelddadige vernietiging van elke persoon? Slegs in die kruis van Christus kan u die oordele van die Bybel sien as 'n openbaring van die wonderbaarlike liefde van God. Wanneer ons die bron van geweld, wat deur mense en die natuur gemanifesteer word, kan begryp as 'n openbaring van die haat van Satan teenoor Christus, kan ons die geheimsinnige simbool van die slang op die paal begin waardeer. Wanneer die slang in die konteks van die kruis onderskei word, kan die pik van die slang ten opsigte van die karakter van God werklik genees word.

## 20. Die Slang Ontbloot deur die Kruis

Satan is die bron en bewerker van lyding, siekte en die dood. Ons het vasgestel dat Christus lewe gee aan elke mens en naby elke mens is wat op hierdie aarde woon. Elke daad van geweld wat die mens teenoor hulleself of ander openbaar, bring aan Christus verskriklike lyding. Satan het, in die vernietiging van die mens, sy gewelddadigheid teenoor Christus op ‘n meesterlike wyse verberg deur die mensdom te oortuig dat God die aanvaller is; en al die epiese beskrywings van die oordeel in die Bybel moet aan Hom toegeskryf word.

Tydens 'n onderhoud in die nag met Nikodemus verduidelik Jesus hom een van die diepste waarhede wat ooit uitgespreek is. Dit is 'n openbaring van die kruis wat asemrowend is en tog is dit 'n waarheid wat byna universeel verborge is.

> En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, Johannes 3:14

Die verhaal waarna Jesus verwys, word in Númeri 21 gevind. Die kinders van Israel het teen God en Moses gemurmureer en gekla. Die gees van murmurering het 'n opening in die muur gebring.

> Wie ’n kuil grawe, kan daarin val; en een wat ’n muur afbreek, ’n slang kan hom byt. Prediker 10:8

Hierdie opening in die muur het die gevare van die woestyn waarteen God hulle beskerm het, vorendag gebring. Kort voor lank het giftige slange die mense begin pik en met die dodelike uitwerking van die vurige gif het hulle na Moses geroep om hulle te help.

> En die volk het teen God en teen Moses gespreek: Waarom het U ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn te sterwe? Want daar geen brood en geen water nie, en ons siel walg van die

> ellendige kos. (6) Toe stuur die HERE giftige slange onder die volk wat die volk gebyt het; en baie mense uit Israel het gesterwe. (7) En die volk het na Moses gekom en gesê: Ons het gesondig dat ons teen die HERE en teen u gespreek het. Bid tot die HERE, dat Hy die slange van ons wegneem. En Moses het vir die volk gebid. (8) Daarop sê die HERE aan Moses: Maak vir jou ’n giftige slang en sit dit op ’n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe. (9) Toe het Moses ’n koperslang gemaak en dit op ’n paal gesit: en as ’n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang, het hy in die lewe gebly. Númeri 21:5-9

Onthou die spieël wanneer u hierdie verhaal lees:

> Toe stuur die HERE giftige slange onder die volk wat die volk gebyt het; en baie mense uit Israel het gesterwe. Númeri 21:6

Die Hebreeuse woord *stuur*, kan ook *los*, *prysgee* of *versaak* beteken. Nadat die volk God beskuldig het, is Sy beskerming aan hulle teen die slange weggeneem. Hy het hulle die hele tyd beskerm, maar omdat die volk teen God gedraai het, is Hy verhinder om hulle te beskerm. Die Bybel vertel ons waar die slange vandaan gekom het.

> En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom. (10) En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom. 1 Korinthiërs 10:9-10

Die Hebreeuse woord *verderwer* in vers 10 beteken *vernietiger* of *giftige slang*. Paulus verbind die woord *slang* in vers 9 aan die woord *verderwer* in vers 10. Satan is die verderwer.

> Hulle het as heerser die engel van die bodemlose put gehad. Sy naam in Hebreeus is Abaddon, en in Grieks Apollion. [The Destroyer/Vernietiger - Sien New Living Translation]
> Openbaring 9:11 (NLV)

Toe die volk deur hul rebellie 'n opening in die beskermingsmuur gemaak het, kon Satan inkom en die volk dadelik begin doodmaak. Die feit dat Bybelvertalers die woord *stuur* gebruik het om die vrylating van die slange te beskryf, bied die volmaakte goddelike spieël aan mense wanneer hulle

die verhaal lees. Die idee dat God slange stuur om mense dood te maak, is 'n weerspieëling van wat die mens van Hom dink. Diegene wat na die lewe van Jesus gekyk het as 'n beeld van die Vader, sal onmiddellik na 'n antwoord soek om hierdie andersins skokkende situasie te verklaar. Sou God verskriklike slange instuur om mense dood te maak weens hul klagtes? Dit is heelwat anders as die karakter van Jesus. My soektog in die Bybel het my gelei na 1 Korintiërs 10:9,10 wat oor hierdie verhaal praat en die leidraad gee dat hulle deur die vernietiger doodgemaak is. Openbaring 9:11 sê vir ons dat die vernietiger die engel uit die bodemlose put is. Dan sien ons dat die woord *stuur* 'n verskeidenheid betekenisse kan hê, en daarom kan die vers in harmonie gebring word wanneer ons bereid is om ondersoek in te stel.

Die vreemdste vraag in die verhaal is waarom God vir Moses sou vra om 'n giftige slang te maak en dit op 'n paal te sit en vir die volk te sê om daarna te kyk om genees te word. Dit lyk baie vreemd. Die slang in die Bybel is 'n simbool van Satan.

> En die groot draak is neergewerp, **die ou slang wat genoem word duiwel en Satan**, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. Openbaring 12:9

> Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. 2 Korinthiërs 11:3

Hoe is dit moontlik dat die persoon wat gebyt word, genees kan word deur na 'n slang wat op 'n paal opgelig is, te kyk? Wat is die boodskap wat God hulle wou leer? Dit bring ons terug na die nag toe Jesus met Nikodemus gepraat het. Het Christus Homself met die slang vergelyk?

> En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, Johannes 3:14

Jesus vergelyk die opheffing van die slang met Hom wat aan die kruis verhef word. Die meeste Christene verstaan die proses van genesing deur na Jesus te kyk wie aan die kruis vir hulle gesterf het.

Wanneer 'n sondaar onder die vloek van sonde na Christus kyk en sien dat

Christus die vloek vir hom gedra het, skep dit 'n diep gevoel van dankbaarheid wat die hart en karakter transformeer. Dit lei tot genesing van die vloek van sonde wat veroorsaak word deur die versoekings van Satan, wat soos slangbyte is wat siekte en dood veroorsaak.

Waarom word 'n verhewe slang op 'n paal as simbool van genesing gebruik? Sou dit nie meer sinvol wees om 'n beeld van 'n lam te maak en dit op die paal te verhef nie? Hoe kan Christus met 'n simbool van Satan geïdentifiseer word?

> Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom. 2 Korinthiërs 5:21

Die kruisiging van Jesus het die volle karakter van Satan geopenbaar. Die kruis van Christus onthul die selfvernietigende eindresultaat van wat met onberouvolle sondaars sal gebeur, terwyl die ware karakter van Satan terselfdertyd as 'n gewelddadige moordenaar ontbloot word. Met die doel dat almal sien hoe Satan sy goddelose gees openbaar, is die mag van Christus toegelaat om deur Satan gebruik te word, deur sy beheer oor die manne wat Christus gemartel en gedood het. God moes toelaat dat Sy Seun aan sulke gewelddadige marteling en dood oorgegee word; daarin openbaar Hy 'n agape liefde wat bo enige menslike begrip is. Die kruis bring die tragiese eindresultaat van sonde in die sondaar en die ware karakter van Satan aan die lig.

Aan die kruis het Jesus uitgeroep: “My God, waarom het U my verlaat?” Dit is die toestand van die sondaar wat die gewig van sy sonde en skuld voel. In hierdie hartseer toestand voel die sondaar wat diep oortuig is van sy sonde, 'n verskriklike gevoel van veroordeling in hul siel. Dit voel vir die sondaar dat God vuur oor hulle uitblaas, maar tog is dit selfveroordeling en skuldgevoelens in die teenwoordigheid van suiwer onselfsugtige liefde wat hierdie situasie skep.

Dit is die kompleksiteit van die kruis. Dit onthul die gewelddadige karakter van Satan en die natuurlike gevolg van 'n sondige lewe, maar dit voel asof God, in verskriklike toorn, die een is wat die marteling aan die sondaar bring. God se liefdevolle gesig is weggesteek in die duisternis van skuldgevoelens; al wat gevoel word, is die verskriklike afgryse van die

oorweldigende skande van sonde. Ons sien die tweesydige aard van die kruis in die lewe van Kain. Die Wycliffe-vertaling verwoord die twee aspekte hiervan.

> En Kain sê vir die Here: My boosheid is meer as waarvoor ek vergifnis verdien; (En Kain sê vir die Here: My straf is meer as wat ek kan dra;) (14) kyk! vandag werp U my uit van die aarde af; en ek sal van u aangesig verborge wees... Genesis 4: 13-14 (Vry vertaal vanuit *Wycliffe* Vertaling)

Kain voel sy eie selfveroordeling, wat die natuurlike gevolg van sy sonde is. Hy voel dat sy sonde so groot is dat dit nie vergewe kan word nie. Terselfdertyd is daar egter 'n uitspraak dat dit op God gewerp word, om Hom verantwoordelik te maak vir hierdie gevolge. Dit is die twee kante van die oordeel en dus die twee aspekte van die kruis.

1. Skuldgevoelens en selfveroordeling sonder hoop op vergifnis.
2. Om die skuld op God te plaas en Hom van aggressie te beskuldig tydens die oordeel.

Dit is in hierdie konteks dat, wanneer ons dade van geweld in die Bybel sien, dit eintlik die karakter van Satan openbaar, maar dit gee die gevoel dat dit God is wat in intense toorn op die sondaar afkom. Uit die oogpunt van die sondaar voel die oordeel altyd asof God die aggresiewe tiran is.

> En die verskyning van die HERE se heerlikheid [karkater] was in die oë van die kinders van Israel soos 'n verterende vuur op die top van die berg. Exodus 24:17

Soos in die vorige hoofstuk aangedui, sodra Satan sy wreedaardigheid onthul, moet Christus Homself verloën en 'n kruis van lyding te dra om Sy kinders te sien ly. Hierdie lyding openbaar die karakter van Satan. Die probleem is dat die mens voel dat dit God is wat hulle vernietig, omdat hulle skuldige gewete hulle oortuig dat hulle waardig is om te sterf.

> Mense wat — al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien — dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen. Romeine 1:32

Wanneer ons Christus in die korrekte kruiskonteks opgehef sien, sien ons hoe dit die slang openbaar en besef ons dat dit nie God is wat besig is om te vernietig nie, maar Satan. Dit genees die mens se hart van sy weerstand teen die Vader deur te dink dat Hy die een is wat doodmaak. Die simboliek is diepgaande en neem tyd om dit waarlik te waardeer, maar die waarheid is dat, wanneer u die slang in die gewelddadige oordele van die Skrif sien, u genees kan word van u weerstand teen God. U kan waarlik met Hom versoen wees en u vrees kan uitgedryf word.

> Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. 1 Johannes 4:18

Met hierdie beginsels in gedagte, is ons nou gereed om die gebruik van die staf wat tydens die tien plae in 'n slang verander is, te oordink.

> Daarop vra die HERE vir hom: Wat is daar in jou hand? En hy antwoord: ’n Staf. (3) En Hy sê: Gooi dit op die grond. Toe gooi hy dit op die grond, en dit het ’n slang geword; en Moses het daarvoor gevlug. (4) Toe sê die HERE vir Moses: Steek jou hand uit en gryp dit aan die stert. Hierop het hy sy hand uitgesteek en dit gegryp, en dit het ’n staf in sy hand geword — (5) sodat hulle kan glo dat die HERE, die God van hulle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, aan jou verskyn het. Exodus 4:2-5

'n Stok of staf is 'n simbool van krag. In koninklike terme word dit 'n septer genoem. Christus, die Seun van God het 'n Septer.

> Maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is ’n regverdige septer; Hebreërs 1:8

Daar word ook na Christus verwys as hierdie Septer.

> Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: ’n ster kom te voorskyn uit Jakob, en **’n septer kom uit Israel op**, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver. Númeri 24:17

Christus is die krag van God (1 Korintiërs 1:24) en is aan die regterhand van God (Hebreërs 1:3). Daar word na Hom verwys as God se

“regterhand”.

> o HERE, u regterhand is verheerlik deur krag. U regterhand, o HERE, verpletter die vyand. Exodus 15:6

God sê vir Moses dat hy God sal verteenwoordig en Aäron sal sy woordvoerder wees. Exodus 4:16. Toe Moses die staf los en dit op die grond laat val, het die krag in Christus slangagtig geword. Christus is die krag van God. Wanneer God vir Satan sê: “Kyk, alles wat hy het, is in jou hand,” (Job 1:12) laat val God Sy staf op die grond. Die staf is Christus, wie se krag in die mensdom en in die skepping aan Satan oorgegee word om deur Satan gebruik te word vir sy doel, net soos Satan die Romeinse soldate geïnspireer het om Christus te dwing om die kruis na die heuwel van Golgota te dra.

Die gedagtes van die Romeinse soldate is deur Satan beheer, maar die asem waarmee hulle geleef het, is die lewe wat elke mens wat in die wêreld kom, verlig. Die krag van Christus in die siele van die mense word deur Satan gebruik om Hom aan die kruis te spyker. Staan net ‘n oomblik stil en dink bietjie na. Die enkele beeld van 'n Romeinse soldaat met 'n hamer wat hoog gehou word om 'n spyker in daardie kosbare hande van die Verlosser te dryf, hou die sleutel tot die plae van Egipte en al die vernietigingsmagte wat op die aarde gemanifesteer word. Hier is die staf wat op die grond val:

> En toe Hy ’n bietjie verder gegaan het, val Hy op die grond en bid dat, as dit moontlik was, dié uur by Hom sou verbygaan. Markus 14:35

Waar die mens ook al onder 'n vernietigende krag op die grond val, is daar die staf wat op die grond val en 'n slang word.

> En hulle bring hom na Hom toe; en toe hy Hom sien, laat die gees hom dadelik stuiptrekkings kry, en hy val op die grond neer en rol rond met skuim in die mond. Markus 9:20

Daarom sien ons dit oral waar ons die lyding van die mens sien:

> In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het

> Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd. Jesaja 63:9

Die waarheid is dat, indien God in staat was om geweld te gebruik, Hy die lewe van diegene wat kies om Satan te volg, eenvoudig sou beëindig, sodat die krag van God in Christus nie deur Satan gebruik kon word om vernietigende dinge te doen nie. Tog, om aan elkeen die vryheid te gee om te kies, moet Christus toelaat dat Sy krag in die mens deur Satan gebruik word wanneer die mens besluit om teen God en Sy gebooie te rebelleer. Hoe gebruik Satan hierdie krag? Alle mense wat nie onder God se beheer is nie, is onder die beheer van Satan. Wanneer die mens onder Satan se beheer is, beweeg hy die mens om mekaar te vernietig. Wanneer die gedagtes van die mens onder die beheer van Satan kom, word die lewenskrag wat deur Christus aan hulle gegee word, gebruik om die doel van Satan uit te voer. Daarom word God se krag in 'n slang verander wanneer dit uit Sy hand verwyder word.

Wanneer ons lees van die groot oorloë in die geskiedenis, waar miljoene mense op die gewelddadigste wyse dood is, word die krag van Christus wat aan die mens gegee word, deur Satan gebruik om sy vernietigingswerk te doen. In al hierdie verwoesting toon God Sy liefde, deur Sy Seun oor te gee om die gewelddadige beginsels van die slang te openbaar. Kan ons die benoudheid van Christus begryp wanneer die asem, wat Hy op die mens uitblaas, gebruik word soos wat gedoen is in die dae van Rome? Legioene jongmense gevul met die asem van die Seun staan gereed om teen mekaar te veg. Twee leërs gevul met die lewe van Christus word deur Satan gedryf om styd teen mekaar te voer met swaarde, spiese, messe en pyle. Terwyl elke jong man na sy laaste asem snak, is Christus daar met 'n gevoel van diepe hartseer, terwyl hierdie siele met bloeddorstigheid in hul harte en hande sterf. Die krag van Christus word in 'n slang verander wanneer die mens kies om hulleself uit die hand van God te neem. Tog, om die gewelddadige koninkryk van Satan te openbaar, moet Christus Homself verloën en toelaat dat Hyself deur droefheid deurboor word deur te aanskou hoe Sy lewegewende asem gebruik word om sulke slegte en wrede dinge te doen. In elke daad van geweld word Christus deurboor omdat Hy Homself moet verloën, die kruis moet opneem en die mens die vryheid moet gee om self die bestemming te kies wat hulle verlang.

Oorweeg hierdie punt noukeurig. Dit is van kritieke belang om dit te verstaan, sodat die genesende krag van die slang op die paal sigbaar word. Die selfverloëning van Christus, wat toelaat dat Sy krag deur Satan gebruik word, ontbloot die ware karakter van Satan. Nadat Christus toegelaat het dat Sy krag deur Satan gebruik word om Hom te vermoor, is die slang se ware wreedheid geopenbaar. Die ware kruis open 'n deur vir die mens om te sien dat Satan die bron is van alle geweld. Dit bied aan die mens die moontlikheid om te sien dat God Sy vyande werklik liefhet. In Christus het God die wêreld met Homself versoen en Sy liefdevolle onselfsugtige karakter getoon. Maar om die slang uiteindelik te vernietig, moes die krag van Christus in 'n staf herstel word.

> Toe sê die HERE vir Moses: Steek jou hand uit en gryp dit aan die stert. Hierop het hy sy hand uitgesteek en dit gegryp, en dit het 'n staf in sy hand geword — Exodus 4:4

Wat word deur die stert voorgestel?

> Die oudste en aansienlike, dié is die kop, en die profeet wat leuens profeteer, dié is die stert; Jesaja 9:14

Die stert van die slang bevat die leuens waarmee hy die wêreld mislei het omtrent die karakter van God. Satan het die wêreld oortuig dat God Sy Seun in gewelddadige toorn doodgemaak het.

> Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte — dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Jesaja 53:4

Om die krag van die slang te verbreek, moet die leuens wat Satan met betrekking tot die karakter van God vertel het, geopenbaar word. Jesus het die woorde "Dit is volbring" gespreek. Die vraag is: Wat het Hy volbring?

> Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. Johannes 17:4

Toe Jesus gesê het dat Ek U op aarde verheerlik het, het Hy gesê dat Ek U ware karakter op aarde geopenbaar het. Exodus 33:18; Exodus 34:5-7. Wanneer Jesus uitroep, "dit is volbring", het Hy die slang aan die stert

gegryp: dit beteken dat Hy die leuens openbaar het wat Satan omtrent die karakter van Sy Vader vertel het as iemand wat gewelddadig is. Hy het getoon dat dit Satan is wat die ware oorspronklike moordenaar en vernietiger is.

Dit was in die lig van hierdie waarheid dat die evangelie in so 'n kort tydjie die mag gehad het om gedurende die lewe van die apostels oor die hele wêreld verkondig kon word.

> As julle ten minste gegrond en vas bly in die geloof en julle nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie, wat julle gehoor het **en wat verkondig is in die ganse mensdom onder die hemel**, waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het. Kolossense 1:23

Die uitdaging staan omtrent die siening van die natuurlike mens, dat die kruis lyk asof God Sy Seun straf om Sy woede teen ons te bevredig. Hierdie siening het dit vir Satan maklik gemaak om meer leuens uit te dink, veral deur die opkoms van die mens van sonde, wat die ware krag van die kruis verdoesel het. Dit het die slang in staat gestel om van sy blootstelling, deur die kruis, af te kom en weer in die donkerte weg te kruip en die mens uit die skadu te pik en hulle te oortuig dat God die gewelddadige een is wat straf uitdeel.

Die Egiptenare het baie geleenthede gehad om deur Josef van die ware God te leer. God het Josef wysheid gegee om die Egiptenare te seën in voorbereiding op die hongersnood wat oor Egipte en al die lande rondom hulle gekom het.

> En die sewe jare van hongersnood het begin aankom soos Josef voorspel het. En daar was hongersnood in al die lande, maar in die hele Egipteland was daar brood. Genesis 41:54

Farao is gewaarsku in 'n droom omtrent die sewe jaar van hongersnood wat kom. Die voorsienigheid van God het Josef geplaas waar hy die volk kon help voorberei op die ontberinge van die naderende droogte. Genesis 41:25-36. Waarom het so 'n verskriklike droogte al hierdie lande besoek?

> Julle mag vir julle geen afgode maak nie; en 'n gesnede beeld of 'n klippilaar mag julle vir julle nie oprig nie en 'n steen met

> beeldhouwerk in julle land nie opstel om julle daarby neer te buig nie; want Ek is die HERE julle God. (2) My sabbatte moet julle hou en my heiligdom ontsien. Ek is die HERE. (3) As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, (4) sal Ek julle reëns gee op die regte tyd, en die land sal sy opbrings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee. Levítikus 26:1-4

Ons het in hoofstuk 13 gesien dat God wette in die natuur geskep het om die mens te seën.

> Die oorsaaklike verband tussen mens en natuur beteken dat die rebellie van wind, vuur en vloede sal toeneem namate die rebellie van die mensdom toeneem. Namate die mens die gebooie van God met groter ywer verbreek, sal die aarde die natuurwette breek en hul eie rebellie aan die mense weergee. *Agape*, Hoofstuk 13, bl. 124

Die Egiptenare het, soos die nasies rondom hulle, baie afgode aanbid. Hulle het nie die Sabbat onderhou of die heiligdom van die Here eerbiedig nie. Toe Moses, namens die Here, Farao met sy versoek genader het, vra Farao op 'n hoogmoedige wyse wie die Here is, en sê uitdagend: "Ek ken hom nie." Farao het wel geweet van Josef. Egipte het deur Josef ryk geword. Dit was dus 'n weiering om God te erken.

> Omdat hulle, **alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie**; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. (22) Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword (23) en **die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere**. Romeine 1:21-23

Hulle het nie die insettinge en verordeninge onderhou nie, want van die dae van Nimrod af het baie van die ontwikkelende lande die God van die hemel getart en gekies om te rebelleer en te doen soos hulle wou. Die land Egipte en Kanaän was as die land van Gam bekend.

> Toe het Israel na Egipte gekom, en Jakob het as vreemdeling vertoef in die land van Gam. Psalms 105:23

Gam het aan sy nageslag 'n vreeslike erfenis nagelaat deur die slegte misdaad wat hy aan sy vader Noag gedoen het.

> En Gam, die vader van Kanaän, het sy vader se naaktheid gesien en dit aan sy twee broers daarbuite te kenne gegee. (23) Toe neem Sem en Jafet die bo-kleed en hou dit op hulle skouers terwyl hulle agteruitloop, en hulle het die naaktheid van hulle vader bedek: hulle gesig was agtertoe gedraai, sodat hulle die naaktheid van hulle vader nie gesien het nie. (24) **Toe Noag van sy wyn wakker word en merk wat sy jonger seun hom aangedoen het**, (25) sê hy: Vervloek is Kanaän! 'n Kneg van die knegte moet hy wees vir sy broers. Genesis 9:22-25

Die feit dat Noag geweet het dat sy seun iets aan hom gedoen het toe hy wakker geword het, dui daarop dat Gam meer as net na sy vader gekyk het. Toe Israel uit Egipte uitgekom het, is hulle aangesê om nie die praktyke van die Kanaäniete en Egiptenare te volg nie.

> Volgens die werke van die land van Egipte waar julle in gewoon het, mag julle nie doen nie; en volgens die werke van die land Kanaän waarheen Ek julle bring, mag julle nie doen nie, en julle mag in hulle insettinge nie wandel nie. Levítikus 18:3

Wat is die dinge wat die Here Israel beveel het om nie te doen wat hierdie nasies doen nie?

1. Bloedskande. Levítikus 18:6-18
2. Gemeenskap gedurende die maandstonde van 'n vrou. Levítikus 18:19
3. Egbreuk. Levítikus 18:20
4. Offer van kinders aan afgode. Levítikus 18:21
5. Homoseksualiteit. Levítikus 18:22
6. Bestialiteit. Levítikus 18:23

Al hierdie sondes is die erfdeel van die seuns van Gam. Hierdie oortredings van die wet van God het 'n negatiewe impak op die natuur, want dit is in stryd met die natuur.

> Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te

> onteer — (25) hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen. (26) Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; Romeine 1:24-26

Hierdie sondes, saam met die eet van onrein voedsel, bloed en nog sondes wat in Levítikus genoem word, maak die aarde onrein en laat dit verwelk en versmag.

> Die aarde treur, dit verwelk; die wêreld versmag, dit verwelk; en die hoogstes van die mense van die aarde versmag. (5) Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. (6) Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer en bly daar min mense oor. Jesaja 24:4-6

Kanaän en Egipte het God se gebooie oortree. Die sewe jaar van hongersnood was 'n waarskuwing vir hierdie lande dat die gruwels wat hulle beoefen in die toekoms tot groter stuiptrekkings van die natuur sou lei. Die Here het in genade toegelaat dat Josef na Egipte geneem word om hulle met die ware God te vergewis, sodat die Egiptenaars sou berou kry oor hul gruwels en gespaar word van die vernietigende reaksies van die natuur. Ten opsigte van seksuele gruwels word hierdie waarskuwing in die wet gegee:

> So het die land dan onrein geword; en Ek besoek sy ongeregtigheid daaraan, sodat die land sy inwoners uitspuug. Levítikus 18:25

Die gruwels van Egipte en Kanaän het die land voorberei om die inwoners daarvan uit te spuug. Die opstand van die mens teen God sou deur die natuur weer aan die mens weerspieël word. Satan was besig om hierdie nasies in hierdie sondes in te forseer, om die gewelddadige reaksies van die natuur te bewerkstellig, om daarna God te beskuldig dat Hy Sy toorn uitgevoer het en hulle in die proses vernietig het, terwyl die Here eintlik Egipte en ander afgodsnasies wou red. Hy was nie bereid dat een van hulle sou vergaan nie, maar hulle het geweier om na Sy raad te luister.

Wanneer ons na die plae kyk, moet ons 'n baie belangrike vers in ag neem.

> Want Ek is die HERE, jou God, die Heilige van Israel, jou Heiland; Ek het Egipte gegee as losprys vir jou... Jesaja 43:3

Die Bybel praat van die plae in die taal van die kruis. 'n Losprys is betaal om Israel vry te laat. Daar is baie lae simboliek in die plae en ons kan nie almal hier aanspreek nie. Ons fokus is die openbaring van die kruis deur die plae wat oor Egipte geval het.

> Toe het Moses en Aäron na Farao gegaan en gedoen net soos die HERE hulle beveel het: Aäron het sy staf voor Farao en voor sy dienaars neergegooi, en dit het ’n slang geword. Exodus 7:10

Die wonderwerk van die staf wat in 'n slang verander, word voor Farao herhaal. Dit bied 'n les aan Egipte dat die krag van die slang op die punt staan om vrygelaat te word.

> Hy het die gloed van sy toorn onder hulle gestuur, grimmigheid en woede en benoudheid, ’n **uitsending [vrylating] van ongeluksbodes [evil angels – KJV]**. Psalms 78:49

Daar word in Psalms gepraat van die gebeure tydens die plae, en melding gemaak van die vrylating van die mag van bose engele.

> **En Hy het hulle riviere verander in bloed** en hulle strome, sodat hulle nie kon drink nie. (45) Hy het onder hulle steekvlieë gestuur wat hulle verteer het, en paddas wat verwoesting oor hulle gebring het. (46) En Hy het hulle opbrings aan die kaalvreter gegee en die vrug van hulle werk aan die treksprinkaan. (47) Hy het hulle wingerdstok deur die hael doodgemaak en hulle wildevyeboom deur ryp. (48) Ook het Hy hulle diere aan die hael oorgegee en hulle vee aan die blitse. (49) Hy het die gloed van sy toorn onder hulle gestuur, grimmigheid en woede en benoudheid, ’n uitsending [of vrylating] van ongeluksbodes. (50) Hy het ’n pad vir sy toorn [sy leed] gebaan, hulle siel nie gered van die dood nie, maar **hulle lewe aan die pes oorgegee**. (51) En Hy het al die eersgeborenes in Egipte getref, die eerstelinge van hul krag in die tente van Gam. Psalms 78:44-51

Die meeste van die plae word hierbo genoem in verband met die vrylating van bose engele of engele van vernietiging. God het hulle aan die pes oorgegee, omdat hulle geweier het om God of Sy gebooie te erken. Die vermelding van die woord *pes* dui op die skending van God se ewige verbond.

> En Ek sal 'n swaard oor julle bring **wat die wraak van die verbond** sal uitoefen; en as julle dan in jul stede terugtrek, sal Ek pes onder julle in stuur, **en julle sal in die hand van die vyand oorgegee word**. Levítikus 26:25

Dit is nie presies duidelik hoe die bose engele betrokke was of hoe hulle gebruik gemaak het van die natuurwette om die inwoners uit te spuug nie. Tog is dit hierdie twee elemente – die natuurwette gekombineer met die vernietigende werk van bose engele – wat Egipte vernietig het. En tog, deur hierdie proses van vernietiging reik God ook na hulle uit om hulle te bekeer van hul sonde, om gered te word. Daar moet onthou word dat alle krag wat gemanifesteer word van Christus kom, want Hy is die krag en wysheid van God. Tog moet Christus Sy kruis van lyding dra om toe te laat dat hierdie vernietigingsdade plaasvind.

Die krag van Christus het in al die siele van die Egiptenare gewoon. Enige persoon wat doodgemaak word, behels die marteling van die persoon van Christus. Kan u u 'n Egiptiese moeder voorstel wat haar dooie seun vashou, terwyl sy oor sy lewelose vorm buig en haar gefolterde hart uithuil? Hier word Christus ook bedroef in haar droefheid, hier word die kruis opgelig en Christus word opnuut gekruisig. Wanneer God toelaat dat Satan die krag van Sy Seun neem, laat Hy toe dat Satan Sy eie wese aanraak.

> Hy het 'n pad vir sy *toorn* [H639 neus, gesig] gebaan, hulle siel nie gered van die dood nie, maar hulle lewe aan die *pes* [H1698 vernietiging] oorgegee. Psalms 78:50

Hierdie vers beskryf die plae van Egipte. Dit sê dat God 'n weg na Sy gesig gebaan het. Sy geliefde Seun is die vreugde van Sy lewe. Deur die Egiptenare toe te laat om aan die hand van die vernietiger te sterf, het Hy die pyn en lyding van Sy Seun toegelaat; so het die Vader alleen in hierdie duisternis gestaan en vir Sy Seun geween tydens die plae van Egipte en vir

al die ander dinge waaroor Sy Seun gely het.

Die plae was nie na willekeur gekies nie, maar was gerig op die gode wat die Egiptenare gedien het. Die Egiptenare, soos alle heidense aanbidders, moes hul gode gelukkig hou en hulle nie mishaag nie, anders sou hulle gestraf word. Die plae word in die goddelike spieël na die Egiptenare weerspieël. Hulle skuldgevoelens vanweë hul afgodsgruwels, die moord op babas, die wreedheid van slawerny, verdorwe aptyt en seksuele perversiteit het nou in hierdie spieël na hulle teruggekeer. Die Nylrivier is aanbid onder die god Hapi, 'n god van vrugbaarheid.

Die opdrag om die Hebreeuse babaseuns 80 jaar vroeër in die rivier te gooi, het dalk teruggekeer om hul optrede te weerspieël. Terselfdertyd het die natuurwette wat deur Christus gedra is, uiteindelik in duie gestort onder die gewig van hul gruwels. Terwyl die Seun van God die toekoms van Egipte oordink het, is Hy in hartseer gedompel. Die rivier gee vir ons 'n simbool van wat Christus in die tuin van Getsemane sou ervaar toe Sy sweet in bloed verander en Sy liggaam begin het om uitmekaar te val. Dit was die gewig van die sonde wat die vernietiging in Christus gedoen het en dit was die selfvernietigende optrede van die Egiptenare wat die Nyl en alles daarin vernietig het.

Die gebruik van die staf is belangrik.

> Moses en Aäron het toe so gedoen soos die HERE beveel het — **hy het die staf opgehef en die water wat in die Nyl was, geslaan** voor die oë van Farao en voor die oë van sy dienaars; en al die water in die Nyl is in bloed verander. Exodus 7:20

Dit is belangrik om die gebruik van die staf, om mee te slaan, elders in die Skrif ook te ondersoek.

> Maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar **Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond** en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak. Jesaja 11:4

Die staf is 'n simbool van die Woord van God en die asem van Sy mond. Toe Christus aan die kruis gehang het, was dit die skuld van sonde, by die aanskouing van die wet wat verbreek is, wat in Sy siel soos vuur gebrand

het. Hierdie beginsel van "slaan" kom ook elders in die Skrif voor.

> Nou sal jy by hope bymekaar moet kom, o dogter van krygsbendes; die vyand het 'n wal teen ons opgegooi; met 'n stok **slaan** hulle **die regeerder van Israel** op die kakebeen. Miga 4:14

> Ontwaak, o swaard, teen my herder, en teen die man wat my metgesel is! spreek die HERE van die leërskare. **Slaan die herder**, sodat die skape verstrooi word; en Ek sal my hand weer uitstrek oor die geringes. Sagaría 13:7

> Kyk, Ek sal daar voor jou by die rots op Horeb staan; dan moet jy **die rots slaan**, en daar sal water uit kom, dat die volk kan drink. En Moses het so gedoen voor die oë van die oudstes van Israel. Exodus 17:6

Christus is die heerser van die hele natuur. Die goddeloosheid van die Egiptenare het die aarde verontreinig en veroorsaak dat Christus deurboor is met 'n doringkroon. Die water wat geslaan is, onthul wat die Egiptenare aan Christus gedoen het. Christus is die fontein van lewende water en hulle het Hom geslaan en Hom groot lyding besorg. God openbaar aan die Egiptenare die skade wat deur hulle toestand aangerig word. Dit is die werk van die wet om aan die gevalle mens sy sondige toestand te weerkaats. Tog beskou die hele wêreld dit bloot as dat God die watervoorsiening van Egipte vernietig. Die wêreld is van mening dat Christus deur God geslaan en verdruk was. Nadat Christus deurboor is, het daar bloed en water uit Sy sy gekom en dit is wat ons in die Nyl sien.

Die tweede plaag was 'n spieël van 'n ander godin, Hequet.

> Heqet (Egiptiese ḥqt, ook ḥqtyt "Heqtit") is 'n Egiptiese godin van vrugbaarheid, geïdentifiseer saam met Hathor, voorgestel in die vorm van 'n padda. [1] Vir die Egiptenare was die padda 'n antieke simbool van vrugbaarheid, wat in verband gebring is met die jaarlikse oorstroming van die Nyl... Daar word voorgestel dat haar naam die oorsprong is van die naam Hecate, die Griekse godin van heksery. *Wikipedia* (Vry vertaal)

Die vrugbaarheid van Egipte is deur die Egiptenare as gevolg van hul eie

gruwels vernietig. Die aarde het hulle uitgespuug en die paddas was 'n weerspieëling van hierdie uitbraking. God het toegelaat dat hulle aanbidding in 'n spieël aan hulle weerkaats word. Hulle is nou besoek deur hul vrees vir die gode. Dit is nie onwillekeurige gebeure nie, maar natuurwette wat die gedagtes van die mens weergee. Soos Jesus vir ons sê:

> Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. Matthéüs 7:2

Terselfdertyd beskryf die simbool van die padda die beginsel van misleiding. Hierbo het ons opgemerk dat Hequet aan heksery gekoppel is. Satan het hierdie manifestasies in die natuur deur sy priesters vervals. Paddas word gekoppel aan bose geeste wat wonderwerke verrig.

> En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. (14) **Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings** van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God. Openbaring 16:13-14

> Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. (14) **En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen**, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle ’n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. Openbaring 13:13-14

Die leuenagtige gees van misleiding in die wonderwerk van die slange, en die eerste twee plae wat deur die priesters vervals is, het verhoed dat 'n gees van berou oor die Egiptenare gekom het, wat uiteindelik hul ondergang verseël het. Op 'n soortgelyke manier was daar 'n leuenagtige gees teenwoordig in die verhoor van Christus om Hom vals te beskuldig en sodoende Sy ondergang aan die kruis te verseker.

Die derde plaag word verbind met die stof van die aarde. Daar was twee gode wat aan die grond gekoppel was; Horus, die heer van die swart grond

en Set, die heer van die rooi woestynland. Die swart, vrugbare grond is gebruik om gewasse te kweek. Die muskiete wat van die aarde af gekom het, was 'n waarskuwing dat die grond verval het en soos 'n kleed oud geword het.

> Slaan julle oë op na die hemel en aanskou die aarde daaronder; want die hemel sal soos rook verdwyn **en die aarde soos 'n kleed verslyt en sy bewoners *soos muskiete* sterwe**; maar my heil sal vir ewig bestaan en my geregtigheid nie verbreek word nie. Jesaja 51:6

Hier word aangedui dat die aarde se bewoners soos muskiete sterf. Dit is 'n openbaring van die aarde wat oud geword het. Die vloek van die mens se gruwels weeg swaar op die hart van Christus. Soos daar in die Psalms staan:

> Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie. (3) **Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer [oud geword - KJV] in my gebrul die hele dag**; (4) want u hand was dag en nag swaar op my; my murg het verander soos deur somergloed. Psalms 32:2-4 [woorde in hakies ingevoeg]

Die Seun van God het stilgebly en so aan die Egiptenare hulle vryheid gegee, maar die las wat Hy gedra het om die aarde teen die verontreiniging te bewaar, het Hom laat kreun.

> Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. Romans 8:22

Hierdie gekreun en geswoeg weerspieël die lyding van Christus in die tuin onder die las van die sonde. Vir die vleeslike mens was hierdie plaag die toorn van Horus wat op hulle neergereën het, maar vir die geestelike mens sien ons die verval en wegkwyning van die aarde onder die verdorwenheid van die Egiptenare en die gevolglike lyding van Christus.

Die vierde plaag was van verskillende soorte steekvlieë, insekte en moontlik ook kewers, soos aangedui in Young se letterlike vertaling. Hierdie plaag sê dat die land volkome deur die plaag verwoes was.

> En die HERE het so gedoen: dik swerms steekvlieë het in die huis van Farao en in die huis van sy dienaars en in die hele Egipteland gekom; die land is deur die steekvlieë verwoes [bederf of vernietig]. Exodus 8:24 [woorde in hakies ingevoeg]

Die Hebreeuse woord vir *verwoes* is presies dieselfde woord wat gebruik word vir die *vernietiger* wat in die laaste plaag genoem is en wat die eersgeborenes in Egipte so dood veroorsaak het. Dit is ook dieselfde woord wat gebruik word om die wêreld voor die sondvloed te beskryf.

> Toe sien God die aarde aan, en — dit was **verdorwe**, want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe. Genesis 6:12

Hierdie vierde plaag was 'n manifestasie van die verontreiniging wat deur die Egiptenare veroorsaak is. Farao het die ware God van die hemel verloën en gruwelike dinge gedoen, en so is die saad wat hy en sy voorvaders gesaai het, nou geopenbaar:

> Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg [vernietigend], **afskuwelik maak hulle hul dade**; daar is niemand wat goed doen nie. Psalms 14:1

> Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. (12) Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. (13) Hul keel is 'n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe. Romeine 3:11-13

Die Here het hierdie vier winde van twis deur die eeue teruggehou en probeer om die woorde "Vrede, wees stil" oor die aarde uit te spreek, maar uiteindelik sou die aarde die inwoners uitspuug.

Die vyfde plaag het die beeste, perde, kamele en donkies getref. Die Egiptenare het geen beskerming teen die vernietiger gehad nie. Indien Farao maar net berou gehad het, sou die werk van engele om vernietiging deur die natuur te bring, kon voorkom word, maar dit het nie gebeur nie. Die Here moes die vee aan die vernietiger prysgee. Die Egiptenare het geweier om na die Here te kom en gered te word, en daarom het Satan al meer beheer oor Egipte geneem.

Ons weet Satan het sere oor Job gebring toe hy toegelaat is, en dit is wat Satan in die sesde plaag aan die Egiptenare gedoen het. Christus moes ontsettend gely het deur te aanskou hoe Sy liewe kinders deur die sere gepynig word en Hy moes foltering verduur deur Satan toe te laat om hierdie dinge te doen. Die feit dat die plae verskuif het van die diere na die sere op die mens se liggaam, dui daarop dat Satan meer beheer oor die situasie gekry het, net soos met Job.

> En die HERE vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: ’n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad; en hy volhard nog in sy vroomheid, alhoewel jy My teen hom opgehits het om hom te vernietig sonder oorsaak. (4) Toe het die Satan die HERE geantwoord en gesê: Huid vir huid, en alles wat iemand het, sal hy gee vir sy lewe; (5) maar strek net u hand uit en tas sy gebeente en sy vlees aan — waarlik, hy sal U in u aangesig seën! (6) En die HERE sê aan die Satan: Kyk, hy is in jou hand; spaar net sy lewe. (7) En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE, en hy het Job met bose swere getref, van sy voetsool tot sy skedel. Job 2:3-7

Die swere wat in die Egiptenare gemanifesteer word, kan oor die lyding van Christus spreek terwyl Hy aan Sy kruis vasgespyker is. Dit was 'n beproewing van die vlees van die mens.

Die lyding van die Egiptenare was Sy lyding, en hulle pyn het Hom baie geraak, en tog het Hy voortgegaan om toe te laat dat Satan hierdie mag manifesteer, omdat hierdie mense geweier het om gehoor te gee aan die beroep om terug te draai en gered te word. Soos Jesus vir die Fariseërs gesê het: “Hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ‘n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!”

Eers het die visse gevrek, daarna die paddas, daarna die vee, en nou die swere op hul eie liggame. Moses het die Egiptenare gewaarsku omtrent elke plaag, sodat hulle voorsorgmaatreëls kon tref om van die vernietiger weg te draai. Hulle kon van hierdie slang wat pik omdraai en na die slang wat op die staf opgelig is, kyk. In die opheffing van Christus deur hierdie lyding van die plae, is die karakter van die slang ontbloot – hy is die vernietiger. Satan poog om homself in die krag van God te verberg en

stuur paddas na ons toe om te vertel dat dit God is wat hierdie dinge direk doen.

Die Seun van God het verskriklik gely om te sien hoe Sy eie krag op sulke vernietigende en gewelddadige maniere op die aarde gebruik word. Sy eie natuurwette, wat bedoel was om diegene wat die Here liefgehad het en Sy gebooie onderhou het, te seën, is nou verander om wapens van massavernietiging te wees. Satan en sy engele was op die een of ander manier betrokke om die vernietigingsvlak te verhoog, omdat Satan geweet het dat hy mense onder die induk kon bring dat God al hierdie vernietigende werk direk doen.

> En Moses het sy staf na die hemel uitgesteek, en die HERE het donder en hael gegee, en vuur het na die aarde uitgeskiet; en die HERE het hael op Egipteland laat reën. Exodus 9:23

Toe Moses die staf na die hemel opgelig het, was dit 'n simbool van die Seun van God wat aan die kruis verhef is. Christus, die krag van God, is aan Satan oorgegee om volgens sy wil te gebruik. God het toegelaat dat Sy beskerming verbreek word, en die bose engele wat hulle verlustig in dood en vernietiging, het hierdie haelkorrels oor die land neergewerp. Onthou wat Psalms sê:

> **Hy het hulle wingerdstok deur die hael doodgemaak** en hulle wildevyeboom deur ryp. (48) Ook het Hy hulle diere aan die hael oorgegee en hulle vee aan die blitse. (49) Hy het die gloed van sy toorn onder hulle gestuur, grimmigheid en woede en benoudheid, **'n uitsending van ongeluksbodes [evil angels – KJV]**. Psalms 78:47-49 [woorde in hakies ingeevoeg]

Hael word ook genoem in Psalms 18, waar daar van die lyding van Christus aan die kruis gepraat word.

> Deur die glans voor Hom het sy wolke verbygetrek, hael en gloeiende kole. Psalms 18:13

Let daarop dat dit sê dat hy hul vee aan die hael "oorgegee het" (Psalms 78:48) en die Hebreeuse woord vir *onder hulle gestuur* beteken om *vry te laat* of *los te maak*. Ons sien die krag van God wat aan Satan oorgegee word en ons beklemtoon die punt dat dit slegs gedoen kan word deur die

marteling en lyding van Christus. Elke keer wanneer God Satan toelaat om met Sy krag vernietigingswerk voort te gaan, word Sy Seun as ware aan die kruis verhef, maar terselfdertyd word Satan geopenbaar as die vernietiger vir diegene wat in die spieël van die ware evangelie kyk. Tydens die plaag van die hael neem ons hierdie besonderhede waar:

> En die vlas en die gars was weggeslaan, want die gars was in die aar en die vlas in die knop. Exodus 9:31

Die gars is gebruik vir die eerstelinggerf. Die mense wat deur die hael doodgemaak is, is ook die eerstelinggerf wat vernietig is. Die Skrif sê:

> Maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. 1 Korinthiërs 15:23

Die hael wat die gars vernietig, simboliseer die mishandeling van Christus, die eersteling. ("maar óns het Hom gehou vir een wat … deur God geslaan en verdruk was" Jesaja 53:4) Die volgende plaag was sprinkane en ons word in Openbaring van die oorsprong van sprinkaanplae vertel.

> En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister. (3) **En uit die rook het daar sprinkane uitgekom op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde mag het**. Openbaring 9:2-3

Dit gee verwysing na die vernietigende mag van Satan deur sy misleiding en dit is wat in hierdie plaag plaasgevind het. Satan sou knaend wees en enige groen lote van hoop om aan redding vas te hou afknaag en verwyder. Satan het Christus probeer vaspen met die gedagte dat al Sy werk tevergeefs was en dat niemand dit sou waardeer nie. Satan het ook die heftige versoeking gebring dat Sy Vader Hom sou verlaat.

> Want honde het my omsingel; 'n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en my voete deurgrawe. (18) Al my beendere kan ek tel; húlle kyk, hulle sien met welgevalle op my neer! (19) Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad. Psalms 22:17-19

> En die verbygangers het Hom gesmaad terwyl hulle hul hoofde skud (40) en sê: U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself! As U die Seun van God is, kom af van die kruis! (41) En so het ook die owerpriesters saam met die skrifgeleerdes en ouderlinge gespot en gesê: (42) Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie. As Hy die Koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom, en ons sal in Hom glo. (43) Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou verlos as Hy behae in Hom het; want Hy het gesê: Ek is die Seun van God. (44) En op dieselfde manier het die rowers wat saam met Hom gekruisig was, Hom ook beledig. Matthéüs 27:39-44

Die negende plaag van duisternis weerspieël vir die Egiptenare die toorn van die songod Ra, maar dit spreek tot die soeker na waarheid direk omtrent die verskrikkinge van Christus aan die kruis, want Hy was heeltemal deur demone omring. Op hierdie stadium het Satan geweet dat hy die ondergang van Egipte sou kon bewerkstellig; hierdie magtige land wat in die verlede soveel van Israel geleer het en wie God so oorvloedig geseën het. Daardie slinkse grynslag kom nou na vore op die gesig van die goddelose een, omdat hy weet dat Egipte heeltemal gedoem is. In daardie ondergang word die lyding van Christus aan die kruis geopenbaar, asook Sy smarte by die verlies van Sy Egiptiese kinders deur toe te kyk terwyl Satan hulle vernietig. Die duisternis spreek direk omtrent die gebeure van die kruis.

> Dag vir dag was Ek saam met julle in die tempel, en julle het nie die hande teen My uitgesteek nie. Maar **dit is julle uur en die mag van die duisternis**. Lukas 22:53

> En van die sesde uur af **het daar duisternis gekom oor die hele aarde** tot die negende uur toe; Matthéüs 27:45

Korreleer die negende uur op die een of ander manier met die negende plaag? In elk geval was hierdie oomblik die donkerste vir Christus en vir die Egiptenare. Albei was bang vir wat op daardie oomblik hulle sou oorval. Die duisternis spreek ook van die volledige bedekking van die Vader se aangesig.

> En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: **God is lig, en geen duisternis is in Hom nie**.1 Johannes 1:5

Die duisternis dui daarop dat Satan volle beheer oor Egipte geneem het. Al wat oorbly, is die dood van die eersgeborene, wat die laaste plaag is, en dit is die hoogtepunt van die vernietiger se werk. In hulle dood word Christus se dood geopenbaar. Christus sou gewilliglik in hulle plek gesterf het! Maar hulle het die vernietiger gekies en moet hom nou in die gesig staar. Tog is daar barmhartigheid vir almal wat die bloed van die lam in geloof op hulle deurposte geplaas het, sodat Satan nie toegelaat word om daardie huis binne te gaan nie.

> Want die HERE sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal die HERE by die deur verbygaan en **die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie**. Exodus 12:23

Weer herinner ons onsself – wie is die vernietiger?


> En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion [die Vernietiger – New Living Translation]. Openbaring 9:11

> En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer [giftige slang] omgekom. 1 Korinthiërs 10:10

Deur God te dwing om Sy beskerming terug te trek, het die bose engele ongehinderd voortgegaan met hul werk, sover Hy dit toegelaat het; en al die eersgeborenes van Egipte het gesterf, 'n voorafskaduwing van Christus se dood. In die tien plae van Egipte is die kruis van Christus hoog opgehef en word dit openbaar gemaak dat die krag van God gebruik word om vernietiging te bring, deur die natuurwette, in reaksie op die goddeloosheid van die Egiptenare wat 'n opening in die muur veroorsaak het, waardeur Satan en sy engele kon binnegaan en vernietiging bring. Hierdie vernietiging kon slegs gedoen word deur die marteling en lyding van Christus, wie van die grondlegging van die wêreld af ly, deur elke daad

van die vernietiger op die mens. Satan se haat teenoor die beeld van God wat in die mens gevind word, laat hom verlustiging vind in die vreugde om die mens dood te maak wanneer en waar hy ook al kan.

Satan het gejubel oor die ondergang van Egipte en die lyding wat hy Christus en die Vader gebring het. Die regterhand van God is verander in melaatsheid en Sy septer het 'n slang geword. Indien ons deur die slyk van die paddas, die leuens wat Satan vertel van hierdie plae, kan sien, dan sien ons die lyding van God en Sy Seun; die kruis van Christus word opgehef, en in die opheffing sien ons die slang soos hy werklik is – ‘n moordenaar en ‘n leuenaar van die begin af. Johannes 8:44. Die kruis openbaar vir ons die goddeloosheid van Satan en die lankmoedigheid van ons God om hom toe te laat om sy vrye keuse op Sy eie koste uit te oefen.




Ons persepsie dat die plae van 'n God af kom wat geweld gebruik om Farao te dwing om Israel te laat gaan, wys hoe wreedaardig die menslike hart is en hoe min ons van die liefdevolle karakter van ons Vader in die hemel verstaan. God is nie bereid dat enigiemand moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering kom en die beskerming van Sy Sabbat, Sy gebooie en Sy insettinge geniet.

Laat ons wegdraai van al ons sondes en na Christus draai, sodat ons Hom nie opnuut deur ons sondige dade kruisig nie, maar laat ons eerder daagliks in Hom gekruisig word en deur die krag van Sy opstanding tot ‘n nuwe lewe opgewek word. Kan ons in die plae die verkondiging van die kruis van Christus en Sy groot lyding sien, deur die wete dat Satan die besluite van Egipte sou benut om hulle te vernietig? Sien u 'n tere beeld van God wie alles in Sy vermoë gedoen het om hulle te red?

"Hoe diep is die liefde van die Vader vir ons. Dit is groot bo alle maat. Dat Hy Sy enigste Seun sou gee om 'n ellendeling Sy skat te maak." (Vry vertaal) [3]

> Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. (9) Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes. Jesaja 55:8-9[3]

[3] Lied deur Stuart Townend, How Deep the Father's love for us. 1990.

# 21. Die Ewige Verbond en die Bediening van die Dood

Die Ou Testament is vol verhale van uiterste geweld wat blykbaar beide deur die volgelinge van God en ook direk deur God self uitgevoer word. Ons sal baie van hierdie verhale nie aan ons kinders voorlees nie, uit vrees dat dit hulle sou bangmaak. Die Ou Testament blyk 'n verleentheid te wees vir die Christendom wat die liefde en genade van God deur die verhaal van Jesus wil verkondig.

Een van die maniere waarop Christene probeer om die geweld aan te spreek, wat uit die Ou Testament blykbaar van God afkomstig is, is deur 'n begrip van die Ou en Nuwe Verbond. Baie Christene staan voor dat die Ou Verbond slegs betrekking het op die Ou Testament of die tydperk voordat Christus na hierdie aarde gekom en aan die kruis gesterf het. Dit was die era van die wet waar u "gehoorsaam moet wees en leef", of ongehoorsaam kan wees en sterf. Daar bestaan ook 'n denkpatroon dat mense in die Ou Testament regtig primitief was in hul mentaliteit en slegs die taal van geweld in die hantering van krisis-situasies kon verstaan.

Daarteenoor word die Nuwe Testament as 'n era van genade beskou. Die liefde van God word nou in Christus geopenbaar, en die gawe van die Heilige Gees wat in daardie tyd gekom het, laat mense toe om die evangelie te ervaar. Diegene in die Ou Testament kon slegs droom van 'n toekomstige werklikheid van 'n evangelie buite hul bereik. Sommige lesers van die Skrif het dit verduidelik dat God dinge op een manier probeer doen, om dan te sien dat dit misluk, en daarna 'n meer liefdevolle benadering probeer volg. Ander stel voor dat God net die beste doen wat Hy onder die omstandighede kon doen, totdat die Messias sou kom. Dit laat slegs die vraag ontstaan waarom dit so lank geduur het vir Christus om na die wêreld te kom? Party redeneer dat dit beter sou gewees het indien Hy vroeër gestuur is om die liefdevolle benadering vroeër in te stel.




Hierdie benadering tot die Ou en Nuwe Verbond bied twee teenstrydige beginsels vir die verlossingsplan. Die Ou Verbond fokus op wetstoepassing terwyl die Nuwe Verbond op genade fokus. Deur die twee beginsels te plaas *in verskillende tydperke van die wêreldgeskiedenis* verseker dat die verbonde mekaar teenstaan. Indien hierdie twee beginsels *opeenvolgend, na mekaar, binne 'n persoon se persoonlike ervaring saamgevoeg word,* openbaar dit 'n pragtige goddelike herstelproses.

Hierdie onderwerp mag miskien 'n bietjie vermoeiend en irrelevant vir die onderwerp van God se karakter lyk, maar indien dit verstaan word, word dit duidelilk dat dit 'n belangrike rol speel in die ontsluiting van baie gedeeltes wat lyk asof God gewelddadig en wreed in Sy optrede is.

Kom ons kyk na ‘n voorbeeld van ‘n situasie van 'n persoon met 'n mate van abnormale beengroei. Tydens ‘n besoek aan die dokter word die pasiënt in kennis gestel dat die dokter die been moet breek en dit moet herstel sodat dit op die regte manier kan aangroei. Hoegemaak as die dokter slegs die eerste gedeelte van die genesingsproses gedoen het? Sê nou hy breek slegs die been en los dit dan? Die dokter sou as 'n uitermate onbevoegde geneesheer beskou word. Oorweeg 'n ander persoon wat die tandarts besoek as gevolg van 'n groeiende pyn in sy mond. Die tandarts ontdek 'n ernstige geval van tandbederf. Met die toestemming van die pasiënt begin hy die tand uitboor om voor te berei dat dit herstel kan word. Soms kan die pasiënt in hierdie proses aansienlike pyn ervaar. Hoegemaak as die tandarts slegs die eerste deel van die werk gedoen het? Indien hy slegs die bederf uitboor en die pasiënt huis toe laat gaan, sal die onbeskermde tand steeds pyn. Die tandarts sal dus as nalatig beskou word *omdat hy slegs die eerste helfte van die herstelproses gedoen het*.

Kom ons kyk wat in die Skrif staan. Let op die gebruik van die woord *en* wanneer dit onderstreep word. Dit dui aan dat albei aksies, die een daarvoor en daarna, saam in volgorde gedoen word, nie die een of die

ander nie.

> Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; **Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees**; en daar is niemand wat uit my hand red nie. Deuteronómium 32:39

> Die HERE maak dood en maak lewend; Hy laat neerdaal in die doderyk en laat daaruit opkom. (7) Die HERE maak arm en maak ryk; Hy verneder, ook verhoog Hy. 1 Samuel 2:6-7

> ’n Tyd om dood te maak **en** ’n tyd om gesond te maak, ’n tyd om af te breek **en** ’n tyd om op te bou, (4) ’n tyd om te ween **en** ’n tyd om te lag, ’n tyd om te weeklaag **en** ’n tyd om van vreugde rond te spring, (5) ’n tyd om klippe weg te gooi **en** ’n tyd om klippe bymekaar te maak, ’n tyd om te omhels **en** ’n tyd om ver te wees van omhelsing, Prediker 3:3-5

> Wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van ’n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van die gees; want die letter maak dood, maar [**en**] die gees maak lewend. 2 Korinthiërs 3:6 [woord in hakies ingevoeg]

In elk van hierdie gevalle openbaar die Bybel 'n proses van twee stappe. Eerstens is daar 'n diagnose van die omvang van die probleem en 'n onthulling van hoe pynlik dit is. Tweedens word daar die oplossing en herstel verskaf. Dit is hoe die verbonde in elke mens se lewe werk. Die vers in 2 Korintiërs 3:6 koppel die proses van die letter wat doodmaak aan die proses van die Gees wat lewe gee met die Griekse woord *de* [G1161] wat vertaal kan word as *en*. Strong's Concordance verduidelik dat dit 'n primêre deeltjie is wat “teenstellend of aaneenlopend kan wees.” Die geval van die twee verbonde is beide teenstellend en aaneenlopend. Die werking van die eerste verbond is teenstellend teenoor die tweede verbond omdat dit blootlê en verbrokkel, terwyl die tweede verbond herstel en opbou. Dit is aaneenlopend in die feit dat die tweede verbond die eerste opvolg, oftewel aaneenloop daarmee. Kom ons kyk na hierdie proses soos Paulus dit in die lewe van Abraham verduidelik.

> Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. (23) Maar die een uit die slavin

> is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. (24) Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar — dit is Hagar; (25) want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny. (26) Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal. Galásiërs 4:22-26

God het belowe om vir Abraham 'n seun te gee. Die probleem was dat Abraham 'n gebrek aan geloof in God gehad het. Hy was nie bewus van hoeveel probleme hy gehad het voordat hy en sy vrou nie 'n kind kon verwek nie. Hierdie ervaring was deel van die diagnoseprobleem. Die Here het toegelaat dat die geboorte van die kind vertraag word om die gebrek aan geloof in Abraham en Sara te openbaar. Hierdie proses is van kritieke belang vir die herstelproses. Die volledige omvang van die probleem moet aan die lig gebring word om totale genesing te bewerkstellig. In plaas daarvan om op die Here te wag, onderwerp Abraham hom aan sy vrou se voorstel om haar slavin te neem om 'n kind deur haar te verwek. Genesis 16:1-2.

Aanvanklik, toe Ismaël vir Hagar gebore is, het dit na die perfekte oplossing gelyk, maar dinge het vinnig ingewikkeld geraak. Die gebrek aan geloof in Abraham het die saad van konflik in sy huis opgelewer. Hierdie konflik duur Voort tot vandag toe in die vyandige gevoelens tussen Jode en Moslems. Hierdie verhaal onthul die groot mate van die verskriklike gevolge van gebrek aan geloof. Die Here moes dit toelaat om die gebrek aan geloof te openbaar. Die hartseer deel is dat Sara en Abraham in hierdie proses gesinspeel het dat die Here skuldig was aan die vertraging in die vervulling van die belofte om 'n kind aan hulle te gee.

> En Sarai het vir Abram gesê: Jy weet, **die HERE het my nie toegelaat om moeder te word nie**. Gaan tog in by my slavin; miskien sal ek uit haar gebou word. En Abram het na Sarai geluister. Genesis 16:2

> Verder het God aan Abraham gesê: Sarai, jou vrou, moet jy nie Sarai noem nie, maar haar naam sal Sara wees. (16) En Ek sal haar seën en jou uit haar ook ’n seun gee; ja, Ek sal haar seën, sodat sy tot nasies sal word; konings van volke sal uit haar

voortkom. (17) **Toe val Abraham op sy aangesig, en hy lag en sê in sy hart: Kan daar vir een wat honderd jaar oud is**, 'n kind gebore word? Of kan Sara, wat negentig jaar oud is, baar? (18) **En Abraham sê aan God: Ag, mag Ismael lewe voor u aangesig**! Genesis 17:15-18

Al hierdie gebeure het die omvang van die probleem met Abraham en Sara onthul. Hulle gebrek aan geloof is stadigaan onthul. Paulus onthul dat Abraham se verbintenis met die twee vroue, Sara en Hagar, die ware werking van die twee verbonde toon. Abraham was met albei vroue getroud. Hagar het eerste 'n kind gebaar, maar dit het Abraham soveel hartseer gebring, dat hy gedwing is om Hagar en sy seun weg te stuur. Die pyn van hierdie proses het Abraham die lyding getoon wat sy gebrek aan geloof veroorsaak het. Daarna kon Abraham ten volle na die Nuwe Verbond-ervaring oorbeweeg. Dit proses is verdeel in twee dele, met 'n mate van oorvleueling tussen die twee verbonde, want daar was 'n tydperk toe albei seuns in dieselfde huis gewoon het. Deur die toets om sy seun Isak op te offer, kon Abraham uiteindelik na die Nuwe Verbond beweeg. Sy geloof in die Here het nie gewankel nie. Die volmaaktheid van sy geloof het die herstel wat God van die begin af beplan het, in hom meegebring.

Om hierdie herstelwerk te kon doen, moes die Here toelaat dat Abraham se siekte van gebrek aan geloof blootgelê word, om hom te genees. Die Here het toegelaat dat gebeure afspeel wat die ou denkwyse van Abraham *doodgemaak* het en hom *opgewek* het tot die sekerheid van geregtigheid deur geloof.

In die vorige twee hoofstukke het ons die beginsel van die spieël bespreek. Die Spieël is 'n instrument wat tandartse gebruik om probleme wat in ons mond voorkom, te sien. Dokters gebruik x-strale as instrument om probleme aan te dui op plekke waar ons nie met die blote oog kan sien nie. Die wet van God dien as instrument, 'n spieël om die omvang van ons sondesiekte te openbaar. Hierdie spieël is die instrument wat ons na Christus lei as ons die diagnose aanvaar.

Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. Galasiërs 3:24

Sonde is 'n probleem wat in die vleeslike gedagtes begin. Om hierdie probleem op te los, moet ons Vader in die hemel ons valse denke aan ons openbaar. Hierdie werk word deur die wet gedoen. Die probleem is dat hierdie onthulling van ons boosheid veroorsaak dat die meeste mense hierdie openbarings van hulself op God terug projekteer.

> En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. (23) Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is **soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien**; (24) want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. (25) Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen. Jakobus 1:22-25

Wat beteken dit om 'n hoorder van die woord te wees, maar nie 'n dader nie? 'n Volmaakte voorbeeld hiervan word gevind in die verhaal van die kinders van Israel toe hulle na die berg Sinai gekom het. God het belowe om baie dinge vir hulle te doen, maar hulle het nie mooi geluister nie. In plaas daarvan om te aanvaar wat Hy aan hulle belowe het, het die Israeliete eerder vir God gesê dat *hulle* sou doen wat *Hy* gesê het Hy vir *hulle* sou doen.

> **Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het.** (5) As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. (6) **En júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees**. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel. (7) En Moses het gekom en die oudstes van die volk laat roep en hulle al hierdie woorde voorgehou wat die HERE hom beveel het. (8) **Toe antwoord die hele volk eenparig en sê: Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen**. En Moses het die woorde van die volk aan die HERE oorgebring. Exodus 19:4-8

God het eintlik gesê dat Hy hulle genade sou gee om Hom in gees en waarheid te gehoorsaam. Gehoorsaamheid het bloot beteken om te vertrou dat God hulle konings en priesters vir Hom sou maak. Gehoorsaamheid moes verstaan word dat dit nie iets is wat vir God

gedoen word nie, maar eerder ‘n vertroue is dat God iets vir hulle sal doen. Ongelukkig het Israel God se belofte verander na iets wat hulle vir Hom kon doen om sodoende lofwaardigheid te verkry.

Hierdie proses noem die Bybel die Ou Verbond. Hierdie gebeurtenis het op 'n formele manier die onvermoë van die mens getoon om werklik na God te luister en te vertrou op wat Hy sê.

> **Want as daardie eerste een [verbond] onberispelik was, sou daar nie plek vir ’n tweede gesoek word nie.** (8) Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ’n nuwe verbond tot stand sal bring, (9) **nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie**, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here. (10) Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle ’n God wees, en hulle sal vir My ’n volk wees. Hebreërs 8:7-10

Die Here het geweet dat Israel nie mooi na Hom sou luister nie, maar eerder dat Israel self sou probeer doen wat Hy belowe het om vir hulle te doen. Dit is deel van die tugmeesterproses om iemand na Christus te bring.

> Die wet was dus ons tugmeester *na* Christus *toe*, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. (25) Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder ’n tugmeester nie. Galasiërs 3:24-25

God het geweet dat Israel nie hul beloftes aan Hom kon nakom nie, maar Hy het hulle pogings toegelaat, sodat wanneer hulle misluk, hulle steeds die keuse gehad het om hul pogings prys te gee en Hom te vertrou om te voltooi wat Hy belowe het.

Soos ons vroeër in die verhaal van Abraham en Sara aangedui het, is daar ‘n probleem met ons as mense: wanneer die Here ons sondigheid aan ons begin openbaar, plaas ons natuurlike denke die probleem op Hom terug.

Sara het gesê dat die Here haar daarvan weerhou het om 'n baba te hê. Sy het voorgestel dat dit Sy skuld was dat dinge nie uitgewerk het nie. Toe die Here vir Adam vra of hy van die vrugte van die boom geëet het, het Adam die blaam op God teruggeplaas.

> En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? (12) **En die mens antwoord: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet**. Genesis 3:11-12

Hierdie probleem om ons foute op God te projekteer, het 'n drastiese uitwerking op die manier waarop ons die Bybel lees en interpreteer. Die Bybel waarsku ons oor ons vleeslike toestand en onthul die gedagtes en bedoelinge van ons harte, dat ons selfsugtig, misleidend, vernietigend en moorddadig is.

> Soos geskrywe is: **Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie**. (11) **Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie**. (12) Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. (13) Hul keel is 'n oop graf, **met hul tonge pleeg hulle bedrog**, die gif van adders is onder hulle lippe. (14) Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid. (15) **Haastig is hulle voete om bloed te vergiet**. (16) **Verwoesting en ellende is in hulle paaie**, (17) en die weg van vrede ken hulle nie. (18) Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie. Romans 3:10-18

Die werklikheid van ons natuur word in die lewe van Jesus met heerlikheid gekontrasteer. Die liefde en genade wat Hy aan Sy vyande betoon, saam met Sy geduldige, sorgsame bediening, veroordeel ons selfsug geheel en al. In plaas daarvan om berou te toon, projekteer die menslike hart hierdie vleeslike eienskappe weer op God om sy eie sondigheid te regverdig. Ons het in Jakobus aangehaal dat die natuurlike mens die Woord van God lees en sy eie natuurlike gesig daarin sien.

> Want as iemand ’n hoorder van die woord is en nie ’n dader nie, **dié is soos ’n man wat sy natuurlike gesig in ’n spieël sien**; Jakobus 1:23

Die Here tree op soos 'n dokter of tandarts in die manier waarop Hy probeer om die omvang van die probleem aan te toon, maar dit is nie genoeg vir ons nie, want ons sal nie glo dat die probleem terminaal is nie, of indien ons wel saamstem, hoop ons dat daar is 'n ander geneesmiddel is wat meer aanvaarbaar is as wat Hy ons bied; 'n tydelike pynstiller so lank as wat ons nog lewe sou byvoorbeeld voldoende wees. Dit is egter bloot die waarheid dat die sonde nooit vrede bring nie, want daar is “geen vrede sê die HERE, vir die goddelose nie!”, nie vir die vlees nie en ook nie vir die besetene nie, en daarom moet God ons toelaat om die gevolglike straf van ons sondige optrede te ervaar, sodat ons kan besef dat “alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde.” Jesaja 48:22, Romeine 14:23.

Hy bring benoudheid oor Homself wanneer Hy herhaaldelik aanskou hoe die mens deur die Ou Verbondbewegings van verlossing deur sy eie weë gaan; Hy pleit by ons dat ons sal besef dat ons slegs die probleem kan hanteer deur Christus in ons harte te laat werk. Ons weier steeds om te aanvaar dat die pynlike gevolge die uitwerking van die optrede van ons eie vleeslike natuur is, wat veel erger sou wees indien hulle nie getemper word deur die tere toesig van 'n liefdevolle Vader wat daarop gemik is om hierdie tugtiging tot ons beswil te laat werk nie. In plaas daarvan is ons in versoeking om Hom te blameer en te beskuldig dat Hy 'n strawwe karakter het; dat Hy, vanuit ons korrupte perspektief, ons mishandel en na willekeur toelaat dat ons pyn ervaar. Die mens het buitengewone slim maniere gevind om hul eie verlaagde optrede op God te projekteer. Soos die Skrif sê:

> **Bedrieglik is die hart bo alle dinge**, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? Jeremia 17:9
>
> Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? **Jy dink Ek is net soos jy**! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel. Psalms 50:21

Dit is ongelukkig dat, sedert die sondeval van die mensdom, ons harte bedrieglik en moorddadig is. Wanneer die natuurlike mens die Bybel lees, projekteer hy hierdie bose eienskappe op God. Wanneer God deur die leser as gewelddadig en tirannies beskou word, dien dit om die saad wat reeds in die hart van die leser bestaan, volledig te onthul en uit te brei. Soos Paulus verduidelik:

> Maar die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en in my allerhande begeerlikheid gewerk; want sonder die wet is die sonde dood. (9) En sonder die wet het ek vroeër gelewe, maar toe die gebod kom, het die sonde weer opgelewe en ek het gesterwe. (10) En die gebod wat die lewe moes wees, dié het vir my geblyk die dood te wees. (11) Want die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en my verlei en daardeur gedood. (12) Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed. (13) Het die goeie dan vir my die dood geword? Nee, stellig nie! Maar wel die sonde, dat dit kon blyk sonde te wees, omdat dit deur die goeie vir my die dood bewerk, sodat die sonde deur die gebod uitermate sondig kon word. Romeine 7:8-13

Die mens gebruik die verhale van die Ou Testament wat blyk te sê dat God mense vernietig en doodmaak, om hul eie moorddadige natuur te bekragtig. Die Bybel is noukeurig geskryf sodat die mens ten volle die waarheid wat in hul harte is, kan openbaar. Die lewe van Jesus op aarde wys ons presies hoe God is. Jesus het nooit iemand doodgemaak nie, maar eerder as om na hierdie volmaakte spieël van God se liefde te kyk, kies die mens om die Ou Testament te lees as hoorders van die woord, en hulle sien net hul eie gesig in wat hulle dink die aangesig van God is.

> En terwyl ons almal met onbedekte gesig **soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou**, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is. 2 Korinthiërs 3:18

Die heerlikheid van die Here *is* die volle karakter van die Vader soos geopenbaar in die lewe van Jesus op aarde.

> **Ek het U verheerlik op die aarde**. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. Johannes 17:4

Die heerlikheid van God is Sy karakter, Hy vertel ons dit.

> Daarop vra hy: **Laat my tog u heerlikheid sien**… (34:5) En die HERE het neergedaal in die wolk en daar by hom gestaan. En Hy het die Naam van die HERE uitgeroep. (6) **En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE,**

> **barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou**; Exodus 33:18; 34:5-6

Wanneer u die Bybel deur die spieël van die heerlikheid, of karakter, van Jesus lees, sien u iets heeltemal anders in die Ou Testament as wanneer u dit deur die spieël van u natuurlike hart lees. Maar hoe is dit moontlik om die heerlikheid van Christus die Here in 'n spieël te sien? Ons moet onsself in die spieël sien, nie waar nie? Hoe sien ons Christus?

> God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: **Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid**. Kolossense 1:27 (1983)

Wanneer ons die Nuwe Verbond ingaan, word ons wedergebore en begin Christus in ons harte geopenbaar word. Daar kom 'n verandering in wat ons in die spieël sien. Wanneer ons Christus in die spieël sien, begin ons hele manier van Bybellees verander. Soos ons in hoofstuk 18 omtrent duidelike stellings noem, begin ons dadelik baie oënskynlike teenstrydighede sien wat nie maklik, op sigself beskou, opgelos kan word nie. Dit is die bewys van 'n verskuiwingsproses van die Ou na die Nuwe Verbond-ervaring. Ons insig begin verander deur die manier waarop ons lees.

> Hy neem toe die blinde by die hand en lei hom uit buitekant die dorp; en nadat Hy in sy oë gespuug en hom die hande opgelê het, vra Hy hom of hy iets sien. (24) En hy kyk op en sê: Ek sien die mense, want ek sien hulle soos bome rondloop. (25) Daarna lê Hy weer die hande op sy oë en laat hom opkyk, en hy is herstel en het almal van ver af duidelik gesien. Markus 8:23-25

Aanvanklik sien ons mense soos bome rondloop, maar soos die Here Sy hande op ons oë plaas, begin ons dinge sien soos Hy dit sien en 'n pragtige beeld word onthul!

Die sleutel tot dit alles is dat die werk van die Ou Verbond van kritieke belang is om ons te help om na die ware oplossing in Christus te soek. Die Ou Verbond deur die wet wys ons hoe sleg ons is, sodat ons na Christus sal kom en in die Nuwe Verbond genees word. Hierdie twee prosesse val altyd saam en vind plaas in die lewe van elke persoon wat na die Here toe kom. Dit is vandag dieselfde proses as wat dit was vir Adam, Noag,

Abraham en Moses.

Die poging om hierdie proses se twee dele te skei, stel God in die Ou Testament voor as Een wat eenvoudig bene breek en tande boor sonder dat daar enige oplossing daarvoor is. Dit laat God ongevoelig en wreed lyk. Erger nog is dat die evangelie van vandag dikwels bloot verkondig om in Jesus te glo en nie bekommerd te wees oor u misvormde bene en verrotte tande nie. Hierdie evangelie wil hê dat Jesus net u gaatjies opvul sonder om die tandbederf te verwyder. Hierdie skeiding van die twee dele in 'n persoon se lewe laat God in die Ou Testament ongevoelig lyk en sag en tegemoetkomend in die Nuwe Testament.

Die grootste verlies om hierdie proses se twee dele nie korrek te verstaan nie, is dat wanneer God dinge laat ontwikkel om sonde te openbaar by diegene wat Hy wil red, hierdie manifestasies van sonde aan God toegeskryf word as Sy wense.

> Maar die **wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word**; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; Romeine 5:20

Wanneer die wet ons harte en gedagtes binnedring, veroorsaak dit dat die sonde in die mens oorvloediger en sigbaarder word. Die mens word dan uitgenooi om hom tot Christus te wend om vrygemaak te word.

> En as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: Johannes 16:8

Die sondaar wat aan sonde skuldig bevind word, word dan deur die geloof in staat gestel om sy geregtigheid te ontvang - die geregtigheid van Christus wat die sondaar voorberei op die ewige oordeel.

Ons kom nou by 'n kritieke punt om hierdie hele proses te verstaan. Wanneer 'n mens in sy natuurlike gemoedstoestand verkeer, spreek die woorde van God aan hom dit wat in die hart van die mens is. God wil die voorneme en motiewe van die hart van die mens openbaar. God wil op ‘n liefdevolle wyse die dinge in hom, waarvan die mens self nie bewus is nie, ontbloot.

> Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. (12) As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie; ’n swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde. Genesis 4:11-12

In hierdie verse toon God aan Kain wat in hom is. Kain het 'n vloek op die aarde gebring deur sy sonde. Die moord wat hy gepleeg het, het sy gevoel van waardigheid vernietig en hom 'n verskeurde man gelaat. Hierdie woorde is nie uitgespreek om Kain te vernietig nie, maar eerder dat Kain moontlik sy toestand sou besef en hom tot God wend en om vergifnis vra. Hoe reageer Kain?

> Daarop sê Kain vir die HERE: **My skuld is te groot om dit te dra.** (14) **Kyk, U verdryf my nou uit die land uit, en ek moet my verberg vir u aangesig: ’n swerwer en vlugteling sal ek op die aarde wees**, en elkeen wat my kry, sal my doodslaan. Genesis 4:13-14

Eerder as om die diagnose as 'n werklikheid van sy toestand te aanvaar, projekteer Kain die skuld op God. Kain weier om berou te hê oor die moord op sy broer en kan dus nie vrede vind nie. Die skuld van die moord op sy broer rus dag en nag op hom, wat veroorsaak dat hy voortdurend as 'n vlugteling in sy denke weghardloop. Soms gee God opdragte wat die denke van die persoon weerspieël, sodat daardie gedagtes in 'n besluit tot uiting kom, en sodoende die waarheid in hulle harte openbaar. Toe Israel die land wou verken, het God die opdrag gegee om voort te gaan daarmee. Die gevolg was dat 10 van die 12 spioene met 'n negatiewe verslag teruggekom het.

Somtyds gee God opdragte wat die denke van die persoon weerspieël, sodat daardie gedagtes kan openbaar wat in hulle harte is.

> **Toe het julle almal na my toe aangekom en gesê: Laat ons manne voor ons uit stuur, dat hulle vir ons die land kan verken** en ons berig kan bring aangaande die pad waarlangs ons moet optrek, en die stede waarby ons sal kom. (23) En die saak was goed in my oë, sodat ek twaalf man uit julle, uit elke stam een man, geneem het. Deuteronómium 1:22-23

> EN die HERE het met Moses gespreek en gesê: (2) Stuur vir jou manne uit, dat hulle die land Kanaän wat Ek aan die kinders van Israel sal gee, kan verken. Van elke vaderlike stam moet julle een man stuur, elkeen 'n owerste onder hulle. Númeri 13:1-2

Die rede waarom die mense gevra het om die land te verken, was omdat hulle nie vertroue in God se woord gehad het nie. Die Here wou hulle help om hul gebrek aan geloof te sien, daarom het Hy bloot hul gedagtes aan hulle weergegee en hulle eie opdrag aan hulle gegee, omtrent wat reeds in hul hart was: om die land te verken as voorbereiding om dit met geweld met hul eie hande te neem.

Ons herhaal die punt dat, wanneer God met mense in die Ou Verbond of in 'n natuurlike toestand te make het, en Hy gee opdragte wat teenstrydig is met die lewe van Jesus op aarde, lewer dit bewys van die goddelike spieël wat in werking is. Dit is die gereflekteerde gedagtes van die mens om hulle sonde oorvloedig te laat word. Dit is nie die gedagtes of wense van God nie. Dit is die punt waarop die meeste Bybellesers verwar word en daarom mislei word.

> ...in die Ou Verbond of natuurlike toestand, word die opdragte wat Hy gee, wat strydig is met die lewe van Jesus op aarde, 'n aanduiding van die goddelike spieël wat in werking tree.

Neem die geval van Bileam. God sê vir Bileam om Israel nie te gaan vervloek nie. Aanvanklik is Bileam aan God gehoorsaam, maar wanneer Balak se manne terugkeer en hom groot eer beloof, begin hy wankel en sê vir die mans om te bly.

> En God het in die nag na Bíleam gekom en aan hom gesê: As die manne gekom het om jou te roep, staan dan op, gaan met hulle saam; maar net wat Ek jou sê, dit moet jy doen. (21) Toe maak Bíleam die môre klaar en saal sy eselin op, en hy het weggetrek saam met die vorste van Moab. Númeri 22:20-21

Hierdie opdrag was 'n weerspieëling van Bíleam se begeerte om te gaan. Die Here het sy begeerte tot hom teruggespreek sodat hy homself kan sien. Indien ons hierdie verbondsproses nie verstaan nie, maak die

volgende verse hoegenaamd geen sin nie.

> Maar die toorn van God het ontvlam, omdat hy weggetrek het; en die Engel van die HERE het gaan staan in die pad as sy teëparty, terwyl hy op sy esel ry en sy twee dienaars by hom was. Númeri 22:22

Ons herinner onsself dat die Hebreeuse woord *toorn* hier as *bedroef* vertaal kan word. Die Here was bedroef dat Bileam gekies het om saam met die manne te gaan; Hy het Sy engel gestuur om hom te waarsku. Dit lyk asof Bileam verstaan dat hy moet terugkeer huis toe, maar een klein woordjie verraai wat in sy hart is – *as*

> Toe antwoord Bíleam die Engel van die HERE: Ek het gesondig, want ek het nie geweet dat U teenoor my in die pad gestaan het nie. Maar nou, as dit verkeerd is in u oë, sal ek teruggaan. Númeri 22:34

Bileam het geweet dat dit nie die wil van die Here was nie. Die hele episode met die donkie en die Engel van die Here het duidelik getoon dat dit wat hy gedoen het, verkeerd was. Hy het selfs sy sonde erken, maar hy het gesê: "*AS* u wil hê ek moet teruggaan, sal ek teruggaan." Die Here moet in die spieël met hom terugpraat.

> En die Engel van die HERE sê vir Bíleam: Gaan saam met die manne, maar net die woord wat Ek jou sê, dit moet jy spreek. So het Bíleam dan met die vorste van Balak saamgegaan. Númeri 22:35

Die opdrag van God aan Bileam om te gaan, weerspieël sy eie denke, omdat Bileam in die Ou Verbond is. Wanneer God sien dat die mens vasbeslote is om 'n sekere koers te volg, wil Hy hulle nie teen hul eie wil beperk nie.

> Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hul nek verhard om nie te luister nie en geen tugtiging aan te neem nie. Jeremia 17:23

Hy gee hulle die vryheid om te maak soos hulle wil. Dit laat die saad van die sonde groei, sodat die sonde oorvloedig kan wees. Wanneer die sonde

oorvloedig is, kom die geleentheid weer om tot inkeer te kom en die regte manier te kies waarop genade nog oorvloediger kan wees.

Dink weer aan die voorbeeld toe Israel om 'n koning gevra het. God het hulle hierteen gewaarsku, maar hulle was hardnekkig. God het hulle dus 'n koning gegee, presies volgens *hulle* begeerte. Dit was nie God se wil om dit te doen nie, maar in die spieël van hul eie begeerte het Hy hulle toegelaat om hul aardse koning te kry.

In die tyd van Moses het God vir Israel gesê dat die Kanaäniete met perdebye verdryf sou word. Daar is geen sprake van sterftes en vernietiging van die vyande nie. Tog het die Israeliete hulle moorddadige begeertes in Númeri 21 geopenbaar.

> Toe die Kanaäniet, die koning van Arad, wat in die Suidland gewoon het, hoor dat Israel met die pad van Átarim kom, het hy teen Israel geveg en sommige van hulle as gevangenes weggevoer. (2) **Daarop het Israel aan die HERE 'n gelofte gedoen en gesê: As U hierdie volk heeltemal in my hand gee, sal ek hulle stede met die banvloek tref**. (3) En die HERE het gehoor na die stem van Israel en die Kanaäniete oorgegee. En hy het hulle en hul stede met die banvloek getref en die plek Horma genoem. Númeri 21:1-3

God het geluister na hulle begeerte om ander nasies dood te maak, en so sou die Here in die toekoms weer en weer hul moorddadige begeertes weergee in weerspieëlende opdragte, om hul vyande te verslaan, in woorde wat hulle graag wil hoor.

> Want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, 2 Timótheüs 4:3

Indien u nie die twee dele van die proses van die verbonde verstaan nie, sal u die ontbloting van die mens se sonde aan die

Indien u nie die twee dele van die proses in die verbonde verstaan nie, sal u die ontbloting van die mens se sonde aan die karakter van God self toeskryf!

karakter van God self toeskryf! Dit is deur die eeue heen een van die grootste mislukkings van die mens om die Skrif te verstaan; 'n versuim om die natuurlike geneigdheid van die mens te ontmasker, om sy gees van moorddadige wraak op die liefdevolle aangesig van God te projekteer.

Enige persoon wat Christus as hul Verlosser bely, moet aanvaar dat hulle skuldig is aan die dood van die Seun van God. Hierdie waarheid onthul die feit dat die mens van nature God en Sy Seun haat. In 'n poging om hierdie gees van haat te regverdig, projekteer die mens hul gewelddadige eienskappe op God en verklaar dat God die grootste moordenaar van die mensdom is, om sodoende die gees van moord wat hulle teen diegene wat hulle kies om te verag, te verdedig, en óf hul begeerte geheim te hou óf openlik te bely dat hulle wens hul vyande word gemartel en doodgemaak in die vlamme van die hel.

Tans is daar 'n oproep om God te *vrees* en Hom te verheerlik. Indien ons 'n beter begrip van God se ware karakter kry, beweeg ons weg van die vrees van 'n potensieel wraakgierige Vader, na 'n hoër bestaan van liefde wat groter eerbied en 'n dieper berou inhou, omdat ons God nog altyd verkeerdelik beskuldig het.

> Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. 1 Johannes 4:18

Die wêreld word verlig en die heerlikheid van die Here word nou geopenbaar. Wanneer u die proses van die verbonde in die verlossingsplan werklik begin verstaan, sal die donker wolke wat gevorm is om die karakter van God te omring en te bevlek, in die glorieryke lig van Sy openbaring uit die weg verdryf word.

Noudat hierdie beginsels uiteengesit is, het ons nou die gereedskap om 'n paar gewelddadige verhale in die Bybel te ondersoek en daarin die geduld, wysheid, geregtigheid, genade en liefde van God te sien.

## 22. Moses die Sagmoedigste Man

> Maar die man Moses was baie sagmoedig, meer as al die mense op die aardbodem. Númeri 12:3

Aangesien Moses grootgemaak is in 'n era van immoraliteit, slawerny, menseoffers en oorlog, staan hierdie vers uit as 'n baken van lig in 'n donker wêreld. Moses was 'n baie nederige, saggeaarde man. Hy het die onbaatsugtige liefde van Christus op 'n manier geopenbaar wat min mense voor of na hom gedoen het.

Terwyl hy die goddeloosheid van die volk wat hy geroep is om uit Egipte te lei, aanskou het en hul beskuldigings teen hom verduur het, asook hul wens om hom dood te maak, het Moses nogtans vir hulle gebid. Alhoewel baie lesers mag dink dat hulle moes gesterf het, het Moses egter gebid, "Delg my naam uit die boek van die lewe in hulle plek."

> En Moses het na die HERE teruggegaan en gesê: Ag, hierdie volk het 'n groot sonde begaan en vir hulle goue gode gemaak. (32) Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het! Exodus 32:31-32

Dit is maklik om hierdie gedeelte te lees en vinnig aan te beweeg – maar om u ewige lewe op te offer vir diegene wat glad nie vir u omgee nie, of wie u haat en u selfs probeer doodmaak? Die enigste ander geskape wesens waarvan opgeteken is dat hulle aangesigte van die heerlikheid van God skyn, is die engele. Hierdie man het veertig jaar in die woestyn deurgebring om skape te versorg, die lammetjies in sy arms te vou, hulle sagkens te gelei en teen gevaar te beskerm. Op Sinai het hy veertig dae alleen in die teenwoordigheid van God deurgebring, in gemeenskap met die genadigste, teerste, liefdevolste Verlosser van die mens. Moses het die verlossingsplan verstaan; hy het God ernstig versoek om Sy heerlikheid te

sien en aan hom het God Sy karakter geopenbaar: barmhartig, genadig en lankmoedig, oorvloedig in goedheid en waarheid. Moses het lank teruggestaan onder die leuens en beledigings wat teen hom geslinger is. Hy het God gesmeek vir die lewens van die mense wat sy posisie verlang het. Dit is geen wonder dat ons Vader baie graag Moses uit die graf wou opwek en na die hemel toe neem om daardie lieflike gemeenskap voort te sit, sowel as om die bediening van Jesus in die verlossingswerk te help.

Vanuit hierdie agtergrond, tesame met die beginsels van die vorige hoofstuk, waag ons dit op die terrein van 'n paar gewelddadige verhale wat verband hou met die lewe van Moses.

> Het Moses in die poort van die laer gaan staan en gesê: Wie vír die HERE is, kom na my toe! Toe het al die seuns van Levi by hom versamel. (27) En hy het vir hulle gesê: So spreek die HERE, die God van Israel: Laat elkeen sy swaard aangord aan sy heup. Gaan heen en weer van poort tot poort in die laer, en laat elkeen sy broer en elkeen sy vriend en elkeen sy naaste doodmaak. (28) **En die seuns van Levi het gehandel volgens die woord van Moses, en daar het van die volk op dié dag omtrent drieduisend man geval.** Exodus 32:26-28

Dit is vier verse hierná wat Moses aanbied om sy ewige lewe prys te gee, indien dit nie moontlik is dat die sonde van Israel vergewe kon word nie. Moses het die groot liefde en barmhartigheid van God geken, en tog weet hy in sy gedagtes dat die ernstige sonde wat hulle begaan het, volkome uittarting en goddeloosheid voor God was. Wat was hierdie boosheid? Dit was die aanbidding van die Goue Kalf, een van die gode van Egipte.

> Toe sê die HERE vir Moses: Gaan heen, klim af, want jou volk wat jy uit Egipteland laat optrek het, het verderflik gehandel. (8) En hulle het gou van die weg afgewyk wat Ek hulle beveel het. Hulle het vir hulle 'n gegote kalf gemaak en daarvoor neergebuig en daaraan geoffer en gesê: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het. Exodus 32:7-8

Slegs veertig dae vantevore het die hele Israel beloof om die ware God te aanbid en belowe om lojaal aan Hom te wees. Binne minder as ses weke het hulle gedans, gedrink en met losbandige feeste aan die nuttelose afgode van Egipte geoffer.

Ons moet teruggaan na vroeër in die verhaal om 'n breër oorsig van die betrokke kwessies te kry. Voor die gebeure van die plae het die Here sewe dinge aan die Israeliete belowe ter vervulling van die verbond met Abraham, Isak en Jakob. Hierdie beloftes is in Exodus 6:5-7 opgeteken:

1. *Ek sal* julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei en...
2. *Ek sal* julle red uit hulle slawerny, en...
3. *Ek sal* julle verlos deur 'n uitgestrekte arm en deur groot strafgerigte; en...
4. *Ek sal* julle as my volk aanneem, en...
5. *Ek sal* vir julle 'n God wees. En julle sal erken dat Ek die HERE julle God is wat julle uitlei onder die harde arbeid van die Egiptenaars uit. En...
6. *Ek sal* julle bring in die land waaromtrent Ek my hand opgeheg het, om dit aan Abraham, aan Isak en aan Jakob te gee; en...
7. *Ek sal* dit aan julle as 'n besitting gee, Ek, die HERE.

Dit was 'n uitnodiging om in die ewige verbond in te tree. Al wat hulle moes doen, was om hierdie beloftes te aanvaar en te glo. Hoe het Israel gereageer?

> Moses het toe so met die kinders van Israel gespreek, **maar hulle het nie na Moses geluister nie**, uit ongeduldigheid en weens die harde diens. Exodus 6:8

Hulle het geweier om te luister of die aanbod te aanvaar. Waarom sou hulle so 'n wonderlike aanbod weier? Die antwoord lê in die woorde "uit ongeduldigheid en weens die harde diens." Hulle het die Here die skuld gegee vir hul moeilike situasie en daarom het hulle geweier om Hom te glo. Maar hulle het die slawerny oor hulself gebring. Baie van hulle het die aanbidding van die ware God versaak, soos blyk uit hul aanbidding van die Goue Kalf. Hulle het die Sabbat en al die beskerming wat met die gebooie van God verband hou, prysgegee. Dit was totaal en al hul eie skuld. In plaas daarvan om hul sonde te bely en die aanbod dankbaar te aanvaar, verkies hulle eerder om hul skuld op God self te projekteer. Hoe goddeloos is die menslike hart nie! Nadat hulle op wonderbaarlike wyse verlos is uit al daardie eeue van slawerny, het hulle uitdagend gestaan en prontuit geweier om berou te toon en die verantwoordelikheid vir hierdie krisis te aanvaar.

Alhoewel die oorgrote meerderheid geweier het om te luister, het God in Sy groot genade en liefde gekies om hulle te verlos. Eers toe hulle aan die oorkantse oewer van die Rooi See gestaan en al hul vervolgers dood op die strand gesien het, het dit tot hul benewelde verstande begin deurdring dat hulle regtig vry is. Die fisiese slawerny is weggeneem, maar die boeie van die gedagtes het hul steeds vasgehou. Dit was die begin van die murmurering en gekla.

> **En die hele vergadering van die kinders van Israel het teen Moses en teen Aäron in die woestyn gemurmureer**. (3) En die kinders van Israel het aan hulle gesê: Het ons maar in Egipteland deur die hand van die HERE gesterwe toe ons by die vleispotte gesit en volop brood geëet het! Want julle het ons in hierdie woestyn uitgelei om hierdie hele vergadering van honger te laat sterwe. Exodus 16:2-3

Dit is belangrik om hier op te let dat die hele vergadering teen Moses en Aäron gemurmureer het. Almal, van die kleinste tot die grootste het gekla oor die besluite wat Moses en Aäron geneem het, al kon hulle die wolk bedags en die vuurkolom snags as tasbare bewys van goddelike leiding, sien.

Hierdie beskuldigende gees van murmurering is die gees van Satan. Hy is die aanklaer van die broeders en hierdie gees het die hele vergadering regeer regdeur die reis in die woestyn. Ons onthou dat nie een van die kinders van Israel die sewe beloftes van God aanvaar het nie, maar eerder verkies het om Hom te blameer vir hul omstandighede. Hierdie klein toetsies is deur God gebruik om die Israeliete in staat te stel om geloof te beoefen, maar in plaas daarvan het hulle die ware gevoelens van hul harte blootgelê en hul gebrek aan waardering en dankbaarheid getoon. Nie een van die Israeliete het in die ewige verbond gestaan nie en niemand van hulle was vervul met die Gees van Christus nie. Dit word duideliker in die volgende hoofstuk.

> Daarop het die hele vergadering van die kinders van Israel, volgens die bevel van die HERE, van plek tot plek uit die woestyn Sin getrek en laer opgeslaan in Ráfidim. En daar was geen water vir die volk om te drink nie. (2) **Toe twis die volk met Moses** en sê: Gee julle vir ons water om te drink. Maar Moses antwoord hulle: Wat twis julle met my? Waarom versoek

> julle die HERE? (3) Maar die volk het daar gesmag na water, en **die volk het teen Moses gemurmureer en gesê: Waarom het u ons dan uit Egipte laat optrek om my en my kinders en my vee van dors te laat omkom**? (4) **Toe het Moses die HERE aangeroep en gesê: Wat moet ek met hierdie volk doen? Dit skeel maar min of hulle stenig my**. Exodus 17:1-4

Eerder as om Moses te bedank dat hy hom deur God laat gebruik het om hulle uit Egipte te lei, het die volk hom beskuldig dat hy hulle wou doodmaak, en daarom het sommige van hulle oorweeg om hom te stenig.

Daar is geen bewyse wat daarop dui dat die kinders van Israel ooit berou gehad het oor hul sondes weens hierdie valse beskuldigings of hul afgodediens in Egipte nie. Hulle is nie met die Gees van God gevul nie, maar eerder met 'n beskuldigende, plesier-soekende en gemaksugtige gees. Dit was in hierdie gemoedstoestand dat die kinders van Israel God belowe het om Hom te gehoorsaam. Hulle het geweet dat Moses nie al daardie wonderwerke uit eie krag gedoen het nie. Hulle beskuldigings teen Moses was slegs weerspieëling van hul oorspronklike beskuldigings teen God wat in Exodus 6:8 gevind word - hul slawerny het hul gegrief en die skuld daarvoor is op God geplaas. Hierdie wrewel was in hulle harte toe hulle belowe het om alles te doen wat God aan hulle belowe het.

Die Here het geweet dat hulle nie met Sy Gees vervul is nie en dat hulle nie hul belofte kon nakom nie. Hy het Moses veertig dae lank die berg in geneem om toe te laat dat daardie sade van wrok geopenbaar kan word. Die Israeliete het nie geweet hoe lank Moses op die berg sou wees nie. Hulle het gedink dat hy moontlik daar gesterf het en hul wrewel het vorendag gekom in die aanbidding van die gode van Egipte.

Die Leviete, wat van dieselfde stam as Moses was, het nie aan die aanbidding van die Goue Kalf deelgeneem nie. Sonder die onderdanige invloed van die Gees van God in hulle harte, het die Leviete hulself nou beter as hul broers geag. Daar is geen bewyse dat die Leviete aan God toegewy was nie. Hulle het teen Moses gemurmureer soos uiteengesit in Exodus 16. Hulle het almal belowe om God te gehoorsaam en het dus die ingesteldheid van die Ou Verbond gehad. Dit is van kritieke belang om te verstaan, want soos in die vorige hoofstuk aangedui - wanneer mense in die Ou Verbond staan, praat God met hulle terug in die taal van hulle eie

gedagtes om die sonde duideliker te toon aan die sondaar.

Ons moet op hierdie punt stilstaan en nadink om seker te maak dat ons aandagtig lees *hoe* die oordeel van God plaasvind. Dit is direk in die gebooie van God geskryf. Dit is die enigste manier waarop God mense oordeel.

> Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. (5) Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God **wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;** (6) en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou. Exodus 20:4-6

Toe Moses God gevra het om Sy heerlikheid aan hom te openbaar, gebruik die Here dieselfde woorde, maar effens anders.

> En die HERE het neergedaal in die wolk en daar by hom gestaan. En Hy het die Naam van die HERE uitgeroep. (6) En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; (7) **wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag**. Exodus 34:5-7

Wat beteken dit om die ongeregtighede van die vaders te besoek aan die kinders van dié wat my haat? Laat ons dit eerstens duidelik stel dat dit gebeur met geslagte wat aanhou om God te haat. Om God te haat is om Sy beskerming te weerstaan. Die besoek van ongeregtigheid is dus die gevolg van die sonde wat op die sondaar val. Die Bybel herhaal dit baie keer.

> Die heidene het gesink in die kuil wat hulle gemaak het; **hulle voet is gevang in die net wat hulle gespan het.** Psalms 9:16

> Daarom ook, wat My aangaan, my oog sal nie verskoon nie, en Ek sal nie spaar nie; **Ek sal hulle wandel op hulle hoof laat neerkom.** Eségiël 9:10

Ons weet dat die Israeliete bereid was om swaarde te gebruik om situasies te beredder. Voordat Israel na die berg Sinai gekom het, het hulle die Amalekiete met die swaard hanteer.

> **En Moses het aan Josua gesê: Kies vir ons manne en trek uit, veg teen Ámalek**. Môre sal ek op die top van die heuwel staan met die staf van God in my hand. (10) En Josua het gedoen soos Moses aan hom gesê het, om te veg teen Ámalek. Maar Moses, Aäron en Hur het op die top van die heuwel geklim. (11) En telkens as Moses sy hand ophou, was Israel die sterkste; maar as hy sy hand laat sak, was Ámalek die sterkste. (12) Maar die hande van Moses het swaar geword; daarom het hulle 'n klip geneem en dit onder hom neergelê, dat hy daarop kon sit. En Aäron en Hur het sy hande ondersteun, die een duskant en die ander anderkant. So het sy hande dan vas gebly tot sononder. (13) **En Josua het Ámalek en sy volk met die skerpte van die swaard 'n neerlaag toegebring**. Exo. 17:9-13

Ons word nie vertel of Moses alleen gekies het om teen die Amalekiete te veg, en of Moses deur God toegelaat is om hul eie denke aan die Israeliete te weerkaats. Ons weet wel dat dit nie God se bedoeling was dat die kinders van Israel enigiemand sou doodmaak toe hulle die land Kanaän ingeneem het nie.

> Ek sal my skrik voor jou uit stuur en elke volk waarby jy kom, in verwarring bring. En Ek sal al jou vyande vir jou laat vlug. (28) Ook sal Ek perdebye voor jou uit stuur; dié sal die Hewiete, Kanaäniete en Hetiete voor jou uit verdrywe. Exodus 23:27-28

Indien die Israeliete die sewe beloftes van God in die verbond aanvaar het, sou hulle met Sy Gees vervul gewees het. Wanneer die Gees van God 'n persoon waarlik vul, gebeur die volgende:

> Ek [het] my oë opgeslaan, en daar sien ek 'n man met linne bekleed, en sy heupe was omgord met goud van Ufas. (6) En sy liggaam was soos chrisoliet, en sy aangesig soos die geflikker van bliksem en sy oë soos fakkels van vuur en sy arms en sy voete

> soos blink geskuurde koper en die geluid van sy woorde soos die gedruis van ’n menigte. (7) En ek, Daniël, alleen het die gesig gesien, **maar die manne wat saam met my was, het die gesig nie gesien nie; nogtans het ’n groot skrik hulle oorval, sodat hulle gevlug het om hulle te verberg**. Daniël 10:5-7

Dit is die aard van die Gees se goddelike bystand wat die Israeliete sou gehelp het. Die Israeliete het nie nodig gehad om enigiets te doen nie. Hulle vyande sou óf hul sondes bely het en berou getoon het, wat hulle moes gedoen het, óf hulle sou weggevlug het.

Ongelukkig het Israel nie hierdie Gees gehad nie. Hulle was gevul met murmurering en klagtes, en daarom het hulle geen mag gehad om hul vyande van hulle te laat vlug nie. Watter opsies is aan hulle oorgelaat? Hulle het gedoen wat hulle die beste geken het, hulle het swaarde opgetel en mense begin doodmaak. Daar is geen aangename gevoel in 'n geveg van aangesig tot aangesig met 'n ander mens nie, en geen gerustheid om hom te sien val op die grond met 'n gemartelde blik op sy gesig nie, snakkend na asem, terwyl hy in 'n bloedige gemors lê en skree van pyn of selfs net swyg as hy sy laaste asem uitblaas. U sou so 'n beeld nooit vergeet nie. Elke mens wat 'n ander mens doodmaak, ontvang nie die vreedsame Gees van Christus nie; hy ontvang die verdorde gees van die swerwer-vlugteling. So 'n mens het 'n onheilige beeld ingeprent in sy gedagtes; die afskuwelike beeld van die dood deur sy eie hande, wat 'n bloedbad en bloedvergieting veroorsaak het. Sodanige dood beïnvloed: vaders, moeders, broers, susters, mans, vrouens, seuns, dogters, familielede, gesinne en gemeenskappe.

Die Bybel sê vir ons dat Christus heilig en skadeloos en onbesmet is. Skadeloos beteken om geen skade aan te rig nie.

> Want so ’n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig [skadeloos/harmless – KJV], onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; Hebreërs 7:26

Dit is nie moontlik dat die Gees van Christus wat in 'n mens woon, lewe neem of vernietig nie. Christus is die opstanding en die lewe. Die dood kan nie in Sy onmiddellike teenwoordigheid bestaan nie. Hy wek uit die dood

op, Hy maak nie dood nie. Die mens kan slegs doodmaak indien hulle binne die denke van die Ou Verbond en in die vlees staan.

Indien God aan die mens wil wys wat in hulle harte is wanneer hulle in die Ou Verbond is, sal Hy hulle denke aan hulle terugweerkaats, sodat die sonde meer oorvloedig kan word. Hy gee hulle begeertes aan hulle in die spieël.

Aan die ander kant, wanneer 'n mens in die Nuwe Verbond is, sien hy iets heel anders. Dit is wat Moses vroeër in hierdie hoofstuk gedoen het toe die Here hom beproef het.

> Verder het die HERE vir Moses gesê: Ek het hierdie volk gesien, en kyk, dit is 'n hardnekkige volk. (10) Laat My dan nou begaan, dat my toorn teen hulle ontvlam en Ek hulle verteer. Dan sal Ek jou tot 'n groot nasie maak. (11) **Maar Moses het die HERE sy God om genade gesmeek en gesê: Waarom, o HERE, sou u toorn ontvlam teen u volk wat U met grote krag en met 'n sterke hand uit Egipteland uitgelei het**? Exodus 32:9-11

Moses was in die versoeking om moed op te gee met die Israeliete. Satan het hom sekerlik versoek om hulle oor te gee aan die vergetelheid. Daarom het die Here Moses beproef en daardie gedagtes in die vomr van 'n opdrag weerspieël.

In Moses was daar twee sade wat om heerskappy geworstel het, net soos Esau en Jakob in die baarmoeder van Rebecca geworstel het. Terwyl Moses die lieflike Gees van God op die berg aanskou en sy gesig met daardie lig geskyn het, het hy hierdie pragtige karakter geopenbaar en by God gepleit om die Israeliete wat hom so sleg behandel het, te spaar. Hy het die saad van die vlees verslaan en was oorwinnaar. *Dieselfde toets het nou na die Leviete gekom*. *Hulle was in die vlees en nie in die Gees nie*. Hulle wense omtrent diegene wat die Goue Kalf aanbid het en geweier het om berou te toon, was dat hulle moes sterf. Daarom *weerspieël die Here deur middel van Moses hulle eie denke*. Die Here moet die moorddadige gevoelens in die Leviete na vore bring. Indien hierdie gevoelens versteek sou bly, sou dit baie meer skade berokken het. Terwyl die Leviete daardie nag in hulle tente geslaap het, sou hulle gedagtes gevul gewees het met

die afskuwelike beelde van die mans en vroue wat hulle koelbloedig vermoor het. Dit was die begeerte van hulle harte en God het dit aan hulle gegee. Deur hul sondige begeerte het God ook oordeel uitgespreek oor diegene wat geweier het om berou te toon, en Satan deur hul volkome rebellie toegang tot die kamp gegee.

Ons Vader in die hemel besit alle wysheid. Hy handel met die mens deur die twee dele van die proses in die verbonde: om eers die mens bloot te stel aan hulle goddelose self, sodat hulle hul tot Christus kan wend en dan deur Sy geregtigheid gered kan word, en terselftertyd word die sondigheid in die mens toegelaat om die mens in oordeel te vernietig.

Nadat Moses deur die Here beproef is om terug te staan sodat die Israeliete verteer word, sien ons die Nuwe Verbond se manier om op sulke situasies te reageer. Toe die Leviete die opdrag ontvang het om die oortreders dood te maak, sou hulle moontlik soos Moses gedoen het. Eerstens *kon hulle hul murmurering teen Moses en hul dwaasheid beken het. Hierdie dwaasheid behels dat hulle self die beloftes wat God aan hulle belowe het, probeer nakom het. Hulle kon moontlik ook hul wrok erken wat hulle in Egipte getoon het, omdat hulle geweier het om die Nuwe Verbond te aanvaar. Dan sou hulle met die Gees van God vervul gewees het, en die goddelose en opstandiges sou vir hul lewens gevlug het of miskien selfs mekaar doodgemaak het in hul pogings om te ontsnap*. Moses het die bron van die patroon, wat aandui hoe om hierdie situasies te hanteer, voorsien. Die Leviete het moontlik die manier waarop Moses die situasie hanteer het, oordink. Eerder as om hulle te bekeer van hul murmurering, het hulle verkies om te rus in hul goeie werke om nie voor die Goue Kalf te buig nie. Hulle het eerder verkies om ander dood te maak as om hul eie sondes te bely.

In die taal van die Ou Verbond het die Here 'n boodskap aan die hele kamp gestuur dat afgodery heeltemal onaanvaarbaar is. Die Here het vir hulle 'n boodskap gegee op ‘n manier wat hulle verstaan het. Die dood van die drieduisend mense het goddelose harte in bedwang gebring, maar *uiteindelik het dit nie een van daardie Leviete gehelp nie; nie een van hulle het die Beloofde Land binnegegaan nie*. Hulle het almal in die woestyn gesterf. Van almal wat Egipte verlaat het, het slegs Kaleb en Joshua die Beloofde Land binnegegaan. Soos die Here sê: Hy het die ongeregtighede

van die vaders besoek aan die kinders van die wat Hom haat. Die Leviete het nog steeds die saad van wrok teenoor die Here gehad, maar hulle was eenvoudig nie daarvan bewus nie. Die bewys daarvan is dat hulle nie die land Kanaän binnegegaan het nie.

Vanweë die lig wat uit die gesig van Moses geskyn het en sy bereidwilligheid om te sterf vir diegene wat hom gehaat het, is ek uit die Skrif redelik oortuig dat Moses 'n mate van begrip van die spieëlbeginsel gehad het; soos die Here met hom vroeër in Exodus 32 gehandel het, is hy later in die hoofstuk beveel om met die Leviete te handel. Dieselfde toets is gebring na almal wat nie die knie voor die Goue Kalf gebuig het nie.

Hierdie spieëlbeginsel is op dieselfde manier van toepassing op baie ander verhale in die lewe van Moses.

> Toe sê die HERE vir Moses: Neem al die hoofde van die volk en hang die oortreders op in die volle son vir die HERE, sodat die toorngloed van die HERE van Israel afgewend kan word. (5) Daarop het Moses aan die rigters in Israel gesê: Slaan elkeen sy manne dood wat hulle aan Baäl-Peor gekoppel het. Númeri 25:4-5

Dit is die taal van die spieël. Hierdie aksies is nie die karakter van Christus nie en daarom weerspieël die woord van die Here die gedagtes van die mense, om hulle tot bekering te bring. Die eenvoudige sleutel om hierdie verhale te lees, is om dit met die optrede van Christus op aarde te vergelyk. Jesus het Sy vyande liefgehad en nooit iemand doodgemaak nie. Hy onderhou die gebooie van Sy Vader wat sê: "Jy mag nie doodmaak nie." Daarom word hierdie opdragte gegee in die spieël van die mens se eie gedagtes oor hoe om die situasie te hanteer. Of Moses dit ten volle begryp het of nie, verander nie die spieëlbeginsel van die manier waarop God met 'n groep mense in die Ou Verbond praat nie.

Daar is 'n ander verhaal wat ons in die lewe van Moses moet oorweeg wat 'n bietjie anders is. Dit is die verhaal van Korag, Datan en Abíram. Dit is belangrik, omdat Korag van die stam van Levi was; diegene wat nie die knie voor die Goue Kalf gebuig het nie. Sy verhaal vertel wat in die harte van sommige van diegene was wat tydens die Goue Kalf-voorval as regverdig beskou is.

En Korag, die seun van Jishar, die seun van Kehat, die seun van Levi, saam met Datan en Abíram, seuns van Elíab, en On, die seun van Pelet, seuns van Ruben, het manne geneem, (2) en hulle het opgestaan voor die oë van Moses saam met tweehonderd-en-vyftig man uit die kinders van Israel, owerstes van die vergadering, manne wat opgeroep was vir die volksvergadering, manne van naam. (3) **En hulle het bymekaargekom teen Moses en Aäron en aan hulle gesê: Dit is nou genoeg; want die hele vergadering, hulle almal, is heilig; en die HERE is in hulle midde! Waarom verhef julle jul dan oor die vergadering van die HERE**? (4) Toe Moses dit hoor, het hy op sy aangesig geval; (5) en hy het met Korag en sy hele bende gespreek en gesê: Môre vroeg, dan sal die HERE bekend maak wie Hom toebehoort en wie die heilige is, en wie Hy na Hom laat nader kom: wie Hy uitkies, sal Hy na Hom laat nader kom. (6) Doen dit: Neem vir julle vuurpanne, Korag en sy hele bende, (7) en gooi daar môre vuur in en lê daar reukwerk op voor die aangesig van die HERE; dan sal die man wat die HERE uitkies, die heilige wees. Dit is nou genoeg, kinders van Levi! (8) Verder het Moses vir Korag gesê: Luister tog, kinders van Levi! (9) **Is dit julle nie genoeg dat die God van Israel julle uit die vergadering van Israel afgeskei het om julle na Hom te laat nader kom, om die dienswerk van die HERE se tabernakel te verrig en te staan voor die vergadering om hulle te dien nie**, (10) **en Hy jou laat nader kom het en al jou broers, die kinders van Levi, saam met jou** — dat julle nou ook die priesteramp begeer? (11) Daarom, jy en jou hele bende is mense wat teen die HERE vergader; want Aäron, wat is hy, dat julle teen hom murmureer? Númeri 16:1-11

Korag het Moses beskuldig van 'n gees van beheer en 'n begeerte om homself op die volk af te dwing. Uiteraard projekteer hierdie aanklag Korag se eie begeertes op Moses. Dit het die gevoelens van sy hart onthul. Korag het aangedui dat die hele vergadering heilig is en dat die Here onder hulle is. Waarom sê hy dit?

Ons moet net na die gebeure voor dit kyk. Die twaalf spioene het van Kanaän af teruggekeer, en tien van hulle het 'n bose verslag gelewer wat deur die Israeliete geglo was. Slegs Josua en Kaleb het die geloof uitgespreek dat God hulle in die beloofde land kon neem. Die reaksie van

die volk was om Kaleb en Josua te probeer stenig. In die kabaal word Moses gevolglik op dieselfde manier as voorheen getoets – die Here toets Moses met 'n aanbod van 'n groter volk as plaasvervanger. Die mense was so goddeloos dat dit 'n groot versoeking sou gewees het om toe te gee aan hierdie begeerte om van hulle ontslae te raak.

> Daarop het die HERE aan Moses gesê: Hoe lank sal hierdie volk My verag? En hoe lank sal hulle in My nie glo nie, ondanks al die tekens wat Ek onder hulle gedoen het? (12) Ek sal hulle met die pes tref en hulle uitroei; en Ek sal jou 'n groter en sterker nasie maak as hulle. Númeri 14:11-12

Weereens tree Moses in vir die volk, wat die Gees van Christus weerspieël net soos die Here dit wou hê.

> Toe het Moses aan die HERE gesê: Maar die Egiptenaars het gehoor dat U deur u krag hierdie volk onder hulle uit laat optrek het (14) en dit aan die inwoners van hierdie land gesê. Hulle het gehoor dat U, HERE, in die midde van hierdie volk is; dat U, HERE, duidelik waarneembaar verskyn; dat u wolk oor hulle staan en U in 'n wolkkolom voor hulle uit trek bedags en in 'n vuurkolom by nag. (15) As U nou hierdie volk soos een man ombring, dan sal die nasies wat die tyding aangaande U gehoor het, spreek en sê: (16) Omdat die HERE hierdie volk nie kon inbring in die land wat Hy hulle met 'n eed beloof het nie, het Hy hulle in die woestyn omgebring. (17) Laat dan nou tog die krag van die HERE groot word, soos U gespreek het deur te sê: (18) Die HERE is lankmoedig en groot van goedertierenheid, wat die ongeregtigheid en oortreding vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie, wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag. (19) **Vergeef tog die ongeregtigheid van hierdie volk na die grootheid van u goedertierenheid, en soos U hierdie volk van Egipte af tot hiertoe vergewe het**. Númeri 14:13-19

Die Here het die Israeliete begenadig, wat verhoed het dat hulle onmiddellik die gevolge van hul sondige rebellie ly. In plaas daarvan weerkaats die Here terug aan die mense hul eie siening van die saak, deurdat hulle aanhoudend sê dat God hulle in die woestyn probeer doodmaak.

Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die HERE, waarlik, **soos julle voor my ore gespreek het, so sal Ek aan julle doen.** (29) Julle lyke sal in hierdie woestyn lê, naamlik al julle geteldes, volgens julle volle getal, van twintig jaar oud en daarbo, julle wat teen My gemurmureer het. (30) Waarlik, júlle sal nie in die land kom waaroor Ek my hand opgehef het om julle daarin te laat woon nie, behalwe Kaleb, die seun van Jefúnne, en Josua, die seun van Nun. Númeri 14:28-30

Ons moet onthou dat hierdie doodsvonnis nie bedoel was om die volk bloot te vernietig nie; dit was 'n bediening van die dood om hulle tot bekering te bring. Indien hulle die vonnis aanvaar het en hul boosheid bely het, sou hulle *steeds* die ewige lewe verkry het, net soos Moses. Moses het nie die land Kanaän binnegegaan nie en tog het hy die ewige lewe ontvang. Al die kinders van Israel sou miskien dieselfde gedoen het *as* hulle berou gehad het.

Toe Israel voor hulle eie goddeloosheid te staan gekom het, het Satan Korag, Datan en Abíram opgestook. Hulle het die leiding van Moses gekritiseer en hom beskuldig van alles wat gebeur het sedert hulle Egipte verlaat het. Deur middel van Moses het God vir die volk gesê dat hulle boos is en die dood sekerlik sou sien. Dit was bedoel om hulle tot bekering te bring, maar hulle het verkies om eerder Moses te blameer vir die teenslag wat plaasgevind het. Die beskuldigings het baie persoonlik geword.

Is dit nie genoeg dat jy ons uit 'n land wat oorloop van melk en heuning laat optrek het om ons in die woestyn om te bring, dat jy ook gedurig oor ons die baas wil speel nie? (14) Ook het jy ons nie gebring in 'n land wat oorloop van melk en heuning en aan ons geen lande en wingerde as erfdeel gegee nie. Wil jy die oë van hierdie manne uitgrawe? Ons sal nie opkom nie. (15) Toe het Moses baie kwaad [bedroef] geword, en hy het aan die HERE gesê: Sien hulle offer nie aan nie. Ek het nie een esel van hulle geneem en nie een van hulle kwaad aangedoen nie. Númeri 16:13-15

Moses is daarvan beskuldig dat hy homself as vors oor hulle aangestel het, probeer het om hierdie mense dood te maak en hul besittings vir homself te neem. Die Hebreeuse woord *kwaad* kan as *bedroef* vertaal word. Moses

het soveel vir hierdie volk gedoen; hy het selfs aangebied om sy ewige lewe vir hulle prys te gee. Tog het byna die hele gemeente die leuens en beskuldigings van Korag, Dathan en Abíram aanvaar, eerder as om berou oor hul boosheid te toon. Dit het Moses regtig seergemaak. Hy is tot die uiterste getoets deur hierdie beproewing. Korag het die hele vergadering teen Moses gedraai en die Here het ingetree.

> **En Korag het die hele vergadering teen hulle** bymekaar laat kom by die ingang van die tent van samekoms. Toe verskyn die heerlikheid van die HERE aan die hele vergadering. Númeri 16:19

Weereens is Moses beproef: óf hy moet toelaat dat die hele volk vergaan, óf hy moet vir hulle pleit.

> En die HERE het met Moses en Aäron gespreek en gesê: (21) Skei julle af van hierdie vergadering, en Ek sal hulle in 'n oomblik verteer (22) Maar hulle het op hul aangesig geval en gesê: O God, God van die geeste van alle vlees! Sal een man sondig en U op die hele vergadering toornig word? Númeri 16:20-22

Weereens bly Moses getrou en pleit vir die volk. Daar is so 'n kosbare Gees in die hart van Moses; so getrou was Moses om vir die volk te pleit. Moses praat dan van een man – Korag. Die toets gaan nou dieper. Die Here het Moses beveel:

> En die Here het met Moses gespreek en gesê: (24) Spreek met die vergadering en sê: Maak dat julle wegkom rondom die woning van Korag, Datan en Abíram! (25) Toe het Moses opgestaan en na Datan en Abíram gegaan, en die oudstes van Israel het agter hom aan gegaan. Númeri 16:23-26

Hierdie mans is op die punt om heeltemal buite God se beskermingsmuur te tree. Toe die bevel gegee is om van hulle tente af weg te beweeg, sou hulle miskien alreeds berou gehad het, maar hulle het uitdagend gestaan tot die einde toe, regeer deur die gees van Satan. Satan het beheer oor hierdie mans gehad en nou moet hy 'n manier vind om die oorsaak van hulle vernietiging op God te plaas.

> En hulle het gemaak dat hulle wegkom rondom die woning van Korag, Datan en Abíram; maar Datan en Abíram het uitgekom en gaan staan by die deur van hulle tente saam met hulle vroue en seuns en kindertjies. (28) Toe sê Moses: Hieraan sal julle weet dat die HERE my gestuur het om al hierdie werke te doen, dat hulle nie uit my eie hart is nie: (29) as hierdie mense sterwe soos alle mense sterwe en met die besoeking van alle mense besoek word, dan het die HERE my nie gestuur nie. (30) Maar **as die HERE iets nuuts skep en die grond sy mond oopmaak en hulle verslind met alles wat aan hulle behoort, en hulle lewendig na die doderyk afdaal, dan sal julle weet dat hierdie manne die HERE verag het**. (31) **En toe hy al hierdie woorde klaar gespreek het, skeur die grond wat onder hulle was**, (32) **en die aarde het sy mond oopgemaak en hulle verslind saam met hul huisgesinne en al die mense wat aan Korag behoort het en al die goed**. (33) So het hulle dan met alles wat hulle s'n was, lewendig na die doderyk afgedaal; en die aarde het hulle oordek, en hulle het omgekom uit die vergadering. Númeri 16:27-33

Hierdie samesweerders het die reg van Moses om hulle te lei, bevraagteken. Hulle het hom daarvan beskuldig dat hy homself as vors oor hulle wou stel. Die hele gemeente het teen Moses gedraai weens die werk van Korag en sy medewerkers. Laat ons weer mooi kyk na wat Moses sê:

> Toe sê Moses: Hieraan sal julle weet dat die HERE my gestuur het om al hierdie werke te doen, dat hulle nie uit my eie hart is nie: (29) **<u>as</u>** hierdie mense sterwe soos alle mense sterwe en met die besoeking van alle mense besoek word, dan het die HERE my nie gestuur nie. (30) Maar **<u>as</u>** die HERE iets nuuts skep en die grond sy mond oopmaak en hulle verslind met alles wat aan hulle behoort, en hulle lewendig na die doderyk afdaal, dan sal julle weet dat hierdie manne die HERE verag het. Númeri 16:28-30

Die volk het baie bewyse gesien dat die Here vir Moses gelei het deur alles wat in Egipte, die Rooi See en by die berg Sinai gebeur het. Daar was oorvloedige bewyse dat Moses deur die Here gestuur is. 'n Wonderwerk wat deur die Here uitgevoer is binne die konteks waarin Moses dit gevra het, sou 'n wonderwerk wees wat op twyfel reageer. Toe Jesus deur Satan

ondervra is omtrent Sy posisie as die Seun van God, het Hy geweier om 'n wonderwerk te verrig in reaksie op die versoeking wat verband hou met "*as U...*":

> En die versoeker het na Hom gekom en gesê: **As** U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word. (4) Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. Matthéüs 4:3-4

Na alles wat Moses gedoen het, soos in Jesus se geval, *het almal hom verlaat en gevlug*. Markus 14:50. Terwyl Moses in sy vlees gely het, het Satan hom geroep om van hierdie kruis af te kom. Hy was in die versoeking om vir 'n wonderwerk te vra om sy posisie te handhaaf. Christus het nooit een keer op die ***as***-vraag gereageer nie. Hy het nooit 'n wonderwerk gebruik om Sy eie identiteit te bewys nie. Hy het volkome vertrou op wat Sy Vader vir Hom gesê het.

Johannes die Doper, wat die grootste van die profete was, het dieselfde toets in die gevangenis deurstaan. Dieselfde ***as*** beginsel kom voor in die vraag wat Johannes aan sy dissipels gevra het om aan Jesus te stel.

> En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus, en twee van sy dissipels gestuur (3) en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag? Matthéüs 11:2-3

Daar was geen wonderwerk vir Johannes soos vir Moses nie. Hy het gesterf in volle vertroue dat Christus inderdaad die Messias was. Die dissipels van Johannes het van hul onderhoud met Jesus teruggekeer en Johannes die bevestiging gegee wat hy verlang het.

Die vraag is: Toe die Here vir Moses gesê het om vir die volk te sê dat hulle moet terugstaan van Korag, Datan en Abíram, het Moses verantwoordelikhede aanvaar wat nie aan hom gegee is toe hy die as-vrae uitgespreek het nie? Terwyl God gedwing is om die beskerming van Sy engele van hierdie goddelose mense te onttrek, het Satan Moses versoek met die *as*-vraag wat onthul het hoe hy van plan was om hierdie afvalliges te vernietig. Onthou dat Satan volle beheer oor hierdie mans geneem het. Hy het baie druk op hulle toegepas om die aanloklike Gees van Jesus te

weerstaan om hulle te bekeer. Jesus is die Hersteller, terwyl Satan die vernietiger is, en deur die twyfel wat in die Moses se gedagtes geplaas is, kon Satan sy vernietigingswerk bedek om te lyk soos oordeel wat direk vanaf God kom. Dit is 'n uiters slim misleiding wat, sonder die inwoning van Christus, selfs die uitverkorenes sal mislei.

Dit was die mees martel-folterende toets vir Moses en dit is 'n groot les vir ons. Moses het vir baie lank die gewig van die leuens teen hom gedra en het die sondige volk telkens weer verdedig. Toe dit neergekom het op hierdie een bose man en sy medewerkers wat almal laat wegdraai het, het die toets reusagtig geword. Dit is 'n toets waarvoor nog maar min mense, indien enige, sedertdien te staan gekom het. Dit was dus Satan wat die grond oopgemaak het en hierdie manne ingesluk het, sodat God die skuld sou kry dat Hy dit gedoen het. Paulus gee ons 'n sterk leidraad omtrent wat in hierdie vers gebeur het.

> En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom. 1 Korinthiërs 10:10

Die woord *verderwer*, soos ons vroeër genoem het, is *giftige slang*. Korag en sy manne het die murmurering teen Moses gelei, en Paulus sê die giftige slang het hulle vernietig. Korag en sy metgeselle is ingesluk voor die aangesig van die 250 vorste. Dit het hulle tyd gegee om te besef dat hulle in groot gevaar verkeer en dat hulle na hul Verlosser moes vlug om van die verderwer te ontvlug. Ongelukkig het hulle nie berou gehad nie en is hulle ten volle aan Satan oorgegee.

> Toe het ’n vuur van die HERE uitgegaan en die tweehonderd-en-vyftig man verteer wat die reukwerk gebring het. Númeri 16:35

Baie sal uitroep “maar dit sê ‘n vuur van die Here” en sal kies om die opdrag, om die hele Skrif te in ag te neem, te ignoreer en aan te toon dat Jesus Christus gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is!

Jesus het in Lukas 9:54-56 vir die dissipels gesê dat die vuur wat uit die hemel gekom het in reaksie op Elia, nie die gees was waardeur Hy werk nie. Ons weet uit die verhaal van Job dat die “vuur van God” van die hemel afgekom en die skape en die dienaars van Job verbrand het.

> Terwyl dié een nog spreek, kom daar ’n ander een en sê: **Die vuur van God het van die hemel geval** en gebrand onder die kleinvee en onder die dienaars, en dit het hulle verteer; en net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel. Job 1:16

Ons weet dat Satan hierdie fisiese vuur laat afkom het om hulle te verteer. Indien daar dus fisiese vuur is wat in die vers bedoel word, dan is dit hoe dit gebeur het; tog, soos uiteengesit in die hoofstuk *Vernietigende Engele*, kan hierdie vuur moontlik die oortuiging van die Gees van God gewees het wat die harte van hierdie manne met vrees gevul het, geopenbaar as 'n flits van ligte. Die Gees, gestroop van toegeeflikheid, het hierdie mans se gewete oor hul sondes gemartel en hulle aangespoor om hul te bekeer, maar omdat hulle nie in 'n barmhartige God kon glo nie, het hulle sondes hulle verteer. Soos ons reeds gesien het, word hierdie beginsel van vuur uit die hemel in verskeie Skrifgedeeltes genoem.

Toe hierdie 250 vorste geweier het om berou te toon en God Sy engele se beskerming onttrek het, het Satan fisiese vuur gestuur en hulle verteer, of was dit bloot die kole van vuur van sonde-oortuiging? Dit is natuurlik om aan te neem dat, toe hierdie vorste verteer is, hulle tot as vebrand is, maar soos ons uit die verhaal van Nadab en Abihu leer, het die vuur wat hulle verteer het, nie eers hul rokke verbrand nie.

> Daarop het daar vuur van die aangesig van die HERE uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die HERE. (3) Toe sê Moses vir Aäron: Dit is dit wat die HERE gespreek het deur te sê: In die wat naby My is, wil Ek My as die Heilige laat ken, en voor die oë van die hele volk wil Ek My verheerlik. Maar Aäron het stilgebly. (4) En Moses het Mísael en Élsafan, die seuns van Ussiël, die oom van Aäron, geroep en aan hulle gesê: Kom nader, dra julle broers van die heiligdom af weg, buitekant die laer uit. (5) Toe het hulle nader gekom **en hulle in hul rokke buitekant die laer uitgedra** soos Moses gesê het. Levítikus 10:2-5

Uit al die beginsels wat ons geleer het, is dit duidelik dat daar 'n aantal verduidelikings uit die Skrif is wat gegee kan word om aan te toon dat God nie die verderwer is nie, maar wel die Satan. 'n Korrekte begrip van die verbonde, wat toegepas word in samewerking met die volmaakte lewe van Jesus op aarde, bring hierdie gewelddadige verhale terug na hul bron – hy wat die mag oor die dood het en dit is die duiwel. Hebreërs 2:14.

Moses was die sagmoedigste en saggeaardste man wat geleef het tot die tyd van Christus. Baie verkeerde dinge is aan hom toegeskryf deur 'n verkeerde begrip van die verbonde. In sy ergste beproewing was hy in versoeking gebring, en dit het Satan in staat gestel om sy vernietigingswerk te bedek. Hierdie toets sou enigeen van ons kon oorkom, en ons kan dus nie vir Moses veroordeel oor wat gebeur het nie. Tog sien ons ook hoe een toegewing aan Satan se versoekings groot gevolge kan hê, veral as dit 'n leier is wat Christus uit die oog verloor het. Dit is belangrik om die les hier te begryp, sodat ons 'n konsekwente beeld van die karakter van God in die Skrif kan sien. Slegs Christus gee ons die volmaakte beeld. Hoe dankbaar moet ons tog wees vir daardie voorbeeld, sodat ons die Ou Testament in sy suiwer lig kan lees, en die waarheid van ons Vader se sagmoedigheid kan onderskei, waarvan Moses 'n uitstekende voorbeeld was.

# 23. Elia en die Finale Skeiding

> En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; Openbaring 12:7

Satan se werwingsproses het die gebruik van propaganda teen ons hemelse Vader vereis om die getrouheid van die engele te verseker. Met hierdie skeiding slaag hy om een-derde van die engele aan sy kant te kry, deur middel van sy leuens. Openbaring 12:4,7. Satan het sy harde ideologie op God geprojekteer en sodoende die engele na homself getrek. Die engele wat Satan gevolg het, het onder dieselfe tirannieke bewind gekom waarvan hulle geglo het hulle wegvlug. “Elkeen wat die sonde doen, [is] 'n dienskneg van die sonde.” Johannes 8:34.

Satan het sy ware motivering verberg, terwyl hy presies die teenoorgestelde van wat hyself geword het, voorgedoen het. Al die wysheid, intellek en kragte wat hy in sy skepping van God ontvang het, is tot 'n meesterstuk van misleiding verwerk om die heelal te oortuig om hom as opperheerser te aanbid.

Die mens het in die strik van die draak geval deur die stories wat Satan versprei het. Hy aanvaar Satan se propaganda teen God en omhels die slang, die einste een waarvan hy gedink het hy in die tuin van wegvlug. Satan het die bewerker van die dood geword en mag oor die dood gehad, soos ons in hoofstuk 3 ontdek het. Sy belangrikste leuen was dat God nie vergewe nie. Die realiteit hiervan is geopenbaar in die feit dat Adam, Eva en Kain nooit vergifnis van hul sondes gevra het toe hulle daaroor genader is nie. Adam het die vaardighede van afwyking/wegbuiging en projeksie as wapenrusting teen berou aangeleer. Hy het 'n manier ontdek om sy knieë styf te maak, om nie te buig en om vergifnis van God te vra nie.

In hierdie gemoedstoestand word elke optrede van God, wat die mens

oproep om sy groot probleem te sien, geïnterpreteer as 'n poging van God om hom skade te berokken of te vernietig. Dit is waarom die gawe van die kruis deur die natuurlike mens verstaan word as die toorn van God wat Hom laat opstaan en Sy Seun doodmaak. Onthou in hoofstuk 20 het ons gesê:

> Dit is die kompleksiteit van die kruis. Dit onthul die gewelddadige karakter van Satan en die natuurlike gevolg van 'n sondige lewe, maar dit voel asof God, in verskriklike toorn, die een is wat die marteling aan die sondaar bring. Agape, Hoofstuk 20, bl. 218.
>
> Kain voel sy eie selfveroordeling, wat die natuurlike gevolg van sy sonde is. Hy voel dat sy sonde so groot is dat dit nie vergewe kan word nie. Terselfdertyd is daar egter 'n uitspraak dat dit op God gewerp word, om Hom verantwoordelik te maak vir hierdie gevolge. Dit is die twee kante van die oordeel en dus die twee aspekte van die kruis. Agape, Hoofstuk 20, bl. 219.

Die Bybel beskryf hierdie proses om ons eienskappe terug op God te projekteer as 'n man wat die Woord van God lees en dan sy eie natuurlike gesig sien. Daarna het ons die tweesydige natuur van die kruis hierby gevoeg, wat op die tema van die verbonde toegepas word:

**Indien u nie die twee dele van die proses in die verbonde verstaan nie, sal u die ontbloting van die mens se sondigheid toeskryf aan God wat sondig is. God na die beeld van die mens, mag dit nooit wees nie!**

In die praktyk beteken dit dat die verhale van die Skrif wat verstaan word om die grootste oorwinnings van God te toon, eintlik dien as die grootste nederlae vir Sy karakter, aangesien dit deur die lens van geprojekteerde sondige menslike eienskappe gelees word.

Twee sulke verhale in hierdie kategorie is die oorwinning van Elia op die berg Karmel en die offer van Isak op die berg Moriah. Ons sal die verhaal van Elia in hierdie hoofstuk en die verhaal van Abraham in die volgende hoofstuk bespreek. Die verhaal van Elia is deur Satan gebruik as een van sy grootste propagandawapens teen ons hemelse Vader en teen Sy karakter.

Deur die geprojekteerde spieël gebruik Satan die vuur wat uit die hemel op die altaar van Elia val, om, indien moontlik, selfs die uitverkorenes te mislei. Daar word verkeerdelik geglo dat God *in* die vuur, wind en aardbewing is, terwyl die sagte stem van die Gees van God verdring word deur die meedoënlose propaganda van die slang, wie se vyandskap teenoor God in die gevalle siele van mense vergroot word.

Indien ons ongeveer 2600 jaar terug kon gaan om saam met die res van Israel op die berg Karmel te staan, net nadat die vuur op die altaar van die Here neergekom en die offer verteer het, sou ons 'n konfronterende toneel waargeneem het. Daar word op 850 mans beslag gelê, mans wat die volk diep in afgodery gelei het met hul gruwelike praktyke. Hierdie mans het die aanbidding van die ware God vermorsel en selfs ook bygedra om diegene wat aan Jehovah getrou was, dood te maak. Elia, die man van God, neem dan sy swaard op, om te begin met die reinigingsproses van hierdie gruwel. Een vir een word die mans met 'n swaard deurboor en 850 mans val op die grond en blaas hul laaste asems uit.

> Maar Elía sê vir hulle: Gryp die profete van Baäl! Laat niemand van hulle vryraak nie! En hulle het hul gegryp; en Elía het hulle afgebring na die spruit Kison en hulle daar geslag. 1 Konings 18:40

Die heuwel is besaai met die liggame van die afgodedienaars. Hulle bloed het die dorre grond deurweek tot later die aand toe die hemel oopgegaan het en reën uit die hemele neergestort het. Die reën lyk na 'n duidelike teken van die hemel se goedkeuring vir die slagting wat daardie dag plaasgevind het.

Voordat ons met hierdie deel van die verhaal voortgaan, gaan ons na die verse net voordat Elia in 'n vurige wa na die hemel weggeneem word.

> En hy [die koning] het ’n owerste van vyftig met sy vyftig na hom gestuur. En toe hy na hom opklim, terwyl hy juis op die top van die berg sit, sê hy vir hom: Man van God, die koning spreek: Kom af! (10) Toe antwoord Elía en sê aan die owerste oor vyftig: As ek dan ’n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer! En daar het vuur van die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer. 2 Konings 1:9-10

Wat het Elia gedoen dat 'n groep van 51 soldate hom agtervolg? Die koning het in die tyd siek geword en boodskappers gestuur om Baäl-Sebub, die god van Ekron, te raadpleeg. Elia het die boodskappers voorgekeer en vir hulle gesê dat die koning sou sterf. Die koning was natuurlik nie gelukkig hieroor nie en stuur sy manne om Elia gevange te neem.

Toe hierdie manne kom om Elia gevange te neem, het hy bevel gegee dat vuur uit die hemel moes afkom en hulle vernietig. Ons kan dink dat die volgende groep soldate sal leer uit wat gebeur het en alternatiewe metodes gebruik om met Elia te onderhandel. Ongelukkig het hulle ook vuur uit die hemel teëgekom en gesterf. 102 mans is deur vuur vernietig. Elia lyk soos 'n superheldprofeet wat vuur uit die hemel kan roep en die vyande van God kan vernietig. Onmiddelik na hierdie verhaal lees ons:

> En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens ’n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opgevaar. 2 Konings 2:11

Vir die meeste mense is dit 'n oortuigende bewys dat God vuur uit die hemel neergewerp het en hierdie soldate verbrand en daarna Sy superheldprofeet in die hemel opgeneem het. Hierdie ongelooflike gebeurtenis, tesame met Elia se triomf oor die profete van Baäl by die berg Karmel lyk na 'n wonderlike oorwinning vir die saak van die waarheid.

Wanneer ons na die volmaakte weerspieëling van die Vader in Christus gaan, vind ons geïnspireerde kommentaar op hierdie verhale.

> En toe sy dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elía ook gedoen het? (55) Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; (56) want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red. En hulle het na ’n ander dorp vertrek. Lukas 9:54-56

> Toe sê Jesus vir hom: Sit jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan. Matthéüs 26:52

> Jesus antwoord: **My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie**; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie. Johannes 18:36

Wanneer ons die heerlikheid of karakter van die Here Jesus aanskou, sien ons iets anders as wat ons in die verhale van Elia sien. Die dissipels wou Elia navolg, maar Jesus het hulle bestraf en gesê dat dit nie Sy Gees of werkswyse is nie. Jesus is nie die vernietiger nie, maar die Verlosser. Die feit dat Jesus direk praat van die verhaal van Elia wat vuur neergewerp het om mense te verteer, en dit duidelik maak dat dit nie Sy Gees is nie, beteken dat ons hierdie verhaal van naderby moet ondersoek om vas te stel wat presies gebeur het.

Wat fassinerend is, is dat baie moderne weergawes 'n kritieke deel van Jesus se woorde uitlaat:

> Toe die twee dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: "Here, wil U hê ons moet vuur uit die hemel afroep om hulle te verteer?" (55) Maar Hy het omgedraai en hulle skerp tereggewys. (56) Daarna het hulle die reis voortgesit na 'n ander dorp toe. Lukas 9:54-56 (Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983)

Die uitsluiting van die stelling "want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red." in die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) laat die leser wonder presies waarom die dissipels tereggewys is. Dit was miskien net 'n kwessie van tydsberekening of misbruik van God se krag. Die insluiting van die frase in die opdrag van die Seun van God om nie te vernietig nie, spreek nie net die begeertes van die dissipels aan nie, maar ook die optrede van Elia.

Ons keer terug na die dag na die groot oorwinning op die berg Karmel. Koningin Isébel is uiters ontsteld oor wat plaasgevind het en stuur 'n boodskap aan Elia.

> En Agab het aan Isébel meegedeel alles wat Elía gedoen het, ja, alles — hoe hy al die profete met die swaard gedood het. (2) Daarop stuur Isébel 'n boodskapper na Elía om te sê: **Mag die gode so doen en so daaraan toedoen — sekerlik sal ek**

> **môre sulke tyd jou siel maak soos die siel van een van hulle**.
> 1 Konings 19:1-2

Elia was vreesloos met die aankondiging van die komende droogte aan koning Agab en gedurende die drie en half jaar het Agab probeer om hom te vind en dood te maak. Hy het die Here vertrou om vir hom te sorg en in sy behoeftes te voorsien. Nadat Elia die profete van Baäl doodgemaak het, verander daar iets en hy vlug vir sy lewe.

> Toe hy dit sien, het **hy hom klaargemaak en ter wille van sy lewe weggegaan**. En toe hy in Berséba in Juda aangekom het, het hy sy dienaar daar laat agterbly; (4) maar self het hy ’n dagreis ver die woestyn ingegaan en daar onder ’n besembos gaan sit en gewens dat hy mag sterwe. En hy sê: Dit is genoeg, **neem nou my siel weg**, HERE, **want ek is nie beter as my vaders nie**.
> 1 Konings 19:3-4

Waarom sou Elia van hierdie vrou af weghardloop? Hy het alleen op die berg Karmel gestaan toe die koning en die priesters van Baäl hom enige oomblik kon gryp en doodmaak. Elia vertrou op die beskerming van sy God. Maar die hervorming waarop Elia gehoop het, het nie gerealiseer nie. Die volk het nie berou gehad oor hul betrokkenheid by die aanbidding van Baäl nie. Sy hart is gevul met vrees en hy het verplig gevoel om sy pos te verlaat. Waarom die skielike verandering in Elia? Noudat hy lewe geneem het, ervaar Elia 'n soortgelyke ervaring as wat Kain oorgekom het.

> Kyk, U verdryf my nou uit die land uit, en ek moet my verberg vir u aangesig: ’n swerwer en vlugteling sal ek op die aarde wees, en **elkeen wat my kry, sal my doodslaan**. Genesis 4:14

Die Tien Gebooie, wat die karakter van God weerspieël, stel dit duidelik: *jy mag nie doodslaan nie*. Wanneer die mens 'n ander mens doodmaak, neem die vrees vir die dood in die siel toe. Wat u aan ander doen, bring ‘n vrees dat dieselfde aan u gedoen sal word. Hierdie vrees neem toe omdat Satan groter toegang kry om te versoek en te teister. Daar ontstaan 'n behoefte aan beskerming waar leërs of ommuurde stede noodsaakliker word om hierdie vrees te hanteer.

Elia het die treurige woorde geuiter: “Neem nou my siel weg, HERE, want ek is nie beter as my vaders nie.” Waarmee het Elia in sy binneste

geworstel? Waarom is hy tot die dood toe oorweldig met moedeloosheid? Sy groot verwagting op hervorming het weliswaar nie plaasgevind nie, maar wat het hom aangespoor om homself met sy vaders te vergelyk, sodat hy wou sterf?

> **Elía was ’n mens net soos ons**, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; Jakobus 5:17

Let op wat Elia vir die Here gesê het toe hy gevra is waarom hy gevlug het.

> En hy het daar in ’n spelonk gegaan en die nag daar oorgebly. En kyk, die woord van die HERE het tot hom gekom en vir hom gesê: Wat maak jy hier, Elía? (10) En hy antwoord: **Ek het baie geywer vir die HERE, die God van die leërskare; want die kinders van Israel het u verbond verlaat, u altare afgebreek en u profete met die swaard gedood**, sodat ek alleen oorgebly het, en hulle soek my lewe om dit weg te neem. 1 Konings 19:9-10

Elia kla dat hy, ondanks sy lojaliteit, met leedwese moes aanskou hoe die profete van God met die swaard verslaan is en dat hy blykbaar alleen gelaat is. Indien Elia aan dieselfde hartstogte onderhewig was as ons, sou hy in die versoeking kon kom om wraak te neem op die dood van God se mense en ook diegene wat moontlik sy goeie vriende was? Sou u versoek wees om wraak te neem indien 'n goeie vriend van u vermoor is? Sou dit moontlik wees om hierdie motief diep in u hart te versteek, selfs van uself verberg en met 'n ywer vir God bedek?

Toe Elia die toneel van vernietiging van die profete van Baäl ondersoek, het hy daardie saad van moord wat diep in sy siel woon, sien manifesteer? Het hy besef dat hy niks beter as sy vaders was nie? Toe Isébel sy lewe bedreig, het hy daarna onseker geraak omtrent sy verhouding met God? Net soos Adam, het Elia in sy antwoord op die vraag: “Wat maak jy hier?” die gedagte ingeweef dat dit regtig God se skuld was dat dit alles gebeur het? Elia se uitdrukkings is verdedigend: “Ek het dit gedoen en dat gedoen.” “Dit is ‘n verskriklike situasie en ek is heeltemal alleen.”

Vir sommige mense is hierdie soort ondersoek na die superheldprofeet ‘n skending van Elia se heiligheid. Vir diegene wat alle sonde wil oorwin, sien

in Elia se ervaring ook hulle eie natuur raak, sodat hulle kan voorberei om die finale krisis van die aarde die hoof te bied. Dit is van kritieke belang vir ons om hierdie verhale te lees op 'n manier wat ons werklik sal onderrig, sodat wanneer ons in 'n krisis in ons lewens te staan kom en ons openbaar karaktereienskappe wat nie soos Christus is nie, ons in staat sal wees om vas te staan en nie te smeek om in wanhoop te sterf nie. Ons moet hierdie verhaal in sy volle diepte lees en die lesse daarvan vir ons, wat in die laaste dae leef, verstaan. Die Gees van Elia sal na die volk van God kom, om nie net die wêreld te waarsku nie, maar ook om hulle in 'n posisie te plaas om *hul eie* moorddadige natuur te openbaar. Indien u nie die les leer nie, sal u in ontmoedigende wanhoop sterf, of nog erger: u sal moorddadige gedrag regverdig as goddelike toorn.

Ons kan verseker weet dat Elia op daardie tydstip nie in die Nuwe Verbond-ervaring gestaan het nie. Die Nuwe Verbondservaring is die skryf van die karakter van God in die hart. Die karakter van God word in die wet van God geopenbaar.

> Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed. Romeine 7:12

> Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe... Hebreërs 8:10

Elia vlug na die berg Sinai en word deur God ondervra: "Waarom is jy hier?" Elia verdedig homself. Hy verklaar dat hy getrou aan God was, maar dat alles in duie gestort het, omdat hy alleen was en omdat die leierskap hom probeer doodmaak het. Die Here wys aan Elia dat die probleem by sy insig lê.

> En Hy sê: Gaan uit en staan op die berg voor die aangesig van die HERE. En kyk, die HERE het verbygegaan, terwyl 'n groot en sterk wind die berge skeur en die rotse verbreek voor die HERE uit; in die wind was die HERE nie. En ná die wind 'n aardbewing; in die aardbewing was die HERE nie. (12) **En ná die aardbewing 'n vuur; in die vuur was die HERE nie**. En ná die vuur die gesuis van 'n sagte koelte. 1 Konings 19:11-12

God se karakter is nie geopenbaar in die kragtige demonstrasies van die

natuur nie. Dit is duidelik dat Hy nie in hierdie dinge was nie. Die vuur wat uit die hemel gekom en die offer verteer het, is geïnterpreteer as 'n magsvertoon wat Elia geoorloof het om die profete van Baäl met die swaard dood te maak. Aan hom is gesê dat God nie in die vuur was nie. Wat beteken dit? God het die vuur gestuur, maar Hy is nie in die vuur nie? Die Here sê vir Elia in werklikheid dat Hy gereageer het op die versoek om te openbaar wie die ware God gedien het. Die reaksie was op 'n manier wat die gehoor verstaan het.

Die hele Israel was in die Ou Verbondservaring. Wat hulle gesien het, was 'n magsvertoning volgens hulle begrip van hoe God moes optree. Die hele volk het, volgens wat hulle gesien het, vertolk dat God in hierdie vuur was. God het vir Elia gesê dat Hy nie daarin was nie. God het met die mense gespreek in die spieël van wat in hulle harte was. God het inderdaad die wonder van die vuur bewerk, *maar dit was nie die weerspieëling van Sy eie karakter nie*.

Die magsvertoon het die wraak in Elia ontketen. Dit is die werk van die wet in die Ou Verbond. God sou die sonde oorvloedig maak. Net soos Christus vir die vrou gesê het dat dit nie reg is om die brood van die kinders te neem en dit vir honde te gooi nie, net so het ons Vader in die hemel 'n magsvertoning gelewer om die harte van die mense te toets. Hierdie vertoning onthul wat in Elia was. In die spieël hoor Elia die opdrag wat sy hart begeer het – die opdrag om die profete van Baäl dood te maak. Dit het Elia as 'n moordenaar onthul, niks beter as sy vaders nie. Die profete van Baäl word in die proses gestraf. Die Here werk deur die Ou Verbond om 'n boodskap aan Israel te stuur dat afgodery ‘n slegte ding is, maar dat Sy karakter nie in hierdie proses weerspieël word nie.

Die wonder van die wind, die aardbewing en die vuur wys ons dat Elia nie die karakter van God verstaan het nie. God wou egter Sy eie karakter aan hom probeer openbaar sodat Elia daarin die kontras met sy eie karakter kon sien en berou sou hê oor hierdie wraakgees. God het Elia weer die vraag gevra om 'n belydenis vanuit Elia te trek.

> En toe Elía dit hoor, het hy sy gelaat met sy mantel toegedraai en uitgegaan en by die ingang van die spelonk gaan staan. En daar kom 'n stem na hom wat sê: Wat maak jy hier, Elía? (14) En hy antwoord: Ek het baie geywer vir die HERE, die God van die

leërskare; want die kinders van Israel het u verbond verlaat, u altare afgebreek en u profete met die swaard gedood, sodat ek alleen oorgebly het; en hulle soek my lewe om dit weg te neem. 1 Konings 19:13-14

Elia herhaal sy oorspronklike verdediging. Dit dui daarop dat hy nie die betekenis van die gebeure wat hom pas getoon is, onderskei het nie. Elia word tot die uiterste gebring. Soos Jesus aan die dissipels gesê het, sê Hy vir Elia, "die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak." Elia word vertel dat sy werk binnekort sal eindig.

> Maar die HERE sê vir hom: Gaan terug op jou pad na die woestyn van Damaskus, en gaan heen en salf Hásael as koning oor Aram. (16) En Jehu, die seun van Nimsi, moet jy salf as koning oor Israel; en **Elísa, die seun van Safat, uit Abel-Mehóla, moet jy salf as profeet in jou plek**. 1 Konings 19:15-16

Die saad van vrees, gebring deur die moorde op die profete van Baäl, het in Elia agtergebly. Die bereidwilligheid om dood te maak word weer aan die lig gebring net voordat Elia weggevoer is, toe Elia vuur uit die hemel laat neerkom op diegene wat hom kom vang. Weet ons of Elia bang was toe hierdie mans hom kom vang het?

> Toe sê die Engel van die HERE vir Elía: **Gaan saam met hom af; wees nie bevrees vir hom nie**. En hy het opgestaan en saam met hom na die koning afgegaan 2 Konings 1:15

Elia was steeds bang. Toe die owerste van die vyftig mans die eerste keer na Elia geroep het, noem hy hom 'n "man van God". Die kaptein het nie getwyfel dat hy 'n man van God was nie.

> Toe antwoord Elía en sê aan die owerste oor vyftig: **As ek dan 'n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer!** En daar het vuur van die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer. 2 Konings 1:10

Die Here het vir Elia getoon dat Hy nie in die vuur was nie. Waarom het Elia dan vir vuur gevra? Hy was bang. Hoe kan dit moontlik wees dat vuur uit die hemel kan neerkom en hierdie mans kon verteer? Hulle was in

diens van die koning wat homself aan die diens van Baäl, die god van Ekron, oorgegee het, sodat die beskermingsmuur verwyder is. Wie het vuur op hierdie mans gebring?

> Daarop sê die HERE aan die Satan: Kyk, alles wat hy het, is in jou hand; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie. En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE... (16) Terwyl dié een nog spreek, kom daar 'n ander een en sê: **Die vuur van God het van die hemel geval en gebrand onder die kleinvee en onder die dienaars, en dit het hulle verteer**; en net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel. Job 1:12, 16

Waarom sou Satan die mans wat gestuur is om die profeet van God gevange te neem, verbrand?

> Berokken jouself skade sodat jy die vertroue van die vyand wen. Strategie 34 van 36. *The Art of War* deur Sun Tzu (Vry vertaal)

Toe Elia in vrees 'n beroep doen op die ondersteuning van 'n wonderwerk om die versekering te gee dat hy inderdaad 'n man van God is, het hy die deur oopgemaak vir Satan om toe te slaan. Satan het die wêreld oortuig dat God hierdie mans verslaan en doodgemaak het, terwyl hy die mans, wat onder sy beheer was, doodgemaak het.

Die dissipels van Jesus het die lok-aas geneem en was gretig om die voorbeeld van Elia te volg om die Samaritane dood te maak. Deur middel van hierdie strategie het Satan die vertroue van sy aardsvyande verseker. Hulle was met sy gees gevul deur hierdie verleidelike strategie. Dit het Satan slegs 102 mans gekos, maar het vir hom die propaganda-oorlog gewen met die doel om God verkeerdelik voor te stel, die God wat die Christendom vandag byna universeel aanvaar. Satan het dit natuurlik in harmonie met die vleeslike sy van die mens gedoen, wat in sy onberouvolle natuur daarvan hou om 'n toornige Skepper te hê. Die rede daarvoor is óf dit regverdig sy eie toorn, óf dit laat hom moreel verhewe voel voor God en versterk hom in sy rebellie. Hierdie verhaal van Elia maak deel uit van die laaste skeiding om van die verstrengelde leuenstrik wat Satan vir die mens gespan het, te ontsnap.

Wanneer 'n mens goddelike mag in selfbegunstiging aanroep, het hy oorgegaan om vir die vyand te werk. 'n Mens kan in hierdie geestelike

oorlog na die ander kant oorstap sonder dat hy enige idee het dat hy dit gedoen het. Ons sou nooit die waarheid geken het sonder die woorde van Jesus wat Hy met Sy dissipels oor hierdie vuur uit die hemel gespreek het nie, en dus sou ons vasgevang wees in die geloof dat God vuur uit die hemel stuur om dood te maak. Hierdie valse geloofsoortuiging sou verseker dat ons Hom sou probeer dien uit vrees, en nie uit liefde nie.

Na 40 dae van versoeking in die woestyn het Jesus baie honger geword. Satan het Jesus versoek om 'n wonderwerk te doen om Homself te red. Hy het gesê: "As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word." In antwoord daarop het Jesus gesê: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan." Hy het die *AS*-vraag van die vyand weerstaan en vasgehou aan die woord van Sy Vader. Diegene wat Satan se strategie wil verslaan, gedeeltelik verwoord in Sun Tzu se *"The Art of War,"* moet verstaan hoe Satan werk; dit word nie begryp deur die boeke van die okkulte wat deur Satan geïnspireer is, wat saad van korrupsie plant, te bestudeer nie, maar deur die wysheid van God wat aan ons gegee word. Dit is deur Jesus toe te laat om ons hardnekkige, gebrekkige karakter aan ons uit te wys, om Hom toe te laat om verandering in ons te bring en dan deur ons te werk. Hy gee ons 'n nuwe gebod wat op 'n volkome versekerde geloof in ons Vader gebaseer is – as mede-erfgename met Christus volg ons saam met Hom in dieselfde gees van selfopofferende liefde wat in die bediening van Jesus op aarde getoon word. Want die kinders van God:

> …het hom [Satan] oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, **en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie**. Openbaring 12:11

God se volk oorwin nie teëspoed deur die swaard in hul hand wat mag het om mense dood te maak nie. Selfs in die aangesig van die dood het hulle nie hulle eie lewens liefgehad nie.

> Wie sal ons skei van die liefde van Christus — verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? (36) Soos geskrywe is: **Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape**. (37) **Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het**. Romeine 8:35-37

Hoe kon Elia dan na die hemel weggevoer word? Elia is 'n tipe of voorbeeld van diegene wat in die laaste dae na die hemel weggevoer word sonder om die dood te sien.

> Kyk, **Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek**. (6) En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie. Maleági 4:5-6

In die laaste dae sal die oorblyfsel van God die dier en sy beeld in die Gees van Elia in die gesig staar. Romeine 11:2-5; Openbaring 12:17. Hierdie oorblyfsel sal deur 'n soortgelyke beproewing as Elia gaan om die konings van die aarde met hul afvalligheid te konfronteer. Hierdie beproewing word ook verduidelik in die verhaal van Jakob.

> Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En **dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word**. (8) En op dié dag, spreek die HERE van die leërskare, sal Ek sy juk verbreek van jou nek af en jou stroppe stukkend ruk; en vreemdes sal hom nie meer diensbaar maak nie. Jeremia 30:7-8

Voordat Elia weggevoer kon word, moet die juk van die sonde ten volle verbreek word. Die hartstogte waaraan Elia onderworpe was, moet oorkom word voordat hy hemel toe gaan. Die verhaal van Elia hou verband met die laaste gebeure in die geskiedenis van die aarde.

> Hy doen ook groot tekens, **sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. (14) En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen**, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. (15) En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. (16) En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; Openbaring 13:13-16

Deur Elia se verhaal van die vuur uit die hemel in die konteks van die profesie van Maleági 4:5-6 en Openbaring 13:13-16 te plaas, word die gebeure van die laaste dae aan sy ervaring verbind. Die vrees in Elia moes oorwin word, en dit is deur 'n proses van ernstige sielsondersoek dat Elia die juk van sy skouers afgegooi het. Elia was 'n man van gebed. Hy het ernstig gebid vir reën daardie dag op die berg Karmel, hy het in geloof vasgehou en gewag vir die klein wolkie so groot soos 'n man se hand. 1 Konings 18:41-45. In die laaste dae sal die volk van die Here ook ernstig bid in die tyd van die benoudheid van Jakob, om die oorwinning oor die dier en sy beeld te behaal.

> En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. Daniël 12:1

Elia se ervaring word ook weerspieël in die lewe van Johannes die Doper. Hy het 'n groot geloofskrisis gehad voordat hy 'n gemarteldood gesterf het.

> En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus, en twee van sy dissipels gestuur (3) en vir Hom gesê: **Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag**? Matthéüs 11:2-3

Jesus het na Johannes die Doper as die tweede Elia verwys.

> En as julle dit wil aanneem: hy is Elía wat sou kom. Matthéüs 11:14

Die geloofskrisis wat Johannes beleef het in sy geloof in Christus as die Messias, het die elemente in sy karakter wat oorwin moes word, na vore gebring. Soos met Johannes die Doper, moes Elia hierdie dinge oorkom. In die smeltkroes van beproewing word die sondige harte van die mens geopenbaar, en juis op daardie plek laat die Here Jesus Sy geregtigheid nog meer oorvloedig word.

> Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog

> meer oorvloedig geword; (21) sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here. Romeine 5:20-21

Elia het na die hemel gegaan, totaal afhanklik van die geregtigheid van die Messias alleen. Hy het nie as 'n bo-menslike profeet gegaan wat sy vyande uitgebrand het nie. Hy het as 'n hulpelose sondaar, wat alleenlik vertrou op die genade van God in die belofte van die Lam, gegaan.

Wanneer ons die verhale van Jakob, Elia, Johannes die Doper en die Gees van Elia byeenbring, soos wat dit in die laaste dae in God se volk sal manifesteer, sien ons dat hierdie persone almal tot bekering gebring word om die kroon van die lewe te ontvang. Hulle word almal in 'n moeilike posisie gebring wat die sondige wortels van hul verswakte menslike toestand ontbloot.

Hierdie bekeringswerk is nie vir die Bybelleser sigbaar in die lewe van Elia nie, maar die woorde van Jesus dui aan dat die oorspronklike gees in Elia nie die Gees van Christus was nie. Hy moes berou getoon het voordat sy wegvoering kon plaasvind. Johannes die Doper se gebrek aan geloof in die Messias het ook beteken dat hy hom hiervan moes bekeer om die ewige lewe te kon ontvang. Die ervarings van hierdie twee mans sal deur die oorblyfsel van die laaste dae herhaal word. Sommige sal na die hemel weggevoer word sonder om die dood te sien (1 Tessalonisense 4:15-17), maar hulle sal deur 'n tyd van benoudheid gaan om die dros van hul siel te suiwer. Sommige sal tereggestel word soos Johannes die Doper. Maar almal word tot 'n punt van bekering gebring, tot redding.

> Want die droefheid volgens die wil van God werk ’n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood. 2 Korinthiërs 7:10

In Jakob se geval is sy selfvertroue, sy selfbeskermende, bedrieglike karakter uiteindelik oorgegee, na ‘n hele nag van stryd met die Seun van God. Hy het geweier om op te gee, totdat hy die versekering van goddelike seën en totale vertroue in die God wat sy hele lewe lank vir hom gesorg het, gekry het. Genesis 48:15.

In Elia se geval het die lyke van 952 mans wat tydens die twee gebeure oor die grond gesprei was, getuig van die gees van wraak en vrees wat in hom gewoon het, sonder dat hy geweet het dat dit daar was.

Johannes die Doper het gewaag om die werk van die Messias te betwyfel, wat duisende mense sou beïnvloed. Tog het hulle deur berou en totale vertrou op die verdienste van ons Verlosser, albei hul gemoedstoestand oorwin. Dieselfde sal die ervaring van God se mense van die laaste dae wees. Dit is die finale skeiding.

Daar is geen heldeprofete nie; daar is slegs Christus en Hom as die gekruisigde; daar is slegs die geregtigheid van Christus alleen vir ons redding. God het groot dinge in hierdie twee profete gedoen en tog was die grootste ding om hulle te laat verstaan dat hul eie verlossingsbehoefte nie verskil van ander s'n nie.

Wanneer ons hierdie waarheid waarlik begryp - *daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie* - dan sal die misleidings van Satan hul mag oor ons verloor.

Satan wil hê dat die mens die Bybel oppervlakkig moet lees en glo dat die optrede van die profeet, wat sy eie gewelddadige karakter weerspieël, as die weerspieëling van die karakter van God verstaan moet word. Wanneer God die mens bring tot waar hy homself sien deur die Ou Verbond, oortuig Satan die mens om die swak menslike optrede te projekteer op 'n weerspieëling van die karakter van God. Hierdie proses om die optrede van mense heilig te verklaar, dat hulle onder die direkte wil van God staan, dien slegs die doel om die gees van wraak, geweld en die vernietiging van vyande te regverdig.

Laat ons alleenlik na Christus as die volmaakte voorbeeld van die Vader kyk. Slegs wanneer ons Sy karakter bestudeer, kan ons seker wees dat ons die gesuis van 'n sagte koelte van God kry wat nie met die wind, aardbewing en vuur gemeng word nie. Laat ons God nie seermaak deur Hom verkeerd te verstaan nie, want op hierdie manier word die waarheid deur mense verwerp en verag. "En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, **omdat Hy geen onreg [geweld] gedoen het nie** en geen bedrog in sy mond gewees het nie." Jesaja 53:9.

## 24. Abraham en die Gruwel wat Verwoes

> Ná hierdie dinge het God Abraham op die proef gestel en aan hom gesê: Abraham! En hy antwoord: Hier is ek! (2) Toe sê Hy: **Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer** op een van die berge wat Ek jou sal aanwys. Genesis 22:1-2

Na alles wat ons oorweeg het, behoort dit duidelik te word dat hierdie gedeelte op ten minste twee verskillende maniere gelees kan word. Een manier openbaar die liefde van God op 'n wonderlike manier; Abraham wat sy seun Isak offer, is 'n simbool van die liefde van God, dat Hy bereid is om Sy Seun vir ons prys te gee, sodat ons die naam (karakter) van die Seun van God kan sien en glo en gered kan word. Daarenteen kyk ons na die spieël van die Ou Verbond, en sien ons 'n beeld van God wat Abraham se lojaliteit deur 'n ondenkbare toets in die ergste graad neem, wat eis dat Abraham sy eie seun moet doodmaak.

Waarom sou God Abraham vra om sy beloofde seun as brandoffer te offer? Dit lyk asof die versoek perfek pas by die konsep van 'n vertoornde godheid wat bevrediging eis deur die dood. Dit is hoe al die heidense godsdienste werk; die kern van heidendom is die bevrediging van ‘n godheid deur offerandes. Waarom beeld die Bybel God skynbaar in hierdie lig uit?

Laat ons eerstens teruggaan na die oorsprong van die offerandes in die Skrif.

> En die HERE God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek. Genesis 3:21

Ons word nie vertel hoe die velle ontstaan het nie. Dit is heel waarskynlik dat 'n dier of diere moes sterf om die velle te bekom. God kon miskien

hierdie velle geskep het sonder dat 'n dier gedood is, maar dit is slegs bespiegeling, omdat ons dit uit hierdie vers eenvoudig nie weet nie. Die eerste gedeelte wat van offerande praat, word in die volgende hoofstuk van Genesis gevind.

> En ná verloop van tyd het Kain van die vrugte van die land aan die HERE ’n offer gebring. (4) **En Abel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring, naamlik van hulle vet**. En die HERE het Abel en sy offer genadig aangesien, Genesis 4:3-4

Hierdie verhaal dui aan dat offers voorgeskryf was en dat die aanbidding nie as aanvaarbaar beskou kon word indien daar geen lam geoffer was nie.

> **Maar Kain en sy offer nie aangesien nie. Toe word Kain baie kwaad**, en hy het sy hoof laat hang. (6) En die HERE sê vir Kain: Waarom is jy kwaad, en waarom laat jy jou hoof hang? (7) **Is daar nie verheffing as jy goed doen nie**? En as jy nie goed doen nie — die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jy moet daaroor heers. Genesis 4:5-7

Daarom blyk dit dat God van die mens vereis het om diere te offer as deel van hul aanbidding. Die weiering van Kain om 'n diereoffer te bring, het opgebou tot op die punt van die eerste moord. Die belangrikste punt is dat Kain nie die offer van die lam erken het nie, daarom het hy 'n plaasvervanger gevind deur sy broer te vermoor, om sy eie toorn te bevredig.

Dit is belangrik vir die verhaal van die offer van Isak, want dit was ook 'n proposisie van 'n menslike offer vir versoening. Wat die Here se houding teenoor offers betref, let ons met groot belangstelling op die volgende:

> Groot dinge het U gedoen, HERE my God — u wonders en gedagtes vir ons; niemand kan met U vergelyk word nie. Wil ek dit verkondig en uitspreek, dan is dit te veel om te vertel. (7) **U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie; ore het U vir my gegrawe [U het my in staat gestel om te luister. – NLV]; brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie**. Psalms 40:6-7

Die geïnspireerde psalmis verklaar dat God nie 'n behae in offers het nie.

Hy lewer dan die ongelooflike stelling dat God nooit brandoffers en sondoffers gevra of geëis het nie. Aanvanklik lyk hierdie gedagte totaal onversoenbaar met wat in die res van die Ou Testament geskryf staan. Die opdragte wat God aan Moses gegee het met eksplisiete besonderhede oor hoe die offers gebring moes word, dui waarskynlik daarop dat dit presies is wat God begeer het. Tog lees ons weer:

> Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie. (23) Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan. (24) Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar gewandel in wat hulle in die verharding van hul bose hart beraadslaag het, en hulle het agteruitgegaan en nie vooruit nie. Jeremia 7:22-24

Dit lyk op die oog af heeltemal teenstrydig. Die profeet Jeremia skryf onder inspirasie dat God Israel nie omtrent brandoffers en offerandes opdrag gegee het nie, maar die geskrifte van Moses gee baie opdragte hieroor.

> Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê: (2) Spreek met die kinders van Israel en sê: As iemand in swakheid sondig teen een van alle gebooie van die HERE en een van die dinge wat nie gedoen mag word nie, tog doen — (3) as die gesalfde priester sondig, sodat die volk daardeur skuldig word, moet hy vir die sonde wat hy gedoen het, 'n jong bul sonder gebrek aan die HERE as sondoffer bring; (4) **en hy moet die bul bring na die ingang van die tent van samekoms**, voor die aangesig van die HERE, en moet sy hand op die kop van die bul lê en die bul slag voor die aangesig van die HERE. Levítikus 4:1-4
>
> Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê: (2**) Gee bevel aan die kinders van Israel en sê vir hulle: Julle moet daarvoor sorg om my offer, my spys vir my vuuroffers as lieflike geur vir My, op die bepaalde tyd aan My te bring.** (3) En jy moet vir hulle sê: Dit is die vuuroffer wat julle aan die HERE moet bring: twee jaaroud lammers sonder gebrek elke dag as 'n voortdurende brandoffer. (4) **Die een lam moet jy in**

> **die môre berei, en die ander lam moet jy teen die aand berei**. Númeri 28:1-4

Ons herinner ons aan een van die sleutelpunte van hoofstuk 21 van hierdie boek.

> ...in die Ou Verbond of natuurlike toestand, word die opdragte wat Hy gee, wat strydig is met die lewe van Jesus op aarde, 'n aanduiding van die goddelike spieël wat in werking tree.

Laat ons terugkom na die oomblik toe God Adam in die tuin van Eden genader het. God het Adam gevra of hy van die boom van kennis van goed en kwaad geëet het. Adam het nie berou oor sy dade nie, maar beskuldig God eerder daarvan dat Hy die probleem veroorsaak het. Adam besef nie dat die saad van moord in sy hart is nie. Deur die advies van die slang te neem, het Adam die gees van die slang, wat van die begin af 'n mensemoordenaar was, aangeneem. Johannes 8:44. Adam moes begin agterkom wat hy gedoen het deur die vrug te eet, sodat hy hom van sy sonde kan bekeer.

Ons het hierdie werklikheid in hoofstuk 19 bespreek – *Ter Wille van ons Oortredinge Deurboor*. Ons herhaal hierdie punt:

> Nadat Adam en Eva in sonde verval het, het hulle in hul natuur soos Satan geword. Die Gees van Christus wat in hulle was, is deurboor en verpletter soos deur tande wat maal. Dit is die Gees van Christus in die mens wat hom lewe gee. Hy is die lig wat elke mens in die wêreld verlig. Johannes 1:9. Indien Christus Adam heeltemal sou verlaat, sou hy sterf. Die Gees van Christus in Adam is verpletter, maar Christus het Homself nie onttrek nie, alhoewel dit Hom gemartel het om steeds te bly. Uit die voortdurende lyding van Christus, die Rots, het die geestelike water voortgekom om Adam lewend te hou. *Agape*, Hoofstuk 19, bl. 203.

Adam was nie daarvan bewus dat hy die saad van geweld in hom gehad het nie. Hy het nie verstaan dat die gebeure van die kruisiging van Christus wat 4000 jaar later sou manifesteer, hul bron in hom gevind het nie. Die

Here moes vir Adam wys wat die probleem was, sodat Adam sy desperate situasie kon begryp en sodat hy op die Gees van Christus sou reageer om tot bekering te kom.

Die offerstelsel was 'n spieël wat die mens se natuurlike gevoelens teenoor Christus getoon het. Die offerstelsel is 'n tugmeester wat die mens na Christus bring, maar soos ons voorheen gesê het, projekteer die mens hierdie spieël terug op God en plaas hulle hul eie karakter op Hom. Daar word dus feitlik algemeen geglo dat God die offers vereis het en dat die mens gevolglik, wetend of onbewustelik, glo dat God Sy eie Seun doodgemaak het.

Abraham is in Babilon grootgemaak - die land van die Chaldeërs. Genesis 11:31. Hy is grootgemaak in 'n kultuur van menslike offers. Die beginsels wat in Kain gemanifesteer het toe hy sy broer vermoor het, het die kenmerk van elke heidense godsdiens geword. Die slagting van miljoene diere en duisende mense spruit almal uit die bedrieglike hart van die mens wat sy eie toornige natuur op God projekteer. In plaas daarvan om te aanvaar dat die offer 'n weerspieëling is van homself en sy verdorwe toestand, draai die mens die offers om as iets wat God vereis om Hom te behaag.

> Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. 1 Samuel 15:22

Abraham het nie daarop vertrou dat die Here hom die beloofde seun sou gee wat hy so graag wou hê nie. Hy het die Here gevra om Eliëser, sy getroue dienskneg, te aanvaar. Genesis 15:2. Abraham het toe geluister na die voorstel van sy vrou om 'n seun te kry deur middel van haar dienskneg Hagar, wat Ismael gebaar het.

Hulle gebrek aan geloof het 'n negatiewe gesinsatmosfeer geskep, en Abraham word gedwing om Hagar en Ismael van sy huis af weg te stuur. In wanhoop besef Abraham sy mislukkings. Die versoeking om iets op te offer om God tevrede te stel, neem toe. Al sy kinderervarings, gemeng met die saad van Adam se vleeslike erfenis, druk op Abraham om versoening te soek deur bevrediging.

Dit is in hierdie konteks dat God die probleem van Abraham in die spieël sit. Die opdrag kom na vore as 'n weerspieëling van sy eie denke in versoeningsterme.

Terselfdertyd merk ons op dat God nie eintlik vir Abraham gesê het om sy seun Isak dood te maak nie. God het hom beveel om Isak *as* brandoffer aan te bied. Die opdrag het die vermoë gedra om op twee verskillende maniere gelees te word.

Toe Jesus met die vrou praat wat vra dat haar dogter genees moet word, het Jesus gesê: "Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie." Hy het haar nie 'n hond genoem nie. Hy het die gedagte uitgespreek wat die dissipels in gedagte gehad het en wat sy gemeen het die Jode van haar gedink het. Sy het Hom verstaan om te sê dat sy 'n hond was deur haar antwoord, maar sy kon net so maklik vir hom gesê het dat sy 'n kind van God was.

Dieselfde gebeur in die verhaal van Abraham. God het slegs vir Abraham gesê om sy seun as brandoffer te offer. Hy het hom nie uitdruklik beveel om sy seun dood te maak nie. Die redenasie hiervoor kan wees dat Abraham afstand moes doen van enige begeertes vir sy seun wat buite die wil van God is. Vanweë die manier waarop Abraham grootgemaak is en vanweë sy bevredigingsingesteldheid, het Abraham verstaan dat God wou hê dat hy sy seun moes doodmaak. God het geweet dat dit sou gebeur. Dit was nodig om aan Abraham sy onderbewuste begrip te openbaar, dat God gevredegestel moes word, terwyl Abraham terselfdertyd tot die punt van volkome vertroue in God moes kom. Dit is 'n wonderlike proses om Abraham deur die heerlikheid van die Ou Verbond in die Nuwe Verbond van geloof in gees en waarheid te bring. 2 Korintiërs 3:7-9.

> Maar die Engel van die HERE het na hom van die hemel af geroep en gesê: Abraham, Abraham! En hy antwoord: Hier is ek! (12) En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie. (13) En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens 'n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer. Genesis 22:11-13

Indien ons uit hierdie verhaal leer dat God nie bevrediging verlang deur die doodmaak van ons kinders nie, maar eerder deur die dood van Sy eie Seun, dan is ons steeds diep verskans in die heidendom wat nie te ver verwyderd is van die voorbeeld van die Asteke van Sentraal-Amerika nie. Die enigste verskil is wie se seun die Godheid vereis om te sterf; dat God se Seun 'n waardiger en waardevoller offer is in vergelyking met die laer offers van die heidene.

Die begeerte om God tevrede te stel deur 'n offer te bring, het deur die eeue heen *voortdurende* droefheid vir God gebring. Hy wou nooit hê dat die mens Hom moes tevrede stel met die slag van diere nie.

> En Noag het vir die HERE 'n altaar gebou en van al die rein diere en al die rein voëls geneem en brandoffers op die altaar gebring. (21) En die HERE het die lieflike geur geruik, en die HERE het in sy hart gesê: Ek sal die aarde verder nie meer vervloek ter wille van die mens nie, want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af. En Ek sal verder nie meer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie. Genesis 8:20-21

Die oppervlakkige lees van hierdie vers laat mense dink dat God deur offers tevrede gestel word. Die soet reuk wat in die neus van die Here kom, laat Hom belowe om nie meer die aarde te vervloek nie. Die werklikheid is dat die woord *reuk* eintlik die woord *ruach* is. Dit is die kernwoord waaruit ons die woord *Gees* of *God se Gees* kry. Die woord beteken:

> **Om te blaas**, **dit wil sê asem te haal**; slegs (letterlik) om te ruik of (by implikasie waar te neem (figuurlik om te antisipeer, te geniet)) aanvaar, ruik, raak, maak 'n vinnige begrip. (Vry vertaal)

Die asemhaling kan óf in of uit wees. Die uitaseming dui daarop om iets te gee. Die inaseming dui daarop dat u iets ontvang. Aan die begin van vers 21 staan die woord *en*. Hierdie verbindingswoord bestaan nie in die Hebreeus nie. God is nie tevrede gestel deur die diere-offerande nie. Hy aanvaar die berou van Noag, wat deur hierdie daad bedoel was om te sê: "Ek weet dat ek waardeloos is in myself en dat ek skuldig is aan moord op u seun." Die Here blaas in Sy groot genade Sy Gees op die aarde; suiwer uit Sy genade stuur Hy lewe om die aarde weer aan te vul. Wanneer ons

die Bybel lees in die lig van die karakter van Christus, begin al hierdie donker gedeeltes oor bevrediging te skyn in die aangesig van Jesus Christus. 2 Korintiërs 4:6.

Kain het die beginsels van aanbidding deur bevrediging 'n stap verder in die rigting van natuuraanbidding geneem. Hy het die lam wat die simbool van sy moorddadige hart was, verwyder en doodeenvoudig vrugte en groente geoffer. In hierdie daad om God tevrede te stel, het die dinge van die aarde sy redder geword. Kain het die moord op sy broer by hierdie aanbidding gevoeg, en so het die bron van die heidense aanbidding ontstaan. In die heidense kultusse het dit gemanifesteer deur die aanbidding tussen die bome van die veld, gekombineer met menslike offers. Hierdie soort aanbidding was 'n *voortdurende* of *daaglikse* hartseer vir God. Satan het die kosbaarste waarhede verdraai wat ontwerp is om deur die offer geleer te word en het daartoe gelei dat die mens probeer om God te tevrede te stel.

> Julle moet terdeë verniel al die plekke waar die nasies wat julle gaan verdrywe, hulle gode gedien het op die hoë berge en op die heuwels en onder elke groen boom. (3) En julle moet hulle altare omgooi en hulle klippilare verbrysel en hulle heilige boomstamme met vuur verbrand en die gesnede beelde van hulle gode omkap en hulle naam van dié plek laat verdwyn. (4) So mag julle nie doen met die HERE julle God nie; Deuteronómium 12:2-4

Die manier waarop Israel die hoë plekke van die Heidendom moes vernietig, was om aanbidding met bevredigingsingesteldheid te staak en toe te laat dat God Sy Gees oor hulle uitblaas (om nie die rook *van* hul offers te ruik nie).

Hulle het gedink dat God totaal en al iemand soos hulle was; hulle het gedink dat *hulle* aan God gee wat Hy gevra het: bloed, die bewys van die lewe wat geoffer is om 'n goddelike dors te bevredig. Maar God het gesê dat *Hy* die bloed sou gee.

> Want die siel van die vlees is in die bloed, en **Ek het dit aan julle** op die altaar **gegee** om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel. Levítikus 17:11

Indien hulle na die stem van God geluister het, sou hulle hierdie altare wat in hulle eie gedagtes gesetel was, afgebreek het.

> Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; (4) want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, **maar kragtig deur God om vestings neer te werp**, (5) **terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God**, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus… 2 Korinthiërs 10:3-5

Die getuienis dat Israel nooit heeltemal van die bevredigingsbeginsel van aanbidding vrygekom het nie, word weerspieël in die feit dat die Hoogtes byna die hele tyd in Israel gebly het, selfs onder konings wat regverdig was in die oë van die Here.

> En **Salomo** het die HERE liefgehad deur in die insettinge van sy vader Dawid te wandel; hy het net gedurig **op die hoogtes** geoffer en **rook laat opgaan**. 1 Konings 3:3

> **Die hoogtes is wel nie afgeskaf nie**, maar Asa se hart was volkome met die HERE al sy dae. 1 Konings 15:14

> En die kinders van Israel het heimlik volbring wat nie reg was teenoor die HERE hulle God nie; en hulle het vir hul hoogtes gebou in al hulle stede, van wagtoring af tot versterkte stad. (10) **En hulle het vir hul klippilare en heilige boomstamme opgerig op elke hoë heuwel en onder elke groen boom**. (11) **En hulle het daar offerrook laat opgaan, op al die hoogtes, soos die nasies** wat die HERE voor hulle uit weggevoer het, en verkeerde dinge gedoen om die HERE te terg. (12) En hulle het die drekgode gedien waarvan die HERE vir hulle gesê het: Julle mag dit nie doen nie. 2 Konings 17:9-12

Twee konings het die Hoogtes verwyder: Hiskía en Josía.

> **Hy het die hoogtes afgeskaf en die klippilare verbreek en** die heilige boomstamme **omgekap** en die koperslang wat Moses gemaak het, stukkend gestamp, omdat die kinders van Israel tot op dié dae daarvoor offerrook laat opgaan het; en hy het dit Nehústan genoem. 2 Konings 18:4

> **En ook al die tempels van die hoogtes wat in die stede van Samaría was**, wat die konings van Israel gebou het om die HERE te terg, het Josía afgeskaf en daarmee gehandel ooreenkomstig alles wat hy in Bet-el gedoen het. (20) En al die priesters van die hoogtes wat daar was, het hy op die altare geslag en mensbene daarop verbrand en na Jerusalem teruggegaan. 2 Konings 23:19-20

Die wetboek is ook tydens die regering van Josía gevind, en hulle het weer die insettinge begin nakom en die feeste van die Here begin hou. 2 Kronieke 35:1. Ongelukkig het Josía in 'n stryd teen die koning van Egipte gesterf, en Israel het weer in hul aanbidding na heidendom teruggekeer. Nie lank daarna nie is hulle na Babilonië weggevoer. Israel se begeerte om die bevredigingsgode rondom hulle te aanbid, word die beste uitgebeeld in die visioen van Eségiël.

> Toe bring Hy my na die binneste voorhof van die huis van die HERE; en kyk, by die ingang van die tempel van die HERE, tussen die voorportaal en die altaar, **was omtrent vyf-en-twintig man, met hulle rug na die tempel van die HERE en hulle gesig na die ooste, en hulle het hul voor die son neergebuig na die ooste**. Eségiël 8:16

Dit is geen wonder dat, aangesien die volk Israel en veral hul leiers slawe was van sonaanbidding, soos die heidense nasies, dat hulle uiteindelik ook fisiese slawe van die heidense nasies sou word nie. Terwyl Daniël in Babiloniese ballingskap was, het hy gepleit om te verstaan wat met God se volk gaan gebeur. In die visioen van Daniël, hoofstuk sewe, sien hy 'n opeenvolging van onrein diere wat uit die see opkom om die wêreld te regeer. God se volk word deur hierdie regerende magte onderdruk en vervolg. God se volk is verstrooi onder hierdie vervolging, maar dit vind alles plaas weens Israel se weiering om die Hoë Plekke van bevredigingsgebaseerde aanbidding te verwyder en berou te hê oor hul sondes en die geregtigheid van God in die Messias te aanvaar.

> As julle ook hierom nie na My luister nie, maar julle teen My versit, (28) sal Ek My in grimmigheid teen julle versit, **en Ék sal julle ook sewevoudig tugtig weens julle sondes**. (29) En julle sal die vlees van julle seuns eet, en die vlees van julle dogters sal julle eet. (30) **En Ek sal julle hoogtes verwoes en julle**

> **sonpilare verdelg** en julle lyke op die lyke van julle drekgode gooi; en my siel sal 'n afsku van julle hê. (31) En Ek sal julle stede puinhope maak en **julle heiligdomme verwoes** en julle lieflike geur nie ruik nie. (32) Ja, Ek self sal die land verwoes, sodat julle vyande wat daarin gaan woon, daaroor verstom sal staan. (33) **En Ek sal julle onder die volke verstrooi** en 'n swaard agter julle uittrek; en julle land sal 'n wildernis en julle stede puinhope word. Levítikus 26:27-33

Dit is buite die bestek van hierdie boek om die sewevoudige konsep wat hier genoem word, te behandel, maar dit word profeties verbind met die herstel van die ware evangelie onder God se volk.

Dit was die Here se plan dat Israel die leier van die nasies sou wees en dat die omliggende nasies na Israel sou kom om te leer omtrent die ware God en Sy weë. Indien hulle maar net na Sy stem geluister het en die ewige verbond onderskei het en van hul bevredigingsteologie afgewyk het, sou dit nie nodig wees vir hierdie groot heidense koninkryke om op te staan op die manier wat hulle dit gedoen het nie. Hierdie koninkryke was 'n vergroting van die sondige hart van die mens, sodat die mens die tirannie en die nutteloosheid van die weë van die mens sou kon onderskei.

> Vanaf die dertiende jaar van Josía, die seun van Amon, die koning van Juda, tot op hierdie dag — nou drie-en-twintig jaar lank — het die woord van die HERE tot my gekom; en ek het julle toegespreek, vroeg en laat, maar julle het nie geluister nie. (4) **Ook het die HERE al sy knegte, die profete, na julle gestuur, vroeg en laat — maar julle het nie geluister of julle oor geneig om te hoor nie** — (5) met die woorde: Bekeer julle tog elkeen van sy verkeerde weg en van die boosheid van julle handelinge, en woon in die land wat die HERE aan julle en julle vaders gegee het, van eeu tot eeu: (6) en **loop nie agter ander gode aan om hulle te dien en julle voor hulle neer te buig nie, en terg My nie met die werk van julle hande nie, dat Ek julle geen kwaad aandoen nie**. (7) **Maar julle het na My nie geluister nie, spreek die HERE — om My te terg met die werk van julle hande, julle tot skade**. (8) Daarom, so sê die HERE van die leërskare: Omdat julle na my woorde nie geluister het nie. (9) laat Ek al die geslagte van die Noorde haal, spreek die HERE, en Nebukadrésar, die koning van Babel, my dienaar;

> en Ek sal hulle bring oor hierdie land en sy inwoners en oor al hierdie nasies rondom, en Ek sal hulle met die banvloek tref en hulle maak 'n voorwerp van verbasing en van bespotting en ewige puinhope. Jeremia 25:3-9

Die vier koninkryke wat in Daniël se visioen verskyn het, was Babilon, Medo-Persië, Griekeland en Rome. Hierdie koninkryke het almal aanbiddingstempels gehad waarin offers voor hul gode gebring is. Die voortdurende propaganda van bevrediging deur offers is sentraal in die stryd van Satan teen God. Hulle offers was daagliks geoffer. Die Silinder van Cyrus (538-529 vC) het 'n inskripsie daarop geskryf wat spreek van hul daaglikse offers aan hul gode.

> "**Daagliks** het hy beplan en in vyandskap toegelaat dat die **gereelde offers** ophou; hy het aangestel — hy het in die stad gevestig." Aangehaal in F.L Sharp, *Antiochus of Rome*, bladsy 40. (Vry vertaal)

Hierdie aanhaling noem 'n tyd toe die offers onderbreek was. Dit vertel ons dat hulle gewoonlik daaglikse offers as deel van hul dienste gehad het. Terwyl Daniël bly wonder het oor die toekoms en die vervolging van sy volk, het hy stomverbaas gestaan, amper wanhoping, toe hy twee hemelse wesens in die visioen hoor praat met mekaar:

> En uit een van dié het 'n horing, eers klein, uitgekom, maar dit het baie groot geword na die suide en na die ooste en na die Pragtige Land toe. (10) En dit het groot geword tot by die leër van die hemel en het sommige van die leër, naamlik van die sterre, op die aarde laat val en hulle vertrap. (11) Selfs tot by die Vors van die leër het dit groot geword, sodat **die voortdurende offer Hom ontneem** [rum - verhewe, opgelig en weggevat] **en sy heilige woning neergewerp is**. (12) En 'n leër is aan die [Klein] horing oorgelewer in goddeloosheid saam met die voortdurende offer; en dit het die waarheid op die grond neergewerp en in sy optrede voorspoed gehad. (13) Toe hoor ek 'n heilige spreek; en 'n ander heilige het aan die een wat spreek, gesê: **Hoe lank sal die gesig duur — van die voortdurende offer en die ontsettende goddeloosheid — sal die heiligdom sowel as die leër aan vertrapping oorgegee word**? (14) En hy

> het vir my gesê: Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word. Daniël 8:9-14

Ons wil nie in al die besonderhede van hierdie gedeelte vasval nie. Die wesenlike punt wat ons hier wil stel, is dat die **daaglikse** stelsel van aanbidding, soos dit deur die heidene beoefen word, in sy heidense vorm weggeneem en in 'n Christelike raamwerk vervang en opgehef sou word. Die mag wat met die val van die Romeinse Ryk ontstaan het, sou die offer van Christus neem en dit in die taal van vervanging van straf omskryf. Die offer van Christus sou aan die wêreld gebied word as 'n offer aan 'n woedende godheid wat die doodstraf geëis het, om hom tevrede te stel. Dit is die deel wat nie moeilik is om te verstaan nie. Die evangelie-boodskap wat in die meeste kerke verkondig word, verkry eintlik inspirasie uit heidense konsepte van aanbidding.

Terwyl Daniël oor die afgryse van hierdie gebeurtenis nadink, was hy oorweldig.

> En die gesig van die aande en die môres waarvan gespreek is, dit is waarheid; en jý, hou die gesig geheim, want dit sien op ’n verre toekoms. (27) **En ek, Daniël, was gedaan en was dae lank siek; daarna het ek opgestaan en die werk van die koning gedoen; en ek was verstom oor die gesig, maar niemand het dit gemerk nie**. Daniël 8:26-27

Die engel Gabriël was na Daniël gestuur terwyl hy op soek was na antwoorde oor hoe dit sou plaasvind, om hom meer omtrent die vorige visioen te verduidelik. Gabriël gee eers aan Daniël die beginpunt van die profesie rakende die tydperk van sewentig weke wat die Gesalfde, die Vors, sou bring. Dan sê Gabriël iets baie belangriks.

> En hy sal een week lank met baie ’n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op [teen] die vleuel van gruwels sal daar ’n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word. Daniël 9:27

Hierdie vers praat van die werk van Christus op aarde. Ná die dood van Jesus sou die offer van diere nie meer deel vorm van die aanbidding van God nie. Toe Christus gesterf het, is die gordyn in die tempel in die helfte

geskeur, wat die einde van die fisiese offerstelsel beteken het.

Daar is egter 'n dieper betekenis aan hierdie vers wat deur die meeste mense heeltemal gemis word. Ons weet dat, nadat Jesus aan die kruis gesterf het, daar steeds diere geoffer was, alhoewel dit geen betekenis gehad het nie. Die dieper werklikheid van die werk van Christus is dat *die staking van offers nie bloot 'n fisiese ding is nie*. Wanneer die waarheid van die kruis akkuraat verstaan sou word, sal die beginsel van bevredigingsteologie in die hart van die gelowige tot 'n einde kom. Wanneer die ware ewige verbond verstaan word, sal die mens ophou om God te nader deur die proses van bevredigingsoffers. Dit is die dieper werklikheid van die betekenis van die vers: *hy sal slagoffer en spysoffer laat ophou*. Die klein woordjie *op* kan vertaal word *teen*. Wanneer die ewige verbond ten volle ingesien word, sal die bevredigingsteologie tot 'n einde kom en sal die kosbare waarheid *teen* die vleuel (verspreiding) van gruwels werk, die gruwels wat die evangelie van God se ware karakter van liefde verwoes. 'n Hele boek kan net hieroor geskryf word, maar die verband is duidelik. Die ware begrip van die kruis sal die gruwel van die verwoesting (die gruwel wat verwoes), blootstel en verslaan.

Wanneer die meeste mense vandag oor die kruis van Christus praat, praat hulle in die konteks van God se toorn wat tevrede gestel word. Hierdie denke lei slegs tot 'n gruwel wat die hart verwoes. Enige gevoelens wat 'n mens vir God het, word in die geheim verwoes indien hulle die idee koester dat God Sy eie Seun sou doodmaak om Sy eie woede te bevredig. Die siel word onvrugbaar gelaat met die gedagte dat God 'n doodstraf moes verorden wat slegs deur die dood van Sy Seun bevredig sou word. Katolieke leerstelling is die volledige uitdrukking van hierdie bevrediging-stelsel. Deur minstens elke Sondag die Mis by te woon, u sondes aan 'n aardse priester te bely, in die Drie-eenheid te glo en op die verdienste van Katolieke heiliges te vertrou, kan u die toorn van God se ewige vlamme van die hel vermy.

Die waarheid is eenvoudig die volgende:

Offerandes en offers kom slegs waarlik tot 'n einde vir diegene met wie die Gesalfde ‘n sterk verbond sluit.

Die eenvoudige verwydering van diere-offers op sigself verwyder nie die begeerte om God deur hierdie offers tevrede te stel nie. Soos Abraham, kan ons vandag ook die stem na ons hoor uitroep terwyl ons op die punt staan om die mes in ons mees geliefde verhoudings te steek en dink dat dit God tevrede sal stel.

Al die predikers van die evangelie wat hul gesinne opoffer om die boodskap, waartoe hulle geroep word om te verkondig, luister na die stem: "Ek hoef nie tevrede gestel te word nie! U werke in die prediking versoen nie u sondes nie. U standpunt oor 'n weergawe van leerstellings, wat die behoefte bring om ander as ketters te ïsoleer en te veroordeel, kan staak."

Ons Vader in die hemel wil hê dat ons vry moet wees van ons heidense denke. Hy wil hê dat ons waarlik moet glo dat Hy ons liefhet – met agape-liefde vir ons. Daar is niks wat ons kan doen of sê om te maak dat Hy ons liewer het as wat Hy reeds doen nie. Lees hierdie indringende gedagtes van hierdie Christelike outeur:

> Die idee van 'n versoening of offerande is dat daar toorn is wat tevrede gestel moet word. Let veral daarop dat dit ons is wat die offer benodig, en nie God nie. Hy voorsien die offer. Die idee dat God se toorn tevrede gestel moet word sodat ons vergifnis kan kry, vind geen grond in die Bybel nie. Dit is die hoogtepunt van onsinnigheid om te sê dat God so kwaad is vir die mens dat Hy hulle nie sal vergewe nie, tensy daar iets voorsien word om Sy toorn te laat bedaar, en dat Hy daarom self die gawe aan Homself offer waardeur Hy tevrede gestel word...
>
> Die heidense idee, wat te dikwels deur belydende Christene gehuldig word, is dat die mens 'n offer moet bring om die toorn van hul god tevrede te stel. Alle heidense aanbidding is bloot 'n omkoping van hul gode sodat die gode hulle begunstig...
>
> Die vervolging wat in die vroeëre tye in sogenaamde Christelike lande plaasgevind het en tot 'n sekere mate selfs nou gebeur, is maar net die ontkieming van hierdie heidense idee van versoening. Kerklike leiers verbeel hulle dat verlossing deur werke is en dat die mens deur werke versoening kan doen vir sonde, en daarom offer hulle die een wie hulle meen opstandig

> is, as 'n offer vir hulle god, en nie die ware God nie, omdat Hy nie sulke offers aanneemlik vind nie. E. J. Waggoner, *Present Truth*, 30 Aug 1894. (Vry vertaal)

Indien ons eerlik is en die werklikheid van die liefde van ons Vader raaksien, sal dit 'n diep gevoel van berou by ons ontlok.

> Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers. Hoséa 6:6

Die bevredigingsofferstelsel is een van die laaste stukke in die menslike verdediging, sodat ons sukkel om ons verantwoordelikheid te aanvaar dat ons saam met Satan en sy engele skuldig is aan die moord op die Seun van God. Wanneer ons oor hierdie finale grenslyn beweeg, sal die volgende plaasvind:

> Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind. Sagaría 12:10

Die siele-angs wat Adam aan God kon gebied het in reaksie op sy sonde-erkenning, kan vandag ons s'n wees in die lig van die werklik liefdevolle karakter van God. God vereis geen bevredigingsoffer of offerande om Hom tevrede te stel nie. Dit is die offer wat Hy vereis:

> Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie! Psalms 51:19

> Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes. Jesaja 57:15

Indien u bereid is om die Skrif noukeurig te ondersoek in die lig van die beginsels van hierdie boek, sal u die waarheid van die woorde wat Jesus aan Filippus gesê het, vind:

> Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien… Johannes 14:9

Vir myself persoonlik is dit 'n wonderbaarlike vreugde om elke oggend wakker te word met die gedagte aan die tere liefde van my Vader in die hemel. Ek is diep ontroer dat Hy bereid was om Sy Seun te stuur om aan ons te toon hoe Hy regtig is. Selfs met al die risiko dat die mensdom alles sou verdraai, het Jesus gewilliglik gekom om aan ons die Vader te toon; dat ons kan weet dat Hy nie ons vyand is nie; Hy is ons Vader, ons kosbare Vader wat Sy kinders liefhet. Geen woorde kan werklik die diepte van Sy volkome onselfsugtige Agape-liefde vir ons uitdruk nie.

Dit is my innige begeerte dat ons saam kan deurbeweeg na daardie heilige plek van volmaakte vrede om hierdie woorde in al hul volheid te hoor:

> En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Matthéüs 3:17

> Tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. Efésiërs 1:6

In die lewe van Christus, 2000 jaar gelede, sien ons 'n voorbeeld van onbaatsugtige liefde wat aan tallose mense vrede besorg het. Sommige van die aansprake van Christus is baie moeilik om op te los, gegewe die verskil tussen die beskrywings van God in die Bybel en die lewe van Christus, veral vir dié met ‘n diepgaande belangstelling in die Woord van God. Jesus het egter in 'n aangrypende oomblik met een van Sy volgelinge gespreek en gesê: “Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.”

Hoe kan dit moontlik wees? Kan dit waar wees dat God werklik barmhartig, genadig en goedhartig is soos geopenbaar in die lewe van Jesus? Kan hierdie dilemma regtig opgelos word met ‘n oplossing wat getrou bly aan die woorde in die Skrif? Met hierdie boek hou U die sleutel in u hand om hierdie raaisel te ontsluit.